GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN OMEGA

DAVID DE WAAL

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.

STUDIELEIERS: PROF W J O JEPPE
DR P J VAN ROOYEN

Februarie 1988

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

10 Maart 1988

.....

Datum

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VOORWOORD

'n Besondere woord van dank aan prof. W.J.O. Jeppe en dr. P.J. van Rooyen van die Departement Ontwikkelingsadministrasie aan die Universiteit van Stellenbosch. Die leiding wat tydens die afhandeling van die navorsing verskaf is, word opreg waardeer.

Erkenning word ook hiermee verleen aan die S.A.W. vir die toegang wat deur hulle tot Omega verleen is om hierdie projek moontlik te maak.

In die besonder ook 'n woord van dank aan Kol. J. Jooste en Kol. R.P.G. Kotzenberg vir hulle hulp met betrekking tot die algemene reëlings en toeganglikheid tot Omega.

'n Woord van dank ook aan al die personeel op Omega sonder wie daar geen navorsing sou kon wees nie. Besondere dank aan Kapt. Brimacombe, die onderwysers en die dokters.

Laastens ook 'n woord van dank aan my ouers vir hulle geduld en bystand.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE. Bladsy:

GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN OMEGA: 1

HOOFSTUK 1 : INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING 1

1.1 Inleiding. 1

1.2 Metodologie en doelwit. 1

1.3 Probleemstellings. 3

1.4 Gebiedstudie. 4

1.5 Gemeenskapontwikkeling in Suid-Afrikaanse konteks. 5

HOOFSTUK 2: DIE GEMEENSKAP EN ONTWIKKELING. 10

2.1 Die gemeenskap. 10

2.2.Ontwikkeling. 14

HOOFSTUK 3: GEMEENSKAPSONTWIKKELING. 16

3.1 Gemeenskapsontwikkeling, ñ begripsomskrywing. 16

3.2 Gemeenskapontwikkeling as ontwikkelingstrategie. 19

3.3 Komponente van gemeenskapsontwikkeling. 23

3.3.1 Deelname. 23
3.3.2 Behoeftes. 24
3.3.3 Selfhelp. 29
3.3.4 Opleiding. 34
3.3.5 Doelstellings. 35
3.3.6 Multidimensioneel. 36
3.3.7 Politieke relevansie. 37
3.3.8 Nasionale vooruitgang/integrasie 38

3.4 Die beginsels van gemeenskapsontwikkeling. 39

3.4.1 Gemeenskapsontwikkeling as proses. 40

3.4.2 Gemeenskapsontwikkeling as ñ georganiseerde poging tot verandering. 42

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.4.3 Menslike deelname. 42
(i) Populêre deelname. 42
(ii) Menswaardigheid en selfbeskikking. 43

3.4.4 Doelwitte. 43

(i) Taak en proses doelwitte. 43
(ii) Menslike ontwikkeling. 44
(iii) Basiese behoeftes. 44
(iv) Verhoogde kwaliteit van lewe. 45

3.5 Evaluasie van sukses. 46

3.6 Gemeenskapsontwikkeling as kringloop. 47

HOOFSTUK 4: DIE BOESMAN GEMEENSKAP. 49

4.1 Etniese groepe. 49

4.2 Vestigingspatrone. 49

4.3 Groepvorming. 54

4.4 Gesinsverband. 55

4.5 Rituele en geloof. 56

4.6 Kultuur gebondenheid. 59

4.7 Ekonomiese stelsels. 60

4.8 Leierskap en mag. 63

4.9.Vlakke van geweld. 70

HOOFSTUK 5: GEMEENSKAPSONTWIKKELING BY OMEGA. 74

5.1 Die historiese agtergrond van Omega. 74

5.2 Omega as gemeenskap. 75

5.2.1 Die kenmerke van Omega as gemeenskap. 75

5.2.1.1 Fisiese aspekte. 75
5.2.1.2 Strukturele/sosio-politieke aspekte. 76
5.2.1.3 Kulturele aspekte. 77

5.2.2 Verskille tussen Omega en ander gemeenskappe. 78

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.2.3 Gevolgtrekking. 80

5.3 Doelwitte. 80

5.4 Die implementering van gemeenskapsontwikkeling by Omega. 81

5.4.1 Volwasse- en gemeenskapsonderrig. 81

5.4.1.1 Volwasse-onderrigsentrum (VOS). 82
5.4.1.2 Indiensopleiding. 83

5.4.2 Tuisnywerhede en handewerk. 84

5.4.2.1 Handwerksentrum. 85
5.4.2.2 Kandandos. 87
5.4.2.3 Steenmakers. 88
5.4.2.4 Probleme wat by Omega ondervind word. 88
5.4.2.5 Wat word vir die toekoms beoog. 88

5.4.3 Gesondheid en voeding. 88

5.4.4 Gemeenskapsfasiliteite en -aktiwiteite. 91

5.4.4.1 Siekeboeg. 92
5.4.4.2 Dienste 94
5.4.4.3 Winkel. 94
5.4.4.4 Kerk. 94

5.4.5 Sport en ontspanning. 96

5.4.6 Mobilisering en aktivering van die jeug. 97

5.4.6.1 Skool. 98
5.4.6.2 Kadette. 100

5.4.7 Mobilisering en aktivering van leiers 102

5.4.7.1 Militêre leiersgroep. 103
5.4.7.2 Boesmanraad. 104

5.4.8 Mobilisering en aktivering van die vrou. 105

5.4.8.1 Kursusse. 106
5.4.8.2 Klinieke. 107
5.4.8.3 Vormingseksie. 107

5.4.9 Behuising. 109

5.4.9.1 Kimbo's. 110
5.4.9.2 Steenmakers. 111
5.4.9.3 Bouspanne/selfhelp. 112

5.4.10 Landbou-ontwikkeling. 113

5.4.11 Hervestiging. 116

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.5 Organisasie, administrasie en personeel. 117

5.5.1 Organisasie. 117

5.5.2 Personeel. 118

5.5.3 Logistiek. 119

5.5.4 Koördinasie. 120

5.6 Finansies. 121

5.7 Behoefte bepaling. 123

5.8 Evaluasie. 128

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING. 129

6.1 Die unieke aard van Omega. 129

6.2 Gemeenskapsontwikkeling; teorie en praktyk. 131

6.3 Omega: ñ evaluasie. 135

6.4 Gemeenskapsontwikkeling; proses en resultate. 148

BIBLIOGRAFIE. 152

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Inleiding.

Daar bestaan groot verwarring rondom die begrip gemeenskapsontwikkeling (GO). Hierdie verwarring is deels die gevolg van die magdom verskillende definisies en omskrywings wat aangetref word, asook in die verskille wat telkens tussen die teorie en die praktyk voorkom. (Swanepoel 1983:120; Cornwell 1986:iii)

Die ideale omstandigheid sou wees indien die teorie en die praktyk sou kon saamkom in ñ praktyksteorie wat as leiding tot die praktyk kon dien. (Swanepoel 1983:121)

Dit blyk dat geen omvattende gemeenskapsontwikkelings teorie tans bestaan nie. Cary voer aan dat die bestaande gemeenskapsontwikkelingsteorië onvoldoende en onvolledig is. Volgens Cornwell is daar diegene wat selfs aanvoer dat die formulering van so ñ omvattende gemeenskaps-ontwikkelingsteorie inderdaad onmoontlik is.(Cary in Cheki 1979:32; Cornwell 1986:31 & 32;)

By die gebrek aan so ñ leidende praktyksteorie behoort die resultate van GO na my mening die deurslag te gee by ñ evalusie daarvan. In aansluiting by bogenoemde standpunt skep veranderde en unieke omstandighede ook probleme met betrekking tot die teorie van GO.

Volgens Kotzé veronderstel die teorië van GO telkens dat die uitoefen van ñ vrye en demokratiese mening deur die gemeenskap van kardinale belang is by GO - ñ nie-direktiewe benadering dus. Hy vra dan egter die vraag of hierdie nie-direktiewe beginsel nie in heroorweging behoort geneem te word in Derde Wêreld omstandighede nie ? Behoort daar nie ñ mate van sentrale leierskap, steun en selfs beheer ingestel te word nie ? (Kotzé 1987: 34)

Bogenoemde vraag is na my mening baie relevant. Unieke omstandighede vereis meer praktyksgerigte optrede, spesifiek by gebrek aan ñ alomgeldende praktyksteorie. Omega is so ñ unieke gemeenskap, nie alleen bloot in sy fisiese omstandighede nie, maar ook met betrekking tot die probleme wat daar oorkom moet word. Instellings wat reeds in die meeste tradisionele gemeenskappe bestaan, moet nog in Omega geskep word. ñ Praktyks gerigte, meer direktiewe benadering word suksesvol in Omega uitgevoer. (Omega se unieke aard en omstandighede sal later bespreek word.

1.2 Metodologie en doelwit.

Die doel van hierdie verhandeling is tweevoudig van aard:

(i) Om die komponente en beginsels van GO te ondersoek met spesifieke klem op behoeftebepaling en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

selfhelp. Die knelpunte wat in die praktyk met betrekking tot selfhelp en behoeftebepaling ondervind word, sal aangedui en ñ evaluasie daarvan gemaak word.

(ii) Om GO in Omega te beskryf en evalueer, met inagneming van die probleemvelde wat geïdentifiseer is.

(iii) Om aan te toon dat ñ enkele, sterk gesentraliseerde besluitnemimgs-organisasie soos ñ Weermag, ñ baie effektiewe GO-agent kan wees.

In hoofstuk 2 sal die ideale, beginsels en definisie van gemeenskappe bespreek word. Hierdie kenmerke sal later vergelyk word met dié in Omega om so te bepaal of Omega ñ unieke gemeenskap is al dan nie.

Hoofstuk 3 bevat ñ kort agtergrond oor die ontstaan van GO. Verder is dit ñ kort, kritiese bespreking van die basiese komponente en begrippe van GO, met klem op selfhelp en behoeftes. Die doelwit hier is om ñ raakpunt tussen die teorie en die praktyk van GO te kry, wat later in die verhandeling met betrekking tot Omega geïllustreer sal word.

Vervolgens word ñ eenvoudige skema gegee om aan te dui dat GO ñ kringloop is en as sodanig ñ aaneenlopende proses.

Hoofstuk 4 is ñ baie kort beskrywing van die tipiese tradisionele !Kung-gemeenskap. Die doelwit hier is om ñ verwysingsraamwerk te skep waarbinne Omega se uniekheid geïdentifiseer kan word. Daar sal telkens ñ kort vergelyking getref word met die omstandighede in Omega. Alhoewel die Kwé in Omega nie ñ !Kung is nie, toon hy in Omega soveel ooreenkomste met die V!asekela, dat hierdie afdeling wel so ñ verwysingsraamwerk kan skep.

Hoofstuk 5 is eerstens ñ studie van Omega as gemeenskap. Verder is dit ñ studie van GO soos dit in Omega plaasvind. Die projek soos dit in Omega bestaan word beskryf volgens die onderskeie komponente van GO. Alle aspekte word beoordeel en probleme word in dieselfde konteks geïdentifiseer en bespreek. Vervolgens word daar ñ evaluering van Omega as GO-projek gemaak. Die rol van die Weermag word bespreek.

Hoofstuk 6 is ñ gevolgtrekking met betrekking tot die unieke aard van Omega. Die ooreenkomste en verskille tussen die teorie en die praktyk van GO word ook aangedui en bespreek. Vervolgens word ñ skematiese voorstelling, na gelang van my navorsing in Omega, gegee van hoe GO behoort te funksioneer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Terminologie.

Alle terme en afkortings sal in die teks verduidelik word. Enige GO-terme wat gebruik word, moet gelees word in die konteks soos dit in Hoofstuk 3 verduidelik is. Die gevoelswaarde wat aan sekere terme geheg word, is ook na gelang van die waarde daaraan gegee in Hoofstuk 3. Ek verwys deurgaans in die verhandeling na die Boesmans, bedoelende die Kwė en die V!asakela gesamentlik. Waar dit nodig is om te onderskei, word die onderlinge benaming gebruik. Alhoewel die benaming "Barakwena" in Omega gebruik word as synde die Kwė, gebruik ek laasgenoemde omdat dit na my mening meer akademies korrek is. Sien aanhangsel D in hierdie verband. Verwysings na die Weermag is ñ verwysing na die Suid-Afrikaanse weermag/Suidwes-Afrika Gebiedsmag. (SAW/SWAGB.)

Navorsingsopset.

ñ Bronnestudie met betrekking tot die teoretiese aspekte van GO is by die Universiteitsbiblioteke te Stellenbosch en Pretoria voltooi.

Vanaf 1985 tot 1986 is verskeie besoeke aan Omega gebring, waartydens onderhoude met die onderskeie bevelvoerders en sommige personeel gevoer is. Ek het ook self etlike weke op Omega deurgebring, waartydens ek my navorsing ter plaatse voltooi het.

Ek het deurgaans gebruik gemaak van observasie, asook van onderhoude en gesprekke, met die hulp van tolke, met sommige van die meer prominente Boesmans. Ek het vrye toegang tot die basis en sy dokumentasie gehad. Ek was ook gelukkig om die meeste van die GO-aktiwiteite en beplanning te kon bywoon.

1.3 Probleemstelling,

Omega is ñ unieke omstandigheid. Unieke omstandighede in hierdie verband is die bestaan van ñ nie-homogene, nie-outonome gemeenskap met geen lang tradisie van politieke stabiliteit en gevestigde leierskapselemente nie.

In gevalle van grootskaalse verstedeliking, slumformasie, politieke onrus en bevolkingshervestigings is bogenoemde kenmerke waarskynlik die norme. Sulke omstandighede vereis ñ ander klem op die prosedure en praktyk van GO. Daar moet binne die algemene raamwerk van GO gehou word, omdat dit reeds ñ bekende stelsel is en dit definitiewe voordele inhou. ñ Idealistiese toepassing van GO, soos telkens in die teorie verkondig, het egter ingeboude swakplekke wat die proses versteur.

Binne hierdie veranderde omstandighede moet die waarde van ñ sterk gesentraliseerde besluitnemings organisasie nie in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

terme van GO misken word nie. Die resultaat van GO behoort ñ doelwit wees, en nie die teorie en prosedures nie.

1.4 Gebiedstudie.

Omega is in die Wes-Caprivi geleë. Die presiese ligging word weens sekerheidsredes nie aangetoon nie. Aanhangsel A gee egter ñ oriëntasie van Omega se ligging tot die Wes-Caprivi. Vervolgens ñ algemene terreinstudie van die Wes-Caprivi.

1.4.1 Geologie en bodemgesteldheid.

Die geologie van die streek bestaan uit ñ dik bolaag sand, waaronder kalkreet lê. Min is bekend oor die verdere geologiese strukture.

1.4.2 Watervoorsiening.

Daar loop twee riviere in hierdie gebied: Die Okavangorivier ten weste en die Kwandorivier ten ooste van die gebied. Albei die riviere loop in ñ suidelike rigting vanuit die Angolese hooglande. Die kwaliteit van ondergrondse water is goed. Die nitraat en fluoriedkonsentrasis van die bestaande waterbronne is baie laag en in die meeste gevalle nie eens teenwoordig nie. Die waterbronne in Omega voorsien wel in die plaaslike aanvraag. Probleme ontstaan soms tydens baie warm en droë periodes wanneer die grondwatertafel sak. Watervoorsiening langs die Okavango- en Kwandoriviere is egter geen probleem nie.

1.4.3 Klimaat.

Daar bestaan geen amptelike statistiek vir die streek nie. Statistiek soos aangegee vir Rundu in die Kavango word algemeen gebruik. Die reënval is sowat 550 mm per jaar met ñ hoë somertemperatuur, maar ñ matige winter.

1.4.4 Plantegroei.

Subtropiese plantegroei kom in die gebied voor. Daar is nie sprake van oop savannavelde nie. Die bosbedekking het deurgaans ñ hoë digtheid en bestaan uit verskillende boomsoorte van verskillende grotes wat tussen grasbedekking staan. (Sien aanhangsel B vir ñ lys van plantegroei wat ook in die Wes-Caprivi voorkom.)

1.4.5 Padnetwerk.

Daar bestaan slegs een pad, hoofpad nommer 8/5 wat sentraal van wes na oos vanaf Bagani na die Oos-Caprivi strek. Kleiner grondpaadjies kom wel voor.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.4.6 Nedersettings.

Die enigste nedersettings wat in die gebied geidentifiseer word is Bagani, Kambembe, (noordoos van Bagani), Omega, Buffalo en Ford Doppies. Omdat drie laasgenoemde militêre basisse is, word hulle liggings nie gespesifiseer nie.

1.4.7 Dierelewe.

Die Wes-Caprivi is ñ geproklameerde wildtuin, in terme van Artikel 38 van die Ordonnansie op Natuurbewaring. (Ordonnansie 31/1967)

Die grens van die wildtuin loop vanaf baken 1 (180132.75 S 212528.81 O) op die westelike rand van die Dikuyu-eiland in die Okavangorivier op die grens tussen Angola en SWA/ Namibië, ooswaards al langs die grens tot by baken 22 (173954.80 S 231727.33 O); vandaar suid tot by die Botswana grens en vandaar al in die middel van die Okavangorivier op tot weer by baken 1.

Wild kom gekonsentreerd voor in die nabye omgewing van die Kwando- en Okavangoriviere. Daar is relatief min wild in die sentrale gebiede, as gevolg van die waterskaarsste in dié gebied. Wildgetalle wissel gedurende die onderskeie seisoene as gevolg van die migrasiepatrone van die verskillende wildsoorte. (Sien aanhangsel C vir wildgetalle en migrasiepatrone.)

Dit blyk dat Omega in die middel van ñ geproklameerde wildtuin geleë is. Hierdie is een van die redes waarom dit nie tans gewens is vir die Boesmans om groot getalle voertuie aan te hou nie. (Sien Hoofstuk 5, afdeling 5.7.1 in hierdie verband.)

1.5 Gemeenskapsontwikkeling in Suid Afrikaanse konteks.

ñ Kort oorsig oor GO in Suid Afrikaanse konteks word hier gegee. Dit dien as aanduiding van die waarde wat ter plaatse aan GO geheg word asook hoe dit binne Suid-Afrikaanse konteks funksioneer. ñ Paar ongebonde GO-organisasies word genoem en kortliks bespreek.

Die toepassing van GO in Suid-Afrika staan nog in sy kinderskoene met betrekking tot die res van die wêreld. Dit word slegs vir sowat dertien jaar met betrekking tot veral landbouvoorligting in die swart state toegepas.

GO word sedert 1977 as ñ ontwikkelingsstrategie erken deur die destydse Departement van Samewerking en ontwikkeling (huidiglik die Departement Ontwikkelingshulp). Dit het aanleiding gegee tot ñ departementele konferensie in Pretoria gedurende Junie 1979. Hierdie konferensie was die afspringplek vir die bestudering en toepassing van GO in die nasionale state. Bophuthatswana het hierin die voortou geneem.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die implimentering van GO deur die regering het hernieude krag gekry deur die spesiale verslag wat uitgebring is deur die Sosiale Ontwikkelingsafdeling van die Kantoor van die Eerste Minister, wat later oorgeplaas is na die Departement van Konstitusionele Ontwikkeling en Beplanning. Hierdie verslag is ñ analise van die doelwitte en metodes van GO en maak die aanbeveling dat GO in Suid-Afrika deur die regeringsinstansies ondersteun en uitgevoer moet word. Verder moet daar geldelike steun wees vir organisasies wat GO in Suid-Afrika onderneem. Geleenthede is dus geskep vir die wyer toepassing van GO in Suid-Afrikaanse konteks.

Coertze toon aan dat die negatiewe aanwending van GO ook ñ potensiaal het om mense in beweging te bring. As voorbeeld hiervan beskryf hy die opkoms van die swartmagbeweging wat sy ontstaan in 1966 gehad het in die "University Chistian Movement". Hierdie was ñ organisasie waarin die "verontregdes" hulle geledere gesluit en sodoende hulle identiteit en magsvermoë begin besef het. Na verskeie ontwikkelings word daar in 1972 die Black Community Programmes gestig (BCP), wat as onderdeel van SPROCAS 11 gefunksioneer het met die besondere taak om op verskillende fronte aksies onder die swartes te organiseer. Die doelstellings hiervan is ñ mengsel van die beginsels van die GO en gemeenskapsorganisasie. Ek haal ñ gedeelte van hulle doelstellings aan:

"...(T)o help the Black Community to become aware of its own identity; to help the Black Commumity to create a sense of its own power; to help the Black Community to organise itself; to analise its own needs; to develop Black leadership capable of guiding the development of the Black Comunity."

(Coertze 1978:13-15)

Daar moet egter onthou word dat dit hier oor belangegroepe gaan en nie oor plaaslike gemeenskappe volgens die ortodokse benadering van GO nie.

In sy evaluering toon Coertze aan dat hierdie ontwikkeling ñ bewys is van die wyse waarop ñ privaatorganisasie sy besondere oogmerke deur die tegnieke van GO en gemeenskapsorganisasie in direkte opposisie met die oogmerke van die staat kan uitvoer. Dit maak dit nodig vir die staat om daarop aan te dring dat GO-projekte volgens ñ staatsbeleid sal plaasvind. Hierdie is ñ evaluasie vanuit ñ spesifieke politieke oogmerk, en daar kan meningsverskille daaromtrent wees. Wat egter van belang is, is dat daar ñ behoefte was aan ñ staatsgeïmplimenteerde GO-beleid in Suider-Afrika.

Privaat geïnisieerde en beheerde GO het in Suid-Afrika saam met die dinamiese ACAT (African Co-operative Action Trust)- organisasie ontstaan. Hierdie organisasie is Christelik georiënteer en spits hom toe op die verbetering

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van landbouproduksie in minder ontwikkelde gebiede.

Die doelwitte van ACAT is soos volg:

- om plaaslike "grass roots" menslike ontwikkkeling te stimuleer;

- om aan die leiers en mense in Afrika aan te dui dat die probleem nie ontstaan as gevolg van grond, water en ander tekorte nie, maar dat dit eerder die resultaat is van verkeerde intermenslike en nasionale verhoudings. Kennis en ondervinding moet so aangewend word dat dit die maksimum voordeel vir die Afrika-bewoners, sowel as mense in ander gebiede met soortgelyke probleme kan bewerk, en

- om suksesvolle klein besighede te stimuleer;

- om ondervinding elders opgedoen oor te plaas na die landelike tuis nywerhede en besighede; en

- om ñ deel van die profyt wat deur ACAT verwek word, aan te wend tot hul Christelike ideale.

Al hierdie doelwitte moet bereik word in die uitlewing van die Christelike beginsels van harmonie, konsiderasie en vrede.

Verder glo ACAT dat hulle doelwitte bereik kan word deur opgeleide en toegewyde mense wat bereid moet wees om op die laagste vlakke met die boere saam te werk. Ook moet hulle groot projekte deur middel van effektiewe bestuur van stapel stuur om so die plaaslike bevolking te leer om sulke projekte effektief te bestuur. Die gemeenskappe moet ook gehelp word om hulle lewenskwaliteit te verbeter deur die landbou-industrieë te stabiliseer.

ACAT se strategieë is eenvoudig en gebaseer op selfhelp. ACAT lê klem daarop dat die projekte moet aanpas by die plaaslike vermoëns. Verder help ACAT mense wat kapitaal-tekorte het, om hulleself te mobiliseer deur kos aan te bied in ruil vir werk. So kan die mense kos vir hulle families voorsien deur deel te neem aan die onderskeie programme. Op hierdie manier word sekondêre dienste, soos water en paaie, in die gemeenskappies ingestel. Daar word beplan om ook tuisnywerhede op hierdie grondslag te begin. (ACAT inligtingsblad)

Nog ñ ongebonde GO-organisasie is die Environmental and Development Agency (EDA). EDA is formeel in 1977 gestig deur ñ aantal oudstudente van die universiteite van die Witwatersrand, Natal en Rhodes. EDA is ñ organisasie wat homself toespits op op die kleindorpsgroep asook die landbou. Hulle help gemeenskappe om hulleself te help en voorsien tegniese en organisatoriese vaardighede. Veldwerkers word in geselekteerde gebiede geplaas om met organisatoriese probleme te help. EDA poog om die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemeenskappe te betrek by besluitneming oor hulle eie omstandighede en projekte. EDA het ñ baie praktiese benadering tot GO, wat hulp en advies op landbou, water, gemeenskapsgesondheid en onderwys insluit.ñ Nuttige inligtingstuk word ook aangebied vir diegene betrokke by GO. Die EDA stel ook gesubsideerde boeke oor relevante onderwerpe beskikbaar sowel as ñ twee-maandelikse tydskrif, LINK, wat onderhoude en artikels van algemene belang bevat. (EDA inligtingsblad; People's Workbook.)

Die "Foundation for Rural Community Development" is in 1982 gestig. Hierdie organisasie word finansieël deur die boere self in SA ondersteun en het selfhelp en die verhoging van die algemene lewensstandaard van die plaaswerkers in SA as doelwit.

World Vision of South Africa stam uit World Vision wat in 1950 in Korea gestig is. World Vision of South Africa het verskeie takke in Suid-Afrika en is ñ Christelike organisasie wat homself toepspits op noodhulpverlening en GO. Hulle plaas baie klem op selfhelp en gemeenskaps-betrokkenheid by projekte.Daar word telkens vanuit die standpunt uitgegaan dat plaaslik gekose komitees die leiding en beheer sal oorneem. Plaaslike deelname word so gestimuleer met gevolg dat daar goeie samewerking is in stamgebiede.(World Vision inligtingsblaaie)

Operation Hunger is in Augustus 1980 gestig en is ook ñ organisasie wat hulp verleen deur middel van groentetuin- en werksverskaffingsprojekte volgens GO met sterk klem op selfhelp. Operation Hunger se doelwitte is om in die kort termyn hongersnood en wanvoeding te help verlig en voorkom en om op die langtermyn selfhelp projekte te vestig. Operation Hunger funksioneer slegs op versoek en verwag ñ mate van plaaslike bestuursdeelname deurdat plaaslike komitees in elke gemeenskap verkies word. So ñ komitee word van hulp en advies bedien deur die onderskeie Operation Hunger veldwerkers.(Operation Hunger inligtingstuk; Jaarverslag 1986)

Food Gardens Unlimited (FGU) is nog ñ organisasie met ñ klem op voedselproduksie as middel tot GO. Selfhelp word beklemtoon as middel om wanvoeding en hongersnood te bekamp deur middel van "droogte tuine". FGU funksioneer op versoek van die plaaslike gemeenskappe en gee aleenlik advies en leiding, en nie finansiële hulp nie. FGU bied gesubsidieerde saad aan as deel van sy projekte. Projekte word op ñ kompetisiebasis gestimuleer. Dit blyk dat FGU klem lê op die Franse "rural animation benadering"van GO. (FGU inligtingstukke asook persoonlike mededelings).

Nog ñ organisasie wat GO beoefen is die Kerklike Aksie Noodhulp (KAN) van die sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika. KAN se projekte is gerig op die verlening van hulp aan landelike gemeenskappe asook die verbetering van die algehele lewensstandaard van die gemeenskappe. Selfhelp speel ook in hulle benadering ñ

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

groot rol. KAN is ñ Christelike organisasie wat hom toespits tot die bekamping van hongersnood en werkloosheid. (KAN inligtingsblad en persoonlike mededelings)

ñ Verdere kerklike organisasie wat ook GO beoefen, is Mfesane, wat in Xosa barmhartigheid beteken. Hierdie organisasie is in 1975 gestig en beoefen Christelike naastediens. Mfesane verleen tans hulp aan sowat twintig projekte, waaronder Vision Care, Zamisa en Phambili Mawethu. Eersgenoemde is ñ projek om leesbrille aan die gemeenskap te verskaf, terwyl laasgenoemde ñ GO-projek is. Zamisa is ñ werksverskaffings-projek. Bo en behalwe GO is Mfesane ook betrokke by spesiale onderwys, kindersorg, beplanning en bestuursdienste/personeelontwikkeling. Mfesani plaas baie klem op gemeenskapbetrokkenheid by beplanning en implimentasie, toepaslike tegnologie en beplanning/hulp volgens die gemeenskap se behoeftes. Mfesani vervul in hierdie verband die rol van "vriend en begeleier". (Mfesani inligtingsblaaie.)

Bogenoemde organisasies is geensins die enigste GO-organisasies wat buite die staatsektor aktief is nie, daar is talle meer. Wat egter belangrik is, is dat die privaatsektor weliswaar by GO betrokke geraak het en ñ groot bydrae lewer. Daar is ñ koördinerende komitee van hulporganisasies in hierdie verband gestig. Meeste hulpgewende organisasies is hierby ingeskakel ten einde hul werksaamhede te koördineer en duplisering en botsing van aktiwiteite te voorkom.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2: DIE GEMEENSKAP EN ONTWIKKELING

2.1 Die gemeenskap.

2.1.1 Gemeenskap, ñ konsep.

Die gemeenskap staan sentraal aan die begrip gemeenskaps-ontwikkeling. Die siening van die begrip gemeenskap het oor die jare subtiele klemverskuiwings ondergaan. Alhoewel daar ñ verskeidenheid konsepte daaraan geheg word, is daar na my mening steeds sekere kenmerke wat sentraal daartoe staan.(Cornwell 1986:51)

Geïmpliseerd in die teorie wat in verband met GO ontwikkel is, is ñ organiese en fisiese konsep van ñ gemeenskap - ñ fisiese groep gebonde deur gemeenskaplike waardes en doelwitte, gekoppel aan ñ fisiese lokaliteit, ñ vaste identiteit ensovoorts. Dat die term ñ soort deskriptiewe betekenis het, kan nie betwyfel word nie.(Plant 1974:13; UN 1971:12)

Lategan deel hierdie deskriptiewe persepsies van ñ gemeenskap deurdat sy ñ gemeenskap beskou as ñ konsentrasie van mense in ñ geografiese afgebakende gebied waarbinne die meeste van hulle daaglikse aktiwiteite plaasvind. (Lategan 1981: 11)

Sander in Willeden het dieselfde persepsie waar hy skryf:

"A rural community consists of people in a local area tributary to the centre of their common activities."
(Willeden 1970:180)

Daar is egter aanduidings dat ñ gedeelde lokaliteit nie veel meer as die moontlikheid van fisiese kontak impliseer nie. ñ Gemeenskaplike lokaliteit impliseer nie noodwendig enige sosiokulturele verhoudings tussen die mense nie. (NCSS 1962:14)

König voeg ñ houdingselement by bogenoemde persepsies waar hy ñ gemeenskap definieer as ñ aantal mense wat sekere houdings, belange en sake deel as gevolg van die feit dat hulle deel is van ñ sosiale groep. (König 1968:180)

MacIvor argumenteer op dieselfde trant deur te sê dat: "

When people unite to pursue not this or that particular interest, but the basic conditions of a common life, we call that group a community. The mark of a community life is that one's life may be lived within it, that all one's social relationships may be found witin it."
(MacIvor in Poplin 1979:132)

König/MacIvor, sien soos Lategan en Sanders ook die sosiale eerder as die geografiese konsentrasie, as deurslaggewende faktor.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Minar & Greer kombineer König se standpunt met dié van Lategan/Sander waar hulle die volgende definisie gee:

"When a territorial defined group like a village is a true functional group for all its members and when it manifests a powerfull primary dimension, we call it a community."
(Minar & Greer 1969:63)

Bogenoemde definisies impliseer glad nie dat die gemeenskap ñ maklike term is om te definieer nie, in teendeel:

"The pure model against which all conceptual communities could be compared is the proverbial will o' the wisp".
(Wood in Plant 1974:13)

Behalwe dat die begrip gemeenskap vanuit ñ deskriptiewe persepsie beskou kan word, het dit ook ñ normatiewe waarde-dimensie. (Plant 1974:13)

Minar & Greer lewer die volgende kommentaar:

"Community is both empirically descriptive of a social structure and normatically toned. It refers both to the unit of society as it is and to the aspects of that unit that are valued if they exist or desired in their absence."
(Minar & Greer 1969:9)

Ferrinho gee ñ baie uitgebreide definisie van ñ gemeenskap. Hy lig ook in hierdie skema die deskriptiewe en normatiewe elemente van ñ gemeenskap uit:

"Community is the specific system of action which arises when a human population settled in a given territory, establishes structural arrangements for adaptiveness to it in order to live and survive as a group, developing interactive relations amongst it's components, which not only define an order kept off equilibrium by some kind of stress but also originate ways of thinking, feeling and acting which are internalized by all the population and with which each individual identifies himself in a particular degree according to his personal living experience and inherited characteristics."
(Ferrinho 1980:5)

Dit volg uit bogenoemde definisies dat daar tog sekere kenmerke is wat soos ñ goue draad deur die onderskeie persepsies van ñ gemeenskap geweef is. Die kenmerke sal vervolgens uitgesonder word.

2.1.2 Gemeenskaplike kenmerke van ñ gemeenskap.

(i) Lokaliteit.

a Gemeenskappe deel ñ spesifieke lokaliteit. (Gusfield 1975: 32; Jeppe 1983:67; Levi in Landau 1976:29; NCSS 1962:13; Plant 1974:38; UN 1971: 12; Willeden 1970:180 en vele ander.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

b Uit (a) volg dat die mense van ñ gemeenskap sekere fisiese infrastruktuur soos paaie, water winkels ens. deel.

c Uit (a) en (b) volg dat sekere demografiese kenmerke met betrekking tot grootte, ligging, bevolkings- verspreiding, ensovoorts, in ñ gemeenskap geïdentifiseer kan word.

(ii) Sosiologiese kenmerke.

a Die gemeenskap is ñ komplekse sisteem van interafhanklike sosiale, psigologiese en ruimtelike elemente. (Ferrinho 1980:5;Jeppe 1983:67-69; Plant 1974:52.

b Gemeenskapsstrukture is rondom gemeenskaplike doelwitte georganiseer en het ñ kollektiewe identifikasie met die ruimtelike aspekte van die gemeenskap. (Ferrinho 1980:5; König 1968:180; Schoor 1972:35)

c ñ Gemeenskap het ñ min of meer ontwikkelde gesagstruktuur met verskillede vorme van populêre deelname.(Gusfield 1975:40; Jeppe 1983:67-69; Plant 1974:54 & 55)

d Gemeenskappe het ingewikkelde funksionerende bande met ander buite-gemeenskaplike sisteme. Sulke sisteme kan ander gemeenskappe, magsstrukture en ander belangegroepe wees. (Des Roche & de Faury in Landau 1976:5 & 24; Gusfield 1975:44 & 45; NCSS 1962:14 & 15)

e Gemeenskappe is semi-outonome dele van groter samelewings, maar met ñ groter plaaslike outonomiteit as wat byvoorbeeld by die huisgesin of uitgebreide familieverband voorkom. (Gusfield 1975:40; Jeppe 1983:67-69; König 1968 47 & 47; UN 1971:13)

f Gemeenskappe is dinamies van aard deurdat hulle ñ aanhoudende proses van verandering ondergaan.(Des Roche in Landau 1976:5; Jeppe 1983:67-69)

g Daar is ñ groot mate van horisontale en vertikale kommunikasie in ñ gemeenskap. (NCSS 1962:15; Plant 1974:53; Rambaud in Landau 1976:11)

h Daar kom gewoonlik ñ groot verskeidenheid belangegroepe in ñ gemeenskap voor. Hierdie groepe het meestal oorvleuelende lidmaatskap. (Poplin 1979:3 & 132; NCSS 1962: 14 & 15)

i Gemeenskappe ondervind onvermydelike konflik

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tussen die onderskeie belange groepe. Sulke konflik kan ñ positiewe of negatiewe uitwerking hê, afhangend daarvan of dit verandering stimuleer of samewerking benadeel. (Gusfield 1975:19, 37 & 64; Plant 1974:53; UN 1971:13)

j Gemeenskappe omvat die gedagte van lidmaatskap. (Branden 1976:6; Gusfield 1975:34; Plant 1974:50 & 51)

k ñ Gemeenskap het telkens ñ kollektiewe ervaringsveld in ñ sin van deelname in ñ gemeenskaplike geskiedkundige agtergrond asook ñ behoefte tot ñ langtermyn assosiasie.(Branden 1976:6; Gusfiels 1975:35; Schoor 1972:35)

(iii) Kulturele kriteria.

a Alhoewel ñ gemeenskap unieke kulturele eienskappe kan besit, kan dit deel vorm van ñ groter kulturele groepering. Gusfield 1975:65; Jeppe 1983:67-69)

b Die gemeenskapsnormes en -waardes bepaal die optredes, belonings en straf van die lede van die gemeenskap. Hierdeur word die stabiliteit van die gemeenskap bepaal.(Branden 1976:7; König 1974:125; NCSS 1962:25; UN 1971:12)

c Godsdiens maak deel uit van alle gemeenskappe. Dit is telkemale verweef met ander aspekte van die gemeenskapslewe. (Jeppe 1983:67-69; Gusfield 1975:17-18 & 63; Plant 1974:22)

d In die meeste gemeenskappe vind die een of ander vorm van opleiding plaas. Dit kan formeel of informeel,of by implikasie wees. Hierdie proses dra baie by tot die sosio-kulturele lewe van die gemeenskap. (NCSS 1962:31; UN 1971:13)

(Ander bronne wat bogenoemde aspekte ondersteun is die volgende: Chekki 1979:5-6; Du Preez 1981:67-69; Edwards & Jones 1976: Hoofstukke 1,2,3,5 & 6; Minar & Greer 1969: 3,47,140; Sanders 1975:131-139)

Algemeen gesien het ñ gemeenskap die volgende sentrale elemente:

Die belangrikste element van ñ gemeenskap is die mense daarvan. Die bindende faktor in ñ gemeenskap is gemeenskaplike behoeftes en belange. Die meeste mense woon saam omdat die groep die beste aan hul verwagtinge voldoen. Daar is ook ñ direkte verband tussen die graad van samewerking in ñ gemeenskap en die onderlinge afhanklikheid van die gemeenskap.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Let daarop dat ñ gemeenskap nie noodwendig omgewingsgebonde is nie. Paaie, parke of besighede bepaal nie ñ gemeenskap nie. Die menslike inhoud van die groepering bepaal die gemeenskap. Sonder mense kan ñ gemeenskap nie bestaan nie. Die verband tussen GO en die gemeenskap lê juis daarin dat GO die mens ontwikkel.

Probleme met betrekking tot gemeenskappe:

Gemeenskapskepping kan ñ probleem wees waar mense buite ñ landelike gemeenskap vergader sonder dat hulle deel uitmaak van die gemeenskap: ñ Voorbeeld hiervan is geforseerde hervestigingskemas. Hierdie is een van die kenmerke van die moderne polities onstabiele gemeenskappe. Voordat hierdie probleem nie oorkom is nie, kan daar nie sprake wees van effektiewe GO nie.

ñ Gemeenskap is ook nie altyd ñ homogene gemeenskap nie, maar soms bloot ñ samesmelting van verskillende mense uit verskillende gemeenskappe wat weens ekonomiese of politieke redes in ñ nuwe gebied saamgegroepeer is. Die probleme van GO sluit nou ook gemeenskapskepping in, iets wat tot onlangs toe baie afgeskeep is. Die gemeenskaplike voordeel van die gemeenskap, en nie bloot ñ akademiese definisie nie, behoort die deurslag te gee met betrekking tot die aard en sukses van GO.

Hierdie probleem kan opgelos word deur die mense fisies in ñ groepering te betrek en dan te stimuleer deur GO tot skepping van ñ gemeenskap. (Batten 1957:79-80)

2.2 Ontwikkeling

Die bindende faktor tussen ontwikkeling en gemeenskap tot gemeenskapsontwikkeling is die mens. Uit die aard van die ontwikkelingsoogmerke is die mens en die verbetering van sy lewensstandaard die primêre faktor. Sonder die mens kan ñ gemeenskap nie bestaan nie.

Ontwikkeling is ñ relatiewe begrip. Dit is van baie eksterne faktore afhanklik. Riggs beskryf die begrip ontwikkeling as ñ verkleurmannetjie, omdat daar soveel verskillende en uiteenlopende betekenisse daaraan gekoppel word. (Riggs 1981:13)

Die ontwikkelingsproses as sodanig het sekere kenmerke: Ontwikkeling is ñ groeiproses. Dit is ñ proses van verandering tot ñ doel wat deur die gemeenskap as posetief aanvaar word. Ontwikkeling is ñ oorganklike proses. Die voorwerp van ontwikkeling kan gestimuleer word om te ontwikkel, maar kan nie self ontwikkel of verander word nie, omdat ontwikkeling ñ eksterne invloed is.

Blakely motifeer hierdie proses van verandering soos volg:

"Change in community development terms is usually concerned with the client community's articulation of the direction

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

or process that will substantially improve the quantity of goods and services to the community and improve human interaction and decision-making processes within the community."

Die toepassing hiervan op gemeenskapsontwikkeling is as volg: Dit is ñ proses waardeur ñ gemeenskap van mense groei en ontwikkel om ñ suksesvolle inter-afhanklike lewensbestaan te voer.

Kotzé gee ook ñ strukturele definisie van ontwikkeling deur omtwikkeling te beskou as die:

"Geïntegreerde verandering van samelewingsinstellings (polities, sosiaal, kultureel, ekonomies) volgens kollektiewe evaluatiewe voorkeure wat óf ewolusionêr, óf rewolusionêr deur bewuste menslike aksie ten uitvoer gebring word."

(Kotzé in Swanepoel 1983:123)

Alhoewel daar verskeie ander persepsies van ontwikkeling is, volstaan ek by bogenoemde twee as werkbare definisies in die bestudering van GO.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3:GEMEENSKAPSONTWIKKELING.

3.1 Gemeenskapsontwikkeling: ñ begripsomskrywing.

Albert Camus skryf dat menslike lyding en degradasie wel op die massas opgelê kan word, maar slegs binne hulle uithouvermoë. Word die mens verby sy uithouvermoë gedruk, kom hy in opstand. (Cheki 1979:6)

Hierdie rebelse vonk bevat die gedagte dat die mens sal poog om ñ inset in die verbetering van sy omstandighede te gee. GO is die middel waardeur hierdie inset gelewer kan word. Die basiese beginsels van GO geld vandag nog (net so veel soos in die verlede), alhoewel daar heelwat gepaardgaande verskuiwings in klem en taktieke was.(Kimball in Galaher 1968:92)

Voordat gelet word op die kenmerke van GO, moet daar eers ñ paar gedagtes rondom die begrip bespreek word, sodat al die elemente van GO geïdentifiseer kan word.

Die helder formulering van GO as ñ konsep word soms vertroebel deur die kompeterende interaksie en onderspoeling van die verskillende GO-teorieë wat deur die onderskeie vakdissiplines gepropageer word. Verskille tussen die teorie en die praktyk dra ook hiertoe by.

Omdat GO baie dinge vir baie mense beteken, is daar ñ newelagtigheid rondom die definiëring van GO wat eerder aan verskille met betrekking tot programtoepassings as aan onenigheid oor woorde te danke is. Baie gemeenskapsontwikkelaars skryf asof hulle nog nooit van enige ander planne en programme buite hulle toepassingsvelde gehoor het nie. Elke denkskool het sy eie klem en interpretasie van wat GO is. (Biddle & Biddle 1966: 5&10; Kotze & Swanepoel 1983:1)

Soos Du Sautoy dit stel:

" Community development deals with simple things, but is not simple to define". (Du Sautoy 1960:1)

Die term "gemeenskapsontwikkeling" is in 1944 op die Cambridge konferensie oor Afrika-administrasie amptelik aanvaar toe GO gedefinieer is as:

"a movement designed to promote better living for the whole community with the active participation, and, if possible, on the initiative of the community, but if this initiative is not forthcoming spontaneously, by the use of techniques for arousing and stimulating it in order to secure its active and enthusiatic response to the movement. Community development embraces all forms of betterment. It includes the whole range of development activities in the district whether these are undertaken by government or unofficial bodies."
(Ferrinho 1980:39; Christenson & Robinson 1980:22&23)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Met die Aashridge konferensie van 1954 is hierdie definisie verkort tot:

"A movement designed to promote better living for the whole community and the active participation on the part of the community"
(Ferrinho 1980:39; Christenson & Robinson 1980:22&23)

P.H. du Preez gee die volgende kort definisie van GO :

" Gemeenskapsontwikkeling is ñ proses waardeur gemeenskappe gemotiveer word tot deelname aan en samewerking in die aktiwiteite van ontwikkelingsagente om die ekonomiese-, maatskaplike-, en kulturele toestande van die gemeenskappe te verbeter en hulle in die volkslewe te integreer en in staat te stel om tot nasionale vooruitgang by te dra".
(Du Preez 1981:86)

Die bekende en allerweë aanvaarde definisie van GO deur die VVO (1963) lui soos volg:

"to connote the process by which the efforts of the people themselves are united with those of governmental authorities to improve the economic, social and cultural conditions of communities, to integrate these communities into the life of the nation, and to enable them to contribute fully to national progress. This complex of processes is, therefore made up of two essential elements:

1) the participation by the people themselves in efforts to improve their level of living, with as much reliance as possible on their own initiative; and

2) the provision of technical and other services in ways which encourage initiative, self-help and mutual help and make these more effective. It is expressed in programmes designed to achieve a wide variety of specific improvements." (Department of Economic and Social affairs 1963: E/2931; Dunham 1972:13)

Biddle & Biddle heg die volgende waarde aan GO:

"Basically, community development is a social process by which human beings can become more competent to live with and gain some control over local aspects of a frustrating and changing world. It is a group method for expediting personality growth, which can occur when geographic neighbours work together to serve their growing concepts of the good of all. It involves co-operative study, group decisions, collective action and joint evaluation that leads to the contiuing of all helping professions and agencies (from local to international), that can assist in problem solving. But personality growth through group responsibility for the local common good is the focus. The emphasis shifts from improvement of facilities, of economic life, and even of public opinion that supports community atmospheres, important as these are, to improvement in people. But the personal betterment is brought about in the

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

midst of social action that serves a growing awareness of community need."

(Biddle 1965:87-79; Biddle 1966:12)

Dunham het GO op die volgende wyse omskryf:

"As applied to rural communities in newly-developing (or technically less-developed) coutries, community development may be defined as organized efforts to improve the conditions of community life, primarily through the enlistment of self-help and co-operative effort from the villagers, but with technical assistance from government or voluntary organizations."

(Dunham 1958:246)

Die volgende aspekte van GO word deur die Sekretaris-generaal van die V.V.O. uiteengesit in ñ verslag wat op 12 Maart 1957 voorgelê is aan die V.V.O:

(i) Projekte moet ooreenstem met die mense se basiese behoeftes en uitgevoer word in antwoord op die geartikuleerde behoeftes van die mense.

(ii) Gebalanseerde en effektiewe GO vereis doelgerigte optrede en die skepping van meerdoelige programme.

(iii) In die beginstadium van ñ projek is houdings-verandering van die mense net so belangrik as die materiële resultate.

(iv) Gemeenskapspontwikkeling mik na verhoogde deelname deur die lede van die gemeenskap aan die projek. Hierdie deelname behoort gevolg te word deur ñ egalige oorname na effektiewe plaaslike administrasie waar dit nog nie bestaan nie.

(v) Die identifisering, stimulering en opleiding van plaaslike leiers behoort ñ prioriteit te wees.

(vi) Groter deelname deur vrouens en kinders aan projekte verseker beter langtermyn resultate van die projekte.

(vii) Owerheidshulp is noodsaaklik.

(viii) Nasionale implimentering van GO vereis effektiewe ontwikkelingsbeleide, spesiale administratiewe reëlings en effektiewe opleiding.

(ix) Nie-regeringsinstansies moet ook betrek word by die GO proses.

(x) Gemeenskapsontwikkeling moet gekombineer word met ontwikkeling op ñ wyer nasionale vlak.

(Sanders 1975:456)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.2 Gemeenskapsontwikkeling as ontwikkelingstrategie.

Gemeenskapsontwikkeling, gesien as ñ kollektiewe aksie om in die materiële en geestelike behoeftes van ñ landelike gemeenskap te voorsien, dus as ñ instrument vir verandering en ontwikkeling, is waarskynlik so oud soos die geskiedenis self. Daar is egter baie verskillende gedagtes oor waar en wanneer GO ontstaan het. Hierdie verskille is waarskynlik te danke aan die verskillende persepsies wat heers met betrekking tot dit wat onder GO verstaan word. (Cornwell 1986:10; Dore & Mars 1981:13; Hendriks 1972:74; Gant 1979:175)

Alhoewel die beginsels van GO reeds gedurende die 1920's in die Punjab in Indië, en die 1930's in Egipte en Jamaika gebruik is, word algemeen aanvaar dat GO sy ontstaan teen die einde van die 2de Wêreldoorlog gehad het. (Chekki 1979:33; Jeppe 1981:43; Korten 1980: 481+482)

Tog is daar aanduidings dat die begrip reeds vroeër in gebruik was. Phifer in Cornwell voer aan dat GO sy onstaan in 1908 met President Theodore Rooseveltd se "country life commision" gehad het, welke aksies op die landelike bevolking gerig was. In 1915 was daar ñ GO-projek wat deur die Pepler-instituut in die Granmercy-distrik van Manhatten (VSA) aangepak is. In 1928 word die term ook gebruik deur ene J.F. Steiner in ñ artikel getitel: "The American community in action", spesifiek die afdeling "Social change and community development." (Cornwell 1986:10; Dunham 1972:11; Fisher & Romansky 1981:4)

Saul Alinsky het gedurende die dertigerjare ñ organisasie by name die "Community Service Organisation" (CSO) gestig. Baie van die terminologie wat hy gebruik, soos byvoorbeeld eiebelang, inheemse leierskap,en "grass roots" kom ooreen met dié van GO. (H.C. Boyte in Fisher & Romansky 1981:216)

Word "community organising", of gemeenskapsorganisering soos ek dit vertaal, as GO beskou, dan lê die wortels van GO waarskynlik reeds in die stedelike sosiale hervormings van die laat- 1870's en vroeë 1900's. (Cornwell 1986:10; Fisher & Romansky 1981:35)

Holdcroft maak die voorstel dat GO sy wortel gehad en momentum gekry het op drie vlakke, naamlik in die Britse koloniale regerings in die 1940's as ñ ontwikkelingsstrategie; as toepassing deur die Weste se vrywilligeragentskapsaktiwiteite in die MOL'e en deur plaaslike programme in volwasse onderwys, gemeenskapsontwikkeling en sosiale welvaartsdienste in Groot Brittanje en die V.S.A. Hy kwalifiseer hom self egter ook deur te noem dat GO in die V.S.A. gedurende hierdie tydperk skaars meer was as ñ metode om gemeenskapsdeelname aan munisipale beplanning te stimuleer. (Holdcroft 1978:8 Jeppe 1983:43; Apthorpe 1970:11)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Teen die einde van die veertigerjare was die term GO al reeds in wye gebruik, gesien as ñ regeringsprogram wat gemik was op die stimulering van plaaslike inisiatief tot ontwikkeling. Tesame hiermee het GO ook weliswaar ñ politieke kleur gekry as voldoeningsmiddel aan sommige politieke eise van die koloniale leiers. (Coldwell 1986:16; Holdcroft 1978:2)

Gemeenskapsontwikkeling het ñ baie prominente rol in die vyftiger- en sestigerjare gespeel. Dit was die gevolg van onvermydelike sosiale omstandighede wat gepaard gegaan het met snelle tegnologiese ontwikkeling. Gemeenskapsontwikkeling het gemeenskappe gehelp om by hierdie nuwe realiteite aan te pas. Gemeenskapsontwikkeling was die manier waarop verandering geïnisieer is. Daar was ñ groot uitbreiding in programme en versnelling in die ontwikkeling van GO gedurende hierdie periode. In 1950 was daar slegs 7 nasionale GO-projekte teenoor die meer as 30 in 1960. GO was egter nie net ñ algehele suksesverhaal nie, omdat die resultate baie wisselvallig was. Tesame hiermee het die gevaar van manipulasie ontstaan, omdat verandering tè selektief gestimuleer kon word. Die gevolg hiervan was dat verskeie GO programme gedurende die sestigerjare ten gunste van die "groen revolusie" gestaak is.(Cheki 1979:9 e.v; Dunham 1967:5)

Daar was verskeie redes waarom die suksesse en gewildheid van GO na ongeveer 1965 afgeneem het :

(a) Ekonomie: Na onafhanklikheid is groot klem gelê op korttermyn-programme met vinnige visuele impak. Hierdie veranderde ekonomiese beleid het GO in ñ groot mate ondermyn. Verder is GO as rede aangevoer vir die oneffektiewe ekonomiese ontwikkeling. Dringende probleme soos hongersnood, werkloosheid en armoede het groter prioriteit by hierdie regerings geniet as langertermyn-GO. (Jeppe 1983:45; Korten 1980:482; Dunham 1967:13-14)

Die rede hiervoor was dat die ekonome geneig was om ekonomiese stimulus te beklemtoon ten koste van die menslike faktor, terwyl GO juis die klem vir ontwikkeling op die menslike faktor lê. (Du Preez 1981:43)

Verdere probleme het ontstaan omdat die plaaslike bevolking:

- nie bewus was van die nodigheid van verandering nie;
- nie korttermyn-voordeel uit GO getrek het nie en so entoesiasme verloor het;
- baie punte van verandering in hulle lewens moes akkomodeer;
- nuwe vaardighede moes aanleer en
- nuwe tipes organisasies moes stig, soos byvoorbeeld,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

koöperasies. (Batten 1965:69)

Die resultaat van hierdie snelle en radikale veranderinge wat die plaaslike bevolkings moes akkomodeer, was dat daar ñ sensitiwiteit ten opsigte van gevestigde houdings ontstaan het. Die mense se houdings moes onderling erken en gerespekteer word. Die gemeenskapsontwikkelaars moes dus baie realisties wees in hulle keuses van veranderinge. Dit was hulle egter nie altyd nie, met gevolg dat daar ñ krisis ontstaan het met betrekking tot die lewensvatbaarheid van GO. (Batten 1965:181)

(b) Buitelandse hulp: GO het ook gefaal in sy eerste doelwitte. Daar is vergeet dat groot kapitaal en tegnologiese insette nodig was om hierdie doelwitte te bereik. Die meer as 60 ontwikkelingsprogramme in Afrika, Asië en Latyns-Amerika gedurende die vyftigerjare is radikaal verminder of gestaak teen 1965. Holdcroft se "Decade of Prominence" van GO het tot ñ einde gekom. Die radikale verminderings in ontwikkelingshulp het hoofsaaklik die gemeenskapsontwikkelingsprojekte geraak, want hierdie projekte het volgens die oogmerke van die ontwikkelde lande baie beloof, maar min gelewer. (Gant 1979:175 e.v; Jeppe 1983:42; Korten 1980:482)

(c) Administrasie: Bestaande administratiewe strukture is as ñ gegewe beskou en geen of min pogings is aangewend om dit te verander nie. Die inherente belangebotsings wat in die dorpsstrukture kon onstaan is nie in ag geneem by die program-beplanning nie. Die gevolg hiervan was dat die regeringsdepartemente nie ontvanklik was vir die gemeenskapsontwikkelingsprogramme nie, welke situasie deur die veldwerkers uitgebuit is, en dat die programme nie volgens die beginsels van gemeenskapsontwikkeling uitgevoer is nie. (Jeppe 1983:46; Korten 1980:482)

Dunham stel dit so:

"Bad practice gives good principles a bad name."
(Dunham 1967:14)

Daar was ñ gebrek aan burokratiese konsensus, omdat die implementering van GO-projekte in die hande van verskillende regeringsagentskappe geval het. Daar was wel pogings om hierdie onderskeie parallelle agentskappe onder die beheer van ñ oorkoepelende gemeenskapsontwikkelingsagentskap te bring, maar dit het konsensus nog verder bemoeilik. (Korten 1980:482; Dunham 1967:13)

Probleme het ook verder ontstaan weens die gebrek aan koppeling wat tussen die onderskeie selfregerende dorpies bestaan het. Daar is min aandag gegee aan die koppeling van plaaslike eenhede tot groter, meer ekononmies houbare regionale eenhede. (Jeppe 1983:46; Korten 1980:483)

(c) Sosiale aspekte: Daar is ook geneig om groter klem te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

lê op die uitbreiding van sosiale dienste as die verhoging van plaaslike inkomstes. Verder het dit geblyk dat die meeste van hierdie sosiale dienste twyfelagtige waarde gehad het. Dit was nie soseer die gevolg van GO- funksies nie, maar eerder die resultaat van burokratiese engheid. Die implikasie was dat te veel beheer deur die sentrale burokrasieë uitgeoefen is en te min aandag geskenk is aan die skepping van plaaslike organisasies, waardeur die plaaslike bevolking hulleself kon realiseer met betrekking tot hulle behoeftes. (Korten 1980:482)

(d) Politiek: Die gemeenskapsontwikkelings-werkers het hulle dikwels te nou geskaar by die tradisionele leiers, met die gevolg dat die leiers te veel voordeel getrek het. Die teenreaksie van die plaaslike bevolking was om hulle deelname uit die projekte te onttrek. Daar was ook soms ñ nou persoonlike band tussen sekere politieke leiers en GO-projekte. Indien daar nuwe leiers of partye aan bewind gekom het, dan was daar ñ gepaardgaande begeerte by hulle om hulle steun aan nuwer en klaarblyklik meer gesaghebbende projekte te gee. Gemeenskapsontwikkelingsprojekte het só ñ ondergeskikte rol begin speel teenoor tegniese en landbou-projekte. Direkte konflik het hier ontstaan, want volgens Gant was landbou-produksie nie aan die begin een van GO se doelwitte nie. Die fokus was gedurende hierdie tydperk gerig op hantering van behoeftes soos dit deur die gemeenskappe self ondervind is. Die klem by GO was hier gerig op "felt needs". (Gant 1979:175; Korten 1980:482)

Tegniese dienste en ondersteuning was ook nie voldoende beskikbaar nie. Die gemeenskapsontwikkelaars het meestal buite die bestaande burokrasieë opgetree, met die gevolg dat swak verhoudings tussen die ontwikkelaars en die regeringsdepartemente ontstaan het. (Gant 1979:175)

Dit is interessant om dié redes vir GO se mislukking te vergelyk met Guy Hunter se stelling oor GO se vereistes vir sukses. Die leemtes wat in die onderskeie benaderings aangetref is, word hierdeur uitgelig:

"This involved steps in three directions - firstly, provision of technical skills through a network of exstension services; - secondly, a co-ordinated approach to the village community and the problems of the peasant; and thirdly, building up institutions by means of which people could largely undertake development through their own initiative and participation."

(Hunter 1969:213)

Dit is duidelik dat GO op meeste van hierdie vlakke gefaal het. Die somber prent wat van GO geskets word, moet getemper word deur die feit dat GO vandag steeds in verskeie MOL'e toegepas word. Bogenoemde punte van kritiek en probleemareas moet egter steeds in gedagte gehou word.

Volgens Elize Moody moet in ag geneem word dat in die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ontwikkelende lande die per kapita inkomste gedurende hierdie periode gestyg het en dat daar ñ ekonomiese groeikoers van 3% was. Daar was ook sedert 1945 ñ konsekwente produksie- en verbruiksverhoging. Sy noem ook dat ekonomiese groei nie noodwendig ontwikkeling is nie. Onderbenuttiing van werk en werkloosheid is hier sprekende voorbeelde. Dit blyk dat ekonomiese groei per se, in ontwikkelingskonteks, deur sosiale en maatskaplike vereistes uitgedaag word. Tog is daar vandag konsensus daaroor bereik dat die klem meer op die ontwikkeling van landelike gebiede gelê moet word. (Moody 1982:37-42)

Die herhaaldelike opvolging van een "idee fixe" met ñ ander is gegee as die oorsaak vir alle probleme. Die kapitaal intensiewe hulp van die vroeë sestigerjare het ñ groot mate van antipatie geskep by die ontvangers van die hulp. Hierdie verskynsel het gelei tot die menslike "grass roots" benadering. Dit impliseer ontwikkeling van onder af na bo. In die Frans-Afrikagebiede het dit aanleiding gegee tot die term "rural animation". Tog het die mense geleidelik al meer en meer verwag. Dit het aanleiding gegee tot die sogenaamde groen revolusie wat ñ verhoogde landbouproduksie as doelwit gehad het. (Moody 1982:37-42)

3.3 Komponente van gemeenskapsontwikkeling.

3.3.1. Deelname.

Gemeenskapsontwikkeling het te doen met ñ gemeenskap en as sodanig behoort dit die hele gemeenskap te betrek en nie net sekere aspekte of vlakke daarvan nie. Die deelname van die plaaslike bevolking is een van die fundamentele eienskappe wat aan GO toegeskryf word. (Cornwell 1986:155; Van Tonder 1980: 34 & 35)

Hierdie plaaslike deelname moet binne die groter beplanning met die korrekte doelwit geïntegreer word, om dit sodoende te onderskei van krisisbeheer en chaos. Hierdie groep mense moet so georganiseer wees dat kollektiewe optrede kan plaasvind. Hierdeur word ñ gemeenskapssin ontwikkel, wat die individu en die groep tot gesamentlike aksie mobiliseer om hulle gesamentlike probleme op te los. (Wilson in Cheki 1970:107; Van Tonder 1980: 34 & 35)

Die waarde van deelname word bepaal deur die betrokke ontwikkelingsdoelwit. ñ Onderskeid moet dus getref word tussen deelname aan besluitneming en deelname aan projekte. Dit is hier belangrik of die inisiatief van bo of van onder kom. Daar word na my mening verkeerdelik te veel klem op inisiatief van onder gelê. Oorlewingsdruk is telkens ñ elimineerder van inisiatief. (Jorritsma & Van der Wiel in Box en Papousek 1981:281)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wye gemeenskapsdeelname behoort deur die stimulering van elites en randstandige minderheidsgroepe bewerkstellig te word. Hieruit volg die gedagte van ñ gemeenskaplike verantwoordelikheid in die gemeenskapslewe deur die lede van die gemeenskap. Ferrinho gebruik die term "human solidarity" om hierdie eenheid van gemeenskap uit te beeld. (Ferrinho 1980:51; Willeden 1970:281)

Gemeenskapsbewustheid omvat egter ook ñ persoonlike element, soos Ferinho dit tereg stel:

" A promotive interdependence makes each individual responsable not only for his own achievements, but also for the achievements of others."
(Ferrinho 1980: 51).

In effek beteken dit dat elke individu die geleentheid moet kry om sy bydrae volgens sy eie vermoëns te maak. (Willeden 1970: 281)
Die basiese strategie van GO is dus om ñ wye spektrum van die plaaslike gemeenskap by die GO-proses te betrek, alhoewel daar in die praktyk ñ tendens bestaan om net met die elites en randstandige minderheidsgroepe te werk. (Cheki 1979:41; Holdcroft 1978:30) Ek wil my graag verstout deur op te merk dat hierdie tendens afhanklik is van die "felt needs" van die gemeenskap. Bloot die verbetering van n spesifieke behoefte van ñ gemeenskap kan ook ñ nastrewingswaardige doelwit wees, welke behoefte waarskynlik in ñ groter mate deur die elites geartikuleer sal word, omdat hulle in die praktyk onder groter stimulasie staan.

Populere(gemeenskapswye) deelname word uiteraard direk beïnvloed deur ñ verskeidenheid plaaslike faktore, soos die bestaande gemeenskapsstrukture, gesindhede, die geografiese ligging, die aard van die projekte, kommunikasie en die tipe leiers. Holdcroft waarsku egter dat massadeelname een van die moeilikste doelwitte is om te bereik en dat dit as gevolg daarvan selde voorkom in gemeenskapsontwikkelingsprojekte. Cornwell vra die vraag of massadeelname wel wenslik is, gesien in die lig van die moderniseringsdoelwit. (Cornwell 1986:156 e.v;Ferrinho 1980:51; Holdcroft 1987:30; Cheki 1979: 40-42.)

Gesien in die lig van bogenoemde vraag, is dit tog wenslik dat die grootste gedeelte van die gemeenskap voordeel trek uit die meeste projekte. Dit gee aanleiding tot die gedagte dat konsensus en gemeenskapsdeelname sinoniem is. Let egter daarop dat konflik ook in hierdie verband ñ groot rol kan speel. (Sien Friedman se standpunt in afdeling 3.3.2 in hierdie verband).

3.3.2 Behoeftes.

ñ Basiese doelwit van GO is om die mense van ñ gemeenskap by die projekte en planne te betrek, om sodoende hul eie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ontwikkeling te stimuleer. Hieruit volg dat dit noodsaaklik is om die behoeftes van die mense in die gemeenskap te verstaan en korrek te identifiseer.

Gemeenskapsontwikkeling gaan van die beginsel uit dat die mense self hulle behoeftes sal identifiseer en uitspreek. Van Tonder gebruik die term "verwagting". Heywood in Kies kom tot dieselfde gevolgtrekking as hy verklaar dat daar net een betroubare konsultant is, naamlik die betrokke burger self (Kies:1982:1; Van Tonder:1980:34 & 35).

Dennis Goulet, in "The Cruel Choice", het na my mening ñ gepaste perspektief op die saak, waar hy skryf dat:

"Partly, at least, the imposition of goals from the top down, gives way to the formulation of goals from the bottom up."

(Goulet 1971:156)

Dit dui aan dat selfs die identifikasie van behoeftes ñ prioriteit behoort te wees.

Hier moet egter in gedagte gehou word dat as gevolg van die geweldige oorlewingsdruk op somminge onderontwikkelde samelewings, hierdie behoefte identifikasie nie altyd spontaan ontwikkel nie. Mense se behoeftes kan egter verkeerd verstaan of geformuleer word. Mitchelson stel dit so:

"(W)hen we do not recognize the institutions of a society, we feel justified in butting in, or we make moral judgements based on our own foreign standards."

(Batten 1974:97-98; Mitchelson 1967:4; Lategan 1981:28-29; UN 1971:11)

Effektiewe en korrekte behoeftebepaling by GO hou die volgende voordele in:

i) Die mense ontwikkel, deur die proses van kommunikasie met behoeftebepaling en identifikasie, ñ verbondenheid aan die GO programme;

ii) Die GO werkers kan hulle beplanning doen, gesus deur die wete dat dit deur die mense ondersteun word.

iii) Behoeftes kan in volgorde van belangrikheid voorsien word indien daar fondse en personeel tekorte bestaan.

iv) ñ Wyer gemeenskapsdeelname kan vir die volgende GO projekte verseker word; en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

v) Dit kan ñ groter ontvanklikheid in die gemeenskap stimuleer met betrekking tot ander regeringsprojekte.

(Jeppe 1983:54) Daar moet egter ñ paar vrae gestel word oor mense se werklike behoeftes.

i) Watter groep in die gemeenskap se behoeftes is dit? behoeftes is dit?

ii) Wat moet gedoen word indien hulle behoeftes van so ñ aard is dat daar nie aan voldoen kan word nie?

Lede van ñ gemeenskap moet gestimuleer en opgelei word sodat hulle behoeftes nie net impulsiewe oombliklike behoeftes is nie. Gemeenskapsontwikkeling moet sensitief wees vir die houdings en behoeftes van die mense en hulle verhoudings met hulle gemeenskap, om sodoende die mense te help om realistiese en bedrewe keuses te maak met betrekking tot hulle probleme. (Batten, T R 1965: 181; Dunham 1970: 87)
Daar bestaan ñ gevaar dat die mense se behoeftes oordryf kan word. Daar is ñ viervoudige persepsie van gevoelde behoeftes:

i) Die persepsie wat die GO werker het wat sy eie doelwitte in gedagte hou;

ii) Die persepsie van die GO werker wat die mense se doelwitte in gedagte hou;

iii) Die mense se persepsie van wat aanvaarbaar of paslik is met betrekking tot die GO werker se doelwitte;

iv) Die mense se persepsie van wat hulle te doen staan om hulle eie doelwitte, soos deur hulleself gerealiseer, te bevredig. (Jeppe 1983:54; Goodenough 1966:59)

Die doelwitte deur die mense uitgespreek onder die persepsies (i) tot (iii) hierbo mag onwaar wees, wat die belang van ñ korrekte behoefte persepsie van wat die mense self wil hê (iv hierbo) beklemtoon. (Jeppe 1983:54)

Batten (1957) stel dit so:

"...(They) must meet actual needs.These are not always what the agency thinks they are."

(Batten 1957: 13;)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Om bogenoemde probleem die hoof te bied, is die begrip, geïnduseerde behoeftes ("Induced felt needs" of "induced needs") in die teorie van GO aanvaar. Eersgenoemde is veral die behoeftes wat op ñ verskydenheid van wyses by die totale gemeenskap geartikuleer word, terwyl laasgenoemde die behoeftes is soos dit deur die leiersklas geartikuleer word. (Jeppe 1983: 55)

Volgens Lategan kan ñ belangrike aanvulling tot hierdie beginsel gedoen word deur op die vlak van die gemeenskap te begin en van daarvandaan af opwaards te beweeg (volgens die maatskaplike werk-beginsel, dat dit van belang is om op die vlak van die kliënt te begin en daarvandaan op te beweeg.) Indien dit as praktyk-beginsel aanvaarword, word aan die een kant aansluiting gevind by die behoeftes wat in ñ gemeenskap ondervind word en aan die ander kant by die deskundigheid wat nodig is om die verandering te bewerkstellig.(Lategan 1981:29).

Die meeste lande se regerings is onbewus daarvan dat daar ñ behoefte bestaan om ontwikkeling in plaaslike gemeenskappe te bevorder. Sommige gemeenskappe moet ñ aanduiding kry van die mate waarin hulle situasie kan verander word, voordat hulle die behoefte sal realiseer. Dit beteken dat die mense van hulle omgewings- en omstandigheidstekorte bewusgemaak moet word, sodat daar ñ stimulering van behoeftes kan plaasvind, om sodoende deur die GO werkers geïnterpreteer en bevredig te kan word.(Batten 1974:4,79-98; UN 1971:12;) Wat gebeur indien die mense nie die doelwitte kan, of wil interpreteer soos dit deur die agentskap gedoen word nie? In sodanige gevalle sal die oplossing daarin lê om die programme te herevalueer, om te verseker dat die tempo van ontwikkeling nie te vinnig of te stadig plaasvind nie, en om te let op die opleidingsmetodes om sodoende die verhouding tussen die GO werkers en die bevolking na te gaan. (Batten 1957:75)

Dit is my mening dat doelwit identifikasie en die generasie van "felt needs" alleenlik spontaan in gevestigde gemeenskappe onder unieke omstandighede ontstaan. Gemeenskappe wat nie aan al die tradisionele kenmerke van ñ gemeenskap voldoen nie, maar tog vanweë die omstandighede ñ gemeenskap is, vereis geïnduseerde behoeftes, sonder dat dit paternalisties hoef te wees. Hier is dit van belang dat die indruk nie geskep word dat doelwitte en behoeftes van buite op die gemeenskap afgedwing word nie. Die bevolking moet ook ñ behoefte hê om die plaaslike omstandighede te wil verander en verbeter. Dit is egter ook hulle reg om deel te neem in die keuse van hulle eie doelwitte en daar rus ook op hulle die verantwoordelikheid om hulle eie beslissings te maak. (Wileden:19:1980 & Van Tonder:1980:34 & 35)

Daar moet in gedagte gehou word dat ñ verbetering net deur die gemeenskap as ñ verbetering beskou word as die hele gemeenskap die verandering goedkeur en daaroor saamstem.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gemeenskapsontwikkeling word ten beste bevorder waar daar breë konsensus oor ñ gegewe projek bereik kan word. Konflik sluit egter nie hierdie bereiking uit nie, waar daar byvoorbeeld oneweredige verteenwoordiging of teenstrydige opinies was nie. (Van Tonder:1980:34 & 35)

In die algemeen is konsensus die gevolg van ñ proses waardeur gegewe voorkeure en ñ beheerde poging tot verandering mekaar beïnvloed. Die invloed van konsensusvorming is juis die graad van wedersydse ooreenkoms wat bereik word met betrekking tot die gekose doelwit en die middele daartoe aanwendbaar. Dit veronderstel ñ kringloop van nuwe konsensusvormende handelinge elke keer as daar ñ nuwe probleem of behoefte geïdentifiseer word. (Ollawa in Voss 1973:37)

Dit is juis hierin waar die probleem lê: hoe meer stabiel en gevestig die gemeenskap is, hoe makliker sal konsensus bereik kan word. In die moderne polities gekleurde multi-etniese gemeenskappe van die meeste onderontwikkelde lande, veral Afrika, is daar bykans geen sprake van enige idealistiese konsensusbereiking sonder konflik nie.

Meer aandag behoort aan die wye spektrum van konflikterende en kompeterende belange in die meeste gemeenskappe geskenk te word. Daar is ñ neiging daartoe om te veel klem op konsensus te lê. In so ñ geval is die blote bereiking van ñ ooreenkoms meer belangrik as die inhoud daarvan. (Cheki 1979:45)
Friedman se standpunt is interessant wanneer hy die vraag stel, of dit redelik is om te verwag dat enige ontwikkeling, indien aanvaar word dat dit ook ñ proses van sosiale aanpassing insluit, sonder substansiële konflik en spanning kan plaasvind? Volgens hom kan dit nie sonder spanning en konflik geskied nie en het juis dit ñ omvormings funksie. Hy sê in die verband"

" Might not these tensions be productive of further transformation in a self propelling cycle of challenge and response, and would they not ultimately lead to a society capable of continuously generating and absorbing innovative change."

(Friedman 1970:21)

Na my mening lê die oplossing tussen die twee standpunte. Te veel konflik, alhoewel dit innovasie kan stimuleer, is nie bevorderlik vir konsensus met betrekking tot doelwitte nie. Per definisie is dit tog die doel van GO om die maksimum voordeel vir die meeste mense te verseker. Sou konsensus uitgesluit wees, dan kan daar nie sprake wees van gemeenskapswye optrede nie. Konflik stimuleer wel verandering en die generasie van behoeftes, maar konsensus is noodsaaklik vir die bereiking daarvan. Indien ñ gemeenskap ñ gemeenskaplike doel wil bereik, moet daar konsensus wees oor die doelwit asook oor die metode waarvolgens dit bereik gaan word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.3.3 Selfhelp.

Selfhelp is nie so ñ eenvoudige probleemoplossende begrip, as waarvoor dit soms aangesien word nie. Die term "selfhelp", is om mee te begin in ñ sekere sin misleidend, deurdat dit die beeld by ñ mens laat opkom van ñ individu wat op sy eentjie sy eeueoue probleme identifiseer en self oplos. Dit is egter nie wat bedoel word met selfhelp nie. Die gemeenskaplike probleme van gemeenskappe moet deur samewerking opgelos word. (Brady 1967:17-19)

Wileden noem in sy eerste beginsel van GO, nl. die beginsel van behoefte, die verband tussen selfhelp en werklike behoeftes. Hiervolgens begin die werker met ñ probleem. Hy moet die probleem verstaan en ñ behoefte ontwikkel om iets daaraan te doen. Die oplossings wat hieruit verkry word, word in terme van werklike behoeftes ("felt needs") uitgedruk, en deur selfhelp opgelos. (Wileden 1970:277-284)

Van Tonder plaas die klem in GO op selfhelp, selfvoorsiening, selfproduksie, selfaanwending en self verantwoordelikheid tot selfbeskikking. (Van Tonder 1980: 34 & 35) Na my mening is dit ñ baie idealistiese siening wat selde so in die praktyk funksioneer. Die rol wat eksterne, ekonomiese en tegnologiese hulp speel, moet nie hier uit die oog verloor word nie. Dit was juis die afplatting van die soort hulp wat tot die relatiewe daling van GO se aansien gely het. Opmerking:Lotz het ñ ander perspektief. Hy het bevind dat dit juis die afname in ekonomiese groei was, wat die aanvraag na GO verhoog het. (Lotz 1982: 29)

Selfhelp word deurgaans as ñ belangrike aspek van GO beskou. Dunham lig die waarde van selfhelp vir GO soos volg uit, as hy sê:

"Community development seeks to work primarily through the enlistment and organization of self-help and cooperative methods on the part of the residents of the community..."
(Dunham 1960:33)

Selfhelp omvat die inisiatief van die mense self en is uiteraard gerig op, en het ontstaan as gevolg van menslike deelname. Dan A. Cheki sien die kenmerk van GO soos volg:

"to develop the competence of a community so that it can confront its own problems...",

welke probleme konsekwent ontstaan as gevolg van ñ gebrek aan selfditerminasie. (Cheki:I971:9; Du Sautoy 1960:2)

Volgens Mabogunje is daar net een manier waarop ware ontwikkeling in Afrika kan plaasvind, deurdat :

"... the Africans themselves improve or transform the

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

social and economic structure of their society..."
(Mabogunje in Hance:1977:1)

Alhoewel dit nie in alle opsigte korrek is nie, te oordeel aan Swart Afrika se afhanklikheid van buitelandse ekonomiese en tegnologiese hulp, omvat hy tog hier die beginsels van selfhelp en self identifikasie van probleme.

Daar moet ook ñ geloof wees dat die standhoudende verandering net deur die ontwikkeling van plaaslike potensiaal tot stand kan kom. Hierdie beginsels is omvat in die "Arusha" deklarasie wat bepaal het dat selfhelp en selfvertroue die basis van alle GO is. (Collins: 1972:74). Gemeenskapsontwikkeling plaas die klem op die pogings van die mense om self hulle planne uit te voer. Mense moet egter gehelp word om hulleself te help. Soms word net die laaste deel van hierdie beginsel in ag geneem. (Lategan 1981:27)

Batten sê:

" We are concerned with how communities can be developed from without, and by any agency, international or national, goverment or voluntary".
(Batten 1957:4;

Witbooi formuleer hierdie probleem onder sy mense soos volg:
"Our people have so long been indoctrinated into believing that everything must be done for them, that they have developed an inferiority complex".
(Witbooi 1983:46)

Die slagspreuk moet wees om die mense van ñ gemeenskap te stimuleer en te motiveer om hulle self te help om sodoende aan die gemeenskap se behoeftes te voldoen. (Jones 1982: 13)

Daar is sekere voorwaardes waaraan ñ suksesvolle selfhelp organisasie moet voldoen. Alhoewel Agere dit van toepassing gemaak het op grondhervormingsprojekte in Zimbabwe, geld dit ook in die algemeen. Hy sê in dié verband:

i) ñ Stelsel van grondhervorming is noodsaaklik, om sodoende te verseker dat die meeste lede van die betrokke gemeenskap genoegsame bronne (water, weiding ensovoorts) kan mobiliseer om aan hulle basiese behoeftes te voldoen.

ii) Die regering moet ñ ernstige poging aanwend om die selfhelp potensiaal te verhoog deur die verskaffing van noodsaaklike dienste en verlening van hulp soos byvoorbeeld kredietfassiliteite, bestuursvernuf en advies.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

iii) Selfhelp programme moet aansluiting vind by oorhoofse nasionale en regionale ontwikkelingsplanne.

(Agere 1982:214)

Eerstens kan hervormings by die heersende elite ñ weerstand teen selfhelp veroorsaak, omdat hulle dit as ñ bedreiging kan beskou. Alhoewel hulle lippediens lewer aan "ontwikkeling" vir die landelike bevolking, begeer hulle soms inderwaarheid nie sosiale, ekonomiese of grondhervorming nie. Dit kan moontlik die status quo omverwerp deurdat daar te hoë verwagtings by die plaaslike leiers geskep word, wat met die heersende elites se gevestigde belange kan bots. (Zielhuis 1974:45; Hayes:1981 225).
Tweedens kan sulke noodsaaklike dienste en advies aan die groep beskikbaar gestel word deur koöperasies en ander gemeenskapsorgane. Die klem moet gelê word op beide die gebalanseerde mobilisasie van die plaaslike bronne en die versekering dat eksterne bronne en hulp-, sowel tegniese as andersins, aan die gemeenskap beskikbaar gestel word (Wileden:1970:80)

Derdens, is integrasie van plaaslike, regionale en nasionale doelwitte ñ probleem. Clunies-Ross in Dunham sê dat daar hiervoor voorsiening gemaak moet word, sodat GO kan help:

"...to facilitate a creative merging of locally expressed needs with national goals ".

(Dunham 1976:9; Dunham 1970:87)

Die sukses van GO sal baie groter wees indien die projek aan nasionale vooruitgang gebind word. In gevalle waar die gemeenskap nog nie vorm uitmaak van ñ nasionale eenheid nie, moet daar ñ groter groepsidentifikasie wees as net die spesifieke projek. Indien plaaslike doelwitte op ñ hoër vlak met oorkoepelende doelwitte geïntegreer kan word, dan kan GO ñ dinamiese instrument word. Hieruit volg dat die kanse op suksesvolle GO uiteraard verhoog sal word indien die plaaslike potensiaal en die regeringsagentskappe geïntegreer en gekoördineer kan word. Dit sal gekombineerde doelwit navolging aan die hand werk wat botsende belange en ambisies uitskakel.

Alhoewel dit belangrik is om op die mense se behoeftes te reageer, stem hierdie behoeftes nie altyd ooreen met die prioriteite van die nasionale of regionale ontwikkelingsstrategieë nie. Daar moet dan ñ kompromie getref word:

Die regering moet nie sy nasionale doelwit op die gemeenskap afdwing nie, maar die gemeenskap moet tog ingelig word oor en gestimuleer word deur die nasionale beplanningsdoelwitte.

Hierdie probleem vererger indien ñ gemeenskap te afhanklik

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

raak van ñ GO werker, of daar te veel inmenging van buite is deur die regering of vrywillige agentskappe. (Jeppe 1983:55)

Alhoewel inmenging van buite beheer moet word, speel dit ñ belangrike rol in doelwit identifikasie. Daar moet inisiëring van ñ doelwit wees. Die behoeftes van die plaaslike bevolking moet in hierdie doelwit vervat wees, om plaaslike deelname te verseker. Die mense moet met die ontwikkelingsproses kan identifiseer, om gemeenskaps deelname en entoesiasme te kan stimuleer.

Biddle en Biddle waarsku egter dat:

"... it becomes apparent that the underpriviliged can only

go so far in lifting themselves by their own bootstraps."
(Biddle 1965: 111)

Batten stem hiermee saam , waar hy nie die voldoening van GO-projekte sien as doelwit nie. Volgens hom is die stimulasie om ñ lewenswyse te kweek wat die lede van die gemeenskap sal help om hulle eie gemeenskapsprobleme aan te spreek, die ware doelwit. (Batten 1957:64)

Hierdie stimulasie is geensins ñ vreemde begrip vir GO nie. Dit stem ooreen met die gedagtes van geïnduseerde behoeftes, of te wel "aided selfhelp" soos Scot dit stel:

"Aided self-help with effective popular participation corresponds to many development ideologies, including the goals affirmed by the United Nations Charter and the development policies and plans of many poor countries."
(Scott 1977: 121)

In Turkye was hierdie stimulasie die deurslaggewende faktor.

Daar is bevind dat min van die GO-projekte veel materiële hulp van die regering ontvang het. Sukses is bereik deur die stimulasie van plaaslike inisiatief en die voorsiening van tegniese advies. (Askwith 1966:11).

Du Sautoy sluit hierby aan as hy GO beskou as ñ beweging om beter lewensomstandighede vir die hele gemeenskap te bewerkstellig, met die aktiewe deelname en op die inisiatief van die gemeenskap self. Stimulasie van die gemeenskap, indien hulle nie eie inisiatief ontwikkel nie, word beskou as ñ funksie van GO:

"..but if this initiative is not forthcoming spontaneously, (it will be done) by the use of techniques for arousing and stimulating it in order to secure the active and enthusiastic support for the movement.
(Du Sautoy 1960:2)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Om hierdie ideaal te kan verwesenlik, moet langtermyn, outonome, buigbare en homogene agentskappe daargestel word, om selfhelp te stimuleer. Hierdeur kan daar op georganiseerde wyse aan die gemeenskap se behoeftes voldoen word, om die gemeenskap te help in die bereiking van hulle ideale. Gemeenskapsontwikkeling moet die individue van die gemeenskap in groepe organiseer sodat hulle kollektiewe aksie kan neem, om so ñ gemeenskap te skep om die individu en groepe al meer te mobiliseer tot gesamentlike aksie sodat hulle hul eie probleme kan oplos. (Cheki 1979:107; Jeppe 1983:55; Lategan 1981: 27-29).

Die landelike bewoner is nie gewoond aan die idee van selfhelp nie. In die begin van ñ GO projek is hy nie juis geïnteresseerd nie. Die rede hiervoor kan gesoek word daarin dat die imperialistiese moondhede oor ñ baie lang periode, uiters paternalisties opgetree het in die vervulling van plaaslike behoeftes. Indien daar ñ pad gebou is, was dit nie omdat daar ñ plaaslike behoefte daarvoor bestaan het nie, maar omdat die regering besluit het daar moet ñ pad gebou word.

Harold Isaacs, in Brady, motiveer hierdie sentrale probleem soos volg:

"(The problem)...is that of creating a consistent, constructive, selfgenerating desire for change and improvement, which runs counter to all the traditional peasant cultures. "

(Brady 1967: 17-19)

Die probleem word vererger deurdat die lede van ñ gemeenskap nie die doelwitte van selfhelp verstaan nie.

Hiermee saam vereis die swak lewensomstandighede dat daar so gekonsentreer word op oorlewing, dat daar nie plek is vir iets meer as net elke man vir homself in die oorlewingstryd nie.

Paul Philips, destyds die hoof GO-adviseur van die "United States operations mission" in Iran het die bevolking se weerstand teen selfhelp so beskryf:

"Most communities do not understand the plight they are in. They have been blighted so long that they have come to accept poverty as a necessity. They are without hope and they despair of betterment and so cannot see what they should and can do to live better.... Further, the minimum maintenance requirement takes so much energy, there is little left to expend on improvement".

In aansluiting hiermee is selfhelp en die verandering in lewenstandaard so ñ stadige proses, dat die bevolking nie maklik daartoe gestimuleer raak nie. Die opbou van die nodige vaardighede en administratiewe institusies is ñ

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

komplekse en tydrowende proses. Ontwikkeling is nie soos soms gemeen word, ñ proses wat jare neem nie, maar een wat mense vir dekades en selfs vir generasies besig sal hou. (Brady 1967:17-21; Jones 1982: 21)

Die toepassing van selfhelp moet meehelp om hierdie probleem die hoof te bied. Al bogenoemde vertragings behoort deur effektiewe stimulering en mobilisering van die mense uit die weg geruim te wees, voordat die GO projek in sy doel kan slaag. ñ Regering kan by uitstek aan hierdie funksie voldoen omdat hy normaalweg alreeds oor die nodige hulpmiddele en vermoëns beskik. (Ekong en Sokoya 1982:223)

Brady, maak na my mening die beste evaluasie van selfhelp met die volgende gevolgtrekking.

"Perhaps, in the end, all that can be said of self-help, to twist one of Churchills famous lines, is that it is the worst possible form of development exept for any other that has ever been tried. But to my thinking, self-help is the only road to development worth taking. It has it's roots in the people of a nation, touches their daily lives, rejects the notion of their inferiority, and offers them a pride and a part in their goverment they have never before experienced. It is a slow process and a far from perfect one, but if the road to development does not begin with the people, then I do not know of any road at all."
(Brady 1967: 21)

3.3.4 Opleiding.

Die sentrale belang van GO lê in die potensiaal van die mens om sy omgewing beter te beheer. ñ Toename in fisiese- en materiële ontwikkeling sonder ñ gepaardgaande ontwikkeling van die menslike kapasiteit sou bloot tydelik en oppervlakkig wees. Die ontwikkeling van die menslike kapasiteit word bereik deur opleiding en opvoeding. (Jeppe 1983:57)

Deur volgehoue onderwys en opleiding verkry die mens te midde van ñ snel veranderende wêreld ñ begrip van sy variërende behoeftes en daardeur ñ basis vir ñ vry en verantwoordelike deelname in die sosiale lewe.

Gemeenskapsontwikkeling neig uit sy aard tot ñ meer komplekse sosiale organisasie, welke organisasie slegs deur meer effektiewe opleiding en opvoeding van die menslike materiaal bestendig kan word. (Ferrinho 1980:80 & 81)

Hierdie opleiding behoort meer gerig te wees op die sogenaamde " education for action" -proses, waardeur mense die nodige vaardighede aanleer om die veranderde omstandighede te kan akkomodeer en dit dan effektief aan te kan wend tot ñ beter samelewing. In effek beteken dit dat die opleidingsproses relevant moet wees tot huidige en toekomstige omstandighede. (Cheki 1979:13, 165 & 166)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gemeenskapsontwikkeling is dus meer gerig op die aangeleerde vermoë van die mens om self ñ verbetering in sy omstandighede aan te bring eerder as op die verbetering self. ñ Ou gesegde beskryf dit met die volgende beeldspraak:

" (D)on't give a hungry person a fish, but teach him how to catch fish to lastingly prevent his hunger."
(Jeppe 1983:58)

Hier is weer ñ verband met die begrip "induced needs", omdat relevante opleiding en opvoeding die mens meer bewus sal maak van sy omstandighede en die inherente gebreke daarin.

Vervolgens sal hy die omstandighede tot sy eie voordeel kan verander. In effek moet hy dus eers bewus gemaak word van die feit dat sy omstandighede ontoereikend is, welke bewusmaking deur middel van onderwys/opvoeding plaasvind. Die onus rus op die opvoeder om die feite van die situasie so veel motiverende krag as moontlik te gee, aangesien die mens slegs gedeeltelik ñ rasionele wese is. Dit wat aan die mens onbekend is, kan nie as spontane behoeftes deur hom verwoord word nie. (Willeden 1979:110)

Nietzsche het, onwetend waarskynlik, ñ baie pikante perspektief op bogenoemde probleem gegee waar hy beweer dat:

"The more abstract the truth you want to teach, the more you must seduce the sences to it".
(Nietzsche 1973:82)

Die gedagte dat die mens bewusgemaak moet word van sy gebrekkige omstandighede is na my mening een van die sentrale gedagtes van GO alhoewel dit geklee word in verskeie gedaantes, soos byvoorbeeld "induced needs", opleiding, "educating for action", ensovoorts. Geen mens kan ñ verbetering nastreef as hy onbewus is daarvan dat sy omstandighede verbeter kan word nie. In die meeste onder-ontwikkelde gemeenskappe is die mens so besig om te oorleef, dat sy kapasiteit tot spontane behoefte generasie baie laag is.

3.3.5 Doelstellings.

Gemmeenskapsontwikkeling het te doen met verbetering en vooruitgang. Daar kan waarskynlik volstaan word met die uitwissing van armoede vir nasionale ekonomiese deelname en stabiliteit, as sentrale doelwit van GO. Gemeenskapsaksie is ñ middel tot dié doel.

Ontwikkeling word gesien as:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

".. the way out of underdevelopment."
(Breitengross in Voss 1973:151)

Alle optredes en inisiatiewe is tog gerig op die stimulering ondersteuning en behoud van gemeenskapsaksie. Die basis van gemeenskapsaksie word, gevestig indien die werklike behoeftes geartikuleer kan word in terme van ooreengekome doelwitte. Hieruit volg dat dit oor die ontwikkeling van realistiese doelwitte gaan. Beplanning van projekte, sonder die kapasiteit om hierdie projekte uit te voer, is waardeloos. (Griffiths 1974: 87 ; Fair 1981:59; Van Tonder 1980:34&35; Willeden 1970:270)

3.3.6 Multi dimensionele aard.

ñ Gebalanseerde GO-projek behoort alle aspekte van ontwikkeling en probleemidentifikasie/oplossing te omvat. Dit word gemeet aan effektiewe leierskapswerwing, die opwekking van massasteun en algemene deelname. Goeie samewerking met die plaaslike en regeringsinstansies is ook noodsaaklik. Effektiewe seleksie en benutting van interne sowel as eksterne bronne moet plaasvind. Hieruit volg dat daar ook ñ effektiewe vermenging van georganiseerde en informele gemeenskapsoptredes moet wees. Dit behels dus ñ fyn vermenging van normatiewe en tegnologiese belange. Indien daar aan al hierdie vereistes voldoen word, is dit ñ gebalanseerde GO proses. Gemeenskapsontwikkeling is dus ñ multidissiplinêre benadering wat baie ander spesialiteits-gronde soos landbou, opvoeding, gesondheid, ekonomie en dies meer, aktiveer om so die mens se materiële en sosiale aspirasies te verwesenlik. (Agere 1982 : 209; Biddle & Biddle 1965 : 261; Clinard 1966: 125-129; Dunham 1967: 5, Galaghar 1968: 93; Jeppe 1983: 53; Lategan 1981: 22 & 23; Mookerjee in Cheki 1979: 99; Van Tonder 1980: 34 & 35) Gemeenskapsontwikkeling veronderstel owerheidssteun en ander tegniese hulp, maar met die oogmerk dat dit gedeeltelik aan die gemeenskap oorgegee sal word, om sodoende die nodige deelname vanuit die gemeenskap te verseker (Van Tonder:1980:34 & 35)

Na my mening is dit nodig om te waarsku dat multi dimensioneel volgens die probleem/projek op hande bepaal moet word. Multi dimensioneel opsigself is nie ñ doelwit nie. Die omstandighede moet die nodige dimensies van opttrede bepaal.

ñ Meer effektiewe verbintenis tussen GO en ekonomiese ontwikkeling behoort daargestel word. Dit kan alleenlik gebeur indien daar groter klem op regionale ontwikkeling gelê word, met ñ gepaardgaande herevaluasie van GO-beginsels en -tegnieke. Een van die feite van die lewe is dat ontwikkeling geld kos, en dat effektiewe ekonomiese beplanning tot meer effektiewe GO aanleiding gee.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar tog ñ differensiasie tussen die politiek en die ekonomiese

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ontwikkeling getref moet word. Dit moet ñ gebalanseerde differensiasie wees, anders sal die analoë situasie onstaan, soos dikwels in Afrika gebeur, dat die bevolking reeds politieke regte ontvang het voordat genoegsame ekonomiese ontwikkeling plaasgevind het om die nuwe gepaardgaande materiële behoeftes te bevredig. (Ollawa in Voss 1973:35)

3.3.7 Politieke relevansie.

Die konvensionele benadering tot GO was nie-polities van aard in soverre dit nie gebruik is om hoër politieke ideale te propageer nie, of dit nie as mobiliseringsagent vir politieke gewin aangewend is nie. Volgens hierdie benadering is politiek en GO totaal geskei en is die impak van GO op die politieke proses ten volle geignoreer. (Jeppe 1983:61)

Gemeenskapsontwikkeling is egter ñ hoogs politieke proses, waarvan die politieke aard dikwels onderskat word. Dit spreek duidelik uit die klem wat buiteagente plaas op die sigbare aspekte van ontwikkeling. (Cheki 1979:43)

Politiek, op watter vlak ookal, speel wel ñ rol in die gemeenskap en behoort nie van GO geskei te word nie. Indien in ag geneem word dat GO ñ proses is waardeur ñ groep mense probeer om ñ mate van invloed op hulle lewens en toekoms uit te oefen, kan die politieke aard daarvan nie misken word nie. (Cheki 1979:106; Jeppe 1983:61)

Hiermee saam geld dit ook dat die bevolking se gehalte van regering verbeter moet word. Dit behels die ontwikkeling van leiers en leierskap. Mail stel dit so:

"Since the job of building better communities is not likely ever to be finished, the real goal of community development cannot be the solution of any specific problem but the development of people who can continue to take leadership responsibly and wisely."
(Mail & Mail 1959:14; Lategan 1981:21)

Ferrinho stem hiermee saam. Hy beskou ontwikkeling as ñ opwaartse proses waarin GO ñ belangrike rol speel deur leierskapsideale en bewustheid te stimuleer. Groeps-verantwoordelikheid en -lojaliteit word verskerp, wat die gemeenskap motiveer om met ander gemeenskappe kontak te maak oor sake van gemene belang. Dit kan aanleiding gee tot nasionale integrasie. (Ferrinho 1980:57-59)

Die staat kan nie in al die behoeftes van die samelewing voorsien nie, veral nie in die derdewêreld ontwikkelende lande nie, net so min as wat GO al die latente behoeftes kan bevredig. ñ Spesifieke beleid vir GO sal slegs relevant wees as daar aangeneem word dat die staat die instrument is van ñ elite, klas of groepering, met ñ koherente ontwikkelings-strategie wat die grootste moontlike steun

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onder hierdie groeperings geniet. In gevalle waar hierdie spesifieke groeperings ontbreek, kan die staat (of staatsorgane) die rol speel van ñ dinamiese ontwikkelings-agent. Dit is juis die geval by Omega, waar die weermag hierdie funksie vervul.

Volgens Van Tonder is GO meer effektief onder ñ demokratiese stelsel. Tog is demokrasie nie ñ voorvereiste vir GO nie. Demokrasie is ñ term wat spesifieke waardes het vir spesifieke kulture. (Van Tonder:1980:34 & 35)

Marxisme heg baie waarde aan demokrasie, al is dit volgens ander beginsels. Dit sluit tog nie GO uit nie! Wat egter vas staan, is dat demokrasie, hetsy op mikro of makrovlak, weens praktiese oorwegings moeilik bereikbaar is in ñ minderontwikkelde samelewing.

3.3.8 Nasionale vooruitgang/integrasie.

Die bydrae wat GO kan lewer met betrekking tot nasionale vooruitgang moet eerder beskou word as ñ gevolg van GO, wat in die beplanningsfase van ñ GO-projek in ag geneem behoort te word.

Nasionale beplanning vir sosio-ekonomiese ontwikkeling is baie toepaslik in verskeie MOL'e. Gemeenskapsontwikkeling kan ñ waardevolle strategie wees waarvolgens die mense tot nasionale doelwitte gemobiliseer kan word. (Jeppe 1983:59)

Die VVO verslag van 1963 noem vier bydraes deur GO tot nasionale vooruitgang.

(i) Gemeenskapsontwikkeling kan sosio-ekonomiese groei op die plaaslike vlak stimuleer deur die gemeenskappe se isolasie te verminder en hulle meer ontvanklik te maak vir ontwikkelingsideale.Hierdie proses kan deur effektiewe kommunikasie en verhoogde kennis oor hulle eie omstandighede versnel word.

(ii) Gemeenskapsontwikkeling kan dien om bogenoemde kommunikasiekanale te skep en te verbeter. So kan wedersydse begrip tussen die regeringsamptenare en die plaaslike bevolking oor hulle onderskeie behoeftes en probleme verkry word.

(iii) Gemeenskapsontwikkeling kan bydra tot die daar-stelling van formele en informele plaaslike or-ganisasies en kan sodoende die sentrale bronne van ñ regering beskikbaar stel vir ander nasionale doelwitte.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(iv) Gemeenskapsontwikkeling kan help om die plaaslike en landelike organisasies te versterk, sodat hulle meer effektief in die ontwikkelingsproses kan funksioneer.

(VVO 1963:13-16)

Uit bogenoemde blyk dit dat GO ñ groot bydrae het om tot nasionale vooruitgang te lewer. Let egter daarop dat GO nie slegs in nasionale terme gesien moet word nie. Die verbetering van die plaaslike put is ook GO! Sommige doelwitte is net van plaaslike belang, en het geen invloed op nasionale doelwitte nie.Nogtans sal die verbetering van die bevolking se lewenskwaliteit globaal gesien waarskynlik ñ nasionale doelwit wees.

Wat gebeur egter indien die behoeftes wat deur die gemeenskappe geïnisieer teenstrydig is met die idee van nasionale eenheid en vooruitgang ? ñ Voorbeeld hiervan is die groepsolidariteit wat deur swart mense gekweek word rondom sekere belange, welke belange telkens in reaksie op blanke dominasie geartikuleer word. Sulke gemeenskaps-doelwitte is geensins bevorderlik vir nasionale vooruitgang of integrasie nie. Kan GO in sulke gevalle tot solidaritiet in die groter nasionale eenheid lei ? (Cornwell 1986:191 & 192; Swanepoel in Prinsloo 1983:99.)

3.4 Die Beginsels van gemeenskapsontwikeling:

Dit is interessant dat P.M. du Preez die beginsels van GO in proses- en etiese norme indeel. Hy beskou GO as bloot ñ rigting van algemene ontwikkeling.

- Prosesnorme van GO:

(i) Differensiasie: Differensiasie van funksies moet plaasvind in die onderontwikkelde strukture waar die staat, ekonomie en sosiale strukture geïntegreer is, sodat hoë ontwikkeling daar bewerkstellig kan word.

(ii) Integrasie: Die differensiasieproses moet so geleidelik ontwikkel dat integrasie van die nuwe sisteme en strukture steeds kan plaasvind.

(iii) Kontinuïteit: ñ Aaneenlopende proses is noodsaaklik om die balans tussen differensiasie en integrasie te handhaaf. Verder verseker dit dat stagnansie en agteruitgang voorkom word.

- Etiese norme van GO:

Die mag om self te besluit, die vryheid om alternatiewe te kan kies en die verantwoordelikheid vir die keuses, geld ook as basiese beginsels van GO. Hierdie gedagtes sal stellig verder ontleed word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(i) Mag: Die rasionele vermoë van die mens gee aan hom die mag om te besluit en te heers oor sy eie lot, welke besluitneming sentraal tot die tema van GO staan. In tradisionele samelewings kan die magsbegrip egter ñ probleem wees, omdat dit in onderontwikkelde gebiede dikwels ñ magiese inslag het, wat juis so die mens se onmag volgens hulle eie geloof aandui. Hierdie magsbegrip moet so gestimuleer word dat die mens mag aanvaar as die vermoë om oor sy omstandighede en lot te besluit.

(ii) Solidariteit: Dit is een van die take van GO om die samelewing en gemeenskappe tot ñ effektiewe ontwikkelingseenheid saam te snoer. Hierdie kan op horisontale vlak tussen die onderskeie gemeenskappe plaasvind, of vertikaal tussen die ontwikkelaar en die lede van die gemeenskap.

(iii) Latente vermoëns: Elke mens het potensiaal wat dikwels onderontwikkeld is. Gemeenskappe beskik dus oor latente potensiaal wat ontwikkel behoort te word, sodat hulle self hulle probleme kan oplos. Hierdie stimulasie word aanvanklik verkry deur klein prestasies en suksesse. Met die nodige aanmoediging kan dit aanleiding gee tot groter prestasies en suksesse.

(iv) Deelname: Dit volg op solidariteit , maar moet nie met samewerking verwar word nie, alhoewel dit daarmee gepaard gaan. Die ou beginsels van selfhelp en deelname word hier geïmpliseer.

(v) Identiteit: Die ontwikkelling van vermoëns verleen respek en identiteit aan die gemeenskappe, wat tot meer effektiewe GO aanleiding gee.

(Du Preez 1981)

Die volgende verdere beginsels van GO word ook onderskei. Dit is opmerklik dat baie van die beginsels soos deur Du Preez beskryf, ook hierin vervat is.

3.4.1 Gemeenskapsontwikkeling as ñ proses,

Gemeenskapsontwikkeling as proses is ñ "ongoing thing" en nie bloot ñ eenmalige gebeurtenis nie. Dit is by implikasie ñ langtermyn dinamiese proses wat nuwe behoeftes en fassette omvat .

Gemeenskapsontwikkeling is ñ proses, want dit omvat die gedagte van veranderinge, van een fase na ñ ander, wat deur middel van ñ reeks van stappe plaasvind. Hierdie stappe is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemik op gemeenskapsselfbeslissing, ñ sogenaamde "educating for action"- proses, waardeur die lede die nodige vaardighede aanleer vir sulke plaaslike outonomie. Volgens Mookerjee is konsensus die grondslag van sodanige beplande verandering, alhoewel verandering in sekere gevalle ook as gevolg van konflik kan ontstaan. (Mookerjee in Cheki:1979:94 - 96)

As GO as ñ proses gesien word, neem dit ñ idealistiese wesensleer aan, waardeur ñ verandering in die mens se idees en waardes as voorvereiste gestel word vir enige werklike verandering van die sosiale strukture, gemeet in terme van die spesifieke maatstawwe waaraan elke gemeenskap sy verandering sal meet. (Cheki 1979:13)

Die bestaan van ñ buite-agent is die onderskeidende kenmerk tussen GO as proses of as metode. Is daar geen sprake van ñ buite-agent wat die gemeenskap stimuleer en lei nie, dan is GO ñ proses. Alle inisiatief besluitneming en aksie is dan heeltemal by die gemeenskap. (Swanepoel 1983:126)

Gemeenskapsontwikkeling kan egter ook as ñ metode beskou word. Word dit as metode beskou dan is GO ñ :

"planmatige aksie om die gemeenskap in staat te stel om ñ proses van GO met ñ redelike mate van sukses te loods."
(Swanepoel 1983:131)

ñ Buite agent help die gemeenskap om die insiatief te neem om sy eie behoeftes te definieer, asook om op ñ plan van aksie te besluit om aan daardie behoeftes te voldoen. Inherent aan hierdie beskouing is ñ doelleer beklemtoning van middele en doelwitte. Hierdie benadering het tot gevolg dat beplanning op ñ hoër gesentraliseerde vlak plaasvind, in teenstelling met GO gesien as proses, waar die gedagte van gemeenskapsoutonomie beklemtoon word, sodat ñ meer elastiese benadering met betrekking tot die behoeftes van ñ spesifieke gemeenskap gevolg word. Let egter daarop dat daar geen starre tweeledigheid tussen die twee benaderings bestaan nie, in soverre as wat opleiding ñ integrale element is van GO in beide benaderings. (Cheki 1979:14)

Volledigheidshalwe word genoem dat GO ook as ñ program en as ñ beweging beskou kan word. Gemeenskapsontwikkeling as program behels die prosedure van ñ program waarvan die inhoud uit ñ reeks aksies bestaan. Die promisse is dat hierdie aksies uitgevoer word deur nakoming van die proses. Gemeenskapsontwikkeling as beweging het ñ sterk emosionele en ideologiese inhoud. Dit is ñ kruistog, ñ meer fisiese benadering van die ontwikkelingsproblematiek. Albei hierdie benaderings omvat egter ook grootendeels elemente van GO as proses. (Cheki 1979:13; Cristenson & Robinson 1980:11)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.4.2 Gemeenskapsontwikkeling is ñ georganiseerde poging tot verandering.

Dit is ñ georganiseerde, doelgerigte en planmatige poging. Alle GO geskied volgens sekere riglyne en volgens ñ sekere plan. Daar moet ñ GO doelwit of reeks doelwitte wees.

Omdat GO ñ langdurige proses is, kan die doelwitte soms verander en aangepas word by die veranderde situasie. As Voorbeeld neem ek die bou van ñ pad. Nadat die pad voltooi is, verander die doelwit deurdat dit nou gerig is op onderhoud van die pad en nie meer op die konstruksie daarvan nie. Gemeenskapsontwikkeling het dus te doen met vooruitgang en verbetering. Let egter daarop dat ñ verandering net ñ verbetering is, indien die gemeenskap dit goedkeur.

Plaaslike inisiatiewe moet steeds binne ñ georganiseerde verwysingsraamwerk geakkomodeer word en nie bloot op ñ lukrake wyse behoeftes aanpas en verander, sonder inagneming van die deurlopende doelwitte nie. Konstruktiewe verandering is van belang by GO en alle ander vorme van verandering moet verwerp word. Omgesetsynde, GO stimuleer en beheer verandering. (Van Tonder:1980:34 & 35)

3.4.3 Menslike deelname,

(i) Populere deelname.

Gemeenskapsontwikkeling behels per definisie die ontwikkeling van ñ gemeenskap. ñ Gemeenskap is ñ groep mense. Gemeenskapsontwikeling omvat dus menslike deelname. Deelname aan GO moet ongedwonge wees, sodat die individu die reg het om deel te neem indien hy dit sou verkies. (Van Tonder 1980:35)

Volgens die "Economic Commision for Latin America" impliseer populêre deelname, oftewel kollektiewe en/of groepsaksies, ñ redistribusie van die geleenthede om aan die besluitnemingsproses van die gemeenskap deel te neem. Dit is nie net die geykte lae inkomstegroepe wat hierdeur geraak word nie, omdat die beplanners se ideologie en die massa se redes vir verandering dikwels radikaal verskil. Die mens het egter ñ psigologiese wil om iets te bereik, om meer gunstige antwoorde te vind vir hulle onmiddellike behoeftes sowel as om beter toegang tot die beskikbaarheid van dienste te kan verkry. Dit is die ontwikkelingsagent se rol om hierdie menslike wil te stimuleer en soms in die regte rigting te stuur. Hierdie wil kan gemobiliseer word deur die stimulasie van gemeenskapstrots en gemeenskapsidentiteit. (Willeden 1970:282)

Volgens Van Tonder het GO deur middel van waardering, ñ stimulasie ingebou waarsonder die proses van GO nie kan plaasvind nie.(Van Tonder 1980:34 & 35)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Na my mening is hierdie punt oorbodig deurdat waardering nie kunsmatig geskep kan word nie, maar ñ funksie is van die effektiewe mobilisasie van die plaaslike bevolking en hulle spesifieke behoeftes. Gemeenskapsontwikkeling kan begin funksioneer sonder dat hierdie waardering bestaan, maar afhangend in watter mate aan die mense se "felt needs" voldoen word, sal hulle waardering toeneem. Waardering is nie ñ vereiste van GO nie, maar eerder ñ resultaat van die suksesvolle verloop daarvan.

(ii) Menswaardigheid en selfbeskikking.

Die mens se respek vir homself sluit ook aanvaarding van alle ander mense in. Die mens, as selfrespekterende wese, kan dit net wees indien hy sy volle potensiaal binne sy menswees kan bereik. Eenstemmig hiermee moet alle mense in ñ gemeenskap, deur hulleself en deur ander, gesien word as die "Alpha et Omega" van GO. (Ferrinho 1980:54&55)

Selfrespek behels ñ waardering van die mens self, en sy medemens as die vernaamste middel tot hulle eie ontwikkeling. Om ñ mens bloot as ñ middel tot ontwikkeling te beskou is om sy menswaardigheid aan te tas. Voortvloeiend uit menswaardigheid is tereg, soos Lategan beweer, die beginsels van selfbeskikkingsreg, selfhelp en die regmatige erkenning van die mens en sy vermoëns. (Ferrinho 1980:54&55; Lategan 1981:26)

Die behoud van eie inisiatief en selfverwesenliking in sy eie en gemeenskapslewe, bevorder die mens se geloof in sy eie vaardighede as element van die gemeenskap. Die mens moet genoeg vertroue in homself hê om aanhoudend te poog om sy eie belang en dié van die gemeenskap te bevorder. Ferrinho gebruik die term "human solidarity" om hierdie begrip mee te illustreer. Daaruit volg dat elke mens nie net verantwoordelik is vir sy eie suksesse nie, maar ook vir dié van ander mense. (Cheki 1979; 44-45; Clinard 1966:126-127; Ferrinho 1980:51; Goodenough 1966:176-177; Jeppe 1983:50;)

3.4.4 Doelwitte.

(i) Taak en proses doelwitte.

Die program moet voorsiening maak vir die bevrediging van die grootse gemeenskaplike belang van die grootste groep mense in die gemeenskap. (Van Tonder:1980:34 & 35)

Spesifieke projekte word geloods vir lewering van ñ langtermyndiens, soos byvoorbeeld onderwys, terwyl ander geloods word om binne ñ bepaalde tyd voltooi te wees. Gemeenskapsontwikkeling poog om die mense se sosiale, ekonomiese, maatskaplike en gesondheidstoestande te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verbeter.

Lewensstandaard en lewenskwaliteit moet verhoog word deur die selektiewe mobilisasie van hulpbronne, uitgedruk in programme om ñ verskeidenheid spesifieke verbeteringe teweeg te bring. Daar moet weer klem gelê word op die beginsel dat GO tot werklike voordeel van die gemeenskap moet wees, en nie tot een of ander paternalistiese ideaal van die ontwikkelaar nie. Die doelwit speel dan die rol van ñ kanaliseerder en beheeragent, maar nie dié van beginselmaker nie.

Gemeenskapsontwikkeling het beide taakdoelstellings sowel as prosesdoelstellings.

Taakdoelstellings: Dit behels die voorsiening van sekere primêre behoeftes. Behoeftes soos kos, klere, skoon lug ensovoorts, is hier van belang. Die voorsiening, op enige vlak, van die fisiese en maatskaplike omgewing van die mens, resorteer onder taakdoelstellings. Die ontwikeling van organisatoriese instellings, soos byvoorbeeld beluitnemings instellings, resorteer ook hieronder. Taakdoelstellings is dus ñ uiteenlopende reeks doelstellings wat die mens direk in sy fisieke of psigiese omstandighede raak. (Lategan 1981:33&34)

Prosesdoelstellings: Die beginsels van GO sluit baie nou by hierdie doelwitte aan. Verbetering van kommunikasie, deelname en samewerking resorteer hieronder. Dit gaan dus hier om die ontwikkeling van vermoëns om dit vir die mens moontlik te maak om effektief besluite te neem oor homself en sy gemeenskap. (Lategan 1981:33&34)

(ii) Menslike ontwikkeling:

Omdat GO betrekking het op die mens en sy ontwikkeling, is hierdie doelwit só voor die handliggend dat dit nie verder bespreek word nie.

(iii) Basiese behoeftes:

Daar kan probleme ontstaan oor wat basiese behoeftes vir verskillende mense beteken. Vergelykenderwys verwys ek as voorbeeld hier na die onderskeid wat deur Dennis Goulet getref word tussen die onderskeie vlakke van behoeftes, wat deur verskillende mense op ñ byna logaritmiese glyskaal gelees word. Wat vir my ñ basiese behoefte is, kan vir iemand anders al ñ luukse behoefte wees.

Hierdie probleem kan so gestel word:

" Basic human needs means all things to all people, or more accurately, too few things for too few people !"

Daar word vrae gestel oor die interne standvastigheid van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

basiese behoefte doelwitte. Vir effektiewe basiese behoeftevervulling en -beplanning, moet daar ñ fyn onderskeid getref word tussen langtermynbeplanning en behoeftevervulling. Dit sal fyn beplanning verg om al die diverse basiese behoeftes te kan akkomodeer. (Cohn/Wood 1980: 314; Lategan 1981:32)

Willeden omvat die gedagte van basiese behoeftes wanneer hy praat van "The principle of need" waardeur aanvaar word dat ñ erkende behoefte in die hart van elke GO-projek lê. Voordat ñ behoefte geartikuleer kan word, moet daar ñ probleem bestaan met gepaardgaande begrip deur die gemeenskap oor die aard van die probleem. Daar moet ook ñ behoefte wees om iets daadwerkliks daaromtrent te wil doen. Hierdie proses behels basiese behoeftes. Enige oplossing ten opsigte van enige probleem moet in terme van hierdie besonderse behoeftes uitgedruk word. (Willeden 1970:271)

In sommige lande kry die slagoffers die skuld vir die mislukking om in basiese behoeftes te voorsien, dit wil sê die hongeres, die ongeletterdres of die armes, maar nie die gebrek aan beplanning of implementering nie. Daar kan egter in hierdie verband geargumenteer word dat die armes ensovoorts, juis die slagoffers is van dieselfde siekte, naamlik die armoede en onsekerheid wat spruit uit die monopolisering van alle produksiebates deur ñ politieke of etniese minderheid.

Basiese behoeftevervulling as doelwit behels dus meestal die verspreiding van nut onder die grootste deel van die gemeenskap tot voordeel van die meeste lede van die gemeenskap. Hierdie vervulling moet egter nie gesien word as ñ suiwer verbruiksgedagte nie, maar as ñ produksiegebonde faktor omdat dit eerder bydra tot ekonomiese groei as andersyds. Swak gesondheid of armoede kan hier as illustrasie dien. As die gemeenskap gesond en welvarend is, sal sy vlak van gemeenskapsdeelname baie hoër en meer effektief wees. Sodoende is sy bydrae tot die ekonomie en GO-projek baie groter en is die potensiaal vir effektiewe vervulling van basiese behoeftes heelwat beter. (Agere 1982:209 & 213)

(iv) Verhoogde kwaliteit van lewe.

Die graad van lewenskwaliteit is in effek ñ persoonlike saak wat deur elke individu vir homself uitgemaak moet word. Dit is dus ñ hoogs subjektiewe begrip! Die kwaliteit van lewe word bepaal deur die manier waarop die bronne van die gemeenskap aangewend word, asook die manier waarop die gemeenskap self sy omgewing manipuleer en aanwend. (Ferrinho 1980:12; Lategan 1981:31))

Gemeenskapsontwikkeling het dit egter ten doel om die lewensomstandighede van die gemeenskap in sy geheel te verbeter. Hierdie vebetering moet baie sigbaar en van so ñ

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aard wees, dat dit die individu in staat sal stel om sy persoonlike ideale te bereik. Terselfdertyd kan hy só ñ bydrae tot gemeenskapsdeelname en selfs nasionale vooruitgang lewer. (Jeppe 1983:58)

Dit is nodig om die plaaslike bevolking te voorsien van ñ reeks goedere en dienste om sodoende ten minste ñ basiese vlak van lewenskwaliteit te kan handhaaf. Hieruit volg dit verder dat die instellings en dienste van so ñ aard moet wees dat realistiese en geïntegreerde GO kan plaasvind. Hierdie ideaal kan net verwesenlik word deur effektiewe institusionele en politiekedeelname, selfhelp, leierskaps-identifikasie en stimulering.(Fair 1981:107)

3.5 Evaluasie van sukses ?

Dit is moeilik om die sukses van ñ GO-projek te bepaal, omdat daar aan verskillende behoeftes en vereistes vervul moet word. Na gelang van my bevindinge by Omega is bevestig dat indien daar positiewe antwoorde op al die volgende vrae verskaf word, effektiewe GO dan waarskynlik plaasvind.

(i) Help die projek mense om in hulle basiese behoeftes te voorsien ?

(ii) Help die projek om die armes te bevoordeel ?

(iii) Is die oplossings langtermyn-oplossings, of is dit krisisbeheer ?

(iv) Is die projek met ander ontwikkelingsprojekte geïntegreer ?

(v) Word toepaslike tegnologie gebruik ?

(vi) Word vrouens en kinders op ñ gunstige wyse in die projek geïntegreer en gemobiliseer ?

Daar moet egter in ag geneem word dat geen projek net suksesse behaal nie. Daar is altyd voordele en nadele. Solank die grootste deel van die gemeenskap toegang het tot die grootste deel van die vooruitgang en welvaard, dan vind effektiewe GO waarskynlik wel plaas. Die evaluering van vordering en suskes moet realisties in terme van behoeftes en vermoëns wees.

Tenslotte dui ek skematies aan dat die hele GO-proses ñ kringloop is wat onderling wisselwerkend van aard is. Met hierdie model probeer ek bloot aandui dat, soos in die volgende afdeling gesien sal word, GO ñ geweldige wye begrip is waarvan die sukses eerder volgens doelwitberei-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

king as die proses beoordeel moet word. Indien effektiewe verbetering van die gemeenskap plaasvind het, bykans ongeag van die spesifieke metode, dan het daar GO plaasgevind.

3.6 Gemeenskapsontwikkeling as kringloop:

Die volgende diagram illustreer dat die onderskeie elemente van GO interafhanklik van mekaar is en nie in isolasie beskou of geïmplimenteer kan word nie.



1 = Deelname. 2 = Samewerking. 3 = Doelwit.
4 = Behoeftes. 5 = Kommunikasie. 6 = Opleiding.
7 = Leierskap. 8 = Tempo van verandering. 9 = Bewussyn.
10 = Veelsydigheid. GO = Gemeenskapsontwikkeling.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(i) Dit duidelik blyk uit bogenoemde model dat menslike behoeftes die belangrikste komponent van GO is. Mense moet bewus gemaak word van hulle latente behoeftes en potensiaal om daarin te voorsien. Bewusmaking, of soos Jeppe dit noem "Induced needs" is die sleutel tot selfhelp. Uit elke behoefte volg logies ñ doelwit, wat weer deur samewerking en deelname beïnvloed word.

(ii) Deelname en samewerking vorm ñ kringloop van hulle eie. Deelname deur die meerderheid impliseer samewerking, welke begrippe gelyk en interafhanklik van mekaar is.

(iii) Die doelwit is ook van die behoeftes afhanklik en onstaan as gevolg van die wisselwerking tussen deelname en samewerking.

(iv) Kommunikasie, opleiding en effektiewe leierskap is onderling afhanklik van mekaar, maar word ook deur behoeftes bepaal. Inheemse leierskap word bepaal as ñ funksie van behoeftevoldoening, asook opleiding en kommunikasie. Kommunikasie kan horisontaal en vertikaal plaasvind.

(v) Die tempo van verandering is nou gekoppel aan die mens se bewussyn en die veelsydigheid van sy benadering. ñ Gemeenskap behoort ñ funksionele eenheid te wees. GO versterk juis hierdie eenheid tot nasionale integrasie en nasionale vooruitgang.

Die elemente van GO, wat hier vir die doeleindes van die model net oppervlakkig genoem is, is almal in wisselwerking met mekaar en met die bestaande en geskepte gemeenskaps-behoeftes, wat sentraal as menslike komponent van GO staan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4: DIE BOESMANGEMEENSKAP.

Die doel van hierdie hoofstuk is nie om ñ gedetaileerde bespreking van die tradisionele !Kung leefwyse te gee nie, maar om net ñ algemene oorsig van die belangrikste aspekte te gee as aanduiding van die uniekheid van die Boesman gemeenskap. Die Kwė toon baie noue ooreenkomste met die !Kung groep, die V!asekela, in Omega. Daar word aan die einde van elke afdeling ñ vergelyk getref met die Boesmans in Omega, waar verskille en ooreenkomste met die tradisionele leefwyse dan geïdentifiseer word . Hierdie verskille en ooreenkomste is belangrik by die implementering van GO in Omega.

4.1 Etniese groepe.

Die !Kung is die talrykste van die Boesman etniese groepe. Daar is twee kenmerke wat die !Kung van die ander Boesmans onderskei, naamlik hulle taal en hulle spesifieke wyse benamingswyse. Die !Kung taal het fonologiese ooreenkomste met dié van die Tsu-khwe en die Hottentottale, soos byvoorbeeld die vier klik geluide en die sterk glotale klanke, maar hul woordeskat en grammatika skei die !Kung van die ander kliktale. (Lee 1965:24)

ñ Unieke stelsel van naamverwantskap word deur hulle gebruik. Daar is slegs sowat 90 persoonlike name wat onder die !Kung voorkom. Al die name is geslagspesifiek, met sowat 45 vir mans en 45 vir vrouens. Persoonlike name word van grootvader na kleinkind volgens streng vasgestelde voorrang-reëls oorgeplaas. Manlike eersgeborenes word na hulle paternale grootvader benoem en vroulike eersgeborenes na hulle paternale grootmoeder. Daaropvolgende kinders word na die maternale grootouers vernoem. Enige volgende kinders word vernoem na die afstammelinge van hulle ouers, met die paternale sy wat voorkeur geniet. Die gevolg onder die !Kung is dat elke mens met ñ spesifieke naam beskou word as ñ afstammeling van die oorspronklike draer van die naam, sodat alle mans met dieselfde naam ñ affiniteit vir mekaar sal voel. Hierdie naamsverhouding word geformaliseer deur alle lede ouer as jyself "oupa", letterlik "ouer naam", te noem. Deur hierdie primêre naamverwantskap tot onverwante naamverbande toe te voeg het die !Kung sowat 9000 lede in ñ fiktiewe of aktuele verwantskap gebind. (Lee 1965:24, Tobias 1978:101)

By Omega word daar kleiner groepe Boesmans, die Kwė, ook genoem die Hambarakwengo, Barakwengo, of Barakwena en die V!asekela, ook genoem Vasekele, aangetref.

Die V!asekela, ñ !Kung groep, is deel van die !Khu-San en vanuit Angola afkomstig. Hierdie mense het in Suid-Angola gewoon en het as gevolg van die oorlog in Angola in groot getalle na die suide gevlug. Volgens dr. K. Budack is die V!asekela deel van die !O-!Khu wat in die Kuando-Kubango in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Suid-Angola tussen die Okavango- en Kwandorivier asook noordwaarts tot by die Moxico distrik, gewoon het. (Sien aanhangsel D vir die tradisionele groepsindeling en verspreidingskaart; Budack 1980)

Die Kwė het tradisioneel in die Oos- en Wes-Caprivi by Bagani en ook by Mutsiku en Burabwata gewoon. Hulle het ook in Noordwes-Botswana en Suidoos-Angola gewoon, vanwaar hulle na Omega en Bagani gevlug het. Hulle is ñ subgroep van die Nama-San.

Volgens kultuur en tradisies blyk dit asof albei van die !Kung-groep afkomstig is. Nurse en Jenkens verskil hiervan en beskou die Kwė (of Kwengo soos ook benoem} as lid van die Neger-ras. Volgens hulle is daar, behalwe in ñ kulturele sin, geen sprake daarvan dat die Kwė ñ swart Boesman is nie, Die Kwė praat Khoisantaal en is jagter/ versamelaar, maar die Damara by die Brandberg ook. Nurse en Jenkens baseer hulle bevinding op genetiese navorsing. (Nurse en Jenkens 1975/76:55-58; Nurse en Jenkens 1977:465)

Vir die doelwit van hierdie studie word die hele bevolking van Omega as Boesmans beskou, omdat hulle kultuur en tradisies ooreenstemmings toon. Verder woon hulle in een basis en beskou hulleself as Boesmans.

Met die 1981 sensus is die bevolking van Omega en Bagani aangegee as 2521. Opnames gedoen in Maart 1983 gee Omega en omgewing se bevolking aan as 3155 mense. Op 6 Augustus 1986 is die Omega-bevolking aangegee as 926 V!asekelas en 1105 Kwė's, ñ totaal van 2031. Laasgenoemde sensus sluit slegs die persone in wat in Omega/Bagani woon. Daar het in die verlede heelwat familielede van die Omega-inwoners saam in en om die kamp gewoon. Baie van hulle het hulleself egter in die streek gaan vestig en is dus nie by die 1986 sensus ingesluit nie.

4.2 Vestigingspatrone

Die vestigingspatrone van die Boesman is baie informeel. Daar is geen vaste stamorganisasie of kraaluitleg soos byvoorbeeld by die Zoeloes nie. Die territoriale reëlings word op informele wyse beding en is baie buigsaam. Die territoriale grootte en eenheid van die Boesmans word nie deur ñ administratiewe stelsel gedefinieer nie, maar dit word bepaal deur die grootte van die bende, hulle verwantskap met ander bende, asook hulle familiebande met ander bendes. (Van Tonder 1963:XIV)

Lee het in die Dobe area bevind dat die areas wat deur elke Boesmanbende beheer word met ander areas oorvleuel, terwyl daar soms oop spasies tussen hulle is wat as ñ gemeenskaplike meent funksioneer. Die spesifieke gebiede is baie swak gedefinieer en die Boesmans erken geen vaste eksklusiewe okkuperingsreg hierop nie. Alhoewel die !Kung baie buigsaam is in sy territoriale reëlings en geen

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beperking stel op sosiale verkeer oor en weer nie, moet onthou word dat hierdie buigsaamheid nie die gebruik van die gebied insluit nie. Wanneer ñ ander bende se gebied op hierdie wyse bedreig word, soos waar ñ ander kos op ñ vreemde se gebied insamel, kan dit aanleiding gee tot konflik. (Lee 1965:136&149)

Die !Kung leef in bendes van tussen tien tot dertig mense. Lidmaatskap van ñ bende, tesame met al die regte, verpligtinge en voorregte wat daarmee gepaard gaan, word op grond van familieverband verwerf. (Van Tonder 1963:XIV; Tobias 1978:101)

Alhoewel dit onmoontlik is om tussen ekologiese en sosiologiese faktore te onderskei, kan sekere aspekte van die !Kung se vestigingspatrone beter verstaan word as reaksies op sekere bestaansbehoeftes en dus as ekologie georiënteerde optredes.

Die geografiese basis van die !Kung behels ñ area wat groot genoeg is om ñ bende individue vir tot so lank soos een jaar te kan onderhou. Alhoewel dit gerieflik is om dit as ñ gebied te beskou, (Eng. "territory") kan dit misleidend wees omdat die gebiede nie sterk afgebakende grense het nie en omdat die !Kung geen woord in hulle taal het om hierdie eenheid te beskryf nie. Hierdie gebiede oorvleuel en word soms deur meer as een bende gedeel. Sulke gebiede word ook nie deur die !Kung as ñ geografiese eenheid verdedig nie en kan bes moontlik ñ informele, hoogs buigsame middel wees om die bevolking by ñ gegewe bron te akkomodeer.

Die !Kung se voortbestaan strategie is grotendeels gebaseer op die behoefte om te jag en om nie tè groot afstande na en van die kamp af te lê nie. Die !Kung bly egter ten minste anderhalf kilometer van hulle waterbron af en moet soms tot twee maal per dag hierdie distansie loop. Die rede hiervoor is dat hulle nie die wild wat by so ñ watergat vergader, wil verjaag nie. Verder kan elke mens se besittings deur hom gedra word en is dit meer gerieflik om na ñ nuwe ligging te skuif, omdat die ou kampplekke na ñ periode insektelewe aantrek wat die lewe vir die bendelede onaangenaam maak. Net so raak die bronne naby die kamp uitgeput en sal dit al hoe moeiliker wees om voedsel in te gaar, sonder om groot distansies van die kamp af weg te gaan. Hiervolgens word die kamp eerder geskuif na ñ nuwe ligging waar die voortbestaansproses weer van vooraf kan begin, sonder om die ekologie permanent te versteur.

Soos verwag word, wissel die bende-samestelling die meeste gedurende die reënseisoen deurdat die kampe kleiner is en vir ñ korter periode bewoon word. Soos die water skaarser raak, sal die bendes al groter word soos wat die mense om die bestaande waterbronne vergader.

Die !Kung-kampe is gewoonlik sirkelvormig en hoe groter die kamp, hoe nader konformeer dit aan hierdie patroon. Hutte staan ñ entjie van mekaar af met hulle openinge na die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sentrale punt, die vuur. Hutte word gewoonlik deur ñ nukluêre familie gedeel, naamlik die pa, ma en die klein kindertjies. Jong getroude paartjies en mense van dieselfde geslag het gewoonlik aparte hutte, terwyl wewenaars en by-wywe (co wives) hulle eie hutte het.

Twee soorte ruimtelike organisasies kan binne ñ kamp onderskei word. Eerstens die gemeenskaplike ruimte wat aan geen individu behoort nie en wat die middelste oop kol in die kamp omvat. Tweedens word ñ familieruimte onderskei, elkeen die domein van ñ enkele familie. Dit sluit die vuurmaakplek, die hut en die onmiddellike omgewing van die hut in. Vanuit ñ individuele oogpunt is daar ñ drievoudige onderverdeling van spasie, naamlik:

a) Die area wat aan hom en sy familie behoort. (Let wel dat die besitsbegrip hier nie so sterk is as die Romeinsregtelike "Dominium"-begrip nie.)

b) Die soortgelyke areas deur ander families bewoon en

c) die area wat deur die hele bende as geheel gedeel word.

Aktiwiteite wat dele van of die hele gemeenskap betrek, vind gewoonlik in die middel in die kommunale gedeelte van die kamp plaas, terwyl persoonlike aktiwiteite tot die persoonlike areas beperk word. Verder vind baie van die aktiwiteite op familiebasis plaas en is dit gesentreer rondom die betrokke familie-vuurmaakplekke. Net so vind die vervaardigingsproses op ñ familiegrondslag plaas en dus ook om die individuele vuurmaakplekke. Soms sal ñ groep mans of ñ groep vrouens hierdie aktiwiteite nie in die middel van die kamp uitvoer nie, maar by ñ spesifieke vuurmaakplek, sodat dit ñ familie-aktiwiteit is waarby die ander lede van die gemeenskap wat daaraan deelneem in effek kuiergaste is. Daar is een uitsondering op hierdie algemene reël en dit is die droog van velle, wat buite die hutsirkel plaasvind omdat dit baie insekte en diere lok. In die hitte van die dag sal sulke en ook individuele aktiwiteite na skadukolle buite die kamp skuif.

Daar is geen vaste reëls met betrekking tot ñ nuwe kamp se ligging nie, behalwe dat ñ ou kamp nie weer betrek sal word, tensy die hutte nog in ñ goeie toestand is nie. Dit gebeur selde dat hulle vir langer as ñ jaar bly staan. Die Boesmans sal selde ñ nuwe woonplek uitsoek in dieselfde area waar daar reeds een was, omdat ou plekke insekte aanlok en siektes uitbroei en ook omdat die natuurlike bronne nie uitgeput moet raak nie.

Die basiese groepering is ñ bende (Lee noem dit ñ "camp" en Marshall "band"). Hierdie bende is ñ non-korporatiewe, bilateraal georganiseerde groep mense wat in ñ enkele lokaliteit bly en die grootste deel van ñ jaar as ñ groep saam beweeg. As basis van hierdie kampe is twee of meer kinders/neefs/niggies, manlik en vroulik aan wie die watergat behoort. ("Behoort" in hierdie konteks dui nie op

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die Romeinsregtelike begrip van "dominium", as ñ derde-party eksklusiewe besitsvorm, soos ons dit ervaar nie.)

Rondom elke watergat is ñ blok grond, die N!ore, wat voedselbronne en soms ander waterpunte bevat en wat as basis van die bende se voortbestaan dien. Lorna Marshal argumenteer dat die besit van hierdie N!ore in die hande van ñ bendeleier gesetel is, wat sy posisie patriliniaal erf, terwyl Lee tot die gevolgtrekking kom dat daar geen hoofmanne onder die !Kung voorkom nie. Volgens hom word so ñ watergat deur ñ kollektiewe groep beheer. Laasgenoemde standpunt is na gelang van my eie navorsing meer aanvaarbaar, omdat dit aansluit by die leierskapspersepsie van die !Kung, soos meer algemeen ervaar.

Lee het bevind dat die !Kung soms ñ geskiedenis van assosiasie met ñ watergat het, wat oor verskeie dekades strek. Hierdie assosiasie strek tot so lank as dertig tot vyftig jaar.

ñ Indiwidu mag sy N!hore van sy vader of sy moeder of albei erf. Daar is in hierdie geval, ten minste onder die mans, ñ tendens tot patriliniale oorerwing van die N!ore. Daar is egter nie soortgelyke data oor vrouens beskikbaar nie.

Die verandering wat in die !Kung se vestigingspatrone plaasvind kan dus toegeskryf word aan ekonomiese faktore van buite, asook die ontstaan en inwerking van ñ buite-judisiële agent. Hierdie faktore, tesame met die ontstaan van ñ politieke bewustheid, deur westerse kontak en invloed, het die genoemde veranderinge in die !Kung se vestigingspatrone veroorsaak. Tog is daar ñ verband met die tydperke voor kontak met die weste deurdat die hoogs buigsame vestigingspatrone van destyds vandag nog geperpetueer word. Die rede hiervoor is ander nuwe invloede, maar ook omgewingsinvloede soos droogtes en die skaarste van bogrondse water. (Lee 1965; Lee 1979; Lee en De Vore 1976 was die bronne vir bogenoemde)

In Omega-basis is daar ñ verskillende vestigingspatroon. Die Weermag het die kamp so beplan dat die Boesmans in Kimbo's woon wat in blokke gerangskik is. Hierdie blokke is gerangskik volgens die militêre verdeling in kompanies.

Voedsel, water en geriewe is nou alles binne die basis gevestig. Omega het die middelpunt van ñ vaste vestiging geword. Daar is min van die tradisionele vestigigingspatrone oor.

Buite Omega is daar ook min oor van die tradisionele vestigingspatrone. Die Boesmans vanuit Angola het reeds ñ lang akkulturasieproses agter die rug gehad en was streng gesproke nie meer net jagter of versamelaars nie. Hulle het reeds begin met kleinskaalse aanplantings en die aanhou van bokke. Hierdie is weer ñ aanduiding dat die Boesman-gemeenskap hom in ñ oorgangsfase van ñ nomadiese jagter na ñ gevestigde landbouer bevind. Die landbouprojek en her-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vestigingskema by Bagani (sien afdeling 5.4.10 & 5.4.11) getuig ook hiervan.

4.3 Groepvorming

Die Boesman is kenmerkend vry van enige sosiale klasse. Daar is bykans geen moontlikheid van ñ akkumulasie van kapitale goedere nie. Alle persone het gelyke toegang tot al die bronne van die bende, sonder dat enige lede noemenswaardige politieke magte oor ander het. So kan elke volwassene aan gesprekke met betrekking tot bendesake deelneem. (Van Tonder 1963:87)

Die kern van ñ bende is meestal ou mense wie se afstammelinge en hulle gades die meerderheid van die bende uitmaak. Onder die groter groepe of bendes is daar soms families wat ook verwant is aan ander groepe, hetsy kollateraal of affiliaal. Dit blyk dat hierdie Boesmans nie so ñ sterk band met hulle bende het nie, en makliker tussen die onderskeie bendes sal beweeg. (Lee 1965:46)

Die samestelling van die bendes op enige gegewe oomblik toon weinig of geen patrilokale klem. Daar is eerder ñ neiging tot matrilokale klem. Hierdie klem, tesame met interbendebesoeke, skep ñ baie vloeibare situasie waar die samestelling van ñ bende van week tot week kan verander. (Lee en De Vore 1976:79)

Die reserwes van ñ bende is nie slegs daar vir hulle eksklusiewe gebruik nie. Enige iemand wat ñ famielielid by daardie bende het, is welkom om te deel in die bronne van die kamp. Binne die bende word voedsel so verdeel dat almal, besoekers inkluis, ñ gelyke deel ontvang.

Die afbakening van hulle lewensarea is baie informeel en word nie as sodanig verdedig nie. Normaalweg verenig twee of meer bendes by ñ watergat ten einde een of ander groot taak aan te pak, soos byvoorbeeld die ingaar van Mahongo (Mangetti-)neute. So ook sal meer as een bende ñ watergat deel gedurende ñ droogte. (Lee & De Vore 1976:78)

Die !Kung moet baie uiterste natuuromstandighede akkomodeer en doen dit deur middel van ñ langtermyn oplossing waarby hulle hulle ruimtelike organisasie moet aanpas. Hulle moet ñ komplekse stel variante kan akkomodeer met betrekking tot die verkrygbaarheid van kos en water. Die aanwesigheid en teenwoordigheid van ander bendes in dieselfde areas moet ook in ag geneem word. Om aan hierdie komplekse werklikheid te kan voldoen, moet die bende hom gedurig aanpas by die veranderde omstandighede. Soos wat die reënval-patrone verander, moet die !Kung se lewenswyse, bendegroottes en trekpatrone ook daarby aanpas.

Die !Kung se wedersydse toegang tot lewensbronne het tot gevolg dat ñ baie groter volume mense per area geakkomodeer kan word as wanneer elkeen sy eie, persoonlike, permanente

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en eksklusiewe waterbron gehad het. Hierdie wedersydse stelsel hou ook die voordeel in dat dit ñ relatiewe wanbalans in voedselvoorsiening kan akkomodeer in tye van oorvloed sowel as tye van skaarsste.

By Omega kom daar wel ñ mate van groepvorming voor. Binne militêre verband is daar ñ groepvorming op grond van rangstruktuur. Verder kom daar ook ñ kunsmatige groepvorming voor deurdat mense in blokke volgens die man se militêre indeling woon. Die kadette het ook groepvorming tot gevolg. (Sien afdeling 5.4.6.2) Hierdie groepering vind op bykans die selfde model as die militêre groepering plaas.

Daar is ook ñ etniese onderskeid tussen die V!asekela en die Kwė. Hulle woon en hou meestal apart. Daar was al pogings om hierdie onderskeid uit te skakel, maar sonder veel sukses. Ondertrouery begin egter nou voorkom en dit sal hierdie onderskeid geleidelik afbreek.

4.4 Gesinsverband

Die familie is die as waarom die Boesmangemeenskap draai. Omdat die !Kung konstant in versamelings van 2 tot 10 families woon, blyk dit dat die uitgebreide familieverband van die !Kung die saambindende sosiale eenheid is wat die groter versamelings, genoem groepe (bands) of bendes, vorm. Tesame met hulle buigsame territoriale houding, gee dit aanleiding tot ñ gebalanseerde verspreiding van kos en bronne deur die hele bevolking. Hierdie is ñ besondere ewewigtige familieverband, deurdat die verpligting om water, kos en hulp te deel deur elke familieverband veronderstel word. Indien verwante in dieselfde kamp bly, is hierdie verpligting duidelik sigbaar terwyl dit latent is tussen families wat in verskillende kampe of groepe woon. (Lee 1965:139)

ñ Nuweling wat by ñ ander bende aansluit, sal onverwyld sy of haar skuiling langs diė van die naaste familieverwant opslaan. Die besoeker is gerus in die wete dat die res van die bende wel sy of haar eise tot die bronne van die gebied sal respekteer, in die lig van die verpligting om kos en water te deel. (Lee 1965:139)

Die boesmans respekteer hulle oues. Daar word gevind dat die bendes ñ mens se invloed bepaal volgens sy ouderdom, en gepaardgaande ondervinding en vermoëns. Die bejaarde Boesman word normaalweg deur sy onmiddellike familie versorg. (Van Tonder 1963:59; Ondersoek 1984:54)

Ontrouheid is baie raar, want daar is min privaatheid in die woestyn. Ouderdomsverskille tussen die getroude mans en vrouens blyk nie van belang te wees nie, want soms is die man ouer en soms die vrou. Tog is die man meestal sowat sewe tot veertien jaar ouer as sy vrou. Ouderdom is verder nie van veel belang nie, omdat die tradisionele Boesman nie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ñ telbegrip van veel meer as drie het nie. (Bjerre 1960:11; Marshall 1959)

Die unieke kenmerk van naamverwantskap speel ñ groot rol in die gesinsverband van die !Kung. Die !Kung se naamverwantskap is van belang in die uitbreiding van die familieverband. Hulle geheue van hulle genealogiese herkoms strek net oor een of twee geslagte en net tot die tweede of derde syverwant. Alle name spesifiseer geslag en daar is geen vanne nie. ñ Ouer mag nooit ñ kind na homself vernoem nie. Hier onderskei hy ook die fiktiewe gesinsverband, wat tot ñ versorgingsplig lei wanneer mense met dieselfde name by mekaar uitkom. Hulle gebruik die term ou naam -jong naam, ongeag van die biologiese konneksie en selfs daar waar geen opspoorbare verwantskap bestaan nie. (Tobias 1978:108)

Die gesinsverband speel ook in Omega ñ groot rol. Dit is steeds die bindingsfaktor van die Boesmangemeenskap. Daar word te alle tye gepoog om die gesinsverband te behou. Ook binne militêre verband word lede van ñ gesin nie maklik in verskillende peletons geplaas nie.

Daar is ñ gemiddelde van 2,9 kinders per gesin in Omega. Alhoewel veelwywery voorkom, is dit by uitsondering.

Gesinsverbande met die ouers en afhanklikes buite die basis word ook behou. Daar word gereeld oor en weer gekuier. Die ambulanse op kliniekrondtes word meestal as ad hoc-vervoer beskou.

ñ Nadeel van die operasionele rotasie wat onder die militêre lede plaasvind, is dat huweliks-ontrouheid geweldig toegeneem het. Ds. Mario gaan so ver om dit naas drankmisbruik as een van die grootste destabiliserende faktore te beskou. (Persoonlike mededeling.)

Die uitgebreide naamverwantskap is nie meer in algemene gebruik nie. Die Boesmans uit Angola het meestal Portugese vanne en die res neem een of ander Bybelse of Afrikaanse naam as amptelike naam aan. Daar is dus ñ naamdualisme. Onderling speel die tradisionele naamverwantskap dalk nog steeds ñ onopsigtelike rol.

4.5 Rituele en geloof

Die Boesman het ñ duidelike bewustheid van ñ lewe na die dood, in watter vorm ook al, en dat daar ñ sekere bo-natuurlike wese is wat verhewe bo die dood staan. Alhoewel daar sekere ooreenkomste met die Westerse skeppingsidee is, met betrekking tot lewe na die dood en die bestaan van ñ god, is hulle persepsie van die aard van hierdie verskynsels baie variërend. Nogtans kom daar sekere gemeenskaplike karakters soos die maan, sterre, insekte, ensovoorts, voor. Dit blyk dat hulle ñ natuurgefundeerde godsdiens het. Wanneer hierdie geloof in ñ westerse milieu

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aangepas of verander word, word sekere aanpassingsprobleme ondervind. Dit is van belang om wel hulle diverse godsdiens te noem, alhoewel ek dit nie in detail sal bespreek nie, omdat dit nie in my onderwerp van belang is nie.

Hulle fisiese afhanklikheid van hulle omgewing lei tot ñ emosionele afhanklikheid, wat lei tot ñ geestelike verhouding tussen hulle en hulle fisiese omgewing. Dit gee aanleiding tot hulle geloof in die kragtige en kreatiewe geeste. (Bjerre 1960:151)

Godsdiens is nie net vir hulle die band tussen die mens en ñ god nie, maar ook die band wat die lede van die gemeenskap aan mekaar en aan die bende bind en die kontinuïteit van die bende verseker. Hulle aanbidding van die almagtige mag van die gode is nie ñ individuele aanbidding nie, maar die kollektiewe trouswering van die hele bende. Deur ñ verskeidenheid rituele en gelowe versterk die bende hulle geloof en vertroue in die bonatuurlike kragte, om sodoende ñ sekuriteit te ontwikkel om die daaglikse probleme te kan oorkom. Sonder die unifiserende invloed van hulle godsdiens sou die bendes lankal in wanorde en wanhoop verval het.

In hulle verbeelding is hierdie geeste en kragte almagtig, het hulle alles geskep, stuur hulle die reën en stuur hulle ook die droogtes en die saad en die plante, ensovoorts; hulle is die beskikkers van lewe en dood. (Bjerre 1960:151)

Net soos by die baie hoër ontwikkelde bevolkings, is alles wat die !Kung nie kan verklaar nie, die werk van ñ god, in die geval die een wat alles geskep het. Daar is ñ interessante korrelasie met die Calvinistiese idee van predestinasie, deurdat die Boesman glo dat niks sommer net gebeur nie en dat alle gebeure deur die gode so gewil is. (Tobias 1978:160)

Die Boesmans het nie ñ begrip van dood as ñ biologiese verskynsel nie en glo dat dit die werk is van bonatuurlike geeste. Binne hierdie konteks geld die idee van ñ gees van die dood wat mense siek maak dat hulle kan sterf. Die dooie word luid beween en so gou as moontlik begrawe. Die mans word met hulle wapens en die vroue met hulle krale, leerkap en graafstok begrawe. (Bjerre 1960:159; Theal 1910:50)

Dit is moeilik om te bepaal of die Boesman in een god glo of in verskeie. Die !Kung van Namibië en Botswana glo in ñ groot skepper. Die meeste Boesmanbendes glo in ñ meerdere en ñ mindere god, asook ander bonatuurlike wesens en geeste en siele. Om daaruit af te lei dat die Boesman Politeïsties is, plaas ñ baie hoë klem op die rol wat die mindere gode in hierdie verband speel. In die algemeen word die meerdere god gesien as ñ goeie wese wat homself eers geskep het en toe die res van hulle wêreld. Hy het die mense hulle vaardighede, hulle danse, ensovoorts, gegee sodat hulle kan leef en gesond bly. Hy bly in die lug, omring deur sy dienaars, die geeste (siele) van die dooies. Die mindere

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

god is nie so ñ goeie wese nie en is die instrument waardeur die groter god sy mense straf. Alle nadeel en skade word aan die kleinere god toegedig. Die enigste misdaad wat deur die groter god self gestraf word, is wannneer die Boesman sy familie verwaarloos of sleg behandel. In sulke gevalle sal die groter god self ingryp en daardie persoon wat skuldig is doodmaak. Volgens Tobias word daar nie deur die !Kung ñ geweldige hemelse waarde aan die hemelliggame geheg nie. Volgens Schapera word die maan en die sterre aanbid. Volgens hom speel die maan in die meeste van die Boesmanbendes ñ groot rol deurdat dit as ñ moeder of in die geval van ñ nuwe maan, as ñ kind of ñ man beskou word. Die maan word ook as reëngewer beskou. (Schapera 1960:176) (Tobias 1978:162)

Na die dood van ñ Boesman word sy wapens in die graf geplaas, nie omdat hulle glo dat hy dit dalk in die hiernamaals dit sal gebruik nie, maar omdat hulle die dooie te veel respekteer om sy wapens weer te gebruik.

Hulle beskou die siel as die binneste kern van die mens, wat die mens met geboorte ingaan, en wat met die dood weer na die ander werêld terugkeer, vanwaar dit gekom het. Hier sal dit ander siele ontmoet, waar daar baie water en wild is en die lewe heerlik is (hemel?). Die gees is ñ soort samestelling van die mens se gevoelens en gedagtes. Die gees sal vir ñ tyd lank oorleef in die nabyheid van die graf en nou en dan praat met die oorlewende, selfs al kan hulle hom nie sien nie. (Schapera 1960:166&1781; Bjerre S. 1960:160)

Na die begrafnis trek hulle weg en besoek die graf nie weer nie, maar vermy dit eerder.Net so sal hulle plekke vermy waar hulle met ñ trek genoodsaak was om die oues te laat lê om dood te gaan. In sodanige gevalle bou hulle ñ windskerm vir die oues en los vir hulle ñ bietjie kos en water. Hulle sal selfs soms ñ doringkraal bou om die roofdiere weg te hou. Dan los hulle die oumense. Indien hulle water naby kry, sal een van die jonges in aller haas terug gestuur word om die oumense te gaan haal en hulle weer terug te bring. Indien hulle reeds dood is, sal hulle nooit weer daardie plek besoek nie. (Schapera 1960:160)

In alle Boesmanbendes word medisynemanne aangetref, wat met die bonatuurlike handel. Hulle dra geen onderskeidende klere volgens Bjerre nie, alhoewel ander bronne beweer dat hulle wel spesifieke krale of iets soortgelyks dra. (Bjerre 1960:160)

Hulle belangrikste funksies is dié wat betrekking het op die inisiëringsrites en die beskerming van die mense (dokter). Hulle maak ook reën en beheer die wild. Alhoewel hulle funksies van bende tot bende wissel, blyk dit asof diésulkes ñ hoër status onder die !Kung geniet. Deur hulle onderskeie magiese funksies beheer hulle in effek die sosiale lewe van die Boesman. (Van Tonder 1963:74; Theal

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1910:49)

Somtyds dra die medisynemans velle en ornamente wat nie deur die ander lede van die bende gedra mag word nie.Die medisynemans kan mans of vrouens wees. Vrouens kan egter nie op grond van hulle medesynevrouskap die leierskap van die bende verkry nie, omdat ander persoonlikheids-oorwegings, soos byvoorbeeld ñ goeie jagvermoë, te swaar weeg. Baie skrywers skryf dat die Boesmanleier ook ñ medisyneman is. (Van Tonder 1963:75)

Die Boesman het ñ duidelike persepsie van ñ bonatuurlike in sy rituele en geloofsnalewing. Hulle gewoontes en rituele met betrekking tot die dood is ñ verdere indikasie dat hulle ook ñ persepsie het van ñ hiernamaals en geestelike wesens. (Schapera 1960:161)

4.6 Kultuurgebondenheid.

Die tradisionele kulturele stelsels van die Boesman het die volgende eienskappe gehad:

Die nomadiese lewenspatroon het tot gevolg gehad dat die Boesman baie min persoonlike besittings gehad het. Enige oormaat van besittings sou ñ oorlewingsrisiko wees.

Voedsel is net in klein hoeveelhede geberg en almal het geweet waar dit is. Weens die sosiale aard van die Boesman-samelewing het almal altyd geweet waar almal is en was diefstal nie ñ probleem nie.

Die grootte van die bende is deur die beskikbaarheid van water en voedsel bepaal. Hierdie bendes het selde meer as vyftig lede gehad. Voedselinsameling was die belangrikste aktiwiteit in die Boesmanlewe. Jag was ñ hoë-risiko bestaans-aktiwiteit met ñ lae opbrengs terwyl veldkos-insameling ñ hoër opbrengs en laer risiko ingehou het.

Sterk gesinsbande was teenwoordig. Die vader is hoof van die huishouding en ouer/kind-bande is baie heg.

Gedurende die veldwerk in Omega,was dit duidelik dat daar ñ tendens onder die Boesmans is om afstand te doen van sy tradisionele leefwyse. Hy bevind hom teenswoordig in ñ multikulturele lewenssituasie. Hierdie patroon is maklik waarneembaar in Omega. Die toestand van kulturele transendensie skep sy eie probleme. Sinkretisme is aan die orde van die dag en daar is ñ soeke na identiteit.

Slegs sowat 5% van die Boesmanvolk kan nog as jagters en versamelaars beskou word. Hierdie getalle verminder nog steeds soos wat hulle met bestaande swart volkere en die Westerse leefwyse kontak maak. By Omega en omgewing kon geen Boesmanbende wat nog tradisioneel leef opgespoor word nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Westerse kleredrag is algemeen. Tradisionele kralewerk en grimering bestaan nie meer nie, en eet en drinkgewoontes het drasties verander.

Kultuurgebondheid vind in Omega bykans uitsluitlik onder Blanke stimulering plaas. Die oues blyk ook nie te veel tradisionele kulturele stimulering aan die jeug oor te dra nie.

4.7 Ekonomiese stelsel.

Die kamp was tradisioneel die basiese residensiële eenheid en die fokus van die voortbestaansekonomie. Die organisasie van die werk is baie eenvoudig. Die mense beweeg in die oggend uit die kamp uit en begin met hulle dagtake. So word die mans en vrouens geskei met betrekking tot hulle voedselinsamelingtake Die vroue gaan in groepe van drie tot vyf om ñ welbekende verskeidenheid van veldkosse in te samel. Hulle kom gewoonlik teen middel- of laatmiddag terug en hulle bly nooit oornag uit nie. Voedsel is gemiddeld elke derde tot vierde dag ingesamel en het in totaal ongeveer twee tot drie werksdae van die vrou in beslag geneem. Naas voedselinsameling, was die sosiale aktiwiteite van groot belang. Daar is graag oor en weer besoek afgelê, gedans of speletjies gespeel. Volgens Tobias is die jag ñ meer individuele aktiwiteit sodat daar nie soveel sprake van werksgroepering is soos by die vrouens nie. (Marshall verskil egter hiervan) Die mans verkies om óf alleen, óf hoogstens in pare te jag. Daar word nooit met wild gedryf nie en die mans stuur ook nie jagpartye uit nie. Die essensie van die suksesvolle jag is om ñ groot area te kan dek. Indien die jagter niks geskiet kry nie, sal hy ook op pad terug sy karos met neute en veldkosse vul om so ook iets huis toe te bring. Lee (Tobias 1978:88) het bereken dat onder die Dobe een man oor vier jagdae slegs sowat een dier sal doodmaak. Die mans bly ook net by uitsondering ñ aand buite die kamp en verkies om, indien die jagtog nie voltooi is nie, eerder huis toe te kom en daar te slaap en dan weer die volgende oggend verder die spoor van die gewonde dier te volg. (Tobias 1978:88; Van Tonder 1963:66)

Die goeie jagters gaan jag terwyl die ander mans hulle besig hou met handel dryf of heuning uithaal. Alhoewel net die medisyneman tradisioneel ñ apart gedifferensieerde rol vertolk het, blyk dit hieruit asof daar tog ñ rolverdeling begin onstaan het, deurdat sekere lede van die bende party take beter as ander kan verrig en dan grotendeels daardie funksie verrig. Tog is sulke spesialisasie uitsonderlik in die Boesmanlewe. Let daarop dat die towenaar ook meestal die leier is en die meeste magiese/sosiale funksies verrig. (Van Tonder 1963:93)

Daar is ñ hele paar eienskappe wat die !Kung en ander jagter-versamelaars onderskei van ander meer agrariese stamme.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

a Hulle het ñ radikaal verskillende konsepsie van die verhouding tussen die mens en die natuur. Die Boesman, in teenstelling met die meer agrariese bevolkings, skep geen skerp onderskeid tussen natuurlike hulpbronne en sosiale welvaard nie. Die onontwikkelde land is die bron van produksie.

b Die Boesmans vergaar ook nie ñ surplus nie, want hulle beskou die natuur as hulle spens. Water is hier ñ duidelike uitsondering, alhoewel water nie op massiewe groot skaal gestoor word nie.

c Die Boesmans eksperimenteer nie met nuwe gewasse of diere nie, omdat hulle byna in ñ simbiose met die natuur saamleef.

d Die Boesman spandeer pro rata minder tyd aan sy voedselproduksie as die meer agrariese volke.

e Die Boesmans maak net wat hy persoonlik nodig het en ook net op klein skaal. Dit vat baie min tyd om hulle implemente en wapens te maak, en sulke implimente hou soms maande lank.

f Die feit dat die Boesman in gebreke bly om rykdom te vergader hou direkte verband met sy nomadiese natuur. Rykdom as sodanig bestaan nie, al wat gebeur is dat een lid meer handelsvennote het as ñ ander.

Die onmiddellikheid van hulle voedselkonsumpsie, hulle klein investering in kapitaalgoedere en hulle relatiewe gebrek aan rykdomsvariasies dra alles by tot die unieke lewenswyse van die Boesmans. (Tobias 1978:111; Van Tonder 1963:114)

Voedseleise is gemeenskaplik aan almal en dit is dus net natuurlik dat prestige en leierskap sal gaan aan die jagters wat kos, skuiling en pyle het om te gee. So help die skenking van vleis om spanning en vyandigheid oor die teenwoordigheid van kos tot ñ minimum te beperk. Die persoon wat deel, sal gee om te deel wanneer hy iets het om te deel, onderhou deur n web van gemeenskaplike verpligting Dit is ñ vorm van geskenk-uitruiling wat die verpligting aan die een hand inhou om te gee en aan die ander kant om te ontvang en weer op sy beurt te gee. Wie ook al so ñ stuk vleis ontvang, kan dit weer uitdeel as hy lus het, maar dit is sy persoonlike besit en dit word nie familie- of groepsbesit nie. (Van Tonder 1963:115)

Die waarde van vleis kan as ñ vorm van rykdom geïnterpreteer word. As iemand ñ magdom vleis het om weg te gee, dan is hy waarlik ñ ryk persoon. Die waarde van die vleisuitruiling en die voordeel van gemeenskaplike verpligting sal weer die verskillende status-verhoudinge binne die bende reguleer. (Van Tonder 1963:116)

Die skenkery van vleis moet nie met ruil ("barter") verwar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word nie. Daar word niks intern in die bende geruil nie. Alles wat nodig is vir oorlewing behoort aan die hoofman namens die hele bende en is nie te ruil of te koop nie. Die doelwit van hierdie geskenke was om vriendskap te bevorder en niemand mog n geskenk wat hom aangebied word weier nie. (Van Tonder 1963:116)

Afgesien van ñ paar uitsonderings, bepaal geslag die verdeling van werksrolle. So kan alle lede van ñ bende saam gaan wanneer heuning uitgehaal word, terwyl net die mans gaan jag. Die grootte van sulke bendes hang af van die spesifieke taak. Daar sal selde meer as twee mans saam gaan jag, maar indien ñ groot dier gedood is, sal al die mans van die bende help met die afslag daarvan en die terugdra van die vleis en vel na die kamp toe. Vrouens, hierteenoor, gaan meestal in groot groepe uit om veldkosse in te samel en versprei effens gedurende so ñ tog, alhoewel hulle nog steeds binne hoorafstand bly. (Lee & De Vore 1976:67)

Sommige aktiwiteite vind wel buite die kampterrein plaas, soos byvoorbeeld die droog van velle asook ander take wat in die hitte van die dag in ñ groot boom se skaduwee uitgevoer sal word. Om die !Kung se ekonomiese aktiwiteite effektief te kategoriseer, moet onderskei word tussen aktiwiteite wat binne die kamp plaasvind en ander wat buite die kamp plaasvind. Die volgende onderskeid sal getref word tussen voedselvoorbereiding binne ñ kamp en ander vervaardigingsaktiwiteite binne die kamp. (Lee & De Vore 1976:69-70)

Dit is opvallend dat daar min of geen tekens van vervaardigingsaktiwiteite oorbly by die kleiner en minder permanente kampe nie. Die rede hiervoor is dat voortbestaansaktiwiteite (kos en water) voorrang geniet. Die veranderlike wat bepaal in watter mate vervaardigingsaktiwiteite plaasgevind het al dan nie is afhanklik van die tydperk waarvoor die spesifieke kamp beset is. (Lee & De Vore 1976:69-70)

Dit is moeilik om ñ sosiale groepering te maak met betrekking tot watter groep watter werk doen. By die !Kung bestaan hierdie "corporate "-groepe uit die individuele families of selfs die hele kamp. Binne die !Kung-kamp vind die meeste van die aktiwiteite binne so ñ korporale groep plaas, terwyl die voorbereiding van kos binne die nukluêre familie plaasvind. (Lee & De Vore 1976:71)

Die Boesman se houding oor besit en eiendom is baie buigbaar en hulle groepsvorming baie oop, sodat vreemde individue maklik geakkomodeer word in die bende. Hierdie kenmerk alleen, om konflik deur middel van samesmelting te beheer, onderskei die !Kung al klaar van die meer ontwikkelde samelewings wat formele strukture benodig om interne konflik te reguleer en beheer. Dit is juis hierdie kenmerk en nie hulle ekonomiese lewenswyse nie, wat volgens Lee die fatale gebrek in die bestaan van die Boesman is omdat die Boesman altyd die slegste daarvan afkom as hy

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kontak maak met ander meer agressiewe bendes. Hy sal eerder wegtrek en só die situasie probeer red. (Tobias 1978:114)

4.8 Leierskap en gesag.

By gesag verstaan ñ mens die vermoë om die optredes van ander te beheer. Dit is inherent aan die aard van alle georganiseerde menslike aktiwiteite dat sommiges in ñ posisie van beheer oor ander is. (Van Tonder 1963:30)

Die bestaan van sosiale posisies wat die permanente uitvoer van mag moontlik maak is afhanklik van die numeriese grootte van die gemeenskap en die kompleksiteit van sy ekonomiese stelsel. Gebonde aan die behoefte van mag, is ñ behoefte aan aansien. Die soeke na mag het dieselfde aksies tot gevolg as die van ñ soeke na aansien. (Van Tonder 1963:27)

Binne enige samelewing is mag en gesag altyd oneweredig versprei. Dit is ook opmerklik dat rolverdeling ñ funksionele deel van enige samelewing uitmaak. Aangesien verskillende rolle verskillende middele en geleenthede vir die verkryging van aansien of geweld tot gevolg het, lei dit tot ñ onewerdige verspreiding van mag en gesag.

"This is so because the differentiation of knowledge and responsibility are dimensions of evaluation and differentiation, the results being stratificational ranking, or in other words, the structure of power and responsibility and the structure of social stratification is highly correlated to one another."

(Van Tonder 1963:227)

In primitiewe samelewings kom ñ tradisionele vorm van gesag voor, wat slegs sosiale sanksies kan aanwend.

Daar is by die Boesman geen groter sentrale gesag soos byvoorbeeld ñ koning nie, slegs ñ leier; elke bende is outonoom binne hulle eie gebied. (Verslag 5/63 1963:8)

Die bende, nie die stam nie, is die ware politieke eenheid. Elke bende het sy eie jagarea en oefen regte en gesag uit oor daardie spesifieke area. Elke volwassene kan vrylik optree, met dien verstande dat hy nie die aanvaarde gewoontes en gebruike skend nie. Die totale gebrek aan enige georganiseerde stelsel van publieke beheer impliseer egter nie dat die Boesman in wanorde en vyandskap leef nie, inteendeel; al hulle gewoontes en gebruike het die regulering van die verhoudinge tussen die groep ten doel om sodoende orde te handhaaf. (Van Tonder 1963:XV1)

Ten spyte van die losse kohesie van die bende en die wyse waarop die families waaruit dit bestaan, nomadies rondbeweeg, is die Boesman hoegenaamd nie sonder enige regering en reg nie. Let daarop dat daar in elk geval geen

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sprake is van ñ ware onafhanklike politieke lewe in die gevalle waar hulle onder die gesag van die Bantu staan nie. (Schapera 1960:149)

Gemeenskappe soos dié van die Boesmans lei ñ ordelike lewe ten spyte van die afwesigheid van wetlike en regerings-instansies en ten spyte van die onvermoë van hulle leiers om oortreders te straf. Die samewerking wat binne ñ bende plaasvind, implisser tog ñ mate van sosiale beheer, ñ metode om verhoudinge tussen die lede van die bende te reguleer. (Van Tonder 1963:X)

In die gevalle waar die bende nog tot ñ mate onafhanklik is, het elke bende ñ afsonderlike politieke identiteit en reguleer so hul eie sake. Daar is egter geen goedontwikkelde stelsel van oorkoepelende sentrale regering nie. Spesifiek by die !Kung, word respek betoon aan die leier van die bende, alhoewel sy gesag baie beperk is en bykans informeel funksioneer. Die gemeenskaplike sake van die hele bende, soos die migrasies en die jagpartye word meestal deur die oues en meer ervare mense gereguleer. Die afwesigheid van ñ georganiseerde stelsel van openbare beheer beteken nie dat die Boesmans geen wette het nie, inteendeel; al hulle gewoontes, tradisies en maniere dien om die verhoudinge tussen die lede van die bende te reguleer en sodoende wet en orde te handhaaf. (Schapera 1960:149)

"As among Bushmens, violations of accepted norms are dealt with solely, or largely through selfhelp. The basic, or almost only task of the authorities here are organisation and leadership."

(Schapera 1956:218)

Daar is verskeie sanksies waardeur nie-nakoming van ñ tradisie of gewoonte of die verbreek van ñ tradisie gepenaliseer kan word, wat dus ñ meer direkte wyse is om groepsnorme af te dwing. Voorbeelde hiervan is rituele sanksies waardeur enige afwyking van ñ voorgeskrewe handelswyse outomaties deur bose resultate gevolg word, sonder enige direkte inmenging van die gemeenskap. Die verbreek van ñ taboo kan siekte of slegte geluk in die jag tot gevolg hê. Ander gevalle van nie-nakoming van die tradisie of sosiale norme kan wel deur inmenging van die bende afgedwing of gestraf word. Die primêre voorbeeld hier is bloedvergelding, waarmee ernstige oortredings vervolg word, selfs al het die misdaad onderling tussen die lede van die bende plaasgevind. Misdade hier ter sprake is moord, diefstal en owerspel. Let wel dat indien daar ñ dispuut ontstaan, daar geen appèl is na die leier of hoër gesag nie. Die enigste remedie is selfhelp. Dit is egter in soverre as wat dit die erkende metode van reaksie is, ook ñ wetlike sanksie, deurdat sulke optrede die navolging van die aanvaarde gewoontes en gebruike verseker. (Schapera 1960:152)

By die Boesmans leef die bende op ñ oorlewingsvlak, met ñ

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sosiale stratifikasie wat gebaseer is op ouderdom, geslag en familieverband. Daar is geen gestruktureerde, gesentraliseerde gesag, mag en uitvoerende gesag tot hulle beskikking nie. Daar is wel verskillende vlakke van gesag en aansien, gebaseer op geslag, ouderdom en persoonlike kwaliteite. Die gebrek aan formele sosiale stratifikasie is nie die resultaat van ñ perfekte sosiale gelykheid nie, en dit verteenwoordig geen ideale oor gelykheid nie. Dit dui alleenlik op die onvermoë van enige individu of bende om persoonlik aansien in permanente politieke beheer en meerderwaardigheid te omskep. (Van Tonder 1963:32)

By Omega word gesag binne die militêre verband deur militêre dissipline gehandhaaf. Vanweë die aard van die gemeenskap, kan nalewing van gesag afgedwing word. Enige lid van die Omega-gemeenskap kan Omega egter steeds verlaat, sou hy dit verkies. Die lede wat deel uitmaak van die Weermag is ook vry om na uitwerking van sy bedankingsperiode, weg te trek. In effek is daar by Omega ñ kombinasie van sterk gesentraliseerde militêre gesag, gekoppel aan militêre leierskap, en samelewings-navolgingsmetodes. Laasgenoemde is hier informeel. Omega is nog ñ oorgangsgemeenskap en begrippe soos mag en gesag, deur wie en oor wie, is nog nie duidelik uitgeklaar by die nie-militêre deel van die gemeenskap nie.

Die Boesmanleier se pligte behels leiding en die versekering van eenheid. By die !Kung het die leier tog verdere pligte, soos om die seremoniële vuur na die jag aan te steek, asook om ñ nuwe kamp te kies wanneer nodig. Dit bevestig sy religieuse rol, asook sy gemeenskap se afhanklikheid van sy ervaring. (Van Tonder 1963:37)

Daar is ten minste vier gemeenskaplike kenmerke wat by Boesmanleiers onderskei kan word, naamlik: senioriteit in ñ groot familie, eienaarskap, huwelik met ñ eienaar van ñ N!ore en persoonlike eienskappe wat hom uitstaande maak.

(i) Senioriteit: Indien die leier ñ lid is van ñ groot bende, en daarby die oudste lewende lid is van dieselfde genetiese gesin (met ander woorde die hele bende word deur sy afstammelinge en hulle vrouens/mans oorheers) plaas dit hom in ñ posisie van hoë status. Blote senioriteit is egter nie genoeg motivering vir die mense om so ñ persoon as ñ leier te beskou nie, want baie van hierdie ou mense vervul geen leiersrolle nie.

(ii) N!ore-eienaarskap: Hierdie is ñ belangrike kriterium, want indien ñ persoon ñ afstammeling is van ñ lang linie van sulke eienaars, is sy aanspraak op leierskap baie sterk. (N!ore beteken in !Kung grond, spesifiek daardie stuk grond wat elke watergat omring en wat die mense dus onderhou. So ñ stuk grond varieer baie in grootte, maar ñ gemiddelde is sowat 300 tot 600vk km.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(iii) Huwelik met ñ N!ore-eienaar. Hierdie is die algemeenste kenmerk van !Kung-leiers.

(iv) Persoonlike kwaliteite.
(Lee 1979:344)

Die leier is net in naam leier. Hy het geen regsprekende gesag en ook geen uitvoerende gesag nie. Hy het geen voorregte ten opsigte van die ander nie. ñ Leier is nie altyd so duidelik identifiseerbaar nie, want die bende funksioneer op ñ konsensusbasis, sodat die leier op ñ meer informele vlak raadgee en nie amptelik die leier is nie. (Verslag 5/63 1963:80)

Leierskap is baie nou gekoppel aan persoonlikheid. Hy het geen judisiële funksie nie en het ook geen georganiseerde beheer oor die bende nie. (Schapera 1960:151;)

Dit is die medisyneman wat die kontak met die geeste en bonatuurlike magte reël en reguleer en so siekes gesond kan maak. Hy dra egter geen spesifieke kenmerkende kledingstuk nie nie. Hy leef verder van dag tot dat net soos die ander mense van die bende. (Bjerre 1960:161)

Die leier bespreek sake van belang met die bende. Hy kan niks van belang doen sonder die toestemming van die bende nie. Hy kan dus nie sy wil op hulle afdwing nie, alhoewel sy opinie meer gewig as die ander s'n sal dra. Hy het dus geen dwangmag nie. (Schapera 1930:36)

By Omega is die leier van die Kwė (Kamama) ñ sersant. Hy is dus ñ senior-onderoffisier en as sodanig lid van die Boesmanraad. In sy geval was hy ook die leier van een van die vlugteling-bende uit Angola. Hy is egter meer ñ spreekbuis as ñ leier in die ware sin van die woord.

Die V!asekela het op Omega geen tradisionele leier nie. Metoko Mateus was eers hul leier, maar het tans geen gesag meer nie. Mario Munhango, die NG-prediker, was die leier van ñ vlugtelingsbende, maar speel ñ groter kulturele as politieke rol in sy amp as prediker.

Dit blyk egter duidelik dat die militêre gesag net tot by die werksituasie en nie tot in die huis strek nie. Die Boesmanraad, die sogenaamde leiersgroep, is in die praktyk meer ñ spreekbuis as ñ leiersgroep.

Dit blyk nie asof daar by Omega ñ sterk gestabiliseerde Boesmanleier te vore gekom het nie. Die tradisionele leierspersepsie, dit wil sê ñ charismatiese, byna geleentheidsleier, bly voortbestaan. Hierdie is ñ probleem wat te bowe gekom sal moet word. Indien daar nie ñ duidelike leier te voorskyn kom nie, gaan dit die standhoudendheid en momentum van toekomstige GO by Omega belemmer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Elke lid van die bende het die reg om self op te tree om sy saak te stel, met dien verstande dat die belang van die bende die hoogste gesag is. Indien daar verdeeltheid ontstaan, word dit op ñ formele byeenkoms uitgepraat. As daar verdere verset is, sal so ñ lid deur die bende misken word en selfs uit die bende gesit word. Bo en behalwe die dood, is uitsetting die grootste afskrikmiddel, omdat die !Kung by uitstek ñ bendemens is en alle sosiale behoeftes in die bende vervul word.

Konflikhantering by Omega word op militêre wyse geakkomodeer. Die bevelvoerder van die eenheid het binne eenheidsverband die finale sê. Die Boesmanraad behoort ander interne konflik te reguleer, maar weens die charismatiese aard van die Boesmanpersepsie van leierskap, is dit nie baie suksesvol nie. Gevalle waar lede van die Boesmanraad wel dissipline in die vorm van lyfstraf toegepas het, is wel bekend. Die ideaal is dat die Boesmanraad alle siviele konflik sal reguleer en die Weermag die militêre konflik.

Persoonlike kwaliteite is deurslaggewend om te bepaal wie leiers is of nie.

Landman stel dit so :

"Personal pre-eminince begins and ends with the person who possesses it. Personal superiority costitutes the first advance to social distinctions."

(Landman 1938:35)

Rousseau skryf:

"Whoever sings or dances best; whoever is the handsomest, the strongest, the most dexterous, or the most eloquent, becomes the most distinguished and this was the first step to inequality."

(Rousseau,E: De Inegalite parmi les Hommes; in Schapera 1930:22)

Schapera skryf hoedat die sake van ñ gemeenskap bedryf word, afhang van die persoonlikheid van die leier Dit is duidelik vanuit historiese perspektief dat die voorspoed van sekere bendes sterk deur hulle leiers se potensiaal en kenmerke beinvloed is. Dit is tog wat ñ mens tewagte sal wees. (Schapera 1956:194)

Bo en behalwe fisieke mag en vaardigheid, is daar ander sosiale bates, soos wysheid, ondervinding en kennis wat normaalweg oor ñ leeftyd opgegaar word, wat nog altyd in aanvraag was vir leierskap. In periodes van angs of onrus het die mense hulle tot die gryse wyses van die bende gewend vir leiding en gerusstelling. Die individu wat hierdie behoeftes kon voorsien, het ook meestal ñ sterk leiersposisie as gevolg hiervan beklee.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Fisieke krag en vaardighede word by al die meer primitiewe volke besonder hoog geag. Wie ookal bewys lewer van sy buitengewone krag, wie ook al bekendheid verwerf deur sy vermoëns as ñ jagter of as ñ suksesvolle vegter, dwing respek en erkenning af van sy bendegenote en sal sy gesag kan laat geld tussen hulle. Let egter daarop dat die Boesman nie so ñ groot premie op fisieke krag lê nie. (Landman 1938:40)

In ñ ondersoek van die meeste bestaande literatuur word gevind dat daar gewoonlik een man is, wat deur sy invloed, ondervinding of vaardighede die ander lei. Die mate van gesag wat ñ Boesmanleier het, is grootliks afhanklik van sy persoonlike kwaliteite en vermoëns. Die omvang van sy gesag is grootliks afhanklik van sy persoonlikheid. ñ Man met ñ sterk persoonlikheid sal groter invloed hê as ñ man met ñ swakker persoonlikheid. (Lee 1979:345; Lee & De Vore 1976:45)

Sommige van die Boesmanleiers in Omega het duidelike leiereienskappe, soos diplomasie, en goeie sprekersvermoë, terwyl ander nie so diplomaties is nie, maar ook sterk persoonlikhede het. Daar is nie net een enkele persoonlike kenmerk wat die leierskap domineer nie. Indien enige iets, deel die leiers eerder ñ gebrek aan gemeenskaplike kenmerke. Nie een is arrogant nie, nie een is verhewe of spoggerig nie, omdat hierdie eienskappe deur die Boesmans verag word, en tot uitwerping uit die bende kan lei. Verder het die leiers ook nie ñ groot behoefte aan materiële besittings nie. (Lee 1979:345; Lee & De Vore 1976: 45)

Nadere ondersoek toon dat leierskapspatrone wel bestaan. Sekere mense, ouer, slimmer, beter jagters ensovoorts, praat meer gedurende besprekings. Hulle opinie dra klaarblyklik meer gewig as ander s'n. Hulle het egter geen formele gesag nie. Hulle gesag berus op beïnvloeding en nie op dwang nie. Die !Kung se woord vir "hoofman" word deur hulle gebruik wanneer van swart-of Hottentot-hoofmanne gepraat word, maar selde word daar so na ñ Boesman-leier verwys. Indien hulle die woord "//kaiha" gebruik, is dit ook meestal op ñ negatiewe wyse, soos wanneer hulle dink iemand verbeel hom hy is beter as die ander. (Lee 1979:34)

ñ Leier behoort altyd leiereienskappe te hê. By Omega is dit ook die geval, behalwe dat militêre vaardighede straks

tans ñ ander rol speel as wat dit behoort. Verder geld al bogenoemde eienskappe steeds, behalwe dat vaardigheid as jagter in ñ mate vervang is deur vaardigheid as vegter.

Die kwessie van oorerflike leierskapsopvolging is ñ kwessie van dispuut. Van Tonder beweer dat daar onder die groter bendes van die die !Kung wel sprake is van ñ oorerflike leier, in die manlike linie. Let op dat Schapera ñ uitsondering noem wat by die !Kung voorkom, deurdat die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oudste suster se oudste seun opvolg. Hierdie verskynsel het waarskynlik in gebruik gekom as gevolg van Ovambo-invloed wat op hulle ingewerk het, want matrilineêre opvolging is wel onder hulle bekend. (Schapera 1960:150; Van Tonder 1963:11)

Lorna Marshall (1960:344-357) praat ook in haar vroeëre werke van hierdie oorerflike leiers. Later het sy egter van opinie verander en verklaar sy dat daar nie so iets voorkom nie.(1976:191) Die probleem het ontstaan omdat leier met grondbesitter verwar is. Dit is duidelik dat die begrip "hoofman" in elk geval by die Boesmans eers in gebruik gekom het na die aankoms en kontak met die swartes. Lee het een van die sogenaamde leiers gevra of die !Kung hoofmanne het.

""Of course we have headmen!" he replied to my surprise. "In fact, we are all headmen," he continued slyly," each one of us is headman over himself.""

(Lee 1979:346;

Leierskapsopvolging as sodanig is nog nie hy Omega ñ algemene verskynsel nie. Opvolging sal waarskynlik onder invloed van die militêre regeringstelsel staan. Die probleem van tweespalt tussen die tradisionele en die militêre leier kan dan dalk kopuitsteek.

Aangesien alle menslike samelewings van bendes na stamme na koninkryke, ensovoorts, ontwikkel het, het elke volgende trappie op die vlak van sosiokulturele integrasie die konflik van die vorige vlak verminder, maar terselfdertyd nuwe vorme van geweld op die nuwe vlak oopgestel. Met elke volgende vlak van integrasie verhoog die vlak van geordende geweld dienooreenkomstig. (Lee 1979 : 399)

As na Omega gekyk word, waar oorlog deel van hulle daaglikse bestaansmotivering en -metode uitmaak, dan kan die argument steek hou, spesifiek as daarop gelet word dat die tradisionele Boesman nie georganiseerde oorlog gemaak het nie. Alhoewel Van Tonder (1963:101) wel die term "oorlog" gebruik, is dit nie korrek binne hierdie konteks nie. Hy het na bendekonflik verwys wat op daardie lae vlak van geïnstitusionaliseerde geweld wel "oorlog" is, maar hoegenaamd nie in dieselfde kategorie as gesofistikeerde massa-oorlog soos hedendaags in SWA ondervind word, val nie.

Die Boesman het geen georganiseerde militêre organisasie gehad nie. Daar is egter somtyds gevegte tussen buurbendes, wat in ñ verlengde toestand van konflik kan ontaard en selfs tot openlike "oorlog" aanleiding kan gee. Een van die grootste redes hiervoor is die inbreking op ander se territoriale regte. Die gevolg hiervan is meestal bloedig, die onmin kan so erg word dat enige ontmoeting op geweld

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uitloop, spesifiek wanneer een bende ñ ander se area wil afneem omdat dit byvoorbeeld hoog in voedselwaarde is. (Van Tonder 1963 : 101)

Lee verskil van Van Tonder, deurdat hy Van Tonder se bewering dat geskille soms tot ñ vlak van oorlog aanleiding gee, ontken. Hy sê dat die !Kung nie in oorlogvoering betrokke raak nie. In soverre hulle wel hedendaags in die SWA-oorlog betrokke is, sal later bespreek word. Na my mening is hier nie ñ verskil van opinie nie, maar bloot ñ verskillende persepsie van vlakke van geweld. Volgens Lee se persepsie is hy dus korrek deur te sê dat die !Kung nie spontaan aan georganiseerde oorlogvoering deelneem nie. (Lee 1979 : 398)

Die !Kung is basies ñ vredeliewende mens, maar dit sê niks nie, want die meeste mense is vredeliewend. Wat wel waar is is dat die !Kung soms gevegte aanknoop en dit heel dikwels met noodlottige gevolge. (Lee 1979 : 371)

Die vermoë van die !Kung om sy konflikte grotendeels intern op te los, onderskei hom reeds van die meer ontwikkelde volke wat staatsinstellings nodig het om interne konflik te reguleer. Hierdie kenmerk van die Boesman het in ñ groot mate tot sy amper uitwissing gelei, omdat hy hom nie in ñ kontaksituasie met die meer aggressiewe volke kan handhaaf nie en meestal tweede beste daarvan afkom, of moet wegtrek na ñ onherbergsame gebied om te oorleef. (Tobias 1978 : 114)

By Omega is heelwat meer konflik as wat klaarblyklik tradisioneel voorkom. Aanranding kom telkens voor. Soms is dit ernstig en word mediese behandeling vereis. Die gesinsverband speel ñ groot rol. As iemand my familie skade aandoen is dit net so goed asof hy my skade aangedoen het. Drankmisbruik het ook hierin ñ groot invloed. Die oog vir ñ oog beginsel geniet ook sterk steun. Dit blyk asof hulle geweld baie impulsief is. Daar kom baie min voorbedagte geweld voor.

4.9. Vlakke van geweld

Dit is belangrik om te onderskei, soos die !Kung doen, tussen drie vlakke van geweld, naamlik praat, baklei en gevegte tot die dood toe. (Lee 1979 : 371; Tobias 1978 : 110)

(i) Praat: Dit behels ñ verbale argument, gepaardgaande met dreigemente en slegpratery, maar geen geweld nie.

Die !Kung los graag hulle geskille verbaal op. Lee en Tobias beskou hulle as seker die:

"....most talkative people in the world."
(Lee 1979 : 371; Tobias 1978 : 110)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Baie van die gepraat is argumentering oor kosverdeling, etiketbreuke, ensovoorts. Die taal is deurspek met hiperbole en vergesogte voorbeelde. Die verlede speel ñ groot rol, deurdat daar byna ñ detailstudie gedurende ñ geskil gemaak word oor hoe daardie persoon in die verlede opgetree het en wat hy presies in ñ vorige argument gedoen of gesê het. Die algemeenste aantuigings het betrekking op luiheid, trots, arrogansie of selfsugtigheid. Dit is eienaardig van hierdie argumente dat daar selde ñ definitiewe wenner uit die stryd tree. Argumente begin en loop weer dood na hartelus, om gevolg te word deur onbeheerste pret daaroor. Dit blyk soms asof hierdie soort argumentasie dit ten doel het om as amusante weerligafleier in die bende te dien.

Alle argumente word nie so gou opgelos nie en mag selfs die inmenging van vredemakers benodig om goeie verhoudinge te herstel, alhoewel een of albei van die partye dan soms die kamp sal verlaat. As ñ argument nou nog nie opgelos is nie, dan lei dit tot gevegte om die geskil op te los. (Tobias 1978 : 110)

In Omega kom hierdie verskynsel nog steeds voor. Solank as wat die Boesman nugter is, is hy bereid om te praat oor sy griewe en probleme. Selfs binne Weermagverband sal hy sy griewe lig, soms in weerwil met die militêre tradisie. Dit is interessant dat die Bevelvoerder, Kmdt. J Jooste, probleme ondervind om die Boesmanraad te beweeg tot bespreking van gemeenskapsprobleme. Dit blyk dat hulle makliker oor ñ persoonlike grief praat as oor ñ ander se behoeftes of griewe. (persoonlike mededeling)

(ii) Baklei: Dit is ñ dispuut, waartydens daar wel geveg word, maar geen wapens gebruik word nie.

Hierdie volg uit ñ onopgeloste dispuut in terme van die pratery. Dit is ñ opsie wat normaalweg alleenlik uitgeoefen word as daar geen verligting van spanning weens die pratery plaasgevind het nie.

Drankmisbruik en alkoholisme in Omega oefen ñ merkbare invloed uit op die lewenswyse van die Boesman. Wanneer hy dronk is, is hy baie meer aggressief en baklei hy maklik. Hierdie aggressiewe optrede is vreemd aan die tradisionele Boesmankultuur. Die Boesman heg geen waarde aan brawe manlike aggressie nie. Daar is geen sterktespeletjies nie, geen stoeigevegte vir plesier nie en geen optredes waardeur ñ man homself moet bewys nie, behalwe in soverre hierdie bewys, soos dat hy kan jag, tot die bende se voortbestaan bydra. Tobias 1978 : 111)

By Omega het karatevideos ook hierin ñ groot rol te speel. Bykans elke kind is besig om karate te oefen of met iemand te speel. Vergis hy hom met ñ hou, is daar skielik ñ kortstondige luidrugtige bakleiery. Dit is ñ geval waar verwestering ñ relatiewe vreedsame gemeenskapsbeskermde

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kultuur in enkele jare tot ñ baie hoër vlak van gewelddadigheid omvorm het!

(iii) Gevegte tot die dood:

Daar heers ñ vrees vir geweld by die Boesmans. Die vrees vir geweld is klaarblyklik geregverdig, omdat hulle mekaar maklik met pyle, (Of by Omega met vuurwapens) kan dood. (Tobias 1978 : 111)

Drankmisbruik verhoog weereens die voorkoms van manslag en moord. Dit is juis hierin waar Lee van sy hewigste kritiek teen die SWAGB se teenwoordigheid lê, waar hy sê:

"On the other hand seven cases of homicide were reported in the period 1978-80 in which !Kung killed other !Kung in the camps, usually in drunken brawls. The weapons used were army-issue bayonets, knives and guns. This is compelling evidence for the brutalization of the San; the South African military training teaches hand-to-hand combat and strongly encourages macho behaviour in the recruits."
(Lee & De Vore;1976:341)

Opmerking: Lee se kommentaar moet in perspektief geplaas word. Die rede vir die toename in manslag is toe te skryf aan drankmisbruik, nie soseer aan die beskikbaarheid van militêre wapentuig nie. Drankmisbruik word juis binne die militêre eenhede so veel moontlik beperk. Die Weermag is in effek besig om die probleem te probeer beheer! Verwestering is hier die boosdoener, nie die Weermag nie.

In welke mate hierdie konflikvlakke hoog of laag is, in vergelyking met ander samelewings, moet nog bepaal word. Lee het in sy navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat ñ totaal van 22 sterftes in 50 jaar by ñ bevolkingstotaal van 1 500 mense ñ moordsyfer van 29,3 per 100 000 mensjare gee, wat hoog is volgens Afrika-standaarde. Dit kan vergelyk word met 9,2 per 100 000 in die VSA. Hierdie syfers gee egter nie die ware perspektief nie, want die beskikbaarheid van byvoorbeeld hospitale en mediese dienste in die VSA sal uiteraard die sterftesyfer heelwat verlaag. Dieselfde vergelyking word met ander Europese lande getref, met dieselfde kommentaar wat geld. (Lee 1979 : 397)

Manslag en gewapende geweld kom weliswaar ook in Omega voor. Ek kon geen statistiek in hierdie verband opspoor behalwe die siekeboeg se sterfteregister nie. Daarvolgens lyk dit asof die syfers egter redelik laag is. Die onderskeie vlakke van geweld volgens die tradisionele Boesmanpatroon is ook by Omega onderskeibaar. Heelwat konflik word egter deur die Weermag se dissiplinêre stelsel opgelos.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5: GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN OMEGA.

Daar kan geen twyfel daaroor wees dat die twintigste eeu die Boesman verdryf uit ñ habitat waarin hy en sy lewenswyse beskerm was nie. Die Boesman het nou ñ alternatiewe beskerming nodig omdat hy nie aangepas is om in kontak met ñ nuwe lewenswyse te oorleef nie. Dit blyk dat juis die knelpunte van ñ samelewing die maklikste oorgeneem word. Drankmisbruik is hier ñ voorbeeld.

Die nodigheid vir ñ georganiseerde voorbestaansbeplanning vir die Boesman is vir sommige mense skokkend. Hans Heinz (Tobias 1978; 173) stel dit so:

"There are romantics who are horified at the thought of a planned programme for the future development of the Bushmen."

Hoekom word die Boesmans nie eerder uitgelos om hulle eie gelukkige, eenvoudige lewe te lei nie ? In effek beteken dit dat die Boesman in ñ soort dieretuin geplaas moet word om so alle prikkels wat sy lewenswyse dalk kan verander uit te skakel. Die Boesman kan alleenlik binne ñ beplande omgewing die eise van die twintigste eeu weerstaan. Wat benodig word is ñ middel vir die Boesman om die uitdagings van die eeu suksesvol te ontmoet en sodoende volkswasdom binne ñ veranderde werêld te bereik.

By Omega word juis om die Boesman van die Wes-Caprivi oor ñ periode van tyd na self-beskikking te lei, sodat hy sy regmatige rol in SWA/Namibië kan speel.

5.1 Die Historiese agtergrond van Omega

Bykans 90% van die V!asekela en 40% van die Kwė is uit Angola afkomstig. In teenstelling met die tradisionele situasie, was die Boesman se lewe in Angola voor die Burgeroorlog redelik stabiel en, volgens hulle, ñ goeie lewe. Hulle was gevestig in krale en het ook landbou beoefen. Stapelvoedsels wat gekweek is was mohango, mielies en groenkoring.

Die Boesmans het ook by die Portugese op hulle plase en soms in myne gewerk. Identiteitskaarte is aan hulle uitgereik en hulle moes ook belasting betaal. Hulle was dus ñ integrale deel van die Angolese gemeenskap en ekonomie. Met die uitbreek van die oorlog is die Boesmans opgeroep vir militêre diens. Die meeste van hulle het vir die "Flechas", ñ elite Portugese weermageenheid, geveg.

Met die uitbreek van die Burgeroorlog, na die mislukking van die ALVOR-ooreenkoms, het die Boesmans hulle by die FNLA aangesluit. Hierdie was bloot ñ tydelike ooreenkoms, omdat die Boesmans besef het dat hulle net welkom was solank as

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat hulle vir die FNLA geveg het. Die Boesmans het besef dat hulle hulle in ñ benarde posisie begeef en Kamama Makoa, tans ñ sersant en leier van die Kwès in Omega, het saam met ene Batista (ñ Portugees) na Rundu gegaan om hulp en uitkoms te soek. Na kontak met die SAW is besluit om hulle in die Wes-Caprivi te vestig, eers by Alpha-basis en later in Omega.

Die eerste groep vlugtelinge het by Calai oor die rivier getrek. Die Boesmans, met hul vrouens en kinders, het baie swaar gekry. Hulle moes snags beweeg en bedags laaglê om die swart patrollies te ontwyk. Unita het die Boesmans verdryf omdat UNITA en FNLA vyande was.

ñ Ander groep (meestal V!asekelas) onder leiding van Mario Mahongo (toe ñ kaptein in die Flecha's, tans ñ NG-predikant in Omega) het eers tot by Caiundo gevlug, waar hulle egter opgespoor en terug geneem is na Menonque (toe Serpa Pinto). Mario Mahongo is toe Luanda toe om oor die Boesmans se toekoms te gaan beraadslaag. Met sy terugkoms by Menonque, het hy en sy gesin besluit om na die Caprivi te vlug.

Onder leiding van die destydse Kmdt. Linford en Maj. Upton het die Boesmans hulle weg gevind na Alpha-basis, wat vandag bekend staan as Oukamp.

Kamama se groep was eerste, gevolg deur dié van Benjamin Marcolina en laastens die groep van Mario Mahongo. Soos die nuus versprei het, het meer en meer groepe na Alpha-basis getrek. Alpha-basis was ñ baie primitiewe tent-basis. Die Boesmans wat daar aangekom het het niks gehad nie. Daar was een dokter en drie ordonnanse by Oukamp. Die voorrade was baie beperk en het een keer per maand van Rundu af gekom.

Daar is in November 1974 begin met die bou van ñ permanente basis in Omega, wat amptelik op 6 September 1975 voltooi is. Gedurende hierdie tydperk is die Boesmans operasioneel aangewend. Daar was drie V!asekela- en drie Kwè- peletons. Later het hulle oorgetrek na die huidige Omega, waar hulle eers as 31 BN bekend gestaan het en later as 201 BN. Hier moet beklemtoon word dat die Boesmans vrywilliglik militêr aangewend is. Ten spyte van die oorlog is net ñ klein groepie van die totale Omega-bevolking direk betrokke by die weermag.

5.2 Omega as gemeenskap

Omega as gemeenskap sal vervolgens bespreek word:

5.2.1 Kenmerke van Omega as gemeenskap.

5.2.1.1 Fisiese aspekte:

(i) Die mense van Omega okkupeer ñ spesifieke geografiese plek of lokaliteit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(ii) Omega het wel kenmerkende demografiese kenmerke, soos ñ spesifieke grootte, sekere vestigingspatrone, bevolkingssamestelling, ensovoorts.

(iii) Die mense van Omega deel sekere infrastuktuur, geriewe en dienste.

(iv) Die ekonomiese lewe van ñ gemeenskap kan gesofistikeerd wees, of op ñ voortbestaansvlak, rondom gesins- en familieverband georganiseer wees. (Jeppe 1983:67) Omega het albei hierdie kenmerke in die gemeenskap.

5.2.1.2 Strukturele/sosio-politieke aspekte:

(i) Omega is ñ sosiale stelsel met komplekse gedifferensieerde, interafhanklike sisteme. ñ Verskeidenheid van sosiale, fisiese, kulturele en sielkundige elemente is interafhanklik met mekaar verbind. Die weermag-organisasie speel hierin ñ groot rol. Daar is ñ fisiese militêre indeling, ñ statusindeling volgens rang, ñ onderskeid volgens herkoms, en selfs ñ sosiokulturele onderskeid met betrekking tot werkgewer. Sekere instansies geniet groter status as ander in die gemeenskap, met die weermag as hoogtepunt.

(ii) Omega se groepstrukture is duidelik rondom die weermagsrol gegroepeer. Die bevolking se verwagtingsvlak is direk aan ñ aanstelling in die weermag gekoppel.

(iii) Omega is wel ñ dinamiese gemeenskap, deurdat dit ñ aanhoudende proses van verandering en ontwikkeling ondergaan.

(iv) Daar is min kommunikasie tussen die lede van Omega self en ander gemeenskappe en organisasies buite Omega. Hulle beskou hulleself as ñ soort elitistiese groep wat verhewe is bo die plaaslike bevolking (spesifiek in die geval van die V!asekela).

(v) Omega het wel gevestigde gesagstrukture, alhoewel dit binne militêre verband die opmerklikste is. Die Boesmanraad vervul in ñ sekere mate dieselfde rol as wat ñ plaaslike raad sou vervul, alhoewel die weermag en sy logistiese-organisasie die rol van ñ munisipale organisasie vervul.

(vi) Dit is egter van belang dat Omega oor geen ontwikkelde gesagstruktuur beskik wat op populêre deelname berus nie. Die Boesmanleefwyse het nooit vir sulke strukture voorsiening gemaak nie.

(vii) Omega het ñ verskeidenheid van belangegroepe, formeel en informeel. Die gemeenskap se

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

betrokkenheid by die weermag is waarskynlik die prominentste alhoewel daar ander is, soos byvoorbeeld die onderskeie kerke, die kandando's en die kadette. Binne die gemeenskap speel elkeen ñ spesifieke rol met spesifieke status en verwagtinge. Die Boesmanraad is weliswaar ook ñ belangegroep, alhoewel dit nie so sterk staan as wat so ñ groep in ñ meer ontwikkelde verwesterde gemeenskap sou staan nie.

Uit die bogenoemde belangegroepering volg dit dat daar ook belangebotsings ontstaan tussen die onderskeie groepe. Die kerk, in sy weerstand teen die tradisionele gebruike, is die sigbaarste voorbeeld hiervan. Verder is daar ook ñ mate van etniese wedywering (eerder as "konflik") tussen die V!asekela en die Kwė. Hierdie wedywering kan ontwikkeling belemmer deurdat elemente van die gemeenskap as gevolg van druk by die ontwikkelingsproses uitgesluit kan word. ñ Voorbeeld hiervan is in die skoolbywoning van die V!asekela te sien. Alhoewel die Kwė dit ten sterkste ontken, is die onderwysers, blank en Boesman, van mening dat daar wel sosiale druk op die V!asekela's uitgeoefen word om die skool te verlaat, "omdat laasgenoemde nie in Omega tuis hoort nie." (Persoonlike medeling) Konflik in hierdie gemeenskap is hoofsaaklik etnies van aard, alhoewel sosiale konflik ook ñ rol speel. Die etniese gevoel is weliswaar nie bloot met die eerste oogopslag waarneembaar nie, maar dit is tog by nadere ondersoek ñ duidelike verskynsel.

5.2.1.3 Kulturele aspekte:

(i) Die gemeenskap in Omega is nie deel van of geassosieer met ñ groter samelewing , soos wat die Afrikaner in byvoorbeeld Heidelberg/Kakemas/Pretoria homself met ñ groter Afrikaner volksverband assosieer nie. Omega is wel ñ unieke gemeenskap met betrekking tot die kenmerke en stratifikasie van die bevolking. Die tradisionele persepsie van die Boesman-samelewing is geskoei op die begrippe van nomadiese bendes, en nie op groter groepe wat permanent saamwoon nie. Omega is dus uniek in hierdie verband, gesien binne die algemene Boesman-persepsie.

(ii) Die norme en waardes van die gemeenskap in Omega dikteer in ñ mindere mate die optrede van die mense in die gemeenskap, alhoewel dit die in praktyk die weermag is wat die hoofrol in hierdie verband speel. Die orde en stabiliteit van hierdie gemeenskap is primêr afhanklik van die weermag se dissiplinêre kode.

(iii) Godsdiens speel ñ belangrike rol in die gemeenskapslewe van Omega en beïnvloed die sosiale optrede in ñ groot mate. Tipies van ñ ontwikkelende gemeenskap, is daar ook hier ñ verskeidenheid kerklike denominasies en interpretasies. Dit is so dat daar ñ

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

duidelike onderskeid is tussen die kerke wat grotendeels deur die V!asekela en die Kwė ondersteun word. Eersgenoemde is hoofsaaklik NG, terwyl laasgenoemde grotendeels tot die Sionskerke behoort, alhoewel sommige lede wel die NG-kerk aanvaar het. Dit moet hier beklemtoon word dat kerkbywoning en meelewing spontaan is en dat daar geen amptelike druk in hierdie verband op hulle uitgoefen word nie. Binne die weermagverband, met ander woorde as deel van die soldate se lewe, is daar wel bidparades en kerkparades, maar geensins ñ sanksie op hulle gesinne om kerk by te woon nie. Dit is wel waar dat die religieuse aspekte ñ groot invloed uitoefen het op die sekulêre aspekte van die samelewing.

(iv) By Omega vind beide formele en informele onderrig plaas, hetsy in die skool of met betrekking tot tradisies tuis. In hierdie geval speel albei vorme van onderrig ñ groot rol in die ontwikkelingsproses, alhoewel nie altyd tot voordeel daarvan nie.

(v) Algemene aspekte: Omega voldoen, in die algemeen gesien, aan ñ verdere kenmerk van ñ ontwikelende gemeenskap deurdat daar ook ñ groot plakker-bevolking is. Hierdie bevolking bestaan uit familie en vriende van soldate, wat in karige skuilings en tente om die basis en in die veld woon en deur die soldate onderhou word.

5.2.2 Verskille tussen Omega en ander gemeenskappe:

As na hoofstuk 2, paragraaf 2.1 gekyk word, dan blyk dit dat Omega aan verskeie van die aspekte soos gespesifiseer is, voldoen. Afgesien van hierdie ooreenkomste, is daar dan ook ñ paar kenmerke wat uniek is aan Omega. Hierdie aspekte gaan eers bespreek word en vervolgens die gemeenskapsaspekte wat afwesig is in Omega.

5.2.2.1 Daar is sekere aspekte wat Omega ñ Unieke gemeenskap maak.

(i) Die bevolking van Omega woon nie op hulle tradisionele blyplek nie, maar is grootliks vlugtelinge uit Angola. Dit is dus nie ñ tradisionele gemeenskap wat al ñ landelike tradisie gevestig het nie.

(ii) In teenstelling met die meeste ander gemeenskappe, is Omega se bevolking nie in ooreenstemming met hulle tradisionele vestigingspatrone gevestig nie.

(iii) ñ Gemeenskap sou normaalweg ñ homogene etniese aard hê. By Omega is dit egter nie die geval nie, omdat twee verskillende groepe daar bly.

(iv) Omega het nie as ñ geografiese groepering ontstaan nie, maar as gevolg van oorlogsomstandighede,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

waardeur die gemeenskapsbouende faktor in hierdie geval ñ gemeenskaplike doelwit, naamlik oorlewing en gemeenskappe beskou word nie.

5.2.2.2 Omega verskil in sekere opsigte van ander gemeenskappe.

Bo en behalwe bogenoemde unieke aspekte, verskil Omega ook in ñ hele paar ander aspekte van die normale gemeenskap.

(i) Strukturele/sosio-politieke aspekte:

a Omega het, behalwe met betrekking tot die weermag, geen sosiale/spontane bande met enige buite-agente nie. Daar is wel ñ ekonomiese band met ander agente met betrekking tot die finansiëring van sekere aspekte van die ontwikkeling, asook die winkel wat deur die Suid Afrikaanse Weermag Instituut (SAWI) op Omega bedryf word.

b Omega is ook nie ñ semi-outonome deel van ñ groter samelewing of lokaliteit nie.

c Alhoewel Omega wel ñ assosiasie het met ñ gemeenskaplike doelwit, het dit nie ñ tradisionele kollektiewe identifikasie met sy omgewing en ligging nie. (Omega se ligging is arbitrêr gekies, en daar is ook ñ mate van tweespalt oor die V!asekela se plek in die Caprivi. Verder is ñ groot aantal van die inwoners vanuit Angola afkomstig, en het hulle gevolglik bykans geen identifikasie met die ligging van Omega nie.)

(ii) Kulturele aspekte:

a Omega het nie dieselfde kulturele identifikasie met ñ groter gemeenskap as ander gemeenskappe nie. Omega is die groot eenheid. Die organisasie van Omega binne militêre verband dra hiertoe by.

b Gemeenskapsnorme en waardes speel nie in Omega so ñ groot rol in die samelewingsordening en sanksies soos by ander gemeenskappe nie. Hierdie rol word grotendeels deur die weermag se eie dissiplinêre stelsel vertolk.

iii) Verskille van die Afrika gemeenskap:

a In teenstelling met die Afrika gemeenskap, het Omega glad nie ñ tradisie van self-outonomie nie.

b Hier is nie sprake van ñ outoritêre leierskapstruktuur as gevolg van oorerflike of tradisionele leierskapsrolle nie. Hierdie bindingsfaktor is totaal afwesig in Omega,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

alhoewel die weermag tot ñ mate hierdie funksie vervul deurdat dit ñ besluitnemings-sowel as arbitrêre rol speel.

c Omega is nie ñ tradisionele gemeenskap nie, maar een wat vanweë nood ontstaan het.

d Omega het nie ñ tradisionele landboubestaans-ekonomie nie, want die weermag as werksverskaffer is die kern van Omega se ekonomiese lewe.

5.2.3 Gevolgtrekking:

Omega is wel ñ gemeenskap. Dit is ñ lokaliteit, waar ñ groep mense woon, met ñ gemeenskaplike doel, behoeftes en sekuriteit. Dit is belangrik om te besef dat daar in die moderne wêreldklimaat, in Afrika spesifiek, asook in enige ander areas wat deur oorlog of langtermyndroogtes en sosiale wanorde geteister word, nie meer sprake is van ñ tradisionele gemeenskapsbegrip nie. Verstedeliking, volksmigrasies agter beter omstandighede aan, militêre geweld en onsekerheid het nuwe parameters geskep waarbinne die ontwortelde bevolking tog weer ñ samehorigheid vestig, weliswaar sonder dat die tradisionele aspekte daarvan teenwoordig is. Hierdie stelling sal weer ter sprake kom, waar die veranderde omstandighede met betrekking tot die gehandhaafde opvattings oor GO in heroorweging geneem word.

5.3 Doelwitte:

Die amptelike doelwit van die Suidwes-Afrika regering is om die Boesman van die Wes-Caprivi oor ñ periode van tyd na self-beskikking te lei, sodat hy verseker sy regmatige rol in SWA/Namibië kan speel; en om die Boesman se ekonomiese onafhanklikheid van die SWAGB te verminder sonder dat die SWAGB vrygeskeld word van sy verantwoordelikheid teenoor hierdie mense wat as vlugtelinge uit Angola ñ heenkome belowe is. Bogenoemde doelwit word aangevul deur die volgende prioriteite:

- Bereik die kleuter.
- Herstel die vrou in ñ volwaardige rol.
- Koördineer alle funksies en departemente.
- Maak die kultuursprong so pynloos moontlik.
- Sorg vir gesonde vryetydsbesteding.
- Benut en bewerkstellig die nodige navorsing.
- Betrek die Boesman op vrywillige vlak by godsdiens-onderrig. (Persoonlike mededelings deur Kmdt.B. Adams, Kmdt. J. Jooste & Kapt. Brimacombe)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die welsynsvleuel (Sien afdeling 5.5.1) sal poog om bogenoemde prioriteite te bewerkstellig.

5.4 Die implementering van GO in Omega:

5.4.1 Volwasse-en gemeenskaponderrig

Die grootste bydrae van GO is geleë op die vlak van volwasse- onderrig.

Omega ondervind dieselfde probleme in hierdie verband wat tipies is van ander MOL'e.

- Daar is ñ lae opleidingvlak.
- ñ Lae lewensstandaard word gehandhaaf.
- Die gemeenskap is onbewus van hulle potensiaal om hulle omstandighede te verbeter.
- Die jeug leef in swak huislike omstandighede.
- Houdings verander stadig.
- Daar is ñ groot gaping tussen die skool en die gemeenskap.
- Leerplanne is ontoepaslik.
- Daar is baie gemeenskapsdruk vir vinnige "aanskoulike" ontwikkeling. (Let daarop dat snelle ontwikkeling wel vrugte kan afwerp. Bogenoemde probleme kan almal deur effektiewe volwasse- en gemeenskapsonderrig opgelos word.)

Wat is die bydrae wat effektiewe onderrig in hierdie verband kan lewer?

- Die bevolking word gemobiliseer.
- Alle aspekte van GO word deur effektiewe onderrig bevorder.
- Die gemeenskap word gehelp progressief beter vir hulleself te sorg en so hulle lewenskwaliteit te verhoog.
- Die lae informele opleidingsvlak van die kinders kan hierdeur verbeter word. As die opleidingvlak van die ouers beter is, dan sal die kinders ook voordeel trek - die sogenaamde "trickle down" effek.
- Die opvoeding/opleiding van die jeug, direk of indirek, is die sleutel tot toekomstige GO.
- Die houdingsverandering van volwassenes kan deur middel van opleiding versnel word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Die ouers en die skool word beter gekombineer.

  - Die skoolfasiliteite kan beter aangewend word.

- Beter sielkundige kontak tussen die skool en die ouers kan bewerkstellig word. Die skool word dan nie meer as ñ indringer beskou nie.

  (United Nations 1972:18-26; United Nations 1963:31-33; Clinard 1966:225-228; Du Preez 1981:147-150; Ferinho 1980:80-84; Jeppe 1983:74-76; Willeden 1970:185)

Volwasse-onderrig verhoog die effek van formele opleiding byna logaritmies. Daar moet noue kontak tussen die skool en die ontwikkelaars wees. As die vrou beter aangepas is, dan is die kind indirek beter aangepas. Sodoende kan die generasiegaping tussen die ouers en die skool kan uitgewis word. Selftrots kan ook so gestimuleer word.

5.4.1.1 Die Volwasse-onderrigsentrum (VOS)

Volwasse-onderrig word in Omega deur die Volwasse-onderrigsentrum (VOS), indiensopleiding, onderskeie kursusse en die kliniek bewerkstellig:

(i) Doelwit:

- Die VOS poog om die volwasse Boesman die opleiding en skoling te gee om sodoende die gaping tussen die ouers en die kind te oorbrug;

- Om die volwasse Boesman aan te pas by veranderde sosio-ekonomiese en politieke waardes;

- Om die gaping tussen die skool en die gemeenskap te oorbrug sodat die skool beter tot voordeel van die hele gemeenskap aangewend kan word;

- Om inter- en intra-persoonlike kommunikasie te verbeter.

(Amptelike bron.)

Die VOS het in 1982 ontstaan en het in 1984 na die huidige klaskompleks oorgetrek. Daar word 927 studente op rotasiebasis betrek, waaronder 236 kadette, 595 soldate, 95 onder-offisiere en 94 vrouens. (Meestal V!asekela's: Die rede hiervoor is waarskynlik omdat hulle ñ groter stimulasie by die NG-kerk kry om hierdie aktiwiteite by te woon.)

Die kadette woon die VOS daagliks vir ñ tweeuur-periode by. Die soldate woon die VOS twee weke uit elke twaalf by en spandeer 4 uur per dag daar. Die onder-offisiere woon die VOS daagliks 5 middae per week vir ñ tweeuur-periode by. Die vroue woon die VOS op ñ konstante daaglikse basis by.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(ii) Metodiek:
Die VOS bied ñ korrespondensiekursus aan met klasse en hulp wat deur opgeleide blanke onderwysers gegee word. Daar word 3 modules aangebied:

a Module 1 behels die aanleer van basiese handvaardighede, lees en skryf en Afrikaans en wiskunde.

b Module 2 behels begripsonderrig en Afrikaanse/ Engelse taalkunde sowel as wiskunde.

c Module 3 is op ñ hoër vlak as module 2, maar soortgelyk.

Module 3 is ekwivalent aan st.3 van die Kaapse Onderwysdepartement. Standerd 4 tot 10 word deur middel van korrespondensie-kursusse aangebied en behels Aardrykskunde, Geskiedenis, Wiskunde, Wetenskap, Biologie, Afrikaans en Engels. Die st.4-10 leerplan is dieselfde as diė van die skool, met die verskil dat dit oor ñ langer periode aangebied word, meestal een of twee vakke per jaar. Daar is tans twee voltydse st.4- leerlinge, sewe st.5-, een st.6-, vyf st.8- en een matriekleerling. Let daarop dat hierdie volwassenes bo en behalwe hulle normale dagtake ook die die VOS bywoon.

(iii) Met die vrou word ñ ander benadering gevolg:

Hulle word geleer om te tel, te skryf en met geld te werk. Hulle word ook geleer om te weef en om ander kunswerke aan te pak, om hul handvaardigheid te verbeter. Hulle emosionele en sosiale weerbaarheid word ook gestimuleer. Die lesings vir die vroue word meestal aangebied deur die opgeleide vroue van die weermagpersoneel.

ñ Daaglikse roetine lyk so:

8-10 vm: Die gereelde vrouestudente (omtrent 20) ontvang onderrig vir ñ twee-uur-periode.

11-12 vm: Die kursusgroep van die Handwerksentrum (HWS) kom na die VOS vir onderrig

Hierdie roetine wissel na 3 weke, sodat die oggendstudente die volgende sillabus aanpak en diė van die HWS die oggendroetine bywoon.

In die middae word mediese en geestesweerbaarheids-kursusse deur die mediese personeel by die kliniek aangebied.

Die VOS is gerig op ñ vaardigheidsbasis, on dan vervolgens die formele oggendskoling by te woon. Die sukses word weerspieël daarin dat meer as 90% van die kursusgangers die VOS se formele oggendskoling na voltooing van hulle kursus bywoon.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.4.1.2 Indiensopleiding

Lede van die kadette (Sien 5.4.6.2) word twee-twee op rotasiebasis na die pakhuis, kombuis, hospitaal, steenmakery en die werkplaas gestuur. Hulle werk vir ñ periode daar en word daarna na die volgende afdeling gestuur. Nadat die siklus voltooi is, word ñ evaluasie van hulle onderskeie aanleg en potensiaal gedoen. Hiervolgens word hulle ingedeel by die afdeling waar hulle die meeste aanleg getoon het. Hulle ondergaan dan daar voltydse indiensopleiding. Die klem val op praktiese opleiding, sodat hulle later selfstandig kan werk en nie bloot as algemene hulp aangewend kan word nie. Op hierdie wyse word beoog om later ñ onafhanklike arbeidsentrepeneur te skep, wat selfstandig binne die gemeenskap sal kan optree. (Persoonlike mededeling)

5.4.2 Tuisnywerhede en handwerk

Alhoewel dit moeilik kan wees om bostaande tuisnywerhede en handwerk op klein skaal te beoefen, kan dit wel deur GO gevestig word. Indien werksgeleenthede geskep is, dan het GO in sy doelwit geslaag. Die skepping van werksgeleenthede en markte is een van die middels waardeur GO ñ gesonde sosio-ekonomiese basis vir ontwikkeling kan skep.

Daar is baie voordele verbonde aan die skepping en handhawing van tuisnywerhede.

Eerstens skep dit werksgeleenthede. Hieruit volg dan ook ñ inkomste. Albei hierdie faktore is spesifiek van belang by Omega, omdat net ñ klein persentasie van die bevolking by die weermag betrokke is. ñ Groot deel van die gemeenskap ontvang geen vaste inkomste nie. Tuisnywerhede kan hierdie probleem aansienlik verlig.

Tweedens stimuleer dit opleiding deurdat die betrokkenes nuwe vaardighede geleer word. Hierdie vaardighede kan dien as beginpunt vir verdere sosio-ekonomiese stimulering en ontwikkeling. Hiermee saam ontstaan ekonomiese diversifikasie wat weer nuwe vaardighede stimuleer.

Uiteraard skep sulke projekte die geleentheid vir selfhelp. Die entrepeneur is tot ñ groot mate op homself aangewese vir arbeid en inisiatief. In die Omega-geval, is daar ook ñ mark tot sy beskikking, waarbinne hy van ñ redelike inkomste verseker is.

Gemeenskapsdienste word bevorder na gelang van die suksesvolle uitbreiding van die tuisnywerhede. Soos werksgeleenthede geskep word en meer mense betrek word, styg die vraag na gemeenskapsdienste. (Jeppe 1983:77-78; United Nations 1972:41-43)

Wanneer tuisnywerhede en handwerkprojekte van stapel gestuur word, moet besef word dat kommunikasie en kontinuïteit ñ groot probleem is. Hiermee saam kan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ekonomiese groei ñ kniehalter wees in die ontwikkelingsproses. Soos ñ tuisnywerheid uitbrei, word bestuursvernuf meer en meer benodig, bestuursvernuf wat meestal nie bestaan nie. Die verantwoordelikheid van die gemeenskapsontwikkelaar stop nie by die stimulasie en skep van tuisnywerhede nie, maar hy moet ook verdere ontwikkeling help beplan. Die ontwikkelaar se verantwoordelikheid raak al groter, totdat die gemeenskap só ontwikkel het dat hy op entrepeneursvlak selfstandig is.

By Omega is ñ handwerksentrum geskep. Dit verrig ñ dubbel funksie, naamlik dié van ñ opleidingsentrum, maar ook dié van ñ bemarkingsorganisasie vir die tuisnywerhede.

5.4.2.1 Die Handwerksentrum

Die handwerksentrum (HWS) is op 6 November 1982 gestig. Dit was eers met die VOS geïntegreer maar is later afgestig. Die funksionering van die HWS het gedurende 1982 ietwat verslap maar het aan die begin van 1986 met hernude ywer begin funksioneer.

Doelwit: Die aktiwiteite van die HWS is grotendeels gerig op die ontwikkeling en stimulering van die Boesman, met spesifieke klem op die Boesmanvrou.

Die struktuur van die HWS lyk soos volg:

```
                              HWS
                               ¦
                    (i)       Hoof
                               ¦
                    (ii)  Assistent
                               ¦
                            Winkel
                               ¦
     ---------------------------------------------
     ¦       ¦             ¦             ¦            ¦
     ¦  Matwerkers. Breiwerkers. Naaldwerkers. Houtwerkers.
     ¦     (iii)       (iv)          (v)           (vi)
Vormingseksie.
   (vii)
```

(i) Die Bestuurder.

Huidig is dit die eggenote van die basisbevelvoerder wat in beheer staan van die HWS. Haar pligte behels die koördinasie van take en adminstrasie, asook skakeling met ander seksies. Verder staan sy in beheer van die vormingseksie se aktiwi- teite en bied sy ook voorligting en lesings oor die HWS aan. Sy help ook met die opleiding wat by die HWS geskied. Ten slotte het sy ook ñ terugvoerende/ evaluerende funksie wat in samewerking met die bevelvoerder van die ontwikkelingsvleuel asook die basisbevelvoerder uitgevoer word. Tans verrig die hoof haar funksies as ñ liefdesdiens en ontvang sy geen vergoeding daarvoor nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(ii) Assistent.

Haar funksies is meer administratief van aard, alhoewel sy verantwoordelik is vir die spesifieke werksaamhede van die winkel, die breiseksie, die matseksie en ook die houtseksie. Die winkel is oop vir lede van die basis asook enige besoekers, en verkoop die produkte wat deur die Boesmans vervaardig word.

(iii) Matwerkers.

Daar is vier matwerkers wat matte op bestelling maak. Die matte word met die hand van Karakoelwol geknoop. Die persone wat hierby betrokke is is meestal oorlogsgewondes en operasioneel-ongeskiktes. Hulle ontvang ñ vergoeding van R1.00 per dag en dan ñ sekere bedrag per mat, op ñ stukwerk- basis. Hierdie geld is deels afkomstig vanuit die eenheidsfondse en deels vanuit die opbrengste van die matte self.

(iv) Breiwerkers.

Daar is tans twee breiwerkers. Huidiglik word net musse gebrei in ñ verskeidenheid van kleure. Hierdie musse is gewild onder die Boesmans. Hulle kry R2.00 per dag en ook R2.00 per mus. Die R2.00 per dag word ook uit die eenheids-fondse betaal.

(v) Naaldwerkafdeling.

Hier word ñ verskeidenheid mense aangewend, afhangend van die behoefte wat bestaan vir hulle produkte en dienste. Hulle werk op meganiese naaimasjiene en word aangewend vir algemene klereherstelwerk, paswerk en die maak van rangkentekens en epoulette. Hulle maak ook Duvetstelle, bedvalle, paslakens en gordyne op versoek. Hulle word R1.00 per dag betaal, asook ñ sekere bedrag per item, afhanklik van die item. Die daaglikse bedrag word ook uit die eenheidsfondse betaal.

(vi) Houtwerkers.

Hulle werk op hulle eie en staan tegnies nie in opleiding van die HWS nie. Hulle maak hulle artikels met hulle eie materiaal en verkoop dit dan weer aan die winkel. Hulle kry dadelik kontant vir hulle produkte. Hulle maak messe, pyle, boë, byle, velstoeltjies en kokers. In dieselfde volgorde ontvang hulle onderskeidelik R10.00, R1.00, R4.00, R6.00, R8.00 en R5.00 per artikel. Al hulle produkte, mits dit goed genoeg is, word gekoop. Hulle inkomste word in effek bepaal deur hoe hard hulle bereid is om te werk. Hierdie geld word weer verhaal uit die verkoop van die artikels in die winkel.

(vii) Vormingseksie.

Dit is die belangrikste seksie vanuit ñ GO-oogpunt.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bogenoemde afdelings verskaf werk en ñ inkomste aan ñ groep van die Boesmans, terwyl die vormingseksie basiese en meer gevorderde opleiding verskaf.

Die jaar 1986 was in Omega die jaar van die Vrou. Die doelwit van die vormingseksie is om die Boesmanvrou te ontwikkel en te help om haarself te ontwikkel, want sy bly agter by haar man en kinders se ontwikkeling. Die vrou is tog die sleutel tot enige volk se voortbestaan en ontwikkeling.

Tans word gepoog om die hele vroulike bevolking van Omega deur ñ basiese ontwikkelingskursus te stuur om as basis te dien vir verdere opleidingsfases. Hierdie kursus word op ñ vierweeklikse basis aangebied en sal vir twee jaar aaneenlopend aangebied word, totdat al die vroue in die basis die voordeel daarvan gehad het.

Die bywoning van die kursus is vrywillig, alhoewel daar vanuit ander agente, soos byvoorbeeld die mans wat in die weermag is, druk op die vrouens toegepas word om die kursus by te woon.

Alhoewel hierdie seksie onder beheer van die HWS val, word dit by 5.4.8.3 bespreek.

5.4.2.2 Kandando's

Alhoewel die Kandando's nie ñ tuisnywerheid is nie, is dit wel ñ werkverskaffer. Omdat dit ook werksgeleenthede skep, ñ inkomste verskaf en soms die aanleer van nuwe vaardighede behels, word dit hier bespreek.

Die Kandando's is ñ algemene arbeidersgroep wat bestaan uit ou en afgetrede mans, meestal militêre personeel, wat diverse take in Omega verrig.

Die naam Kandando is afkomstig van ene Ronnie Kandando, wat te oud was vir militêre operasies toe hy in Omega gearriveer het. Hy is toe aangewend as ñ loswerker. Daar is later besef dat baie van die soldate se afhanklike ouers in die bos lewe en van die honger omkom as hulle seuns in operasies optree. Die ouer mense is toe na die basis gebring en los werkies in en om die basis aangebied. Hulle het eers as die "Chelsea pensioners" bekend gestaan en is met rantsoene vir hulle werk beloon. Later is Ronnie Kandando as voorman aangestel en die naam het bly steek.

Daar is tans 51 Kandando's, waarvan 21 deur die eenheid besoldig word en 30 deur die staat. Hulle woon in tente en ontvang gratis mediese hulp vir hulleself en hulle families.

Hulle werk in die tuin, terwyl sommige by die bouspan werk. Hulle word ook vir algemene onderhoudstake aangewend.

Hulle ontvang vanaf 1983 besoldiging in geld. Dit het van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

R20 per maand in 1983 gestyg tot R120 per maand in 1986 vir die staatsbesoldigdes en R80 per maand vir die ander.

Die Kandando's moet beskou word as ñ aftreehulp aan ouers en familie van soldate. Baie Kandando's lewer ook produkte aan die HWS om verkoop te word. Die voordeel hieraan verbonde is dat hulle ñ vaste inkomste het met gepaardgaande mediese geriewe en stabiliteit.

5.4.2.3 Steenmakers

Daar is tans 8 steenmakers wat sementstene vervaardig. Hierdie steenmakers word hier net volledigheidshalwe genoem, maar word in afdeling 5.4.9.2 meer volledig bespreek.

5.4.2.4 Probleme wat in Omega ondervind word ten opsigte van handewerk:

Daar bestaan kompetisie met SAAWI (Die Weermaginstituut-winkel) wat soortgelyke produkte as die handwerksentrum verkoop.

Verder is daar soms buitehulp nodig - soos met die ontstaan van die steenmakery wat weens Omega se ligging probleme kan skep. Daar word ook logistiese probleme ondervind. Die grondstowwe is beperk en dié wat aangekoop word is weens die lang afstande baie duur.

5.4.2.5 Wat word vir die toekoms beoog ?

Hierdie tuisnywerhede en handwerksentrum is van groot belang vir die GO ter plaatse. Daar is heelwat meer voordele as nadele daaraan verbonde.

Daar word beoog om ñ bakkery, fietsherstelbesigheid, vulstasie/garage en motorbestuurskool te begin. Geld sal aan die tuisnyweraars geleen word en die nodige bestuursopleiding deur die eenheid verskaf word. Markte sal ook deur middel van SAAWI uitgebrei word. ñ "Arbeidersburo" word voorsien om effektiewe aanwending van die beskikbare arbeid te verseker.

Alhoewel hierdie ñ baie ambisieuse toekomsvisie is, kan dit aanleiding gee tot ñ gevestigde middelklas wat later die gemeenskap en ekonomiese lewe kan oorneem.

5.4.3 Gesondheid en voeding

Goeie gesondheid en voeding gaan hand aan hand met die gesondheid van die gemeenskap as geheel. Omdat elke individu deur gesondheid geraak word, is beide gesondheidsorg en voeding gewilde onderwerpe vir individuele en gemeenskapsteun. Hierdie steun kan baie maklik as magneet dien om die bevolking by ñ GO-projek te betrek. (Clinard 1966:216-225; Macdonald 1983:164-166;

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Edward & Jones 1976:255-259)

Die vrouens en die jeug is gunstige oordragsmedia vir voorkomende geneeskundige en gesondheids-/voedings-projekte. Demonstrasies, lesings en praktiese sessies kan maklik as deel van ñ GO-projek beskryf word, soos in Omega die geval is.

Die mans behoort ook by hierdie aktiwiteite betrek te word. In hierdie opsig het Omega binne militêre verband ñ groot voordeel bo ander gemeenskappe. Die normale militêre opleidingsprogramme dek die bogenoemde projekte. By Omega word ñ groot deel van die vrouens en jeug, sowel as die meerderheid van die werkende mans by hierdie gesondheids-/ voedings-programme betrek.

Die geheim is hier, net soos by ander programme, eenvoud: begin eenvoudig en vorder na gelang van tyd tot hoër vlakke en nuwe ambisieuse projekte. (Jeppe 1983:81)

"Primary health care" is ñ term wat in hierdie verband gebruik word. Hierby word die sosiale doelwitte (menslike welvaart) net so belangrik soos die ekonomiese doelwitte.

Die behoefte aan gesondheid is ñ basiese behoefte van die mens. Macdonald maak ñ geldige punt deur gesondheidsorg as ñ geïntegreerde onderdeel van GO te beskou, en nie bloot as uitbreiding van bestaande mediese dienste nie. (Macdonald 1983:164)

Die doelwit moet wees, soos Beulah Leigh dit stel:

"To bring health to the people."

Hierdie doelwit word deur haar selfs belangriker geag as die behoefte na voorskoolse/skolastiese opleiding. (Leigh 1983:168)

Bo en behalwe die normale mediese dienste aangebied deur die siekeboeg (Sien afdeling 5.4.4.1), word daar ook gemeenskapsopleiding deur die susters gegee. Hierdie opleiding behels huishoudelike en persoonlik higiëne, koskooklesse, opleiding oor gesonde eetgewoontes en gebalanseerde diëte. Let wel dat dit nie bloot ñ uitbreiding van die normale mediese dienste is nie, maar ñ doelbewuste gemeenskapsmobilisasie-aksie.

Verder word babasorg- en gesinsbeplanningsvoorligting ook op gereelde wyse aangebied. Die vroue word meer spesifiek hierby betrek deurdat hierdie opleiding deel uitmaak van die uitgebreide vrouevoorligtingsprogram wat in samewerking met die VOS aangebied word. Daar is gevind dat die V!asekelavroue kleiner gesinne het en die babas beter gespasieer is as dié van die Kwé.

Daar is ook ñ higiëneperiode by die skool ingeruim. Hierdie periode, wat tans op ñ Donderdag val, word gebruik vir

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gesondheids- en higiëne-opleiding vir die skoolkinders. Dit word deur die mediese ordonnanse in samewerking met die gesondheidsoffisier en die dokters aangebied. Gesondheids- en mediese opleiding word ook as deel van die militêre opleidingsprogram aan die volwasse mans aangebied.

Siekteprofiel:

Algemeen gesproke is die voedingstatus van die volwasse Boesman goed. Die algemene gesondheidstoestand is ook goed. Anemie is egter volop en dit word toegeskryf aan kroniese malaria en haakwurmbesmetting. Die voorkoms van tuberkulose is hoog, veral onder die ou Boesmans, en so ook die insidensie van tandkaries onder die groep. Dit is interessant dat die algemene tandtoestand van die Boesmans wat buite die basis woon, heelwat beter is as dié wat in die basis woon. Die rede hiervoor is waarskynlik daarin geleë dat die Boesmans in die basis westerse eetgewoontes aangeleer het, sonder die westerse bewustheid van higiëne. Veneriese siektes, maligniteite en iskemiese hartsiektes is raar. Trachoom en endemiese malaria kom voor. Infektiewe siektes kom ook algemeen voor, veral infeksies van die boonste lugweë. ñ Probleem wat ondervind word, is dat ñ pasiënt telkens eers in die terminale siektefase na die siekeboeg toe gebring word, wat effektiewe mediese hulp kortwiek. Voorligting en opleiding behoort hierdie probleem ook te verlig.

Statistieke:

1. Sterftes teenoor aantal pasiënte (1981-1985)
   (Dit is moeilik om sterftes per totale bevolking te bepaal vanweë wisselende bevolkingsgetalle gedurende hierdie tydperk.)

	Dood:	Gebore:	Pasiënte:
1981	35	80	3329
1982	71	211	13350
1983		(onbekend)	
1984	68	220	5368
1985	66	179	8219

2. Oorsake van dood: (1984)

Gastroenteritis	150	
Onnatuurlik	100	(Moord,ongelukke ens.)
Doodgebore	100	
Prematuur babas	50	
Pneumonie	50	
Tuberkulose	50	
Malaria	30	
Meningitis	30	
Sepsis	20	
Operasionele sterftes	10	
Diverse sterftes	70	
Totaal	660	

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wanvoeding, wat vroeër een van die algemene sterfte-oorsake was, is tans glad nie meer ñ merkbare sterfte-oorsaak is nie. (Sien aanhangsel E vir statistiek oor doodsoorsake in vorige jare.)

Dit blyk dat die siekeboeg in Omega ñ ware gemeenskaps-ontwikkelingsrol speel deurdat dit al die segmente van die bevolking raak. Weens die kloof wat tussen die bevolking en die westerse tegnologie bestaan, is die impak nie altyd onmiddellik so groot nie. Deur egter voort te gaan om die hele gemeenskap by hierdie opleiding te betrek, kan ñ geleidelike saturasievlak bereik word, waar persoonlike higiëne en gesonde eetgewoontes, babasorg en algemene goeie gesondheidstoestande aan die orde van die dag sal wees. Dat die mediese en gesondheidsvoorligting wel suksesvol is, blyk uit die feit dat daar tans bykans geen kindersterftes weens wan- en ondervoeding plaasvind nie, terwyl dit enkele jare gelede nog endemies was. Alhoewel die verhoogde kwaliteit van mediese sorg ook hier ñ rol speel, is die verbeterde bewustheid van gesondheidsomstandighede waarskynlik die grootste bydraende faktor.

5.4.4 Gemeenskapsfasiliteite en -aktiwiteite

Die klem van GO is selfhelp, gemeenskapsdeelname en ñ verbetering van lewenskwaliteit. Die sosiale ontwikkelings-proses is van groter belang as die fisiese kwaliteit van die gemeenskap. Die gemeenskapsfasiliteite dien wel as demonstrasie van wat bereik is. Die probleem in Omega is dat laasgenoemde die meeste klem kry, omdat Omega tot ñ mate ñ vertoonstuk is.

Weer eens, verseker ware behoeftes as basiese vertrekpunt, nie altyd die beste resultate nie. Geïnduseerde behoeftes, waardeur die gemeenskap bewus gemaak word van die onderlig-gende redes vir hulle behoeftes, is meer effektief in hier-die verband. Fasiliteite gee tog ñ aanduiding van die veranderinge wat plaasvind. So kan meer mense tot deelname gemotiveer word. Die projekte moet nie te ambisieus wees nie en moet van klein na groot ontwikkel.

Uiteraard sal die aard van die fasiliteite afhang van die eksterne hulp, geld, transport, ensovoorts, wat beskikbaar is. Die aard van die gemeenskap sal ook die fasiliteite bepaal. (Clinard 1966:204-206; Du Preez 1981:234)

Sekere fasiliteite soos byvoorbeeld die kerkgebou, is direk gekoppel aan gemeenskapsaktiwiteite. Dit is moeilik om die twee velde te skei. Vir die doelwit van my studie het ek dit as ñ eenheid beskou.

Die probleem in Omega ontstaan rondom die aard van die basiese behoeftes en die identifikasie daarvan. ñ Baie lae handvaardigheid is ook ñ probleem.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ñ Oplossing in Omega in dié verband is gesetel in die effektiewe mobilisering van die Boesmanraad as mondstuk. Die normale weermag-kommunikasiekanale is ook redelik effektief. Verder behoort daar meer korttermyn "hoogsigbare", projekte aangepak te word.

Omega se fasiliteite, met uitsondering van die kerke, is grotendeels deur die weermag gebou en beplan. Van gemeenskapsaksie is daar in hierdie verband nie veel sprake nie.

Die uitsonderings hierop is die behuisingsprojek, wat in afdeling 5.4.9 bespreek word, en die kerk. Laasgenoemde is wel deur die gemeenskap, weliswaar met militêre hulp, gebou. Hier volg ñ bespreking van die fasiliteite wat tans in Omega bestaan:

5.4.4.1 Die Siekeboeg

Met die ontstaan van Alphakamp, was daar reeds ñ behoefte aan mediese sorg en is die eerste siekeboeg gestig. Dit is beman deur ñ mediese offisier en ñ mediese ordonnans, met soveel mediese uitrusting as wat in een trommel verpak kon word. Op daardie stadium het die siekeboeg bestaan uit ñ tent met 4 beddens.

Op ñ latere stadium is oorgetrek na waar Omega tans geleë is. ñ Kimbo (houthut) met ses beddens was toe beskikbaar. Soos die bevolking in Omega gegroei het, moes die geriewe weereens uitgebrei word en is ñ groter houtgebou opgerig, wat ñ totaal van twintig beddens beskikbaar gestel het. Hierdie siekeboeg het ook ñ teater vir noodgevalle, ñ ondersoekkamer, verbandkamer en stoorkamers gehad. Hierdie gebou sou in die toekoms te klein raak, en ook onmoontlik om higiënies te bedryf. Hiermee saam kon geen roetine-chirurgie met veiligheid gedoen word nie. As gevolg hiervan is besluit om ñ nuwe siekeboeg op te rig.

Die huidige siekeboeg is op 23 Februarie 1982 betrek en amptelik op 2 Junie 1982 deur die geneesheer-generaal, Lt-genl. N.J. Nieuwoudt, geopen.

Die huidige siekeboeg is ñ permanente konstruksie en bestaan uit 4 vleuels:

(i) Vleuel 1 bestaan uit toilette, ñ verbandkamer, personeelkamer, wagkamer, administrasie-kantore en die tandarts se kamers.

(ii) Vleuel 2 bestaan uit 3 konsultasiekamers, ñ apteek, ñ apteekstoor, ñ algemene stoor, ñ linnestoor en ñ kombuis.

(iii) Vleuel 3 bestaan uit die vroue/kindersaal, ñ susterkamer, kraamkamer, teater en teaterskrop en -stoorplek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(iv) Vleuel 4 bestaan uit ñ manssaal, speel/X-straal-kamer, susterslokaal en ñ sorgeenheid.

Siekeboegfasiliteite:

(i) Apteek: Die apteek word op ñ unieke wyse bedryf deurdat daar geen medikasie aan die pasiënte gegee word om by die huis te gebruik nie. In gevalle waar pasiënte nie opgeneem word in die siekeboeg nie, maar tog medikasie op gereelde of voorskrifbasis benodig, word daar drie maal per dag medikasie aan hulle gegee, volgens ñ kaartstelsel. Die pasiënt kom dan na die apteek, ontvang sy medisyne, welke dosis en dosering op rekord gehou word. Sy medikasie moet onder toesig van die mediese beampte geneem word. Op hierdie wyse kan effektiewe toediening van medisyne verseker word, asook rekords gehou word van die pasiënte se vordering al dan nie.

(ii) Die hospitaal word deur 37 personeellede beman, en verrig normale mediese dienste. Die organisasie sien daar soos volg uit:

a Drie dokters. Een dokter is ñ staandemaglid wat op Omega gestasioneer is, terwyl die ander twee gewoonlik dienspligtiges is.

b Drie susters. Al drie susters is gewoonlik staandemaglede wat in Omega gestasioneer is.

c Apteker. Daar is een apteker, gewoonlik ñ dienspligtige wat op rotasiebasis diens doen by Omega. Dit behels meestal drie maande in Omega en dan weer ñ rotasie na erens elders.

d Tandarts. Daar is ñ dienspligtige-tandarts met ñ redelike volledige en moderne chirurgiese eenheid. Die meeste roetine-tandwerk asook matige tandchirurgie kan hier uitgevoer word. Hierdie tandarts is ook op rotasiebasis in Omega.

e Gesondheidsoffisier. Daar is ñ dienspligtige-gesondheidsoffisier, wat ook op rotasiebasis na Omega gestuur word, alhoewel sy periode in Omega gewoonlik ñ jaar behels. Hy is verantwoordelik vir die gesondheidstoestand van die basis en sy mense. Hierby het hy ook ñ higiëne-opleidingsfunksie deurdat hy gesondheidsvoorligting aan die Boesmanbevolking aanbied.

f Radiografis. Daar is een radiografis, wat gewoonlik permanent in Omega gestasioneer is.

g Teaterassistente. Daar is ñ opgeleide teater-assistent wat normaalweg ñ dienspligtige is wat op

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

rotasiebasis werk.

h Daar is ook tien operasionele mediese-ordonnanse wat diens doen saam met die vegtende kompanies, en twee saal-ordonnanse. Bogenoemde personeel is meestal dienspligtiges wat op rotasiebasis na Omega toe kom.

i Laboratorium-tegnici. Daar is vier gekwalifiseerde tegnici wat ñ mobiele laboratorium beman . Hulle is opgeleide, meestal gegradueerde dienspligtiges wat op ñ rotasiebasis na Omega kom.

j Tolke. Daar is twee tolke, een ñ V!asekela en die ander ñ Kwė, wat algemene tolkdienste verrig.

k Saalhulpe. Daar is agt saalhulpe, wat indiensopleiding in Omega ondergaan en dan in die sale aangewend word. Die gevorderdes word dan geselekteer vir verdere mediese opleiding. Hierdie saalhulpe is uiteraard V!asekelas of Kwės.

(iii) Klinieke: Sowat 500 tot 800 mense word per maand deur die mobiele buiteklinieke behandel. Hierdie klinieke word deur ñ dokter en ñ mediese ordonnans aangebied met die samewerking van ñ tolk. Basiese medikasie word toegedien, opnames word gemaak van ernstige gevalle en siektes word geïdentifiseer. Verder het die mobiele kliniek ook ñ nie-amptelike sosiale funksie deurdat dit deur die plaaslike bevolking as ñ taksiediens beskou word om hulle veld toe en terug te vervoer. Hierdie passasiers word maar gedoog as ñ vervulling van ñ noodsaaklike funksie. Klinieke word in die hele Wes-Caprivi aangebied, spesifiek by Kambembe, Nagwajetan, Kasseta/Karate, en drie klinieke in Omega.

Alhoewel die siekeboeg nie deur gemeenskapsaksie gebou is nie, verrig dit ñ duidelike gemeenskapsopleidings- en -gesondheidsfunksie. (Sien afdeling 5.4.3 in die verband)

5.4.4.2 Dienste.

Hierdie is almal vaste fasiliteite wat deur die owerhede verskaf is. Dit het nie deur middel van GO tot stand gekom nie.

5.4.4.3 Winkel

Omega het ñ SAWI-winkel waar die meeste van die Boesmans hulle benodighede koop. Dit is ook nie ñ GO-projek nie, alhoewel dit ñ diens aan die gemeenskap lewer.

5.4.4.4 Kerk

Die Nederduits Gereformeerde Kerk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Kerk het twee gemeentes. ñ V!asekela- en ñ Kwė-gemeente. Daar is twee blanke predikante en twee Boesmanpredikers.

Die V!asekelagemeente is op 25 April 1982 amptelik gestig, alhoewel dit alreeds sedert 1975 begin funksioneer het. Die ledetal is 195 ingeskrewe lede met ñ kerkbywoning van sowat 230 lede. Mario Mahongo, een van die vlugtelingleiers, is die leraar.

Die Kwėgemeente is heelwat kleiner, met slegs sowat 100 gemeentelede onder leiding van Lani Dixon, een van die Boesman-predikers

Die gemeente (as geheel) het vir hulle ñ kerk gebou met behulp van die owerhede, maar op eie inisiatief en met eie arbeid. Voor die kerk staan ñ kerkklok wat uit Angola verkry is. Van al die fasiliteite op die basis, met uitsondering van die Kimbo's, is hierdie die enigste gebou wat naasteby voldoen aan enige vereistes van gemeenskapsaksie.

Die Kerk word op ñ baie charismaties manier aangebied en bywoning is totaal vrywillig. Die Boesmankultuur word nie amptelik verwerp nie. Die Kerk het ñ groot rol om te speel met betrekking tot behoeftebepaling en probleem-identifikasie. Dit is interessant dat die V!asekelagemeente baie meer aktief is as die Kwė-gemeente. Laasgenoemde blyk nie so dinamies te wees as die V!asekelagemeente nie. Dit is ook interessant dat die "Soutkerke" bykans geen steun onder die V!asekela geniet nie. Dit kom voor asof die Soutkerk direk met die NG-Kerk kompeteer.

Sendingwerk wat nie beheer word nie, rig geweldige skade aan ñ volkskultuur en -ontwikkeling aan. By Omega is dit egter nie die geval nie, en is daar geen Christelike eksklusiwiteit te bespeur nie. Na my mening handhaaf die NG Kerk ñ baie gesonde balans tussen etiek en charisma. Die Kerk speel ook ñ mobiliserende rol in die sosiale ontwikkeling van die Boesmans. So ontvang die skoolkinders ook godsdiensonderrig op skool.

Die Sionskerke:

In die volkverband staan dit bekend as Soutkerke, weens hulle gebruik van soutwater as braakmiddel. Hierdie is almal charismatiese kerke met groot aanhang onder die Kwė.

Daar is vyf verskillende Sions-kerke in Omega, naamlik:

a Faith of St John
b The Holy Galile Church of Zion in Botswana
c The Healing Church
d Head Mountain of God Apistolic Church
e New Jerusalem

Dit is interessant dat hierdie kerke almal ñ "trancedance"

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ken, waarom hulle dienste draai. Hierdie danse is waarskynlik een van die redes vir die gewildheid van hierdie kerke.

Die kerk in Omega is ñ ontwikkelings-braakland wat baie meer, veral die Sionskerke en hul leiers, by die ontwikkelingsproses betrek moet word. Hulle is bykans die sterkste leiers wat in Omega onder die Boesmans aanvaar word en moet as GO- agente gemobiliseer word.

5.4.5 Sport en ontspanning:

Sport en ontspanning kan baie deur GO aangewend word om die ontwikkelingsproses te stimuleer. Op dié manier kan ñ gemeenskapsgees geskep word. Die mense se organisatoriese vermoëns kan ook so verbeter word. Grootskaalse gemeenskapsdeelname kan ook verkry word.

Koördinasie met ander GO-programme help ook om groter getalle van die gemeenskap by ander projekte betrokke te kry. Die doelwit om die voordele van ñ gesonde gemeenskapsgees en deelname uit te wys, moet onderliggend aan deelname wees.

Aktiwiteite soos sport, drama, danse, sang, filmvertonings, atletiek en groepsport kan ook bydra tot die skepping van verskillende soorte "klubs". Hierdie groeperings kan leierskap en kreatiwiteit in die gemeenskap stimuleer. (Jeppe 1983:79; Byram and Kidd 1976: Clinard 1966:228-234)

By Omega is daar probleme in hierdie verband:

- Baie van die sportsoorte en ontspanningsmiddele is ñ totale nuwe begrip vir die Boesmans.

- Hulle ken nie die sportsoorte nie.

- Hulle is te passief en word nie baie maklik tot sport en ontspannings-aksies gemobiliseer nie.

- Verder is daar ook groot oorlewingsdruk op die Boesmans. Baie van hulle het nie tyd vir georganiseerde sport en ontspanning nie.

- Geld en organisasiemiddele is uiteraard ñ groot probleem.

Hoe kan effektiewe deelname egter bereik word?

- Daar moet meer geleenthede geskep word vir gemeenskapsport. Daar moet ook wyer publisiteit daaraan verleen word.

- Nasionale dae en/of nasionale feeste moet geskep of beklemtoon word. Kraaidag en Alphadag kan in Omega baie beter in dié verband gemobiliseer word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Deelname kan verbeter word deurdat leiers in die gemeenskapsaktiwiteite geïdentifiseer word. Openbare erkenning aan sulke leiers sal ook ñ positiewe effek hê.

- Die organisasie en beplanning van sulke geleenthede op Omega behoort verbeter te word.

- Tradisionele danse en feeste moet gekombineer word. Die groot populêre deelname aan die Sionistiese Kerke se danse is ñ goeie voorbeeld. Indien sulke danse ook op ander geleenthede gestimileer sou word, kan ñ wyer gemeenskapsgees geskep word.

- Dramas kan ñ groot invloed op die Boesmans uitoefen. Dit is ñ goeie kommunikasiemiddel met populêre aanhang. Gemeenskapsprobleme kan so geïdentifiseer en uitgebeeld word. Die gemeenskap raak dan bewus van en betrokke by die probleme.

- Sport en ontspanning kan baie verbeter word indien die kadette en die ouers saam betrek word. Kompetisies kan samewerking in hierdie verband baie verbeter.

Daar is heelwat voordele verbonde aan effektiewe sport en ontspanning. Dit verhoog die organisasievermoë en belangstel- ling van die gemeenskap en stimuleer gemeemskapsdeelname en -gees. Horisontale en vertikale kommunikasie word verbeter en leiers word geïdentifiseer en gemobiliseer.

Daar word tans bykans niks in Omega gedoen om deelname aan sport en ontspanning onder die algemene bevolking te stimuleer nie. In hierdie opsig is GO nog nie effektief aangewend nie, alhoewel daar toekomsplanne is wat die probleem behoort op te los.

Sport en ontspanning word net in die weermag en die skool/ kadette op georganiseerde basis aangebied. Dit verloor effek omdat dit nie die hele gemeenskap betrek nie.

5.4.6 Mobilisering en aktivering van die Jeug:

Die jeug kan ñ groot rol speel by GO. Die werkloosheid onder die jeug gee aanleiding tot sosiale probleme. Relatief min kinders woon die skole by. Hiermee saam is daar ñ gebrek aan ontspannings-fassiliteite.

Die idealisme en entoesiasme van die jeug kan, deur middel van deelname aan GO-projekte, bogenoemde probleme oplos. Die jeug kan maklik oortuig word om deel te neem aan jeug- en gemeenskapsaktiwiteite. Die verskeidenheid aktiwiteite waaraan die jeug kan deelneem is onbeperk. (United Nations 1972:12-13; Jeppe 1981:80-81)

ñ Groot persentasie van Omega se bevolking bestaan uit die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

jeug. Hulle is verveeld, woon selde ñ skool by en het begin om jeug-bendes te stig. Die klem het in Omega altyd gerus op die opleiding en aanwending van die militêre personeel. Daar is gewoonlik nie aandag gegee aan ontspanning en opleiding van die jeug nie.

Die skool is altyd beskou as jeugmobiliserings-agent, maar het vanweë die lae aantal skoolgaande kinders, nie die gewenste invloed gehad nie. Daar is toe begin met ñ kadetstelsel om die probleem van leeglêery en verveeldheid te bowe te kom. Die skool en die kadette is tans die belangrikste jeugmobiliseringsagente in Omega.

5.4.6.1 Die Skool:

Algemeen:

Skoling het gedurende 1975 by die ou Alpha-basis begin. Die kinders het in tente skoolgegaan. Net seuns kon die skool bywoon en moes Afrikaans leer om in die weermag diens te kon doen. Verder is hulle geleer om te dril en te sing. Die skool het net as pre-militêre fase gedien.

Gedurende 1976 het die dogters ook die skool begin bywoon. Klasse was apart aangebied en die V!asekelas en Kwès is ook geskei. Hulle het net onderrig in Afrikaans, higiëne, dril en sang ontvang.

Die laerskool in Omega is op 10 Augustus 1977 deur Kmdt. C.P. Upton gestig en op 13 Augustus geregistreer by die Departement van Onderwys en Opleiding in Pretoria.

Die skool het elke jaar uitgebrei totdat dit in 1986 kan spog met 15 gekwalifiseerde blanke onderwysers en ñ skoolhoof. Die skool het nou 104 leerlinge, van sub a tot st.7. Opmerking: Dit blyk dat slegs ñ klein persentasie van die totale aantal kinders die skool bywoon. Daar bestaan tans nog ñ groot "generasiegaping" tussen die ouers en die skool.

Die volgende algemene onderwysprobleme word ook in Omega ondervind.

(i) Die Onderwys neem nie die ontwikkelings behoeftes van die gemeenskap in ag nie. (Vergelyk Goldthorpe 1975:204-205; Todaro 1977:262-263)

By Omega word die Kaapse-Provinsiale Onderwysdepartement se sillabus gevolg. Baie van die vakke is heeltemal buite die Boesman se verwysingsraamwerk. Volgens die onderwysers is dit een van die grootste probleme. Die toepaslikheid van die Franse revolusie op die Boesmankind en sy behoeftes is byvoorbeeld verdag.

(ii) Daar is telkens ñ wanverband tussen die opleidings-produk en die samelewingsbehoeftes. Hiermee saam is daar ñ oorbeklemtoning van akademiese opleiding,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eerder as tegniese en landbougerigte opleiding. (Vergelyk Goldthorpe 1975:204-205; Hunter 1969:257; Jeppe 1983:23; Meier 1970:612-617; Todaro 1977:266-272)

Vakke soos Wiskunde, Geskiedenis (spesifiek Suid-Afrikaanse en Europese geskiedenis), Bybelkunde en selfs Aardrykskunde het min of geen betrekking op die ontwikkelingsproblematiek van Omega in sy huidige stadium van ontwikkeling nie.

Nadat daar in 1975 begin is met Afrikaans as enigste vak, het die sillabus uitgebrei na Geskiedenis, Aardryksunde, Engels, Algemene Wetenskap, Wiskunde, Boekhou, Bybelkunde, Skool- voorligting, Gesondheisleer, Landboukunde, Godsdiensonderrig en Naaldwerk. Alle klasse behalwe Engels, word in Afrikaans aangebied. (Lee het ernstige kritiek teen die gebruik van Afrikaans in die skool. Volgens hom is dit ñ doelbewuste poging om die Boesman te beheer omdat hy nie vir ander invloede vatbaar sal wees as hy dit nie kan verstaan nie. Verder is dit ook volgens hom, ñ doelbewuste poging om die Boesman te Afrikaniseer en te isoleer binne die sogenaamde "apartheidsideologie".)

Skool/ouer-koördinasie:

Hierdie is ñ spesifieke probleemarea in Omega. Die ouers het min begrip van die skool en wat daar gebeur. Daar is gedurende 1981 ñ braaivleis by die skool gehou om juis hierdie probleem te bowe te kom. Die leerlingraad, die Boesmanraad en die personeel was teenwoordig. Die doelwit was om die noodsaaklikheid van skoolbywoning oor te dra. Twee dae later het daar ñ honderd nuwe leerlinge by die skool aangekom. Daar is ook gedurende Mei 1981 by die skool begin met naaldwerkklasse vir die ouers. Op 3 Junie 1981 is die eerste oueraand by die skool gehou. Die bywoning was baie swak, waarskynlik omdat dit die eerste sodanige aanbieding was.

Buitemuurse aktiwiteite en sport:

Sokker, vlugbal, hokkie, netbal en krieket word by die Omegaskool beoefen. Sokker is tans die gewildste sportsoort en wedstryde word soms teen spanne van omringende gemeenskappe, soos byvoorbeeld Rundu, gespeel. Hokkie- en atletiekbyeenkomste word gereeld gehou. Die Omega-leerlinge presteer oor die algemeen goed in die kort- en langafstande. Karate en Boks word ook as sportsoorte aangebied.

Leierskapsmobilisasie:

Die Boesmankinders met potensiaal word geïdentifiseer en soms meer gestimuleer. Sport speel in hierdie verband ñ groot rol. Gedurende 1981 is die eerste leerlingraad gekies. Daar is ook ñ hoofseun gekies. Almal het balkies ontvang om hulle van die ander leerlinge te onderskei.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gedurende 1982 het die leerlingraad vir die eerste keer gehelp met die handhawing van dissipline in die skool. Daar word gepoog om basiese leiereienskappe by die spesifieke kinders aan te wakker deur selektiewe take by die skool en die veldskole aan hulle op te dra.

Veldskole word gereeld gereël om die kinders van die veld en hul kultuur bewus te maak. Hierdie veldskole word deur van die ouer Boesman-onderoffisiere aangebied. Die kinders leer veldkosse ken en ook om spoor te sny.

Sport- en kultuurtoere word telkens aangebied. So was daar al ñ sokkertoer na die Transvaal onderneem. Alhoewel dit ñ sokkertoer was, was die klem opvoedkundig van aard. Daar was ook al etlike toere na Windhoek onderneem. Hierdie toere maak die Boesman bewus van ñ groter bestaan as Omega.

Dit blyk dat die skool se buitemuurse aktiwiteite ñ baie groter bydrae tot effektiewe GO lewer as die binnemuurse akademiese program.

Die leerlinge van die VOS het die skool vir die eerste keer gedurende 1982 besoek. Die noodsaak van skoolonderrig is aan die vroue duidelik gemaak. Daar kan nog baie gedoen word om die skool meer bekend by die ouers te maak. Aandag behoort hieraan gegee te word, want indien die ouers se samewerking verkry word, kan dit die skoolbywoning en skolingseffek baie verbeter.

5.4.6.2 Kadette:

Die nie-skoolgaande jeug, asook sommige wat reeds hulle skoling voltooi het, word hierby betrek.

Die kadette is ñ prê-militêre opleidingsfase. Almal wat by die weermag wil aansluit, word vanuit die kadette gekeur.

Leierspotensiaal word deur middel van die kadette geïdentifiseer. Persone wat hier geïdentifiseer word, word algaande meer verantwooordelikhede gegee.

Die voordele verbonde aan die kadette sluit die volgende in:

1) Dit betrek die jeug by die gemeenskapsaktiwiteite. Entoesiasme en idealisme kàn so gekweek word, om hul gemeenskapsbydrae te verhoog.

2) Deur die kadetstelsel word die jeug ook beheer en kan die uitwerking van nadelige westerse invloede beheer en beperk word. Uiteraard beperk die kadetstelsel ook bendevorming en leeglêery.

Slegs mans tussen die ouderdomme van 17 en 35 jaar word by die kadette betrek. Daar is tans sowat 230 kadette. Hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is nog ñ betreklike nuwe stelsel en is eers gedurende 1985 begin.

Die kadette word deur die staat besoldig teen R 1 per dag. Hulle word ook van kos en ñ werkspak voorsien. Hulle word ook op rotasiebasis by die handwerksentrum, die hospitaal, die kombuis, die voertuigpark en die steenmakery aangewend. Dit dien as ñ vooraffase vir verdere indiensopleiding.(Sien afdeling 5.4.1.2 in hierdie verband.) Die kadette word verder vir onderhoudstake aangewend. Daar bestaan die gevaar dat hulle naderhand net vir loswerkies gebruik sal word. Dit verlaag hulle status tot dié van "Kandando's" en verminder hulle potensiële waarde as ñ goeie agent vir GO. (Sien afdeling 5.4.2.2 in dié verband.)

Die kadette leer ook om te dril en doen ook liggaamlike opvoeding op spanbasis. Kompeterende speletjies word tydens liggaamlike oefening-periodes gespeel. Let wel dat daar nooit direkte kompetisie tussen die V!asekela en die Kwé plaasvind nie. Verder doen hulle ook mee aan die veldskole onder leiding van die Boesmansersante.

Die kadette gaan ook op ñ wisselgrondslag na die VOS toe waar hulle opleiding ontvang. (Sien afdeling 5.4.1.1 in hierdie verband.)

Die kadette geniet ñ hoë status onder die ouers en die jeug, soveel so dat baie vaders hulle seuns na die kadette bring.

Daar is tans ñ blanke- en ñ Boesmansersant asook 5 korporaals betrokke by die kadette. Hulle staan in beheer van die groepe en gee drilopleiding.

Die kadette het die potensiaal om ñ baie groot rol in GO te speel. Dit is problematies dat hulle tans grootendeels vir basisonderhoud gebruik word. ñ Groot leemte is egter daarin geleë dat net die mans betrek word! Mobilisering van die dogters is amper meer belangrik.

Daar word uiteindelik beplan dat die kadette in seksies ingedeel sal word, elk met ñ besonderse simbool, soos byvoorbeeld ñ ander kleur of wapen. Hulle sal aangevoer word deur seksieleiers uit hulle eie geledere. Pryse sal toegeken word aan die seksie wat die beste presteer. Hulle sal ook landbou-opleiding ondergaan en daarmee kompeteer. As dit suksesvol is, is dit ñ groot stap vorentoe. Dan kan daar werklik effektiewe GO wees.

Die GO-projek in Omega is nie bedoel om ñ vertoonstuk te wees nie. Dit is ñ GO-projek. Daar moet gewaak word teen die versoeking om die kadette as arbeid te gebruik. Word dit gedoen, dan word daar ñ bespotting gemaak van die GO-aksie onder hulle. Basisnetheid is beslis nie ñ prioriteit vir die kadette nie. Daar behoort onder geen omstandighede ooit van opleidingtyd gebruikgemaak te word

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vir ander ad hoc-take nie. Om die basis netjies te hou, kan daar eerder ñ werksperiode ingeruim word vir basisonderhoud. Daar moet egter dan by die program gehou word.

5.4.7 Mobilisering en aktivering van leiers:

Leierskap is van kardinale belang in GO. Leiers speel ñ strategiese rol en kan nie geïgnoreer word nie. Voordat enige program effektief kan begin funksioneer, moet daar eers leierskapsidentifikasie en mobilisasie wees. GO kan groot probleme ondervind as die leiers van die gemeenskap nie wil saamwerk nie. Geen GO kan dus plaasvind sonder dat die plaaslike leiers daarin geken is nie. Tradisionele leiers se posisies is te danke en onderhewig aan ñ stel tradisionele gebruiksreëls, wat nie geïgnoreer kan word nie, omdat die gemeenskap dan nie meer hulle steun aan die betrokke leier sal gee nie.

Leierskapsrolle kan wissel van demokraties tot outoritêr. By Omega is daar in hierdie verband ñ probleem. Daar word gepoog om demokrasie te stimuleer vanuit ñ outokratiese beheerstelsel, by name die weermag.

Leiers kan op verskillende wyses geïdentifiseer word. Hulle kan geïdentifiseer word na gelang van die strukturele-rol wat hulle speel, na gelang van hul persoonlike kwaliteite of na gelang van die funksionele-rol wat hulle speel.

Daar is verskeie soorte leierskategorieë:

(i) Tradisionele leiers. Hierdie leierskaps identifikasie spreek vanself. Daar is in Omega geen ware leiers wat in hierdie kategorie val nie.

(ii) Plaaslike politieke leiers. Hierdie leiers is deel van die grooter politieke eenheid en funksioneer as plaaslike verteenwoordigers daarvan. Daar kom ook geen sulke leiers in Omega voor nie. Die leiers my Omega, soos byvoorbeeld Kamama, het nog nie ñ politieke funksie nie.

(iii) Plaaslike opvoeders. Hierdie is die mense wat verantwoordelik is vir opleiding en onderwys in die gemeenskap. So sal ñ skoolhoof ñ leierskapsrol binne die gemeenskap speel. Omega het twee sulke persone, albei onderwysers by die Boesmanskool. Tog funksioneer hulle nie werklik as leiers nie, waarskynlik omdat die bevolking tans nog ñ lae belangstelling in die skool het.

(iv) Administratiewe leiers. Hierdie is gewoonlik die spesialiste in byvoorbeeld landbou of gesondheidsdienste. By Omega word hierdie funksies deur die blankes vervul en is daar geen Boesman-identifikasie met so ñ leier nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(v) Kerkleiers. Hierdie leiers kan die plaaslike prediker wees. By Omega is daar wel sulke persone, maar hulle het nie veel gesag buite hulle gemeentes nie.

(vi) Siviele-leiers. Hierdie persone is die hoof van een of ander siviele korporasie, byvoorbeeld die koöperasie of een of ander sosiale klub. Hierdie soort leiers is ook in Omega afwesig.

(vii) Natuurlike-leiers. In westerse terme is hulle die charismatiese leiers. Hulle is leiers as gevolg van hulle persoonlike kwaliteite. Omega het wel sulke leiersfigure, maar nog nie so strek gedefinieer soos in die meer ontwikkelde gemeenskappe nie.

(viii) Leiers van buite die gemeenskap. Hierdie is meestal persone van ñ ander etniese groep of gemeenskap. Die blanke offisiere in Omega is voorbeelde van sulke leiers. Hulle geniet gewoonlik ñ hoë status in die gemeenskap.

(Arendsberg & Niehof 1971:136-142; Clinard 1966:290-294; Edwards & Jones 1976:168-174; Ferrinho 1980:71-72; Jeppe 1983:131,103-108; Kotzé & Swanepoel 1983:51-57; Pasmore 1972:94-96.)

Die Kwé het wel ñ leier in die persoon van Kamama. Leiers is ñ belegging in die toekoms. Om dit in Omega te verseker, moet die leiers gestimuleer word en moet die gemeenskap so opgelei word dat die leiers gesag in die gemeenskap inboesem.Die Boesmanraad begin meer en meer hierdie funksie vervul, ten spyte van ñ baie stadige begin. (Die feit dat die blankes in die basis te "veel" gesag het, vererger ook hierdie situasie. Vanuit ñ militêre oogpunt moet genoem word dat alle offisiere in Omega blank is. Uiteraard het die Boesmanleiers, omdat hulle net sersante is en dus op militêre vlak laer gesag as die offisiere het, ñ laer status by die jeug en die siviele personeel. Hierdie probleem behoort egter in die toekoms opgelos te word soos wat die Boesmans tot offisiersvlak ontwikkel)

5.4.7.1 Militêre leiersgroep:

Hierdie leiers ondergaan die standaard SWAGB-leierskaps-opleiding. Dit behels alle aspekte van leierskap, besluitneming en organisasie asook sekere fisiese toetsing. Die doelwit hier is nie om ñ gemeenskapsleier te skep nie, maar wel ñ militêre leier. By Omega word dié wat die kursus suksesvol voltooi onderoffisiere. Dit interessant dat hierdie mense tog ñ siviele rol speel insoverre as wat hulle deel uitmaak van die Boesmansraad wat as verteenwoordigers van die gemeenskap optree. Hierdie leierskapsopleiding het dus ñ dubbele rol, naamlik militêr en siviel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.4.7.2 Die Boesmanraad:

Die Boesmanraad het sy ontstaan gehad kort na die vestiging van Omega. Kol. Delville Linford, ñ stigterslid van Omega, het eers op informele wyse op Sondae met Kamama en sy sersante byeengekom om probleme in die eenheid te bespreek.

Hierdie vergadering as sodanig, het nog nie as die Boesmanraad bekend gestaan nie, maar was die voorloper daarvan. Kamama en sy sersante was verantwoordelik vir die handhawing van dissipline tussen die Boesmans.

Tans staan hulle as die Boesmanraad bekend. Dit het nou ñ formele instelling geword. Die Boesmanraad vergader formeel een keer per maand, alhoewel hulle meer dikwels op versoek ook vergader. Tans bestaan die raad uit al die Boesman-sersante en sommige van die ander onderoffisiere. Die ledetal wissel tussen 20 en 25.

Die amptelike funksie van die Boesmanraad is om as spreekbuis en kommunikasiekanaal tussen die owerhede en die gemeenskap te dien. Kmdt. Jooste het genoem dat hy probleme ondervind om hulle so ver te kry om oor gemeenskapssake te rapporteer en om gemeenskaplike behoeftes aan te meld. Die tendens bestaan dat die lede van die Boesmanraad net oor hulle eie persoonlike probleme praat, ñ kla-sessie dus. (Persoonlike mededeling)

Daar word egter ñ daadwerklike poging aangewend om die Boesmanraad in hulle siviele kapasiteit as spreekbuis te stimuleer. Hierdie proses begin vrugte afwerp alhoewel die raad hulleself nog nie as werklik verteenwoordigend sien nie. Die rede hiervoor is dat die Boesman nie ñ tradisionele leiersbegrip het nie. Tog is daar reeds ñ mate van selfidentifikasie van probleme en behoeftes vanuit die gemeenskap deur die Boesmanraad.

Die Boesmanraad beregtig ook siviele en sosiale konflik. Die onderwerp wat egter die meeste aangeraak word is motorvoertuie en geld. Die kwessie van motorvoertuie word later bespreek. Dit is opmerklik dat die Boesmanraad as sodanig nie ñ leier het nie. Al die lede tree as gelykes op. Die gemeenskap steur hulle ook nie opmerklik baie aan die Boesmanraad nie. Binne militêre verband het hulle egter meer gesag. Die troepe is heelwat meer gedienstig teenoor die raad, as die siviele bevolking.

Dit blyk weer duidelik dat die gebrek aan ñ effektiewe leierskapstruktuur die Boesman ontwikkeling geweldig kniehalter. Dit is egter simptomaties van baie ander gemeenskappe, selfs waar daar wel gevestigde leierstrukture bestaan, met tweespalt tussen hulle. Opmerking: Dit is in omstandighede soos hierdie wat die waarde van selektief gestimuleerde behoeftes weer te vore tree. Daar kan nie effektiewe seleksie van behoeftes wees as daar nie eers ñ

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gevestigde leierskapstruktuur is nie. Gepaardgaande hiermee is daar ook ñ gebrek aan gemeenskapsartikulasie. Hierdie twee probleme is waarskynlik die ernstigste struikelblokke wat oorkom moet word voordat die Boesman ooit enige sinvolle ontwikkeling sal toon of politieke toekoms in interaksie met ander groepe sal vind.

5.4.8 Mobilisering en aktivering van die vrou.

Die projekte wat op die vrou gemik is, is van die belangrikste aspekte van GO. Baie van die instansies wat reeds bespreek is, soos die VOS, die HWS, die kerke, die hospitaal, ensovoorts is uiteraard ook op die vrou gerig. Die vrou word ook geraak deur onderwerpe soos tuisteskepping, gesinsorg, voeding, tuisnywerhede en gesinsbeplanning.

Die vrou speel ook ñ groot rol om ñ stabiele gemeenskapslewe te verseker. Informele onderrig van die jeug is ook uitsluitlik ñ funksie wat deur die vrou verrig word. (United Nations 1963: 39-42; United Nations 1972 11,14-17,63-68; United Nations 1971:23)

Sekere probleme kom egter in hierdie verband in Omega voor:

(i) Die Boesmanvrou is passief en raak nie maklik gestimuleer tot nuwe aktiwiteite nie.

(ii) Die vroue, het ook geen belangstelling in verandering en vernuwing nie. Baie van die gemeenskaps- aktiwiteite val heeltemal buite die vrou se verwysingsraamwerk.

(iii) Die vroue het ñ swak higiëne en gesondheidsbewustheid. Dit skep ñ ongunstige klimaat vir die kind. Die kind se ontwikkeling word dan hierdeur benadeel. Die GO-projekte se stimulering verloor dan impak op die gesin. Dit is tog die vrou wat die grootste opvoedingsrol teenoor die kind speel.

Moontlike oplossings vir hierdie probleem is die volgende:

(i) Selektiewe opleiding kan die vroue bewus maak van hul gebrekkige omstandighede. Deur verdere opleiding kan sy toegerus word om iets daaromtrent te doen. Korrekte opleiding impliseer meer as net om iets te leer. Dit behels ñ stimulerings en bewusmakings- proses waardeur oplossings vir probleme verkry kan word.

(ii) Die vroue moet meer betrek word by algemene gemeenskapsaktiwiteite. Deelname aan markte, sportbyeenkomste en selfs geselsgroepe kan die vrou stimuleer om waarlik deel van die gemeenskap te word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(iii) Die vrouens moet meer betrek word by die skool en sy aktiwiteite. Hulle moet ñ identifikasie met die skool as opleidingsagent opbou. Dit kan gedoen word deur die vrouens fisies by die skool opleiding te gee. Hierdeur sal die generasiegaping tussen die skoolkind en sy/haar ouers kleiner gemaak word.

(iv) Vroue moet selektief opgelei word. Die sersante se vrouens moet in hierdie verband eerste betrek word. Hulle kan dan help om die res van die gemeenskap te bereik.

(v) Opgeleide vrouens moet meer in kontak met die Boesmanvrou gebring word. Vrouens verstaan mekaar beter en het ñ grooter gemeenskaplike basis vir begrip as wat hulle met ñ man het. Opleiding deur vroue aan vroue oor sekere aspekte van die gemeenskapslewe, soos byvoorbeeld gesondheid, gesinsbeplanning, tuisteskepping ensovoorts, is meer effektief as wanneer dieselfde onderwerpe deur mans aangebied word. Die gaping tussen die man en die vrou is telkens te groot.

By Omega word die vrouens bo en behalwe die aspekte reeds bespreek, ook gemobiliseer deur middel van kursusse, klinieke en die vormingseksie.

5.4.8.1 Kursusse:

Daar word ñ groot verskeidenheid kursusse deur die basispersoneel in Omega aan die Boesmanvrou aangebied. Daar word gepoog om al die vroue in Omega op ñ rotasiebasis te betrek.

Gesondheidskursusse:

Gemeenskapsopleiding word bo en behalwe die normale mediese dienste aangebied. (Sien afdeling 5.4.3 in hierdie verband.) Die hospitaalsusters gee kursusse oor huishoudelike en persoonlike higiëne. Die klem word hier gelê op voorkomende geneeskunde en die skepping van gesonde huislike omstandighede.

Daar word verder ook kursusse aangebied oor koskook, gesonde eetgewoontes en gebalanseerde diëte. Daar is ñ groot behoefte aan sulke opleiding. Die volgende geval kan as voorbeeld dien:

Maj. van Rooyen, die senior mediese-offisier in Omega het vertel van die Boesmanbaba wat byna gesterf het as gevolg van wanvoeding. By nadere ondersoek blyk dit dat sy ma hom uitsluitlik met Sodacrème gevoer het. Die moeder het in haar onkunde gedink dat as die baba daarvan hou, dit goed moet wees vir hom. Dat hierdie kursusse wel ñ groot impak het, blyk uit die feit dat wanvoeding nie meer een van die algemene doodsoorsake in Omega is nie. (Vergelyk afdeling 5.4.3 oor siekteprofiele in hierdie verband.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gesinsbeplanning en babasorgkursusse word ook aangebied. Hierdie deel van die kursusse vorm deel van die uitgebreide voorligtingsprogram wat in samewerking met VOS aangebied word.Al bogenoemde kursusse bestaan uit ñ kombinasie van voorlesings, demonstrasies en praktiese sessies. Die impak van hierdie kursusse is al waarneembaar. So is die V!asekela-vrou se kinders al reeds beter gespasieer en haar gesinne kleiner as dié van tradisionele V!asekela. Daar word gevind dat die impak in hierdie verband nie so groot was op die Kwé-vrou nie. Sy het nog steeds groot gesinne en swak gespasieerde kinders. Hoekom hierdie aspek van die kursusse meer invloed op die V!asekelavrou, as op die Kwé gehad het, is ñ ope vraag.

Ontwikkelingskursusse:

Hierdie kursusse is meer basies van aard en staan onder beheer van die vormingseksie van die VOS. Dit is ingestel om as basis vir verdere opleiding en stimulering te dien. Hierdie kursusse behels basiese ontwikkelingsbegrippe, die verbetering van lewensomstandighede, die rol en plek van die vrou, ensovoorts. Geestesweerbaarheid word beklemtoon. Die kursusse word op ñ vierweeklikse basis aangebied en sal vir ñ tweejaar-periode aaneenlopend aangebied word. Die ideaal is om al die vrouens in Omega so te betrek.

5.4.8.2 Klinieke :

Die gesondheidskursusse word soms deur middel van die klinieke ook aan die vrou buite Omega oorgedra. Dit gebeur nie op so ñ georganiseerde, gereelde basis soos die kursusse binne Omega nie. Dit is meer ñ uitgebreide gemeenskapsdiens. (Sien afdeling 5.4.4.1 vir meer detail oor die werking en omvang van die klinieke.)

5.4.8.3 Vormingseksie:

Die jaar 1986-1987 was in Omega die jaar van die vrou. Die doelwit is om die Boesmanvrou te ontwikkel sodat sy nie agterbly by die man se ontwikkelingspeil nie. Die vrou word gesien as sleutel tot die volk se ontwikkeling.

Die kursus wat deur die vormingseksie aangebied word, behels ñ program in ñ vierweeklikse fase.

Week Een: Weerbaarheid.

Die ma en haar klein kinders word betrek. Die ma en haar klein kinders word betrek. Dié deel van die kursus word by die Kavangorivier naby die Poppa-valle aangebied. Die volgende aspekte word hier behandel:

- Menslike verhoudinge en interaksies tussen mense.
- Die vrou se eie identiteid en persoonlikheid.
- Die Boesman se unieke kultuur.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Week twee tot vier: ñ Prakties-gerigte program.

Hierdie deel van die kursus word in Omega self aangebied. Die daaglikse roetine verloop normaalweg soos volg:

- Vanaf 08h00 tot 09h30: Basiese naaldwerk en rygwerk. Later volgop meer gevorderde vlak ook eenvoudige werk met die naaimasjiene. Die doelwit is nie allerhande indrukwekkende naaldwerkskeppings nie, maar eenvoudige opleiding sodat die vrou haar en haar gesin se klere kan versorg en regmaak. Hierdie deel van die kursus word in die handwerksentrum aangebied.

- 09h30 tot 10h00: Evangelisasie en Kapelaansperiode.

- 10h30 tot 13h00: Hierdie deel van die kursus word by die VOS aangebied. Dit behels volwasse-onderrig, sing en tel. Die vroue leer ock basiese handvaardighede aan en later ook om te skryf en basiese woorde te kan herken.

- 15h00 tot 16h00: Hierdie deel van die program word deur die hospitaalsusters en personeel aangebied. Dit behels kindersorg, persoonlike higiëne, gesinsorg en basiese kookkuns.

Daar sal opgemerk word dat die kursus so ingedeel is dat die vrou nog tyd oor het om vir haar man en gesin te sorg. Hierdie kursusse is totaal vrywillig.

Hierdie kursus, soos aangebied deur die vormingseksie, is baie suksesvol. Dit staan nog in sy beginskoene, maar die vroue is reeds baie entoesiasties hieroor. Die eerste 184 kursus is aangebied vir ñ groep van 32 Kwè-vrouens. Dit was baie geslaag. Die tweede groep was 30 V!asekela-vrouens. Hulle was net so entoesiastie en positief.

Die ideaal is dat hierdie as ñ soort bekendstelling tot ontwikkeling moet dien en dat die vrouens dan op eie inisiatief na die volwasse-onderrigsentrum sal gaan vir verdere onderrig. Dit is interessant dat meer as 90 % van die vroue wat reeds deur die kursus betrek is, die handwerksentrum nou op gereelde grondslag besoek. Verder gaan gepoog word om die sersante se vrouens meer direk hierby te betrek, eers om net die kursus deur te gaan, maar later om ook ñ opleidingsfunksie te speel. Dit sal die sosiale druk op die gemeenskap se vroue verhoog om sulke kursusse by te woon.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daar bestaan ñ ontwikkelingsbraakland in Omega, naamlik die jong meisies. Daar word tans nog weinig gedoen om hulle te mobiliseer. Die seuns het die kadette, terwyl die meisies net die skool het. Kmdt. Jooste, die huidige bevelvoerder (1986) beoog om die dogters meer effektief te betrek. Eerstens beoog hy om hulle by ñ soort kadet- organisasie te betrek. Dit sal waarskynlik iets soortgelyks aan ñ "girl guides" beweging wees. Verder word ñ mini- volwasse vormingskursus vir hulle beoog. Hiervolgens sal hulle tradisies bevestig en hulle bewus gemaak word van hulle veranderde rol te midde van ñ veranderende wêreld. Die identifikasie van potensiële leiers sal ook hier gedon word.

ñ Ideaal kan hier geskets word: Indien die eerste man en vrou op Omega wat albei skoolopleiding tot ten minste standerd sewe of agt gehad het, trou, dan het Omega ñ mylpaal behaal. Dit sou beteken dat hulle kinders, die eerstes sal wees wat reeds ñ mate van ontwikkelings akkulturasie ondergaan het. Hierdie kinders sal tereg die toekoms van Omega op hulle skouers dra. Vanaf hierdie oomblik sal die nuwe generasie van Omega in staat wees om uit te gaan na die wêreld daarbuite.

5.4.9 Behuising:

Die skepping van behuising deur die regeringsinstansies is nie GO nie. Dit is omgewingsontwikkeling. GO behels die opleiding en motivering van die gemeenskap, om self, met die nodige hulp en bystand, hulle behuisingsprobleme op te los of te verlig.

In effek beteken dit dat die owerheidsinstansies die nodige basiese dienste, en die gemeenskap die arbeid moet verskaf. Die owerheidsinstansies kan help met die beplanning en implementering maar die mense self moet die hoofrol speel in die verbetering van sy omstandighede.

Die les lê hierin dat die behoefte die prioriteit is, en dat daar nie te veel gemoraliseer moet word oor of dit met GO bereik is of nie. In die geval van Omega sou selfhelp in sy suiwer vorm te stadig wees om aan die gemeenskaps-behoeftes te voldoen. Daarom het die owerhede, heel tereg, besluit om eerder die basiese behuising te verskaf (omgewingsontwikkeling dus) om so vinnig soos moontlik te voorsien in die mense se mees basiese behoefte. As daar hieraan voldoen is, dan is daar tyd vir meer koste-effektiewe selfhelpskemas. Dit is irrelevant of dele van die Omega-projek op ander maniere as deur selfhelp tot stand gekom het. Wat wel van belang is, is of die gemeenskap se omstandighede verbeter is.

Behuising behels meer as net die bou van huise. Dit behels ook tuisteskepping. Hierdie aspek is meer op die vrou gerig. Dit behels verder ñ begrip van onderhoud, skoonmaak,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beter sanitasie en higiëne asook ñ beter gesinslewe. Die kompleksiteit van die gemeenskapsbewussyn blyk duidelik hieruit. GO moet dus multidimensioneel wees om aan al hierdie diverse behoeftes te kan voldoen.

Gemeenskapsontwikkeling kan ook help met opleiding oor die finansiële aspekte van behuising. Die betaling van huur, begrotings, onderhoudskostes, ñ weerstand teen advertensies en die gevare verbonde aan krediet is sprekende voorbeelde van waar GO ñ sterk mobiliserende rol kan speel. (Clinard 1966:208-215; United Nations 1963: 52-54; United Nations 1972:33-35; Jeppe 1983: 82-83)

5.4.9.1 Kimbo's:

ñ Kimbo is die basiese behuisingseenheid wat op Omega voorkom. Die basiese Kimbo behels ñ enkel kamerstruktuur van hout of soms steen, waarby weerskante ñ stoep en ñ kombuis onder ñ lae afdak aangebou word. Die hoofstruktuur word op ñ sementfondament gebou. (Sien aanhangsel F vir ñ skets van die basiese Kimbostruktuur.)

Die eerste fase van die bouprojek is op groot skaal deur ñ kontrakteur gebou. Die kontrakteur het al die fomdamente gelê asook die vloere gebou terwyl die vakmanne die res van die konstruksie voltooi het. Aangesien elke inwoner nie self sy tuiste gebou of die arbeid daarvoor verskaf het nie, is dit nie selfhelp nie. Wat egter belangrik is, is dat die behuisingsnood vinnig en effektief verlig is.

Die bou van verdere Kimbo's is tans vir ñ periode van ses maande gestaak. Na raming sal dit weer teen Januarie 1987 voortgesit word.

Daar word twee soorte Kimbo's gebou: Een met twee vertrekke en een met drie vertrekke, wat maklik tot vier uitgebrei kan word. Die kleiner een kos sowat R 1700 en die groter Kimbo sowat R 3000. (Hierdie pryse is teen 1986 se boukoste beraam.) Hierdie prys sluit die koste van ñ sementvloer in. Indien iemand ñ stoep ook wil hê, kos dit hom ñ verdere R200. Die aanbou van ñ stoep geskied soms volgens die beginsel van selfhelp, deurdat die vakmanne die vloer gooi en die Boesman self die res van die werk doen. In effek word dit egter meestal deur die Boesmanbouers gedoen.

Daar is reeds 738 Kimbo's gebou. Die Kimbo's word deur die Boesmans gekoop en maandeliks afbetaal. (Hulle betaal meestal R200 per maand af. As in ag geneem word dat ñ skutter R671,71 per maand na aftrekkings verdien, dan is die R200 minder as wat die Suid-Afrikaanse reg as maksimum toelaatbare behuisingspaaiment voorskryf.) Indien die Boesman besluit om Omega te verlaat, wat hy te eniger tyd kan doen, dan koop die eenheid sy Kimbo terug en verkoop dit weer aan ñ ander Boesman. Die vraag bestaan waarom die Boesman dit nie self kan verkoop indien hy sou besluit om Omega te verlaat nie?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Abolusie geriewe word tussen die blokke Kimbo's opgerig. Daar is ook water en wasgeriewe tussen die Kimbo's. Daar is tans nie voorsiening vir elektrisiteit aan al die Kimbo's nie, alhoewel daar reeds ñ paar is wat wel elektrisiteit het. Baie Boesmans maak gebruik van petrol- of paraffienkragopwekkers om krag op te wek vir hulle ligte en televisiestelle.

Daar is ñ netto subsidie van R149 647 vir 1986 en R277 403 vir 1985 aan die projek toegestaan. Die koste beloop egter R399 503, wat ñ verlies van R189 856 meebring. Die projek as sodanig lewer dus nie ñ wins nie.

Die beraamde finale onkoste verbonde aan die behuisingsprojek is as volg bepaal:

Netto uitgawes:	R149 647
(Hierdie bedrag is reeds betaal:)	
Beraamde toekomstige uitgawes:	R600 000
Beraamde toekomstige inkomste:	R420 144

Beraamde finale verlies:	R339 503

Opmerking: Hierdie verlies word beraam deur die Kimbo-projek as voltooi te beskou en behuising aan die hele gemeenskap as voorsien te beskou. Hierdie verlies word deur die eenheids/klubfondse gedra.

5.4.9.2 Steenmakers:

Die steenmakery het in Maart 1983 begin. Daar was eers 22 steenmakers, maar hulle aktiwiteit is egter na gelang van behoeftes afgeskaal. Die totale produksie het ten spyte daarvan toegeneem. Daar is tans 8 steenmakers. Hulle is Kwė's wat onder leiding van ñ Blanke toesighouer werk. Hulle woon in tente en word R160 per maand basiese soldy betaal.

Stene word uit ñ sement/sand-mengsel vervaardig deur dit in steenvorms te kompakteer. Daar word sowat 300 tot 400 groot stene en sowat 500 klein steentjies per dag vervaardig. Die stene word aan die eenheid verkoop. Na raming maak die steenmakery sowat R12 per sakkie sement profyt. Die sement word deur die steenmakery self aangekoop. Dit is ñ duur proses, want die sement moet oor lang afstande na Omega vervoer word.

Die ideaal is dat die hele steenmakery beheer word deur die Boesman self. So kan hy alle winste aanwend in sy besigheid. Dit kan die begin wees van ñ Wes-Caprivi bou-industrie. Dit is opmerklik dat meeste van hierdie aktiwiteite op redelike klein skaal funksioneer. Dit is heeltemal in lyn met die beginsel om klein te begin en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daarvaandaan uit te brei.

5.4.9.3 Bouspan/selfhelp:

Die bouspan het eers uit sowat 50 V!asekela bouers bestaan toe die bouspanprojek nog in volle swang was. Met die tydelike staking van die bouwerk het die bouspan afgeneem na twee messelaars en ñ skrynwerker, elk met twee Boesman helpers. Hierdie helpers is deur die staat besoldig en ontvang ñ salaris van R120 per maand.

Die bouspan, saam met die steenmakery, maak deel uit van die indiensopleiding wat by Omega verskaf word. (Sien afdeling 5.4.1.2 in hierdie verband.) Die ideaal is dat alle bouwerk uiteindelik deur die Boesman self aangepak, en deur onderlinge geldtransaksies gefinansier word.

Selfhelp met betrekking tot behuising word dikwels gesien as "selfbuilt" of "self management". Dit impliseer dat die gemeenskaplid wat in ñ huis bly, self deelneem aan ñ konstruksieproses deur verskillende bydraes te maak. Hierdie bydraes kan die vorm van geld, advies, arbeid of administratiewe hulp aanneem. Dit kan op georganiseerde vlak of op outonome vlak plaasvind.

Deelname in terme van arbeid wissel van vrywillige tot betaalde arbeid en van geskoolde tot ongeskoolde arbeid. Deelname in terme van selfhelp behels arbeid wat nie beloon word nie. Selfhelp is waar die persoon vir homself werk of sy arbeid gratis tot beskikking van ñ ander stel, wat besig is om iets vir eers genoemde te bou. (Burgess 1985: 271-273).

Die probleem in MOL'e is dat deelname aan besluitneming laag is as gevolg van die oormatige burokratisering van die organisasie. Sogenaamde "selfhelp"-besluite is sonder die lede van die gemeenskap geneem. Dit impliseer dat menslike deelname telkens net gesien word in terme van arbeids-verskaffing vir die projekte. (Jones 1983:72)

Hierdie kritiek kan weliswaar ook teen Omega ingebring word, met die verskil dat Omega nie ñ tradisionele bestaande en gevestigde gemeenskap gehad het toe daar behuising begin is nie. Op Omega is die skepping van behuising gesien as gemeenskapsbou, en nie soseer as GO nie. Voordat daar sprake kon wees van selfhelp en spontane gemeenskapsprobleem- en behoefte-identifikasie, geskep word.

Dit blyk dat daar nie werklik op Omega sprake was van selfhelp as belangrikste element van die behuisingsprojek nie. Selfhelp kom al meer gereeld voor, soos wat die gemeenskapsgees en -identiteit versterk. Hierdie verskynsel is nog ñ bewys vir die argument dat gemeenskapskepping ñ sentrale probleem van GO is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.4.10 Landbou-ontwikkeling:

Gemeenskapsontwikkeling was nie oorspronklik bedoel vir landbou-ontwikkeling nie. Die behoefte aan ñ geïntegreerde GO-benadering het egter beteken dat alle sektore van die gemeenskap betrek moes word, landbou dus ook. (Batten 1957:80; Jeppe 1980: 191-202)

Landbou-ontwikkeling en die stigting van koöperasies is beslis nie die verantwoordelikheid van die GO-werker nie. Die tegniese en administratiewe personeel is gewoonlik daarvoor verantwoordelik. Deur die implementering van GO kan die bevolking beter gemotiveer en voorberei word vir landbouwerk en grondhervorming.

GO-programme behoort voorsiening te maak vir landbou in die landelike gebiede, omdat landbou telekns die enigste ekonomiese aktiwiteit in die gebied is.

GO kan op die volgende maniere bydra tot landbou- en grondgebruikshervormings:

- Deur die mense te motiveer om deel te neem aan die landbouprojek;

- Deur as koördineerder op te tree tussen die landbouers en die tegniese personeel;

- Deur die gemeenskapslewe so te organiseer dat die vrouens en kinders ook deel kan vorm van die landbou-ontwikkeling;

- Deurdat vertroude GO-werkers die tegniese personeel kan help om wantroue uit die weg te ruim deur middel van lesings, besprekings en effektiewe behoefte bepaling.

(Edward & Jones 1976:263-267; Ferrinho 1980: 86-92; Shannin 1971: 389-411; Worsley 1971: 61-82; United Nations 1963: 119-123; United Nations 1971: 18-20, 36-37, 2421-143; United Nations 1972: 13, 38-41, 43-46)

Daar bestaan nie ñ ware landboutradisie by Omega nie. Selfs die Boesmans uit Angola het net op klein skaal landbou beoefen deur mahango te kweek en ñ paar bokke aan te hou. Slegs dit gee nie aanleiding tot ñ jarelange landbou-tradisie nie. Landbou was net nie deel van die !Kung se tradisionele kultuur nie. Omega as projek bestaan ook nog nie so lank dat daar al sprake kan wees van ñ tradisie nie. Groente word wel op klein skaal by Omega gekweek. Dit word deur die Boesmans self geplant, onder leiding van die instrukteurs, en self deur hulle versorg. Tot en met die hede was dit nie baie suksesvol nie. Dit is een aspek op Omega wat meer aandag behoort te geniet.

Daar is begin met landbou-ontwikkeling by Bagani, wes van Omega, langs die Kavangorivier. Bagani is geleë in die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

middel van die Kwė-hervestigingskema. Net Kwė word dus hier betrek. Die V!asekelas sal by ñ soorteglyke projek buite Omega by Oukamp betrek word.

Die doelwit is om die Boesman as landbouer/veeteler op te lei en hom so op te hef dat hy later selfvoorsienend kan raak. Dit moet gebeur deur die aanwending van ñ kombinasie van skoling, volwasse-onderrig en landbou-opleiding.

Daar is tans twee nasionale diensplichtiges en 31 staatsbesoldigde werkers by die projek betrokke. Al die werkers is Kwė's, omdat dit tradisioneel hulle vestigingsgebied was.

Die volgende gewase word gekweek:

(i) Seisoengewasse:

- Waatlemoen. (Dit is nie baie suksesvol nie.)
- Kool.
- Skorsies. (Dit groei goed maar die Kwė eet dit nie, alhoewel die V!asekela dit wel soms eet.) - Uie.
- Pampoen.
- Eiervrug.

(ii) Langtermyn-gewasse:

- Veselperskes.
- Papajas.
- Druiwe. (Nie baie suksesvol nie.)
- Koejawels.
- Pomelo's
- Suurlemoene.

Alle winste wat gemaak word, word in die eenheid se trustfonds gestort, net vir gebruik op en deur die plaas. Daar word beoog om ñ rekening by AGRIP op Grootfontein te open vir die aankoop van saad en tegniese hulpmiddels.

Die opbrengste van die plaas word bemark aan die lede van 201 battaljon, (die militêre eenheid op Omega) asook aan die Mukwe restaurant en die Max Makushe sêkondere skool. Baie van die landbou-produkte word ook aan SAWI verkoop. Daar word gepoog om vaste leweringskontrakte aan te gaan. Die plaaswerkers kry afslag as hulle groente koop, terwyl die ander kopers die volle markprys moet betaal.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daar is reeds 21 beeste. Die Boesmans word geleer om met vee te werk. Daar word beoog om later ook varke en skape aan te koop.

Kragpunte:

- Die grond is baie vrugbaar en lewer goeie opbrengste.
- Goedkoop arbeid is geredelik beskikbaar.
- Die plaas is langs die Kavangorivier met die gevolg dat water nie ñ probleem is nie.
- Die markte en fasiliteit bestaan reeds.

Knelpunte:

- Die uitrusting verkeer in ñ swak toestand.
- Daar is geen kontinuïteit nie in die sin dat blanke personeel te veel wissel.
- Die besproeiings- en watertoevoerstelsel is swak.
- Daar is min tegniese hulp beskikbaar.
- Die afstande na en van die aankooppunte van uitrusting en saad is baie lank, wat die kostes geweldig verhoog.
- Soos reeds genoem, is daar ñ gebrek aan ñ landbou-tradisie.

Vir die toekoms word die volgende beplan:

- Daar word beoog om met net gewasse te kweek wat deur die Kwė gebruik word. Daar gaan wortels, aartappels, mielies, pampoene, patats, uie, waatlemoene ensovoorts aangeplant word. In gevalle waar iets nie aard nie, soos in die geval van waatlemoene, sal ander variante gebruik word.
- Daar sal ñ tegniese, sosiaal-ekonomiese hulpprogram opgestel word. Die Kwė's sal geleer word om trekker te bestuur en te onderhou en om al die implimente te gebruik.
- Die watertoevoerstelsel word verbeter.

Die plaas te Bagani lê in die middel van ñ gebied wat aangewend word om die Kwė te hervestig en wat tradisioneel Kwė gebied was. Alhoewel hierdie nie streng gesproke ñ Omega projek is nie, raak die plaas en die hervestiging tog die lede van Omega.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.4.11 Hervestiging:

(i) Kwė's:

Alhoewel die hervestiging van die Kwė's nie op Omega plaasvind nie, word dit tog kortweg bespreek omdat ñ uitvloeisel van die Omega projek is.

Omega is oorbevolk en die probleem van plakkery is aan die toeneem. Verder is daar ñ behoefte dat Omega beperk moet wees tot die militêre personeel en hulle afhanklikes. Die ander Boesmans moet dus hervestig word.

Die hervestiging word in twee fases beplan. Al die oues en nie-militêre Boesmans gaan in die omgewing van Bagani, suid van Angola, al langs die rivier en pad hervestig word. Vir ñ dertig kilometer strook sal elke Kwė wat hervestig word vir hom ñ plasie uitsoek om op te woon. Daar word beoog om hierdie plasies met die regte hulp ekonomiese voort-bestaanseenhede te maak.

Daar is reeds ses staatsdepartemente by die beplanning en advisering van die hervestiging betrokke. Daar is ook ñ komitee, die SAN-belangekomitee, gestig om hierna om te sien.

Daar word beoog om ook ñ skool en ñ volwasse-onderrig-sentrum hier te begin. Die SWAGB sal intussentyd as agent optree.

Daar is reeds 800 Kwė s wat hier woon. ñ Nuwe pad is ook in aanbou. Die landelike ontwikkeling van hierdie gebied sal ñ prioriteit wees.

(ii) V!asekelas:

ñ Soortgelyke hervestigingsprogram word vir die V!lasekelas by Oukamp, (voorheen genoem Alpha kamp) 3 kilometer suid van Omega, beoog. Die dorp sal in effek slegs ñ slaapdorp wees. Die arbeiders sal dan vanuit hierdie bevolking getrek word om alle beskikbare nie-militêre werk binne Omega te verrig. Hulle sal nog steeds die fasiliteite op Omega gebruik. Boorgate en ander infrastruktuur sal daaar geskep word.

Daar bestaan reeds kontroversie oor hierdie deel van die hervestigingsprogram. Alhoewel niemand dit amptelik beaam nie, is daar in privaatgesprekke met die Boesmans heelwat kritiek van die Kwė' s gehoor oor hierdie hervestiging. Hulle argumente is dat hulle altyd in die Wes-Caprivi gewoon het en dat dit nie die V!asekela se plek is nie. Vra jy hulle reguit oor hierdie probleem, dan ontken hulle dit. Bogenoemde sentimente is ook deur sersant Kamama geopper. Toe hy later, voor een van die offisiere, daarna gevra is, het hy ontken dat daar sulke gevoelens bestaan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daar is beloftes aan die Boesmans gemaak dat hulle saam met die SAW terug na Suid-Afrika geneem sou word wanneer die SAW uit SWA/Namibië onttrek. Alhoewel dit glad nie meer deur die SAW as ñ moontlikheid beskou word nie, is die meeste van die Boesmans van mening dat hulle saam met die SAW sal onttrek. Selfs op skool het die kinders verklaar dat hulle saam met die SAW gaan wanneer die SAW terug na Suid-Afrika toe gaan. Opmerking: Dit is tragies dat onrealistiese beloftes aan die mense gemaak word, en hulle vertroue dan geskok word. Hulle het juis ñ totale gebrek aan stabiliteit. Onsekerheid oor hulle toekoms gee ook nie aanleiding tot effektiewe ontwikkelings-mobilisasie nie.

5.5 Organisasie, administrasie en personeel:

Hierdie afdeling gaan net kortliks bespreek word, omdat ek weens sekerheidsredes, nie die SWAGB se militêre organisasie, administrasie en personeel te veel wil identifiseer nie. Ek sal wel die metodiek en oorhoofse organisasie van die GO-opset op Omega verduidelik, asook die funksies wat deur die Weermagpersoneel in hierdie verband verrig word.

5.5.1 Organisasie

Die volgende organigram gee ñ aanduiding van hoe die GO-projek by Omega inskakel by die totale organisasie.

Die bevelvoerder van die eenheid is ook in bevel van die GO-poging. Een van die vleuels van die eenheid, by name die welsynsvleuel, staan in beheer van die GO wat by Omega plaasvind. Die welsynsvleuel staan onder beheer van ñ offisier, in hierdie geval ñ kaptein, wat aan die bevelvoerder rapporteer. In normale militêre terme kan die welsynsvleuel as ñ kompanie beskou word onder beheer van ñ kopanie-bevelvoerder. Daar word gepoog om hierdie vleuel so veel moontlik van die militêre aspekte op die basis te skei in soverre dit moontlik is.

Skematies lyk die organisasie van die welsynsvleuel soos volg:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Logo:
VTB = Vryetydsbesteding
VOS = Volwasse-onderrigsentrum
Hws = Handwerksentrum

Werksverskaffing, weliswaar ook ñ element van GO is organisatories nie deel van die welsynsvleuel nie, maar word parallel daarmee gestruktureer. In effek word dit ook deur die welsynsvleuel se bevelvoerder beheer, alhoewel die bevelvoerder van die eenheid hierin ñ meer direkte inslag

5.5.2 Personeel:

Die personeel wat vir die koördinering, inisiëring en aktivering van GO verantwoordelik is, is die sleutel tot suksesvolle GO. Terme wat in hierdie verband gebruik word is GO-werkers, GO-agente, algemene- en meerdoeliger-gemeenskapswerkers, ensovoorts. (Die vertalings is my eie vanaf die Engels "community development worker, community development agent, general purpose or multi purpose village level workers.") (Du Preez 1981: 117-118; Jeppe 1983: 135-136; Lategan 1981: 43, 159-160; Passmore 1972: 92)

By Omega word al hierdie funksies deur die Weermagpersoneel verrig. Die onderskeie benamings van die onderskeie vlakke van werkers kom dus nie op Omega voor nie. Alhoewel dieselfde funksies verrig word, verskil die terminologie deurdat slegs militêre rangbenamings by Omega gebruik word.

Die totale van die Weermagpersoneel in die basis is nie ter sprake nie. Die presiese personeelfunksies wat die Weermag verrig word onderling by elke afsonderlike aspek van die GO-projek by Omega bespreek.

Oorhoofs funksioneer die Weermagpersoneel as volg:

- Daar is ñ kern van Staandemaglede en hulle gesinne.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die meeste van die vrouens is op vrywillige vlak by die GO betrek. So is die bevelvoerder se vrou in beheer van die HWS terwyl die een dominee se vrou onderwys gee in VOS. Ander vroue word op ad hoc basis in die GO-projek aangewend. Deelname is vrywillig en in die meeste gevalle sonder besoldiging. Dit is dus telkemale ñ liefdesdiens. Baie van die vrouens wat betrokke is, is opgelei vir hulle take, soos byvoorbeeld die onderwyseresse.

- Weermag-offisiere is in bevel van die onderskeie seksies. So is ñ kommandant in oorhoofse bevel van die eenheid, terwyl ñ kaptein tans in beheer van die welsynsvleuel is.

- Die dienspligtiges speel ñ groot rol. Bykans al die junioroffisiere en onderoffisiere is nasionale dienspligtiges. Hulle verrig hulle dienspligperiode en verlaat dan die eenheid. Hulle word wel later weer as burgermaglede by die eenheid betrek, indien hulle vir kampe opgeroep sou word. Daar vind ñ jaarlikse rotasie van dienspligtiges plaas. Dit gee aanleiding tot ñ kontinuïteitsprobleem soos later aangedui sal word. Verder is baie van hierdie dienspligtiges nie onderrig in ontwikkelingsmetodes en beplanning nie. Die eenheid poog om hulle egter ñ vorm van indiensopleiding te gee. Die onderwysers by die Boesmanskool is egter almal opgeleide onderwysers. Vanjaar (1986) is dit die eerste jaar dat al die Blanke onderwysers gekwalifiseerde onderwysers is.

Dit blyk dat alhoewel die tipiese personeel stratifikasie en posbenaming van die normale GO-projek nie op Omega voorkom nie, die Weermagpersoneel nog steeds die selfde funksies verrig as die andersgenoemde personeel in ñ GO-projek.

5.5.3 Logistiek

Die Weermag is ideaal in ñ GO-opset, omdat dit ñ gevestigde en goed ontwikkelde logistieke stelsel het. Daar is min logistieke en aanvullingsprobleme omdat die aanvullings-prosedure korter is as by ander administratiewe stelsels. As gevolg van die sekerheidstoestand in Namibië is dit makliker vir ñ militêre eenheid om in sy behoeftes voorsien te word. Daar is effektiewe beheer en beplanning in hierdie verband nodig.

ñ Aanvraag vind deur die normale Weermagkanale plaas. Die Weermag beskik ook oor gesofisitkeerde vervoermiddele soos bv. vliegtuie, wat die aankoop- en aanvraag- tydsverloop verkort. Deurdat die taktiese logistieke stelsel tyds-effektief is, het dit ñ dinamiese ontwikkelingsproses tot gevolg.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Infrastruktuur en vervoer in onderontwikkelde gebiede is altyd ñ probleem. Indien ñ plek baie afgesonderd is, is dit bloot weens praktiese oorwegings soveel moeiliker om dit te ontwikkel of te mobiliseer tot ontwikkeling. Weereens het die Weermag die voordeel dat hulle hele logistieke en aanvullingstelsel ontwerp is om in moeilike omstandighede te funksioneer. As dit nie was vir die politieke konotasie wat soms aan Weermagbetrokkenheid geheg word nie, kan die Weermag as die ideale ontwikkelingsagent beskou word.

5.5.4 Koördinasie:

Koördinasie op plaaslike-, besluitneming- en implimenteringsvlak is belangrik. Koördinasie verseker dat alle tegniese en ander hulp met die selfhelp-pogings van die gemeenskap behulpsaam is. Verder verseker dit dat die privaat- en publieke-agente effeftief tot GO saamwerk. Koördinasie het ook ñ konflikregulerende funksie deurdat dit prioriteite en samewerking bepaal. (Vir ñ goeie bespreking van die onderskeie vlakke van koördinasie wat verkry kan word verwys ek na pp. 132-133 en ook afdelings 4.5.1, 4.5.2 en 4.5.3 in Jeppe 1983.)

Koördinasie beteken ook die stimulasie van, en die bereidwilligheid om te help. Dit skep ook geleentheid vir konsensus tussen groepe en individue om ooreen te kan kom tot ñ doelwit en doelwitbereiking. (United Nations 1963: 62-67; Du Preez 1981: 127-130; Ferrinho 1980: 85-86; Tomasetti 1974: 51-52)

Omega is uniek in soverre daar net een ontwikkelingsagent betrokke is. Hierdie agent het reeds ñ geïntegreerde besluitnemings kanaal. Koördinasie is ingesluit by die bevelsfunksies van ñ eenheidsbevelvoerder. Weereens blyk dit dat die Weermag ñ vaartbelynde organisasie in terme van ontwikkeling is. Die feit dat daar net een agent betrokke is, het voor en nadele. Uit ñ koördinasie oogpunt is dit voordelig omdat die taak dan soveel makliker is. Uit ñ hulpverlengingsoogpunt is dit nadelig omdat heelwat Daar is egter in hierdie verband ñ probleem by Omega. Daar eksterne bronne van hulp dan verlore gaan. Verder kan baie spesialiteitskennis in die proses verlore gaan omdat net een agentskap by die proses betrokke is. By Omega word gepoog om laasgenoemde probleem te vermy deur gereelde besoek- en navorsingsgroepe by Omega toe te laat. Daar vind dan tog ñ wisseling van gedagtes plaas.

Daar is egter ñ gevaar verbonde aan ñ hoogs gesentraliseerde besluitnemings- en koördinerings-struktuur soos die Weermag. Die gevaar lê daarin dat outokrasie die ontwikkelingsimpuls kan dooddruk. Dit kan maklik gebeur dat elke nuwe bevelvoerder sy eie oplossings wil toepas, met gevolg dat geen langtermynbeplanning of -implememtasie moontlik is nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.6 Finansiering:

Omega, as die tuisbasis van ñ militêre eenheid, word uit die aard van die saak uit regeringskoffers gefinansier. Hierdie fondse is egter nie voldoende om GO by Omega te finansier nie. Bo en behalwe die staat, maak Omega ook staat op donasies en grotendeels, vir die GO-projek self, inkomste wat intern in die eenheid verwek word.

Geld wat na die eenheid gekanaliseer word, en wat op indirekte wyse deur middel van winkels en ander diverse wyses weer in die eenheid se koffers inloop, is grotendeels salarisse. Dit is tipies dat maandeliks sowat R391 237 aan die Boesmans in diens van die Weermag uitbetaal word. (Sien aanhangsel G vir ñ tabel oor die presiese aard en totale van hierdie salarisstruktuur.) Verder word daar ook pensioengeld deur die staat uitbetaal, asook salarisse aan sekere kategorië werkers wat direk deur die staat besoldig word. Die kadette word ook besoldig deur die Weermag. Daar is dus meer as ñ duisend Boesmans wat die een of ander vorm van vergoeding van die staat ontvang. Die totale bedrag hier ter sprake beloop tans sowat R415 725 per maand.

Uiteraard het die eenheid ook ñ inkomste uit die bevolking wat daar woon. Hierdie inkomste behels die volgende:

(in Rand)	1986	1985
Basis onderhoudsfooi: *	337 746	232 746
Inkomstes uit die plaas:	4 329	1 898
Donasies:	61 800	744
Menasie fooie:	25 620	25 212
Offisiersmenasies:	5 789	0
Akkommodasie:	7 301	4 012
Huur:	67 000	55 000
Video speletjies:	4 329	1 898
TOTAAL	R707 283	R482 367

* Die onderhoudsfooi word in die gesamentlike klubfonds inbetaal.

ñ Verdere bron van inkomste is die gesamentlike klub. Sy inkomste word verkry uit die kroeg en die kiosk. Die totale inkomste gedurende die 1986 finansiële jaar het R1600 beloop uit drankverkope en R5 000 uit die kiosk. Vergelyke met 1985, toe R7 500 wins uit drankverkope gemaak is, is die totaal vir die 1986 finansiële jaar heelwat laer. Dit kom egter ooreen met die bevelvoerder se beleid om drankverkope te beheer en af te skaal, omdat die bevolking in die verlede op groot skaal hierdeur uitgebuit is. In die proses verloor die eenheid ñ redelike inkomste, maar dit word afgeskryf as synde in belang van die gemeenskap.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bo en behalwe die salarisse wat aan die Weermaglede uitbetaal word, is daar ook ñ groep werkers wat uit hierdie gesamentlike klubfonds betaal word. (Sien aanhangsel G vir die salarisstrukture van Omega.)

Hierdie uitgawes beloop soos volg:

Rand per maand:	Uit Eenheidsfonds:	Uit Klubfonds:
2 Kroeghulpe @ 300 :	220	80
1 kroeghulp @ 100 :	50	50
1 kioskhulp @ 100 :	100	0
1 kleuterhulp @ 80 :	80	0
1 Crèchehulp @ 80 :	80	0

Verder word daar ook ñ aantal werkers per stukwerk betaal, wat in totaal, by benadering sowat R5 500 per maand verdien. Bykans R1 300 van hierdie totaal word uit die klubfonds betaal en die restant uit die eenheidsfonds.

Die staat besoldig ook ñ groep werkers:

Daar is 32 mense by Bagani wat in totaal R6 251 per maand verdien en 29 by Omega wat in totaal R3 951 per maand verdien. Verder word daar pensioen aan 131 mense uitbetaal teen R55 per maand, wat ñ totaal van R7 205 is. Verder word die kadette ook R1 per dag uit die staatskas betaal.

In totaal word daar dus sowat R415 725 per maand aan Boesmans uitbetaal. Hieruit volg dit dat daar weliswaar genoeg geld in omloop is, om te help dra aan die uitgawes verbonde aan die GO projek. Alhoewel die mense reeds hulle Kimbo's teen ñ maandelikse paaiement afbetaal, is daar nog ruimte om meer geld vanuit bevolkingsgeldere te mobiliseer. So kan die kapitaallas op die eenheid of regering verlig word sodat meer effektiewe GO met die beskikbare fondse uitgevoer kan word.

Om bogenoemde punt te staaf, noem ek ñ kort opsomming van die inherente kostes verbonde aan byvoorbeeld die behuisingsprojek:

Daar is ñ netto subsidie van R149 647 vir 1986 en R227 403 vir 1985 toegestaan aan die projek. Die kostes beloop egter R339 503, wat ñ negatiewe balans van R189 856 gee. Die projek as sodanig maak dus nie ñ wins nie.

Die beraamde finale onkostes verbonde aan die behuisingsprojek is soos volg bepaal:

Netto uitgawes: R149 647 (Let op dat hierdie gelde reeds betaal is.)
Beraamde toekomstige uitgawes: R600 000
Beraamde toekomstige inkomstes: R420 144

Die beraamde finale verlies beloop dus R339 503. Opmerking: Hierdie verlies word beraam vir wanneer die hele Kimbo-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

projek voltooi is en genoeg huisvesting aan die elde van die gemeenskap verskaf is. Hierdie verlies word deur die eenheid/klubfonds gedra.

Dit volg duidelik dat daar wel ruimte is vir gemeenskapslede van die GO-projek om ñ groter deel van die uitgawes uit eie inkomstes te dra en om die eenheids/klubfonds vry te stel om meer geld aan die projekte te spandeer wat nie ñ kapitaal generatiewe vermoë het nie.

5.7 Behoeftebepaling:

Behoeftebepaling is van uiterste belang by enige GO-projek. Sonder effektiewe behoeftebepaling sal gemeenskapsdeelname ñ probleem wees, omdat die gemeenskap net sal deelneem as dit hulle behoeftes is wat vervul word. Behoeftes wat van buite op hulle afgeforseer word, sal nie spontane gemeenskapsdeelname tot gevolg hê nie.

Dit is belangrik om te verseker dat behoeftebepaling en -evaluering nie vanuit die westerse perspektief gedoen word nie. Verwestering het sekere norme wat daarmee gepaard gaan. Die ontwikkelaar moet seker wees dat sy persepsie van die gemeenskap se behoeftes nie hierdeur beïnvloed word nie.

By Omega is daar twee vlakke van behoeftebepaling, naamlik intern en ekstern. Interne behoeftebepaling is die wat vanuit die Boesmangemeenskap deur hulle eie kommunikasiekanale te voorskyn kom. Die Boesmanraad speel hierin die grootste rol. Eksterne behoeftebepaling word beskou as die behoeftebepaling wat gedoen word deur middel van die bestaande militêre kommunikasiekanale.

5.7.1 Interne behoeftebepaling:

Interne behoeftebepaling by Omega geskied deur middel van die Boesmanraad. Hierdie raad vergader weekliks met die bevelvoerder van Omega asook met sy senior offisiere. Hierdie vergadering is ñ tweeledige kommunikasie-proses. Behoeftes vanuit die Boesmangemeenskap word oorgedra aan die bevelvoerder, terwyl hy weer terugvoer gee en ook ander bevele en versoeke tot die Boesmanraad rig. (Sien afdeling 5.4.7.2 in verband met die struktuur en werking van die Boesmanraad.)

Volgens die bevelvoerder was dit in die begin ñ probleem om die Boesmanraad so ver te kry om weg te beweeg van hulle persoonlike probleme na die gemeenskapsbehoeftes. Tans funksioneer die stelsel beter en begin daar ñ werklike spontane behoeftebepaling vanuit die Boesmanraad plaasvind. (Persoonlike mededeling)

Daar moet onthou word dat die Boesman nie ñ sterk leierskapstradisie het nie. Dit is vreemd aan sy kultuur om namens ander op te tree en namens ander behoeftes te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

artikuleer of selfs besluite te neem. (Sien hoofstuk 4, afdeling 4.8 in hierdie verband).

Alhoewel die militêre aspekte van Omega nie die doelwit van hierdie verhandeling is nie, moet in ag geneem word dat Omega binne-in ñ militêre omgewing is wat beskerm moet word. Die kompromie tussen siviele behoefte en militêre vereistes is soms ñ wankelrige een. As voorbeeld kan die aanhou van motorvoertuie bespreek word:

Die Boesmanraad, spesifiek Kamama, die Brakwena-leier, noem gereeld die behoefte om ook privaat-voertuie in Omega te mag aanhou. Die bevelvoerder se reaksie tot dusver was om dit te verbied. Daar is heelwat argumente wat voor en teen beide kante van die saak gewerp kan word.

Hierdie punt skep heelwat ontevredenheid by die Boesmans, omdat hulle dit as ñ vorm van diskriminasie beskou. Die Blankes gebruik siviele voertuie, die res van die Caprivi gebruik siviele voertuie en hoekom mag hulle nie ook nie? Daar kan heelwat kritiek teen hierdie besluit ingebring word. Na gelang van my eie ondervindinge en navorsing by Omega, is ek egter van mening dat dit nie die SAW se doelwit met die Boesman is nie. Vanuit ñ militêre standpunt, is ñ onbeperkte aantal voertuie in ñ militêre gebied weens taktiese oorwegings onwenslik. Verder maak Omega se infrastruktuur nie huidiglik voorsiening vir ñ groot aantal voertuie nie. Daar is nie parkeerplekke nie, en daar is nie voldoende herstel- en onderhougeriewe vir privaatvoertuie nie. Dranksmokkelary is ñ groot probleem in die Wes Caprivi. Beheer oor motorvoertuie verlig hierdie probleem aansienlik. Daar is dus verskeie praktiese redes waarom ñ groot konsentrasie privaatvoertuie op Omega tans nie gewens is nie.

Tenspyte van probleme wat voorkom, soos bogenoemde, is daar ñ relatiewe vry vloei van kommunikasie na bo en onder. Probleme en behoeftes word weekliks geopper word en aangespreek.

Hierdie behoeftebepalingskanaal funksioneer juis goed omdat dit binne ñ militêre- administrasie struktuur funksioneer. Dit is alleenlik binne die Weermagverband dat ñ projekleier (bevelvoerder) genoeg gesag het om besluite te mag neem, en genoeg outonomie het om hulle te kan uitvoer. Verder is die Weermag die enigste organisasie wat doelbewus gestruktureer is om effektief op logistieke en administratiewe vlak te funksioneer in redelik afgesonderde omstandighede.

By ñ ander projek moet daar deur ñ verskeidenheid administratiewe kanale gegaan word om ñ behoefte aan te meld, en dan moet die onderskeie owerheidsinstansies weer ñ lang administratiewe proses volg om by die regte Departement uit te kom, wat bevoeg is om aan so ñ behoefte/versoek te voldoen. Binne die Weermagverband is dit egter ñ enkele proses. Binne Weermagverband word ñ

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

behoefte geïdentifiseer, ñ besluit geneem, opdragte gegee en terugvoering binne ñ redelike tyd (selde langer as enkele dae) gegee. Die besluitneming, voldoening en beheermeganisme is in een instansie gesetel.

Daar vind ook behoeftebepaling plaas deur middel van die klinieke, die VOS en die siekeboeg. Behoeftes op alle vlakke van die samelewing word deur die Boesmans aan die onderskeie personeellede geopper. Sulke behoeftes wissel van mediese versoeke tot behoeftes aan opleiding. Hierdie kanaal werk tans nog stadig omdat die Bosman nog nie in so ñ mate gestimuleer is dat hy maklik spontane behoeftebepaling kan doen nie. Hulle is meer geneig om die gegewe situasie as norm te aanvaar. Soos wat hulle egter ontwikkel, behoort hulle behoeftebepaling heelwat te verhoog en verbeter.

Al die personeel op Omega woon weekliks ñ oggendkonferensie by, waar sodanige sulke behoeftes en probleme bespreek en geëvalueer word. Besluite word meestal dadelik op die konferensie geneem of verdere ondersoek word ingestel. Dié kommunikasiekanaal is baie direk en funksioneel.

5.7.2 Eksterne behoeftebepaling:

In die meeste gevalle is die kanaal wat gebruik word die normale militêre kommunikasiekanaal. Behoeftes word aan die peletonsersant of seksieleier gerapporteer. Hy rapporteer dit aan die peletonbevelvoerder, wat dit aan die kopaniebevelvoerder rapporteer. Laasgenoemde rapporteer dit aan die bevelvoerder op die oggendvergaderings wat byna daagliks plaasvind. Die beantwoordingsproses vind net in omgekeerde volorde plaas.

Ingesluit in hierdie kommunikasieproses rus die nodige verantwoordelikheid op die onderlinge bevelsvlakke om in ñ behoefte te voorsien op daardie vlak, indien dit moontlik is. Daar vind dan nie ñ oormatige burokratisering van behoeftes plaas nie. Die besluitnemings- en identifikasieproses is dinamies en lewenskragtig.

Die voordeel van hierdie stelsel is dat dit reeds in die Weermagorganisasie bestaan en nie van nuuts af geskep hoef te word nie. Omdat die Weermagopset vereis dat besluite vinnig en effektief onder druk geneem moet word, funksioneer hierdie kommunikasie- en besluitnemingstelsel baie effektief in ontwikkelingsomstandighede.

Die gevaar van paternalisme moet egter hier genoem word. Vanuit ons soms arrogante westerse tegnologiese meerderwaardigheid, is ons geneig om behoeftes op ñ sekere wyse namens die bevolking te artikuleer. Dit moet ten alle koste vermy word. Wat vir my ñ basiese behoefte is, soos byvoorbeeld ñ yskas, is vir die Boesman nog nie eers ñ luukse behoefte nie. Die persepsie van behoeftes verskil dus omdat daar vanuit verskillende perspektiewe daarna

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gekyk word. Hierdie faktor moet altyd in ag geneem word.

5.8 Evaluasie:

Daar bestaan ñ behoefte aan ñ objektiewe en kwantitatiewe middel om programme mee te kan evalueer. Hierdie evaluering is ñ gespesialiseerde veld wat verskillende tegnieke en metodes benodig om telkens ñ diepgaande analise te maak. (Cristenson & Robinson 1980 : 228)

Evaluasie is beskryf as:

"the use of a variety of facts for providing information about the achievement of programme requisites and goods relative to efforts, effectiveness and efficiency." (Epstein, Tripod & Fellen 1973 : 29)

Daar is drie belangrike redes waarom ñ evaluasie uitgevoer moet word:

(i) Daar kan dan bepaal word of die program moet voortgaan of nie. In effek kan dit bepaal of die program waarde vir jou geld gee of nie.

(ii) Evaluasie is ñ aanduiding of die program verbeter en teen watter tempo.

(iii) Evaluasie verskaf verskeie nuttige byprodukte:

- Evaluasie verskaf nuttige terugvoere.
- Dit identifiseer sterk- en swakpunte.
- Dit verskaf betroubare informasie oor die programme.
- Dit is ñ middel waarmee optredes meer effektief gemaak kan word.
- Dit lei tot koste-verminderings omdat dit swak plekke identifiseer en ñ aanduiding van algehele prestasie is.

(Vergelyk Clinard 1966: Hoofstuk 11; Edward & Jones 1976: 295-312; Ferrinho 1980: 67; Lategan 1981: 149-156; Reilly 1979: 93-94; Voth, Bothereau & Cohen in Cristenson & Robinson 1980: Hoofstuk 10)

Evaluering moet nie gesien word as ñ eenmalige gebeurtenis nie. Dit moet periodiek geskied, aaneenlopend indien moontlik. Hoe meer dikwels en effektief die evaluering, hoe meer akkuraat kan die verdere insette en beplanning wees. Daar is verskeie metodes van evaluasie. Ek noem net ñ paar hier. (Vir ñ meer volledige omskrywing verwys ek na Cristenson & Robinson 1980: Hoofstuk 10; Ferrinho 1980: 67)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daar word drie basiese benaderings onderskei:

(i) Vergelykende doelwitgebaseerde-stelsel:

Hierdie is die meer tradisionele benadering en bestaan hoofsaaklik uit vergelykings wat tussen die projek en ñ kontrole getref word.

(ii) Nie-vergelykende doelwitgebaseerde-stelsel:

Hierdie stelsel het ontstaan as gevolg van leemtes wat in eersgenoemde ontdek is. In hierdie geval is ñ deurlopende evaluering gemaak in terme van die doelwit wat vooraf bepaal is, maar aangepas kan word na gelang van omstandighede. Hierdie stelsel is baie algemeen in gebruik.

Daar word onder andere twee onderlinge benaderings hier onderskei. (Daar is meer maar ek noem net die twee wat vir die doelwit van hierdie verhandeling belangrik is.)

- ñ Evaluasie in terme van beplande insette en die mate waarin hulle uitgevoer is. Is die beplande doelwitte bereik? Dit is ñ inset/reaksie evaluering.

- ñ Evaluering-sisteem word in die stelsel van doelwit-identifikasie en -bereiking ingebou. Hierdie evaluering vind plaas as deel van die ontwikkelingsproses en word gedurig aangepas in terme van die leemtes en sterkpunte wat geïdentifiseer word.

(iii) Nie-vergelykende nie-doelwitgebaseerde-stelsel:

Die evaluering word nie in terme van die doelwit gedoen nie, maar wel in terme van die proses. Program-simulasie word ook as evalueerder gebruik. Hiervolgens word bekende parameters gebruik om ñ onbekende faktor te bepaal en dan evalueer. ñ Verdere voorbeeld van so ñ stelsel is die sogenaamde koste-effektiwiteitsanalise waarvolgens die finansiële impak van ñ program geëvalueer word. Reaksie-evaluering is nog ñ voorbeeld. Dit is in effek ñ gevallestudie-benadering. Hierdie benaderings is dikwels te radikaal vir die konserwatiefdenkende ontwikkelaars en is nog nie in wye gebruik nie (Christenson & Robinson 1980: Hfst 10)

Die Weermag gebruik ñ kombinasie van bogenoemde vergelykende doelwitgebaseerde- en nie-vergelykende doelwitgebaseerde-stelsels. Deur die Weermagstelsel van terugvoering en rapportering op daaglikse basis is dit moontlik om effektief na te gaan in watter mate die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beplanning geïmplimenteer, en doelwitte bereik word.

Die Weermag het ook ñ ingeboude evalueringstelsel. In die normale Weermag-bevelstruktuur is daar ñ stelsel van gereelde evaluering van personeel en optredes. Hierdie evaluering word gedoen deur middel van vorderingsverslae wat op gereelde basis aan die bevelvoerder van ñ seksie gelewer moet word. Elke seksiebevelvoerder gee dit aan sy bevelvoerder, met die nodige kommentaar, totdat dit by die eenheidsbevelvoerder kom, wat dan weer aanbevelings op advies van sy staf maak. Hierdie stelsel funksioneer goed, juis omdat dit ontwerp is om in toestande van druk te funksioneer.

Die sterk uitvoerende gesag van die eenheidsbevelvoerder, in diè geval, maak evaluering en aanpassings-periodes kort, sodat daar effektiewe programaanpassings gemaak kan word. Die feit dat die evalueringsmiddel en die besluitnemings-gesag in dieselfde sentrum gesetel is, maak die proses vinniger en vloeibaarder, alhoewel dit die gevaar van persoonlike outokratiese besluitneming inhou. Deurdat elke bevelvoerder egter beheer uitoefen en evaluering doen van die personeel en optredes onder hom, funksioneer hierdie stelsel redelik effektief.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING.

6.1 Die unieke aard van Omega:

(i) Omega se ligging is uniek. Dit is in die middel van ñ wildtuin geleë. Verder is Omega in die Wes-Caprivi geleë, wat tot ñ oorlogsgebied verklaar is. Die implikasies hiervan is legio:

- Dit beperk die toegang tot die basis.

- Dit beperk vrye verkeer en vervoer na en van die basis.

- Dit hou die voordeel in dat die omgewing en omgewingsinvloede in ñ groot mate beheer kan word. ñ Voorbeeld in hierdie verband is die effektiewe optredes teen dranksmokkelaars in dié gebied.

- Dit verhoog die ontwikkelingskostes omdat vervoer ñ probleem is.

- Selektiewe opleiding en onderrig kan baie suksesvol wees in Omega omdat eksterne impulse in ñ groot mate beheer kan word.

- Die GO-projek in Omega is weens die oorlogs-omstandighede in die middel van ñ militêre basis. Alleenlik dit maak Omega reeds uniek as GO-projek.

- Die afgesonderdheid van Omega het tot gevolg dat Omega nie ware inter-gemeenskaplike bande met ander gemeenskappe of GO-projekte het nie.

(ii) Omega is ñ unieke gemeenskap:

- Omega is uniek in soverre as wat sy groepstrukture rondom die Weermagsrol gegroepeer is.

- Omega beskik oor bykans geen tradisionele gesag-strukture nie.

- Omega is nie deel van of gekoppel aan ñ ander groter samelewing nie.

- Die normes en waardes van die tradisionele ge-meenskap dikteer nie in Omega die optredes van die bevolking nie. Hierdie rol word met die Weermag gedeel.

- Daar is geen tradisie van landelike vestiging by Omega nie. Die meeste van die gemeenskapslede is vlugtelinge uit Angola.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Omega het nie ñ homogene etniese tradisie nie.

- In Omega is daar ook geen sprake van ñ tradisie van selfregering nie. (Verwys na afdeling 5.2 vir ñ meer volledige bespreking van Omega as gemeenskap.)

(iii) Omega se geskiedenis:

- Omega het nie ñ lang landelike tradisie nie. Omega is ñ relatiewe jong landelike eenheid. Daar is geen geskiedkundige tradisie aan Omega verbonde nie. Die oorlogsituasie dien wel as verenigingsfaktor omdat die meeste van die bevolking vlugtelinge uit Angola was.

- Omega se geskiedenis bevat ñ verdere unieke eienskap, naamlik dat die vestiging in Omega ñ arbitrêre besluit was en dit nie ñ tradisionele vestiging was nie. Dit hou die voordeel in dat die gemeenskapsfasiliteite van nuuts af beplan en gebou kon word. Die gevolg is dat Omega ñ geografies goedbeplande gemeenskap is.

- Omega se bevolking het ook nie ñ tradisie van ñ gevestigde kultuur nie. In hulle akkulturalisasie in die Weermag het hulle egter ñ verenigende faktor gekry wat dieselfde rol vervul as wat ñ jarelange geskiedkundige gemeenskapstradisie en gebruike sou speel.

(iv) Die rol van die Weermag:

Die feit dat die Weermag die GO-agent is, maak Omega uniek. Alhoewel die Weermag telkens gemeenskaps- dienste verrig, het dit nog nooit vantevore suiwer GO aangepak nie.

- Omega is uniek in soverre as wat die Weermag die rol van ontwikkelingsagent speel. Met die eerste oogopslag blyk dit ñ anomalie te wees, maar by nadere ondersoek is die Weermag, enige Weermag waarskynlik, ideaal as GO-agent.

- Die Weermag is ontwerp om in moeilike omgewings-toestande effektief te funksioneer. Die Weermag het sy eie administratiewe organe, sy eie mediese dienste, sy eie logistieke stelsel en ñ sentrale besluitnemingstelsel wat sterk genoeg is om te verseker dat ñ vinnige tempo van verandering en ontwikkeling gehandhaaf kan word. Dit is moontlik omdat die tydsverloop tussen besluitneming en implementering in Omega baie kort is.

- Die Weermag het ook ñ baie goeie mannekrag-mobilisasie. Alhoewel die vinnige wisseling in personeel probleme skep, kan opgeleide

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ontwikkkelingsadministrateurs vir diensplig na Omega opgeroep word. Hierdie spesialiteitskennis kan waarskynlik in ñ mate vergoed vir die groot personeelomset.

- Alhoewel die Weermag se finansies net so sterk beheer word as enige ander departement, het elke eenheidsbevelvoerder ñ relatiewe groot vryheid om oor die aanwending van fondse binne sy eenheid te besluit. Dit het tot gevolg dat geld vir ontwikkelingsdoeleindes makliker verkrygbaar is as by baie ander GO-projekte.

(v) Omega se bevolking:

- Die V!asekela en Kwė Boesmans in Omega is uniek. Die !Kung het ñ unieke kultuur en tradisie. Omdat hulle nog op so ñ lae sosio-ekonomiese ontwikkelingsvlak is, is die ontwikkelings-problematiek uniek. Baie tradisies wat by ander gemeenskappe reeds jare lank bestaan moet in Omega nuut geskep word. Leierskap en vestigingspatrone is hier twee voorbeelde.

- Die beginpunt van ontwikkeling in Omega is geweldig laag. Baie ander gemeenskappe is polities in hulle onderontwikkelde staat heelwat meer ontwikkel as Omega. Omega het nie ñ tradisionele politieke bewustheid nie. Al element wat tradisioneel hier gevestig is, is konsensusbereiking, en dan ook net onderling tussen die V!asekela of die Kwė.

- Omega moet nog ñ ver pad loop voordat hy selfs by ander gemeenskappe se beginpunt aankom, in soverre as wat dit leierskaps-, politieke en ekonomiese bewustheid raak.

Die GO-proses is uniek: Die feit dat daar wel effektiewe GO in Omega plaasvind, ten spyte van al die probleme en leemtes met betrekking tot beginpunte, is ñ aanduiding dat ñ meer prakties gerigte benadering wel resultate afwerp. Wat belangrik is, is die voordeel wat die gemeenskapslede trek, en nie soseer die proses of metode nie.

6.2 Gemeenskapsontwikkeling; teorie en praktyk.

Daar is ñ wesenlike gevaar dat daar ook met GO verval kan word in ñ starre netwerk van teorieë, en die werklikhede van die praktyk soms so misgeloop kan word. Omega is ñ openbaring in hierdie verband. In Omega gee die praktyk die deurslag, weliswaar teoreties gegrond waar moontlik, maar steeds op doelbereiking en aaneenlopende evaluasie gerig.

Aspekte wat spesifiek hier van belang is, is selfhelp en behoeftebepaling, met opleiding as sentrale element in ñ

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

effektiewe aanwending van beide.

Selfhelp is ñ baie idealistiese begrip. Dit onstaan alleenlik spontaan onder ideale omstandighede. As ontwikkeling plaasvind met ñ lae vlak van selfhelp, dan beteken dit nie dat daar nie GO plaasgevind het nie. Selfhelp is een van die resultate van GO, eerder as ñ voorvereiste.

Selfhelp moet gesien word vir wat dit is, naamlik geen magiese middel tot spontane ontwikkeling nie, maar een van die middels waardeur effektiewe en relevante stimulering vir GO aangewend kan word. Vind selfhelp wel plaas, dan is dit ñ aanduiding dat die GO-proses goed verloop.

Die rede vir hierdie denkwyse, dat selfhelp spontaan plaasvind en gebeur, het waarskynlik sy ontstaan in die sogenaamde humanisme en menswaardigheidsbewustheid wat die laaste dekade ontstaan het. Dit kritiseer ek nie, maar wel dat dit ñ onmoontlike las op die inisiatief van die onderontwikkelde bevolking plaas. Hierdie is ñ vereiste waaraan die Boesman in Omega nie kan voldoen nie.

Bloot net die oorlewingsdruk op hom is te hoog om nog enige vorm van selfhelp te kan inisieer of selfs te kan aanwend. (Philips in Brady 1967:17-21) In die proses word sy geloof in homself en sy eie vermoëns geskaad. Die resultaat is dan juis dit wat verhoed moes word, naamlik dat die mense hulle menswaardigheid moet inboet. Hierdie selfvertroue, wat die basis van alle GO is, word misken as daar ñ onredelike verwagting aan die mens se potensiaal tot selfhelp geheg word.

Die teendeel, naamlik totale inmenging van buite is ook nie die ideaal nie. Witbooi het die gevolge van hierdie meerderwaardigheids-sindroom soos volg beskryf:

"Our people have so long been indoctrinated into believing that everything must be done for them that they have developed an inferiority complex."

(Witbooi 1983:46)

Dit blyk dat daar dus ñ middeweg is wat tussen die twee uiterstes lê. Die oplossing lê in hierdie middeweg. Daar is al verskeie benamings aan hierdie middeweg gegee, van "induced needs" tot "aided selfhelp". (Jeppe 1981:55 ; Scott 1977:121)

Dit beteken in effek die volgende:

"...(I)f this initiative is not forthcoming spontaneously, (it will be done) by the use of techniques for arousing and stimulating it in order to secure the active and enthusiastic support for the movement.:

(Du Sautoy 1960:2)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hieruit volg dit dat selfhelp ñ doelwit van GO is. Die Omega-situasie dra ook hierdie gedagte na vore. Selfhelp was byna ongehoord onder die Boesmans in die beginstadium van Omega. Hulle verwysingsraamwerk het so radikaal verskil van die eise wat deur die omstandighede aan hulle gestel was, dat die Weermag bykans al hulle behoeftes moes voorsien. As ñ mens na die behuisingskema verwys, dan kom jy tot die gevolgtrekking dat selfhelp as middel in die beginstadia van die GO-projek in Omega ñ tydsame flater sou wees. Die mense het ñ behoefte gehad, wat deur hulle geartikuleer is, en daar moes op die vinnigste koste-effektiefste manier daaraan voldoen word. Nou dat die GO-projek al ñ wyle aan die gang is, begin die Boesmans met selfhelp-projekte. Die kerk is ñ voorbeeld van iets wat deur hulle self geartikuleer en opgerig is, weliswaar met die nodige hulp.

Uit al bogenoemde argumente volg dit dan dat die verantwoordelikheid van die ontwikkelaar is om die mense so te stimuleer en op te lei dat hulle die korrekte behoeftes sal identifiseer en hulle dan na opleiding in staat sal wees om in daardie behoeftes te voorsien. Opleiding kan dus nie van selfhelp geskei word nie.

Hieruit volg dat behoefte-bepaling deur die gemeenskap self, ook ñ latere ontwikkeling in die pad na selfvoorsiening is. Gemeenskappe wat nie aan al die kenmerke van ñ tradisionele gemeenskap voldoen nie, sal net onder unieke omstandighede "felt needs" genereer.

Omega is ñ sprekende voorbeeld hiervan. Die bevelvoerder, Kmdt. Jooste het telkens aan my gesê dat hy probleme ondervind om die Boesmanraad so ver te kry om self behoeftes te identifiseer. Hulle sien behoeftes net as ñ persoonlike aangeleentheid en artikuleer dit in terme van geld of bevordering. Daar moet dus in ñ groot mate ñ geweldige stimulasieproses op hulle toegepas word om hieride doel te bereik. Wat tans gebeur is dat die personeel betrokke by die GO-projek, behoeftes identifiseer, welke behoeftes dan aan die Boesmanraad voorgelê word vir hulle kommentaar.

Hier moet Jeppe se viervoudige persepsie van gevoelde behoeftes in ag geneem word. Daar is die persepsie van die GO-werker wat die mense se behoeftes in ag neem, ñ persepsie van die GO-werker met sy eie doelwitte in sy gedagtes; die persepsie vandie mense oor hulle eie doelwitte en die gemeenskap se persepsie van hoe hulle doelwitte inpas met betrekking tot die GO-werker se doelwitte.(Jeppe 1983:53)

Daar moet gewaak word teen die gevaar van paternalisme, want dit is maklik om vanuit ñ posisie van meer kennis, beter as hulle self te weet wat goed is vir hulle. Indien hulle verwysingsraamwerk en kennis so beperk is dat hulle nie in staat is om relevante keuses oor sekere sake soos byvoorbeeeld effektiewe behuising te maak nie, dan is dit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die ontwikkelaar se plig om te doen wat hy weet goed is vir hulle.

Hierdie is weereens ñ aanduiding dat die praktyk die rigting en tempo van verandering moet aandui, en nie die teorie nie. Een van die gevare van ñ teoretiese benadering is dat dit telkens die behoefte het aan na eenvormigheid en konsensus oor begrippe. Veranderde en unieke omstandighede, soos byvoorbeeld in Omega, vereis ander insette en unieke oplossings.

As daar aanvaar word dat ñ gemeenskap gevestig is met ñ leierskap en beluitnemingstradisie, asook ñ tradisie van gemeenskapslewe, dan geld die meeste van die teoretiese standpunte. Waar die reëls van die spel egter verander, soos waar ñ gemeenskap nog nie daardie vlak van ontwikkeling met betrekking tot gemeenskapsinstellings bereik het nie, geld dieselfde oplossings nie meer nie.

Saam met bogenoemde perspektiewe blyk dit dus dat die primêre taak van GO, gemeenskapskepping is. Gemeenskapskepping moet eers plaasvind voordat enige van bogenoemde prosesse kan begin funksioneer. As gemeenskap-skepping die primêre doel van GO is, soos Batten (1957) op bladsy 79-80 beweer, dan volg dit dat selfhelp en self-identifikasie van behoeftes eers later op die lys van voorrang kom.

Hierdie probleem geld nie net vir Omega nie, maar vir enige gemeenskap waar daar gedwonge hervestiging (soos so dikwels die geval in Suid-Afrika is), vlugtelingkampe of plakkery is. Die probleme wat in die praktyk ervaar word weens die onstabiele politieke en ekonomiese klimaat van ons tyd, het dieselfde gevolge met betrekking tot GO, as wat Omega met sy bevolking se argaïse verwysingsraamwerk ervaar. Daar moet eers in die mense se mees dringende behoeftes voorsien word. Hierdie dringende behoeftes is primêr kos en behuising. Daar kan geen meer basiese behoefte wees as ñ vol maaag, ñ droë slaapplek, en ñ mediese hulp nie. Indien daar eers daaraan voorsien is, sodat die gemeenskap stabiel is en die oorlewingsdruk verminder is, kan daar klem op selfhelp en self-identifikssie van behoeftes gelê word.

GO word telkens gekoppel aan nasionale integrasie en nasionale ontwikkeling. Die logika daar agter is duidelik. Begrippe soos nasionale integrasie en nasionale ontwikkeling veronderstel egter ñ verenigde staatkundige bestel met ñ hoë vlak van konsensus. Hierdie begrippe is moeilik om te bereik, juis in die Suider-Afrikaanse multi-etniese smeltkroes. Die punt is net dat inkorporering van programme tot nasionale doelwitte nie ñ uitlsuitende kenmerk van GO is nie. Om ñ pad te bou, of die gemeenskap te help om ñ plaaskooltjie te begin , is ook GO. Enige program wat gemik is op die verbetering van ñ toestand, met die deelname van die betrokke gemeenskap in doe proses, is GO ! Ek herinder net weer aan die goue beginsel": Begin klein en eenvoudig en bou daarop voort.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.3 Omega: ñ evaluasie.

Die vraag is nou: Vind daar effektiewe GO in Omega plaas, en is die Weermag die aangewese instansie om GO toe te pas?

Voordat ek elke aspek van Omega afsonderlik beoordeel, gaan ek ñ evaluasie maak van die GO-projek in Omega as geheel.

(i) Is die oplossings georganiseerde pogings tot verandering ?

GO behoort ñ georganiseerde, doelgerigte, planmatige poging te wees. GO beheer en stimuleer verandering en behoort nie op lukrake wyse behoeftes aantepas en te verander nie. (Van Tonder 1980:34 & 35)

Gesien in dié lig is die meeste van Omega se programme langtermyn-programme. Voorbeelde hiervan is die VOS, die HWS, die skool, indiensopleiding en die behuisings- opgraderingstelsel.(Die aanbou van stoepe en kamers)

Alhoewel daar periodiek aanpassings en klemverskuiwings gemaak word, word die langtermyndoelwitte nie verander nie. Ek verwys na Hoofstuk 5, afdeling 5.7 oor hoe hierdie aanpassings en evaluasies in Omega gedoen word.

(ii) Vind daar menslike deelname plaas, en word vrouens en kinders op ñ gunstige wyse in die projek geïntegreer en gemobiliseer ?

Wat belangrik is, is dat Omega, hetsy met klem op selfhelp, al dan nie, tog daarin slaag om die grootste deel van die gemeenskap te raak, houdings te verander en ñ gemeenskapsgees en -identiteit te skep. Daar vind dus GO by Omega plaas.

In Omega is daar groot klem gelê op die mobilisering en aktivering van die vrou. Die jaar 1986 is as die jaar van die vrou verklaar. Dit is alreeds ñ aanduiding van die waarde wat wat aan die ontwikkeling van die vrou geag word. Alhoewel die meisie tans redelik afgeskeep word, is groot pogings aangewend om hulle ook te mobiliseer. Die klinieke en kursusse, spesifiek die vormingseksie se werksaamhede en die kursusse by die rivier, getuig hiervan.

Die groot klem wat by die HWS en die VOS op die vrou gelê word, is ook ñ aanduiding in hierdie verband. Een van die prioriteite is om die vrou te ontwikkel, omdat sy by die man en haar kinders agter raak. Omega voldoen ook aan hierdie vereiste.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(iii) Help die projek mense om in hulle basiese behoeftes te bepaal en te voorsien ? Dit is noodsaaklik om die behoeftes van die mense te verstaan, identifiseer en te help vervul. (Vergelyk hoofstuk 3.3.2 in die verband; Batten 1974:4; UN 1971:12)

In Omega word daar beslis in die basiese behoeftes van die mense voorsien. Die behuisingsprojek is maar een van die aspekte wat hier relevant is.

Die feit dat wanvoeding nie meer een van die kroniese sterfte-oorsake onder kinders is nie, is ñ aanduiding dat daar in hulle basiese voedsel behoeftes voldoen is.

Die verskaffing van goeie en gratis mediese dienste is ook ñ basiese behoefte waaraan voldoen word.

Opleiding, vir jeug en volwassenes is ook ñ basiese behoefte, weliswaar op ñ meer gevorderde vlak. Omega se VOS, HWS en skool funksioneer goed in hierdie verband.

(iv) Verhoog die projek die kwaliteit van lewe ?

Die graad van lewenskwaliteit is in effek ñ persoonlike saak wat deur elke individu vir homself uitgemaak moet word. Dit is dus ñ hoogs subjektiewe begrip ! Die kwaliteit van lewe word bepaal deur die manier waarop die bronne van die gemeenskap aangewend word, asook die manier waarop die gemeenskap self sy omgewing manipuleer en aanwend. (Ferrinho 1980:12; Lategan 1981:31)

Omega se bevolking het tans ñ heelwat hoër lewenstandaard, in vergelyking met wat hulle voorheen gehad het. Voedsel is volop en daar is werksgeleenthede geskep. Landbou-moontlikhede word bevorder deur die Bagani-hervestigingskemas. Selfs die oues en afgeleefdes word deur middel van die Kandando's van ñ lewe en ñ inkomste verseker. Dit blyk dat die bronne van die gemeenskap weliswaar effektief aangewend word. Die puriteine sal brom oor die gedagte dat ñ Boesman, wat nooit ñ ekonomiese surplusgenereerder was nie, hom nou in terme van geld moet kan regverdig. Die antwoord hierop is dat dit onmoontlik is om ontwikkeling en kontak met ander volke uit te skakel. Die meeste van hulle het al reeds ñ mate van verwestering ondergaan, daarom moet die Boesman toegerus word om ook hierdie eise van verwestering te kan weerstaan.

(v) Is die projek met ander ontwikkelingsprojekte geïntegreer ?
Omega is nie met ander projekte geïntegreer nie, behalwe in die mate wat die Bagani-skema as afsonderlike projek beskou kan word. Omega se

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

afsondering, wat hom in sekere aspekte ñ ontwikkelingsvoordeel gee, is hier egter ñ nadeel.

(vi) Word toepaslike tegnologie gebruik ?

Toepaslike tegnologie word wel gebruik. Die indiensopleidingskema en die HWS is albei metodes waarvolgens tegnologie, wat ter wille van effektiwiteit nie verder vereenvoudig kan word nie, wel toeganklik gemaak is deur die mense op te lei.

Hiermee saam word die tuisnywerhede só gestimuleer dat die tradisionele vervaardigingsektor nog steeds ñ voortbestaan kan maak. Alhoewel daar sekerlik ñ mate van kultuurskok in Omega sal voorkom, as ñ mens ñ boog vergelyk met ñ vliegtuig wat net langsaan land, is die tegnologie wat gebruik word wel toepaslik en hanteerbaar vir die Boesmans.

Dit blyk, na gelang van die vrae wat pas beantwoord is, dat Omega wel ñ effektiewe GO-projek is. Die feit dat Omega nie met ñ ander projek geïntegreer is nie, is in die huidige stand van Omega se ontwikkeling nie van kardinale belang nie.

Vervolgens gaan ñ evaluasie van elke afdeling gemaak word. Hierdie evaluering gaan volgens drie kriteria gedoen word, naamlik:

- Is die projek/aksie gepas ?
- Is die projek/aksie gewens ?
- Is die program/aksie suksesvol ?

(i) Volwasse- en gemeenskapsonderrig:

Hierdie is ñ aspek van Omega wat baie suksesvol funksioneer.Die onderskeie onderdele daarvan sal afsonderlik bespreek word.

Die VOS:

Volwasse onderrig is baie gepas vir GO. Die bevolking moet gestimuleer en opgelei word. Houdings- veranderinge moet teweeg gebring word. Sonder dat die volwasse bevolking gemobiliseer word, kan daar geen GO wees nie, want GO het as sentrale komponent die ontwikkeling van die mens. (Cornwell 1986:155; Van tonder 1980:34 & 35)

Houdings word verander en die generasiegaping tussen die jeug, die skool en die ouers word ook hierdeur beïnvloed. Die VOS, as sentrum vir volwasse onderrig is baie gepas in die implimentering van GO.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die lede van ñ gemeenskap het ñ gemeenskaplike verantwoordelikheid in die gemeenskaplewe. Daar moet ñ eenheid van gemeenskap wees. Sulke eenheid word deur middel van deelname verkry. (Ferrinho 1980:51; Willeden 1970:261)

Indien ñ sisteem verkry kan word wat die volwasse bevolking effektief kan stimuleer om deel te neem aan die gemenskapslewe en beluitnemingsprosesse, dan is so ñ sisteem baie gewens. In Omega is die VOS so ñ sentrum. Die Boesmanbevolking in Omega is baie passief, die vrouens meer so as die mans. Die VOS het in die kort tydperk van sy bestaan, alreeds hierdie passiwiteit begin afbreek. Deurdat die VOS onderskei tussen die vrouens en die mans, en gespesialiseerde kursusse aan beide groepe aanbied, raak dit die deursnee volwasse bevolking van Omega. Daar is al verskeie lede van die gemeenskap wat sigbare voordeel uit so ñ onderig- selsel geput het.

Is die VOS hierin suksesvol ? Sukses in hierdie verband moet gemeet word in terme van houdingsveranderinge en vrywillige deelname. Dit is tog ñ strategie van GO om ñ wye spektrum van die plaaslike bevolking by die GO-proses te betrek. (Cheki 1979:41; Holdcroft 1978:30)

Dat daar houdingsveranderinge plaasvind blyk duidelik uit die groeiende getal mense wat die VOS bywoon. Die programme wat hier aangebied word, is baie toepaslik op die Boesman en sy behoeftes en plaas hom in perspektief binne sy werêld. Kursusse is prakties georïenteer en gerig op die behoeftes wat die Boesman in Omega mag ondervind. Die kursusse is baie toepaslik op ontwikkelingsproblematiek en nie te akademies en ambisieus soos byvoorbeeld dié van die skool nie.

Alhoewel nog ñ relatiewe jong projek, het dit al reeds groot sukses met bywoning behaal. Bykans 90 % van die vroue wat die inisiëringskursus bygewoon het, het die VOS daarna uit eie oorweging begin bywoon. Die teikenbevolking is so effektief gemobiliseer dat hulle vrywillig aan die verdere aktiveringstelsel deelneem. Die VOS is een van die sterk punte van die GO-projek in Omega.

Indiensopleiding:

Die sentrale belang van GO lê in die potensiaal van die mens om sy omgewing te beheer, welke potensiaal deur opleiding en opvoeding verkry word. (Jeppe 1983:69)

Die opleiding moet relevant wees tot die huidige en toekomstige omstandighede. Indiensopleiding is ñ

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voorbeeld van sulke opleiding. (Cheki 1978:13,165)

Deurdat indiensopleiding houdings verander en nuwe vaardighede aanleer, is dit baie gepas vir GO. Werksgeleenthede word ook geskep. Dit is ook baie gewens omdat indiensopleiding die begin punt is van ñ plaaslike ekonomiese lewe wat wegbeweeg van die Weermag asook die tradisionele bestaansekonomie. Dit kan die begin wees van ñ nuwe entrepeneursklas. Daarmee saam verskaf dit werksgeleenthede. Die indiensopleiding soos in Omega toegepas is baie gewens omdat dit as arbeidsmobiliseerder optree en die beginpunt van ñ ekonomiese onafhanklikheid is.

Is die indiensopleiding suksesvol ? In terme van die getalle mense wat indiensopleiding ondergaan, is dit nie baie suksesvol nie. Weens Omega se beperkte groote en relatiewe klein ekonomiese sektor is indiensopleiding tans baie beperk. Soos wat Omega en die projek by Bagani egter vorder, behoort die bydrae wat deur indiensopleiding gelewer word, heelwat te verhoog. Al probleem tans is dat daar nog nie genoegsame werksgeleenthede is vir opgeleides nie, met gevolg dat slegs ñ klein segment van Omega se potensiële arbeidssektor hierdeur geraak word. Dit funksioneer wel effektief, maar op ñ te klein skaal. Tyd behoort egter dié probleem op te los, as in ag geneem word dat dit ñ goeie beginsel is om eers klein te begin en dan verder te groei.

(ii) Tuisnywerhede en handewerk:

Die tuisnywerhede is besonder gepas, omdat dit klem op handvaardighede plaas. Tradisionele Boesman produkte word ook vervaardig, sodat daar soms relatief min of geen opleiding gevalle nodig is om aan die betrokke persone ñ inkomste en werksgeleentheid te verseker nie.

Tuisnywerhede is ook ñ suksesvolle aspek van Omega se GO-projek. Dieselfde kritiek wat vir indiensopleiding geld, geld ook hier. Die ekonomiese sektor in Omega is te klein om te verseker dat genoeg werks- geleenthede deur tuisnywerhede geskep word. Hierdie probleem kan opgelos word deur Omega by ñ groter bemarkingsstrategie in te skakel. SAWI, wat reeds op Omega is, kan hierin ñ groot rol speel.

Die HWS:

Die HWS se aktiwiteite is gerig op stimulering en ontwikkeling van die Boesman, met die klem op die Boesmanvrou. Gesien in terme van die belangrike rol wat die vrou met betrekking tot GO speel, is die HWS baie gepas vir GO.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die HWS funksioneer baie goed, en voldoen aan die vereistes daaraan gestel, behalwe dat dit op ñ te klein skaal funksioneer. Talle aktiwiteite in Omega wat een of ander ekonomiese bedrywigheid tot gevolg het, is klein omdat Omega tans nie ñ groter ekonomies-aktiewe sektor kan akkomodeer nie. Hierdie probleem kan verlig worddeur middel van ñ meer effektiewe bemarkingstelsel. Omega moet poog om aan te sluit by ñ nasionale siviele bemarkingsorganisasie of koöperasie wat uitsluitelik Omega-handewerk- produkte bemark. Hierdeur kan meer werksgeleenthede geskep word, wat meer interne kapitaal sal opwek, wat weer op indirekte wyse in die ontwikkelinsekonomie terug geploeg kan word.

Die HWS is suksesvol omdat dit ñ wye spektrum van die samelewing betrek. Dit verskaf ook heelparty werksgeleenthede. Die HWS gee ook aanleiding tot nuwe houdings deur die aanleer van nuwe vaardighede.

Die steenmakers:

Die steenmakers funksioneer ook goed, maar ook net op te klein skaal. Die selfde kritiek geld hier soos by die vorige aspekte.

Algemeen:

Die goue reël, naamlik, dat dit veilig is om klein en eenvoudig te begin en dan daarvandaan uit te brei, moet hier in ag geneem word. Wonderwerke moet nie in Omega verwag word nie. GO is ñ baie tydsame proses. Omega bestaan skaars meer as ñ dekade, dus is dit te wagte dat ekonomiese aktiwiteite op ñ klein skaal sal plaasvind. SAWI moet as mark gemobiliseer word. Tans is daar ñ soms ongesonde kompetisie tussen SAWI en Omega se interne ekonomie. Nasionale bemarking sal die aanvraag, en daarmee saam die groei van Omega se handewerk en ekonomiese sektor stimuleer.

(iii) Gesondheid en voeding:

Indien die doelwit van hierdie aspek van GO is; "(t)o bring health to the people;" dan is hierdie aspek baie gepas vir GO en het Omega in hierdie afdeling met vliënde vaandels geslaag. (Leigh 1983:168)

Goeie gemeenskapsgesondheid en -gesondheids-bewustheid is baie gewens in ñ GO-projek. ñ Gesonde bevolking is tog meer vatbaar vir GO omdat hulle oorlewingsdruk soveel laer is.

Hierdie is een van die sektore waarin daar sigbare

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vordering gemaak is. Die feit dat wanvoeding nie meer ñ gereelde oorsaak van babasterftes is nie, is bewys dat die mediese en voedingskursusse ook geslaag is.

(iv) Gemeenskapsfasiliteite:

Omega se gemeenskapsfasiliteit is vanuit ñ GO oogpunt nie suksesvol nie, omdat dit nie deur middel van GO ontstaan het nie. Omega se infrastruktuur en fasiliteite het, met uitsonderings, as omgewingsontwikkeling tot stand gekom. Die voor en nadele wat hieraan verbonde is, is reeds bespreek Ek wil volstaan deur op te merk dat die kriterium hier moet wees of daar vinnig en effektief voorsien is in die gemeenskap se basiese behoeftes, indien dit wel so is, soos wat in Omega die geval is, dan is dit irrelevant op watter wyse dit gedoen is.

(v) Sport en rekreasie:

Sport en ontspanning is uiteraard baie gepas in GO. Dit is ook baie wenslik dat dit effektief sal funksioneer en die bevolking in groot getalle sal betrek.

In Omega is dit egter ñ probleem, waaraan nie genoeg aandag geskenk word nie. Daar is wel praktiese probleme, soos byvoorbeeld die Boesmans se onkunde, maar dit is geen verskoning nie. Tussen al die ander aktiwiteite deur, het die gemeenskap se sport en rekreasie bykans in die slag gebly. In die proses gaan baie geleenthede om die Boesmans betrokke en gemobiliseer te kry verlore. Hierdie is een area wat aandag behoort te kry en glad nie suksesvol is nie.

(vi) Die mobilisering en aktivering van die jeug:

GO behels per definisie die deelname van die gemeenskap. ñ Gemeenskap is ñ groep mense. GO moet dus menslike deelname omvat. Deelname aan GO moet ongedwonge wees sodat die individu die reg het om deel te neem indien hy dit sou verkies. (Van Tonder 1980:31).

Oor die gepastheid en wenslikheid van skoling en mobilisering van die jeug kan daar geen twyfel wees nie. ñ Belegging in die jeug is ñ belegging vir die toekoms. Hierdie aspek word in redelike detail in Hoofstuk, 5 afdeling 5.4.6 bespreek.

Die skool fuksioneer wel in soverre as wat dit wel lede van die gemeenskap betrek, maar dit betrek nie naastenby genoeg lede om sodoende die maksimum voordeel te bewerkstellig nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie toestand kan verbeter word deur byvoorbeeld kos by die skool aan te bied, en ook deur die ouers by die VOS en die HWS te stimuleer om hulle kinders skool toe te stuur. Gratis skool-uniforms, en beter, meer relevante sillabusse kan hierie probleem ook help oplos.(Blaug 1974:19)

Die leerplanne is heeltemal onvoldoende. ñ Mens kry die indruk dat dit om politieke en vertoonredes gaan, naamlik om te kan sê dat die Boesmans dieselfde leerplanne het as die blankes in die Kaap, en dat geen diskriminasie toegelaat word nie, maar juis dit is ernstige diskriminasie. Totaal onvanpaste leerplanne rig die Boesman geweldige skade aan. Effektiewe, probleemgerigte leerplanne sal die Boesman beter toerus om sy probleme op te los. Hulle is tog meer as ñ blote vertoonstuk vir die "regverdigheid" van die owerhede.

Die skool bereik nie sy potensiaal nie. Bywoning en oneffektiewe leerplanne is die hoofoorsake hiervan. Albei hierdie probleme kan deur ñ herorganisasie opgelos word. Dit is noodsaaklik dat daar verdere aandag in hierdie verband gegee word.

Kadette:

Hierdie is ñ nuwe instelling wat die potensiaal het om baie effektief te funksioneer as GO-agent. Dit behels elemente van elitisme en geniet steun onder die bevolking. Dit is ñ baie gepaste aktiwiteit omdat dit groot getalle jeugdiges vrywilliglik betrek en so die impak van GO verhoog. Bogenoemde aspekte maak dit ook ñ baie gewensde aktiwiteit.

Indien die kadette volgens beplanning aangewend word, kan dit baie suksesvol wees. Die gevaar bestaan weer eens dat ander, minder belangrike doelwitte die werklike belangrike doelwitte sal verstoot. Die kadette word telkens aangewend as basis onderhoudspan. In die proses verloor hulle status en gaan waardevolle opleidingstyd verlore. Die kadette is ñ opleidings- en mobiliseringsagent, nie ñ skoonmaakspan nie. Die behoeftes aan ñ goed georganiseerde en skoon basis is begryplik, maar nie ten koste van die Boesman se ontwikkeling nie. Die blanke is daar om die Boesman te mobiliseer en op te hef, nie om die Boesman as ñ vertoonstuk te gebruik om aan die wêreld te wys hoe goed dit gaan nie. Wat belangrik is, is hoe goed dit werklik met die Boesman gaan.

Alles in ag geneem, spesifiek met verwysing na die beplande verdere uitbreidings van die kadet-stelsel, het dit die potensiaal om baie suksesvol te funksioneer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(vii) Mobilisering en aktivering van die leiers.
Leierskapsmobilisering is van kardinale belang vir GO. Leierskapsmobilisering is ñ probleem in Omega, spesifiek die siviele deel van die gemeenskap.

Soos reeds bespreek, het die Boesman nie ñ sterk leierskapstradisie nie. Hulle het ook geen leierskapsidentifikasie wat so sterk is dat daardie leier ñ besluitnemeer asook spreekbuis is vir die behoeftes en probleme van die hele gemeenskap nie. Hierdie is een van die aspekte van gemeenskaps-skepping wat nog in sy beginstadium is in Omega. Nuwe tradisies en gebruike word nie oornag geskep nie. Daar sal maar geduldig gewag moet word totdat daar genoegsame houdingsveranderinge onder die Boesmans gestimuleer is. Die Kwė het al verder as die V!asekela op hierdie pad gevorder. Kamama is wel ñ leier van die Kwė's, soms net in naam maar soms tog met gevolg. Die V!asekelas, daarteenoor, het geen leier nie.

Leierskap is dus ñ probleem. Om enige vorm van outonomie te bereik, sal die Boesman nog ver op hierdie pad moet vorder.

(viii) Mobilisering en aktivering van die vrou.

Die basiese strategie van GO is om ñ wye spektrum van die plaaslike gemeenksap by die GO-proses te betrek. (Cheki 1979:41)

Projekte wat die vrou raak, is van die belangrikste aspekte van GO. Die vrou speel ñ groot rol om ñ stabiele samelewing te verseker. Aktivering en mobilisering van die vrou is baie gepas in die GO-konteks.

Deelname deur en ontwikkeling van die vrou is baie gewens in ñ GO-projek, en kan die sukses daarvan verseker, of die mislukking daarvan beteken indien hulle nie effektief betrek word by die projek nie. Die kinders sal ñ hoër beginpunt van ontwikkeling hê. Die kinders se huislike omstandighede, higiëne en algehele gesondheid sal verbeter. Die impak van GO op die gesin sal radikaal verhoog word. Hieruit blyk dit inderdaad hoe belangrik die aktivering van die vrou in ontwikkelingskonteks is !

Die taak in Omega is moeilik, omdat die vrouens baie passief is. Die vrouens bly agter in die ontwikkelingsproses. Hulle is swak gestimuleer en het ñ lae gesondheids- en higiëne-bewustheid. Indien die vrou effektief gemobiliseer en geaktiveer kan raak , sal dit ñ klomp groot aantal probleme onmiddelik oplos.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In die GO-projek in Omega word 1986 beskou as die jaar van die vrou. Die vroue word gemobiliseer en geaktiveer deur middel van die VOS, die HWS, klinieke, kursusse en die vormingsseksie. Aangesien al bogenoemde aspekte, behalwe die klinieke, kursusse en die vormingseksie alreeds bespreek is, gaan ek net laasgenoemde drie nou weer bespreek en evalueer.

Kursusse:

Die sentrale belang van die mens lê in die potensiaal van die mens om sy omgewing beter te beheer. ñ Toename in fisiese- en materiële ontwikkeling sonder ñ gepaardgaande ontwikkeling van die menslike kapasiteit sou bloot tydelik en oppervlakkig wees. Die ontwikkeling van die menslike kapasiteit word bereik deur opleiding en opvoeding. (Jeppe 1983:57)

Gemeenskapsontwikkeling neig uit sy aard tot ñ meer komplekse sosiale organisasie, welke organisasie slegs deur meer effektiewe opleiding en opvoeding van die menslik materiaal bestendig kan word. (Ferrinho 1980:80 & 81)

Hierdie aspek van GO word in Omega deur middel van kursusse aangespreek. Daar word ñ verskeidenheid kursuse aangebied. Die sukses van die kursusse blyk uit die groot mate van vrywillige deelname aan verdere kursusse wat telkens by voltooiing van ñ kursus volg.

Die feit dat wanvoeding nie meer ñ gereelde oorsaak van babasterftes is nie, is bewys dat die mediese en voedingskursusse ook geslaag is. Baie van hierdie kursusse word deur vroue aan die Boesmanvroue aangebied, wat die impak van die kursusse merkbaar verhoog.

Kursusse oor gesinsbeplanning en higiëne is ook suksesvol. Kleiner gesinne, waarvan die kinders beter gespasieer is, word reeds by die V!asekela opgemerk.

Die ontwikkelingskursusse se sukses is nog nie merkbaar nie omdat die program nog nie voltooi is nie. Hierdie kursusse word op ñ vierweeklikse basis aangebied en die gedagte is dat al die vrouens en hulle klein kindertjies hierdie kursus behoort te voltooi. Die volle bestek van die kursus strek oor twee jaar. Dit is dus nog te vroeg om die sukses daarvan te evalueer. Dit blyk egter asof daar reeds sukses behaal word, omdat baie van die vroue wat hierdie kursus bygewoon het, daarna vrywilliglik by die VOS aanmeld vir verdere skoling.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Klinieke:

Die kursusse wat by die klinieke buite Omega aangebied word, is nie so goed georganiseer soos dié binne Omega nie, en vind ook nie so gereeld plaas nie. Hierdie kursusse, as jy dit so kan noem, behels in effek bloot plaaslike opleiding oor sekere aspekte van higiëne en gesondheid, asook gesinsbeplanning.

Vormingsseksie:

Hierdie is ook een van die suksesverhale van GO by Omega. Die kursusse behels geestesweerbaarheid, menslike verhoudinge, die vrou se eie ek, die Boesmans se unieke kultuur, basiese naaldwerk, evangelisasiewerk, mediese en gesondheidslesings asook basiese handvaardighede, lees en skryf. Hierdie kursus is multi-dissiplinêre en betrek alle aspekte van die gemeenskap. Die HWS, die VOS, die siekeboeg, die kerk en die kombuis word betrek. Hierdie kursusse is baie gewens en toepaslik vir GO omdat dit ñ wye agtergrond daarstel vir verdere ontwikkeling.

As die sukses van die kursus gemeet moet word in terme van die vroue se entoesiasme en deelname aan die kursusse, dan is dit hoogs suksesvol. In onderhoude met van die vroue het ñ paar aan my gesê dat hulle gehoor het van die kursusse en dit graag sal wil bywoon. Hierdie verskynsel onder die basies passiewe Boesmanvrou is verblydend. Dit lyk asof daar ook reeds in ñ mate ñ status verleen word aan diegene wat die kursus bygewoon het. Die sukses kan gemeet word daaraan dat meer as 90 % van die vrouens wat die kursus voltooi het, vrywilliglik vir verdere opleiding aangemeld het by die VOS. (Verwarring kan hier ontstaan, omdat die werksaamhede van die VOS en die HWS as afsonderlike eenhede bespreek is. Baie van die aktiwiteite wat daar aangebied is, was in samewerking met die vormingsseksie se kursus.)

Alhoewel hierdie kursusse baie beloof, moet daar gewaak word teen te veel optimisme, omdat nog net ñ paar kursusgroepe die kursus voltooi het. Baie van die sersante se vrouens het die kursus meegedoen en is dalk reeds meer gestimuleer as die normale Boesmanvrou. Dat dit egter ñ goeie begin is, is nie te betwyfel nie.

(ix) Behuising:

Behuising is een van die mens se mees basiese behoeftes. Die vervulling in hierdie behoefte behoort ñ prioriteit te wees. Behuising in Omega behels die Kimbo-projek, asook die steenmakers en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die bouers.

Kimbo-projek:

Behuising is gepas en baie gewens in ñ GO-projek omdat dit uitstekende geleenthede tot selfhelp bied.

In Omega was daar egter nie sprake van selfhelp met betrekking tot die bouprojek nie. Die Kimbo's is op groot skaal deur ñ kontrakteur gebou, omdat selfhelp te stadig en nie koste-effektief is nie. Na my mening was dit die regte besluit omdat daar eers in die basiese behoeftes van die gemeenskap voldoen moes word.

Omega het geen infrastruktuur gehad toe dit ontstaan het nie. Daar was net bosse. Die meeste ander gemeenskappe het reeds ñ okkupasie-tradisie gehad by ñ sekere plek, met bestaande behuising. Alhoewel behuising effektief deur selfhelp verbeter kan word, moes daar eers in Omega basiese behuising geskep word. Hier was dit ñ geval van omgewingsontwikkeling en nie GO nie. Dit is egter irrelevant, want wat wel belangrik is, is dat daar vinnig goeie behuising geskep is. Die behuisings-projek was dus geslaag.

Die Bouers:

Bouwerk is tans in Omega weens ñ gebrek aan fondse tydelik gestaak. Daar word beoog om weer teen Januarie 1987 daarmee voort te gaan. Die bouers funksioneer op baie klein skaal, na gelang van die behoeftes en die ekonomiese omstandighede. Die bouspan het die potensiaal om die begin van ñ plaaslike boubedryf te wees. Hierdie aspek van die behuisingsprojek kan meer gestimuleer word. Die ideaal is dat die bouspan onderling met die lede van die gemeenskap onderhandel, en byvoorbeeld die huise bou teen ñ lae tarief, wat deur die eenheid gesubsidieer word. Die eienaar kan dan sy arbeid aanbied in ruil vir die materiaal wat in sy Kimbo gebruik word.

Die Steenmakers:

Hierdie is ook ñ vorm van tuisnywerheid en dieselfde kommentaar wat daarop gelewer is, geld ook hier. Dit is ñ nederige beginpunt, met die potensiaal om heelwat uit te brei, afhangende van die ekonomiese klimaat en die aanvraag na stene. Hulle behoort hierdie aktiwiteit op eie inisiatief en winsgewend te bedryf.

(x) Landbou:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Omdat die Boesman tradisioneel nie ñ baie sterk landbou-tradisie gehad het nie, is hierdie ñ aspek van die GO-projek wat baie aandag benodig. Daar moet ñ landbou-tradisie by die Boesman geskep word. Landbou-ontwikkeling en -opleiding is baie gepas, omdat die landbou die enigste sektor van die ekonomie is, wat tog effektief in onderontwikkelde omstandighede kan funksioneer.

Landboubedrywighede skep werksgeleenthede en produseer voedsel. Daarby skep dit ñ grond-gebonde tradisie wat GO se rol as gemeenskaps-skepper sal vergemaklik. Landbou-ontwikkeling is dus baie wenslik in Omega.

Die sukses daarvan is nog nie baie duidelik nie. Landbou-opleiding word tans net aan die Kwė's aangebied. Die V!asekela word hierin afgeskeep. Net ñ paar lede van die gemeenskap is hierby betrokke. Die hoop beskaam nie, dat dit metttertyd na groter dele van die gemeenskap uitgebrei sal word nie. Hierdie is een aspek van die skool wat verbeter kan word. Landbou-opleiding op skool, saam met die praktiese toepassing daarvan op klein skaal, kan van groot waarde wees. Landbou-ontwikkeling op Omega se hoofdoelwit behoort nie te wees om die menasies van vars groente te voorsien nie, maar om as ñ mobiliseringsagent vir ñ landelike tradisie te dien.

(xi) Hervestiging:

Landelike hervestiging van die oortollige elemente in Omega hou baie voordele in. So ñ projek is baie gepas en gewens, omdat dit ñ stabiele gemeenskap tot gevolg behoort te hê en ook die Omegaprojek na ander vlakke sal uitbrei. Omdat hierdie projek nog net in ñ beplanningsfase is, kan dit nog nie verder geëvalueer word nie.

Daar is egter ñ probleem met betrekking tot die hervestiging. Die Kwė-hervestiging geskied in die Wes-Caprivi, wat tradisioneel Kwė-gebied was. Die Kwė's is nie baie geneë met die gedagte dat die V!asekelas ook daar gevestig gaan word nie. Alhoewel die twee vestigingsprojekte apart bedryf word, is daar reeds onder die plaaslike bevolking ñ weerstand teen die V!asekela-hervestiging te bespeur. Die V!asekelas is grotendeels vanuit Angola afkomstig en het nie ñ landelike tradisie in die Wes-Caprivi nie.

(xii) Behoeftebepaling:

Geen GO kan plaasvind sonder behoeftebepaling nie. GO het tog ten doel om die mense te help om in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hulle behoeftes te voorsien. Behoeftebepaling is baie gepas en gewens in ñ GO-projek.

Die lede van ñ gemeenskap moet egter opgelei en gestimuleeer word sodat hulle behoeftes nie bloot impulsiewe oombliklike behoeftes is nie. GO moet sensitief wees vir die mense se houdings en behoeftes en hulle verhouding tot die gemeenskap, om sodoende die mense te help om realistiese keuses met betrekking tot hulle probleme te maak. (Batten 1965:181; Dunham 1970:87)

Behoeftebepaling in Omega is tans nog nie baie suksesvol nie. Hierdie leemte hang saam met die probleme met betrekking tot leierskap, wat reeds bespreek is.

Die eksterne behoeftebepaling, dit wil sê deur middel van die Weermagkanale, funksioneer redelik effektief. Hierdie behoeftes is egter meestal gebonde aan die werksituasie.

Daar is probleme met betrekking tot interne behoeftebepaling. Die gemeenskapsleiers voorsien nog nie heeltemal in hierdie behoefte nie, omdat hulle gemeenskapsbewustheid nog nie hoog genoeg ontwikkel is nie. Hierdie is ook ñ rede waarom geïnduseerde behoeftes gewens is. Soos die Boesmanraad meer gestimuleer word, behoort hierdie funksie ook te verbeter.

Behoeftebepaling op persoonlike vlak vind redelik effektief plaas. Die klinieke, kursusse ensovoorts dien as raakpunt in hierdie verband.

In die geheel gesien, is die Omega-projek ñ effektiewe GO-projek. Die rol van die Weermag is al telkens by die onderlinge afdelings bespreek, maar ter opsomming: Die gedagte dat die Weermag GO-werk in Omega doen, is kontroversieel. Na my mening is Omega en die suksesse wat daar behaal is, ñ bewys van die unieke voordele wat die Weermag as GO-agent inhou. Die Weermagstruktuur is ontwerp om goed in moeilike politieke en fisiese omstandighede te funksioneer. Die goeie besluitnemings-/implimenterings-funksie van die Weermag, gekoppel aan hulle goeie logistiese organisasie, weeg baie swaarder as enige politieke kontroversie wat in hul rol as ontwikkelaar gelees kan word. Baie persone beskou Omega as ñ vertoonstuk en gee nie werklik om of die Boesmans deur die ontwikkeling geraak word nie. My ervarings in Omega het my oortuig daarvan dat die rol van die Weermag in Omega geweldige meriete het.

6.4 Gemeenskapsontwikkeling: proses en resultate.

Vervolgens ñ skematiese voorstelling van my persepsie van die GO-proses soos dit in Omega plaasvind.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verduideliking van simbole:

A = Primêre omgewingsinvloede, wat in die beginstadium van ontwikkeling deur die eksterne ontwikkelingsagente gestimuleer word.

B = Eksterne probleem identifikasie. Soos wat die gemeenskaps-identiteit en -bewussyn versterk raak, raak hierdie eksterne inset al kleiner.

C = Eksterne hulp. In die beginstadia is dit gekoppel aan die gestimuleerde behoeftes, maar in die latere stadia van ontwikkeling al meer aan die behoeftebepaling vanuit die gemeeenskap self.

D = Gevraagde hulp. Dit word ñ al groter wordende inset soos wat die GO-program vorder. Selfhelp speel hier ñ groot rol. Selfhelp is dus ñ aanduiding dat ñ sekere vlak van ontwikkeling bereik is. Soos wat die spiraal klim sal die eksterne insette al kleiner word en die interne insette al groter.

Die syfers 1 na 2 na 3 na 4 na 5 stel die al kleiner wordende eksterne insette tot ontwikkeling voor.

Die diagram toon dat die funksionele basis in hierdie konteks die beginpunt is. Hierdie basis word "kunsmatig" deur die ontwikkelingsagent geskep. In effek kan dit selfs deur middel van omgewingsontwikkeling plaasvind. Die sentrale temas van hierdie voorstelling is :

(i) Dat die bestaan van ñ gemeenskap nie altyd ñ gegewe is nie. ñ Groep mense wat saam op een plek woon is nie noodwendig ñ gemeenskap nie. ñ Stabiele gemeenskapsbasis is ñ vereiste vir effektiewe GO.

(ii) Selfhelp is nie soseer ñ komponent van GO, as wat dit eers ñ doelwit is, en later ñ aanduiding dat ñ sekere vlak van ontwikkeling bereik is nie. Hierdie vlak stem ooreen met die "skepping" van ñ gemeenskap. Van hierdie punt af kan effektiewe selfhelp suksesvol wees.

(iii) Identifikasie van behoeftes vind aan die begin van die GO-proses grotendeels van buite af plaas, en soos die gemeenskapsbewussyn ontwikkel, al meer intern, totdat ñ gemeenskap bereik word wat uit eie geledere behoeftebepaling en selfhelp toepas.

(iv) Gemeenskapsontwikkeling is telkens ñ reaksie op eksterne stimulasie. Opmerking: Daar is ñ verskil tussen stimulasie en paternalisme. Stimulasie beteken in hierdie verband dat daar gepoog word om behoeftes te stimuleer wat binne die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oplossingsperke van die gemeenskap en die GO-proses geleë is. Paternalisme beteken dat die ontwikkelingsagent sy behoeftes as preoriteit stel. Die sillabus wat by die Omega skool gevolg word, is na my mening ñ skreiende voorbeeld van paternalisme, terwyl die sillabus wat by die VOS gevolg word, gerig is op stimulering van die Boesman binne sy verwysingsraamwerk. Hierdie stimulis is daarop gerig om die Boesman toe te rus om die eksterne prikkels op sy samelewing te kan akkomodeer. Die Boesman moet nie verwester word nie. Verwestering is geen ideaal nie, telkens net ñ tragedie.

Bogenoemde proses onstaan as gevolg van ñ geweldige groot eksterne inset. Soos wat ontwikkeling plaasvind, raak die gemeenskapidentiteit en -vermoëns in so ñ mate selfvoorsienend met betrekking tot die besluitnemings- en probleemidentifikasiefunksies, dat die eksterne insette intern vervang word. Hierdie punt is die utopiese doelwit van GO: Om ñ gemeenskap te help om hulle self te help. Let wel: Hierdie is die doelwit, nie die proses nie.

Die resultate van GO, met ander woorde die eise van die praktyk, is belangriker as die metode wat gevolg is. Die mens is belangrik, en dit is hy wat met die projek bereik moet word. Die enigste kriterium vir beoordeling met betrekking tot sukses al dan nie, is of die mens bevoordeel word of nie.

Ten slotte net die volgende :

- Elke GO-projek is uniek, en die gepaargaande doelwitte en oplossings sal nuut wees.

- GO is so ñ wye begrip dat daar nie slegs een riglyn vir GO vasgestel kan word nie.

- GO moet resultaat-, en nie teorie gerig wees nie.

- Dit is belangrik of die mense bevoordeel is?

Ek is van mening dat hierdie benadering toepaslik is op enige gemeenskap met politieke, ekonomiese en etniese verdeeltheid en wat ñ hervestiginguondergaan het. Die moderne wêreld stel unieke eise aan die mens, en ñ praktyks gerigte benadering word vereis om hierdie nuwe eise te kan akkomodeer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE:

Agere, S T 1982: The promotion of self-reliance and selfhelp organizations in community development in Zimbabwe: A conceptual frameword. Community Development Journal, 17(3), Ocober 1982, pp. 208-215.

Arendsberg, C M & Nicholl, A L 1971: Introducing social change: a Manual for community development. Chicago: Aldive Publishing Co.

Askwith, T 1966: Community development in Turkey. Community Developement Journal, 1(1), Januarie 1966, pp. 6-11

Batten, T R 1957: Communities and their development. London: Oxford University press.

Batten, T R 1965: The human factor in community work. London: Oxford University Press.

Batten, T R 1974: Training for Community Development. London: Oxford University press.

Barret, J (ed) 1976: Strategy for Developement. London: MacMillan Press.

Biddle, W F & Biddle, L J 1965: Community Development: The dynamics of planned change. Otowa: The Bedminster Press.

Biddle, W W 1966: The fuzziness of a definition of Community Development. Community Develpoment Journal, 2, April 1966, pp. 5-12.

Bjerre, J 1960: Kalahari. London: Michael Joseph Ltd.

Blakely, E.J. 1979: Community Development: Research, concepts, issues and strategies. New York: Human Sciences Press.

Blaug, M 1974: Education and the employment problem in developing countries. Geneva: International Labour Office.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bleek, D F 1928: The Nharon: a Bushman tribe of the Central Kalahari. Cambridge: University Press.

Box, L & Papousek, D A 1981: Van Theorie tot toepassing in de Ontwikkelingssociologie. Amsterdam: Van Laughum Slatteras.

Brady, C C 1967: The case against selfhelp. Community Development Journal, 8, October 1967, pp. 16-21

Branden, S H 1976: Kinship and Community: Studies in social discontinuity. New York: Academia Press.

Budack, K F R 1980: Du Völker Südwest Afrikas, Soos verskyn in ñ reeks in die Algemeine Zeitung.

Burgess, R 1985: The limits of selfhelp housing programmes. Development and Change,16(2), April 1985, pp. 271-312.

Byram, M & Kidd, R 1976: The performing arts and development: a Botswana experiment in a new approach tot rural development. Afro, 21, 1976.

Chekki, D A (ed) 1979: Community development: Theory and method of planned change. New Delhi: Vikas Publishing house.

Chekki, D A 1979: Community Development. New Delhi: Vikas Publishing House.

Clinard, M B 1966: Slums and Community Developement: experiments in selfhelp. New York: The Free Press.

Coertze, R D 1978: Gemeenskapontwikkeling: Teorie en praktyk. 23'e Jaarkongres, Sabra.

Cohn, S & Wood, R 1980: Basic Human Needs programming: An Analysis of Peace Corps Data. Developement and Change, 11(2) April 1980, pp. 314

Collins, P D 1972: Local goverment and Community Development in Tanzania. Community Development Journal, 7(3), October 1972.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Cornwell,L 1986: Gemeenskapsontwikkeling: Wetenskaplike konsep of metafoor. MA-verhandeling,UNISA.

Cristenson,J A & Robinson, J W (eds) 1980: Community Developement in America. Iowa: Iowa State University Press.

DoreR & Mars, Z (eds) 1981: Community Development: Comparative case studies in India, the Republic of Korea, Mexico and Tanzania. London: Croom & Helm.

Dunham, A 1960: The outlook for Community Development- An international symposium. Community Developemnt, 5, pp. 33-35.

Dunham, A 1963: Some principles of community development. International Review of Community Development, 11, 1963, pp. 141-152.

Dunham, A 1967: Currents in Community Development in newly developing countries. Community Development Journal, 5(2), January 1976, pp.9-14.

Dunham, A 1968: Community Development, Wither bound. Social Work Practise, pp. 48-61.

Dunham, A 1970: The new community organization. New York: Thomas Crowell.

Dunham, A 1970: Community Development: Whither Bound? Community Development Journal, 5(1), April 1970, pp. 86-89)

Du Preez, P M 1981: Inleiding tot die teorie van gemeenskapsontwikkeling. Pretoria: Benso.

Du Sautoy, P 1960: Community Development in Ghana. London: Oxford University Press.

Edward, D & Jones, D G 1976: Community and Community Development. The Hague: Mouton.

Ekong, E E & Sokoya, K L 1982: Succes and failure in rural community development efforts: a study of two cases in Southern Nigeria. Community Development

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Journal 17(3), October 1982, pp. 217-224.

Epstein, I; Tripod, T & Fellin, P 1973: Community Development Programmes and their evaluation. Community Development Journal 8(1) January 1973, pp. 26-36.

Fair, T J P 1981: Comunity Development. African insight, 11(2), pp. 102-109.

Ferrinho, H 1980: Towards a theory of Community Development. Cape Town: Juta 7 Company Ltd.

Fisher, R & Romanofski, R 1981: Community Organising for urban social change: a Historical perspective. New York: Academia.

Friedman, J 1970: United Nations Organization. Seminar on the financing of housing and urban development. Copenhagen, 25 to 10 January, New York: United Nations.

Galaher, A (ed) 1968: Perspective in development change. Kentucky: University of Kentucky Press.

Galjart, B 1981: Counter Development: a Position paper. Community Development Journal, 16(2), pp. 88-95.

Gandolf, E D 1981: Community Development amidst political violence: Lessons from Guatemala. Community Development Journal, 16(3), pp. 221-229.

Gant, D 1979: Development Administration, Consepts, Goals: Methods of change. Maddison: University of Wisconsin Press.

Goldthorpe, J E 1975: Sociology of the Third World. Cambridge: Cambridge University Press.

Goodenough, W H 1966:Co-operation and change: an Anthropological approach to community development. New York: John Wiley and sons.

Goulet, D 1971: The Cruel Choice, a new concept in the theory of development. New York: Atheneum.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Griffiths, H 1974: Aims and objectives of Community Development. Community Development Journal 9(2), April 1974, pp. 87.

Gusfield, J R 1975: Community, a critical response. Oxford: Basil Blackwell.

Hance, W A !977: Black Africa Developes. Massachusetts: Crossroads Press.

Hays, S 1981: Uses and abuses of Community Development: a general account. Community Development Journal 16(3), October 1981, pp. 221-227.

Hendriks, G 1972: Community Development Journal 7(2) pp 72-76.

Holdcroft, L A 1978: The rise and fall of community development in the developing countries 1950 -1965: A critical analysis and an annotated bibliography. East Lansing: Michigan State University Press.

Hunter, G 1969: Modernizing peasant societies. London: Oxford University Press.

Jones, J 1982: Community Development in Senegal: Contradictions with prevailing social structure. Community Development Journal 17(1) January 1982, pp. 13-26.

Jones, J 1983: The model village scheme of Northern Nigeria: a model for Community Development. Community Development Journal , 18(1), pp 68-74.

Jenkens, T J & Nurse, G T 1975/1976: Reeks artikels in Medical Journal gepubliseer deur SWA Wissenshaftliche Geselfschaft. Windhoek.

Jenkens, T J & Nurse, G T 1975: Serogenetic study of the Kavango peoples of the SWA/Namibia. The South African Institute of medical Research. - a Paper. Johannesburg: Witwatersrand University.

Jeppe, W J O 1983: Community Development in Bophuthatswana. Departement of Development Administration, University of Stellenbosch.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kies, C W 1981: Leefbaarheidsaspekte van drie dorpe in Bophuthatswana. RGN verslag S 69, Pretoria.

König, R 1968: The community. London: Routledge & Kegan Paul co. Inc.

Korten, D C 1980: Community Organization and rural development: A learning approach. Public Admin Review, 5, September - October 1980, pp. 480 -510.

Kotzé, D A 1987: Contradictions and assumptions in community development. Community development Journal, 22(1),pp. 31-35.

Kotzé, D A & Swanepoel, H J 1983: Guidelines for practical community development. Silverton: Pro Media Publications.

Landman, G 1938: The origin of the Inequality of social classes. Chicago.

Landau, Y H; Kanopnick, M; Desroche, H; Rambaud, P; (eds.) 1976:Rural Communities: Inter co-operation and Development. New York:Praeger.

Lategan, E 1981: Die bydrae van die maatskaplike werk tot gemeenskapsontwikkeling met verwysing na gemeenskapswerk in die Kaapse skiereiland. Doktors tesis, Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Lee, R B (Phd) 1965: Subsistence Ecology of the !Kung Bushmen. California: University of California.

Lee, R B & De Vore, I 1976: Kalahari, hunters gatherers: Studies of the !Kung san and their neigbours. Cambridge (USA): Harvard University Press.

Lee, R B 1979: The !Kung San. Cambridge. Cambridge University Press.

Leigh, B 1983: Interrelations between health and developemnt in urban squatter areas in Malaysia: The Sang Kamil Project. Community Development Journal 18(2), April 1982, pp.164-166.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lotz, J 1982: The moral and ethical basis of community development: Reflections on the Canadian experience. Community Development Journal, 17(1), pp. 27-31.

Marshall, L 1959: Mariage among !Kung Bushmen. African, 29, pp.335-600.

Marshall, L 1960: !Kung Bushmen Bands. Africa 30, pp. 325-355.

Marshall, L 1976: The !Kung of Nyae Nyae. Cambridge: Harvard University Press.

MacDonald, J J 1983: Primary Health Care. Community Development Journal , 18(2). April 1982, pp. 164-166.

Mail, D & Mail, C 1959: Community Development in the U.S.A. Community Development 4, pp.13-19.

Meier, G M 1970: Leading issues in economic development: Studies in International Poverty. London: Oxford University Press.

Minar, D & Greers,S (eds.) 1969: The Concept of community. Chicago: Aldine Publishing Company.

Mitchison, N 1976: What Community Development is not. Community Development Journal 5(2), January 1976, pp. 4-8.

Moody, E 1982: Rural development in Third World cities. Humanitas, 8(1), pp. 37-42.

NCSS (The National Council of Social Services) 1962: Community Organization: an introduction. London: Blackfrairs Press Ltd.

Ondersoek na die Boesmanbevolkingsgroep in SWA. 1983 Windhoek: Direktoraat Ontwikkeling en koördinasie.

Nietzsche, F 1979 (reprint): Beyond Good and Evil. Reading: Cox & Wyman Ltd.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Passmore, G C 1972: The National policy of Community Development in Rhodesia: with special reference to local goverments in the African rural areas. Salisbury: University of Rhodesia, Department of Political Science.

Plant, R 1974: Community and Ideology: An essay in aplied social philosophy. Lomdon: Routledge & Kegan Paul. Poplin, E 1979: Communities: A survey of theories and methods of research. New York: MacMillan Publishing Co. Inc.

Prinsloo, K P (red) 1982: Enkele aspekte van Gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika. Pretoria: Academia.

Prinsloo, M W; Fick, J C & Coetzee, J A (Red.) 1983: Perspektief op ontwikkelingstudies in Suider-Afrika. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit.

Reilly, W 1979: Training administrators for development. London: Heinemann.

Rothman, J 1968: Three models of community organization practice. Social Work Practise, pp. 16-47

Sanders, I T 1975: The Community. New York: The Ronald Press Company.

Schapera, I 1930: The Khoisan peoples of South Africa. London.

Schapera, I 1956: Goverment and politics in tribal societies. London.

Schapera, I 1960: The Khoisan peoples of South Africa: Bushmen and Hottentots. London: Routledge & Kegan Ltd.

Schoor, J 1972: Contemporary Community: Sociological illusion or reality. London: Tavistock Publishers.

Scott, M F 1977: Selfhelp in rural Mexico: Santa Maria's well. Community Development Journal, 12(2), April 1977, pp. 116-121.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Shannin, T (ed) 1971: Peasant societies: Modern Sociology Readings on Community Development. Baltimore: Penguin Education, Penguin Books Inc.

Theal, G M 1910: The Yellow and dark skinned peoples of Africa south of the Zambesi. New York: Negro University Press.

Tobias, P V (ed) 1978: The Bushmen: San hunters and herders of southern Africa. Kaapstad: C.Struik (pty)ltd.

Todaro, M P 1977: Economics for a developing world. An introduction to principles, problems and policies for development. Hong Kong: Witture Enterprises Ltd.

Tomasetti, W E 1974: Development Administration and Community Development. Community Development Journal, 9(1), January 1974, pp. 47-62.

Unisa 1982: Volkekunde Gids. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

United Nation Organization. 1966: The Community Development approach to land settlement. New York: UN Dept. of economic and social affairs. (E/CA 5/379/Rev.1).

United Nation Organization. 1963: Community Development and National Development. New York: UN dept of economic and social affairs. (E/CN 5/379/Rev 1.)

United Nation Organization. 1971: Population participation in development: emerging trends on community development. New York. UN dept of economic United Nation Organization. 1972: Commission on the status of woman, participation of woman in Community Development. New York: (UN E/CN 6/514/Rev I).

Van Tonder, L L 1963: Leadership, Power and Status stratification. With reference to Bushmen, Hottentot and Ovambo. MA Stellenbosch.

Verslag 5/63 1963: Landelike ontwikkeling van Boesmans in die noord-oostelike dele van Suidwes Afrika. Dept. van Volkswelsyn en pensioene.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voss, J 1973: Developement Policy in Africa. Bonn-Bad Götesberg: Neue Geschellschaft Gmbh.

Willeden, A F 1970: Community Development: The dynamics of planned Change. Otowa, The Bedminster press.

Witbooi, H 1983: Sunday Tribune, 12 November 1983, pp.46.

Weitz, R 1971: From Peasant to Farmer: A revolutionary strategy for development. New York & London: Columbia Uniersity Press.

Worsley, P (ed) 1971: Two blades of grass: Rural Co-operatives in Agricultural Modernization. Manchester: Manchester University Press.

Zielhuis, L 1974: Community Development in Surinam. Community Development Journal, 9(1), January 1974, pp. 43-46.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

AANHANGSEL A

Wes-Caprivi se ligging tot die res van Suidwes-Afrika



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NATUURLIKE PLANTEGROEI, VOORKOMSTE EN SPESIES

VOORKOMS GEBIED	HOOF SPESIES MET OPMERKINGS
SANDVELD	Beperk tot sanderige grond met 'n kleipersentasie van minder as 6 persent en lae digthede. Dit is 'n bos- en struiklandskap. Bome : Terminalia sericea, Burkea africanum, Combretum collinum, C. psidioides, Lonchocarpus nelsii, Pterocarpus angolensis, Boscia albutrunca, Ricinodendron rautanenii; Tweede stratum : Bg. spesies kom almal voor saam met Bauhinia macrantha, Commiphora pyracanthoides, Crewia spp., Baphia massaiensis, Croton subgratissimus Ochna sp., Boscia spp., Mundulea sericea, Orozoa paniculosa, Dichapetalum venenatum; Citrillus vulgaris (tsama) en Cucumis spp. Gras : Yl verspreiding, hoofsaaklik Eragrostis pallens, Aristida stipitata, Panicum kalaharense, Tristachya superba, Digitaria eriatha, Stipagrostis uniplumis. Terminalia sericea dominant in struikvorm. Guibortia coleosperma - Burkea in medium boslandskap; Terminalia sericea mindere spesies.
ACACIAVELD	Bome : Acacia mellifera subsp. detinens, A. reficiens, A. Giraffae, Boscia albutrunca. Tweede stratum : Bg. spesies kom voor saam met Dichrostachys cinerea. Gras : Eragrostis rigidior, Anthephora pubescens, Scmidtia pappophoriodes, Brachiaria nigropedata, Stipagrostis uniplumis.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VOORKOMS GEBIED	HOOF SPESIES MET OPMERKINGS
Omurambas : Boom- en graslandskap	Digte grasbedekking : Eragrostis rigidior dominant. Spesies wat vlak kalkreetgrond aantoon; Cataphractes alexandrii, Tarchanthus camphorathus, Rhigozum trichotomum, Combretum hereroense, C. imberbe en Acacia hebeclada.
Omurambas : medium	Verdere algemene spesies : Acacia tortilis, A. karroo, Ziziphus mucronata, Peltophoum africanum.
SANDVELD - ACACIA GEMEENSKAPPE	Acacia giraffae as prominente bome: Gras : Eragrostis rigidior, Anthephora pubescens, Scmidtia pappophoriodes, Stipagrostis uniplumis met Eragrostis pallens, Aristida stipitata en Panicum kalaharense.
KALKVELD GEMEENSKAPPE	Combretum - Acacia Lae medium boslandskappe met Acacia - Terminalia prunioides. Boswêreld ; Combretum apiculatum, C. hereroense, C. imberbe, Acacia mellifera, A. reficiens, A. hebeciada, A. erubescens, Terminalia prunioides, Commiphora molle, Pelthophorum africanum, Sclerocarya caffra, Adansonia digitata, Dichrostachys cinerea, Euclea undulata, Tarchonanthus camphoratus, Catathractus alexandrii; Albizia brevi folia op die rande van panne. Gras : Eragrostis rigidior, Schmidia Schmidtia pappophoroides, Stipagrostis uniplumis, Anthephora pubescens, Eragrostis superba, Setaria spp., Heteropogon contortus, Pogonarthria flecii, P. squarrosa, Aristida meridionalis. Word gekenmerk deur Hyphaene ventricosa in die vorm van lang palms. Verdere algemene spesies : Spirostachys africana. "Rooibos veld"; C. apiculatum dominant.

Bron: Hierdie inligting is deur die natuurbewaringsbeampte te Omega verskaf.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

WILDGETALLE EN MIGRASIEPATRONE:

Bron: Hierdie inligting is deur die natuurbewaringsbeampte te Omega verskaf.

SOORT DIER	BERAAMDE GETAL,	VOORKOMSTE EN MIGRASIEPATRONE
Bastergemsbokke	280	Verspreid in gebied
Blouaap	250	Verspreid. Kom egter meer algemeen voor naby die twee riviere.
Blouwildebeeste	200	Hoofsaaklik Kwandorivier en Malombe pan.
Bobbejane	200	Hoofsaaklik Kwandorivier.
Bruin Hiënas		Slegs twee waarnemings. Kom algemeen voor.
Buffels	800	Groot troppe kom hoofsaaklik in die Buffalo opleidingsgebied voor. Kleiner troppe word by die Kwandorivier gevind. Die afgelope aantal maande word geen buffels in die omgewing opgemerk nie, behalwe vir enkele manlike diere.
Chobe Bosbok	40	Kavango en Kwandorivier.
Duiker	100	Verspreid in gebied.
Elande	100	Malombe pan. Elande beweeg egter ook na Botswana en Angola.
Gevlekte Hiënas	45	Kom algemeen voor.
Jagluiperds	30	Verspreid in gebied.
Kameelperde	60	Hoofsaaklik Kwandorivier en Malombe pan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SOORT DIER	BERAAMDE GETAL	VOORKOMSTE EN MIGRASIE-PATRONE
Koedoes	300	Kom verspreid voor.
Krokodil	80	Hoofsaaklik Kwandorivier. Skatting van getalle is egter moeilik.
Leeus	35	Verspreid. Hoofsaaklik naby riviere.
Letschwe	400	Hoofsaaklik Kwandorivie vloedvlaktes.
Luiperds	30	Verspreid. Hoofsaaklik naby riviere.
Maanhaarjakkals		Verspreid.
Olifante	600	Kom verspreid voor. Grootste konsentrasie van Olifante kom voor i die Fort Doppies area. Getalle wissel as gevol van trekgewoontes.
Rietbokke	200	Kwando- en Kavangorivier. Word ook in Omurambas gevind.
Rooibokke	350	Hoofsaaklik Kwandorivie en Malombe pan.
Rooijakkals		Geen waarneming.
Seekoeie	300	Grootste konsentrasie i Kwandorivier.
Steenbok	100	Verspreid in gebied.
Swartrenosters	6	Fort Doppies area en Malombe pan.
Swartwitpens	200	Verspreid in gebied. Grootste konsentrasies egter by Kwandorivier.
Vlakvarke	200	Hoofsaaklik naby die riviere en panne.
Waterbokke	80	Hoofsaaklik Kwandorivie Enkele manlike diere by Kwandorivier gewaar deu weermagspersoneel.
Wildehonde	45	Verspreid in gebied.
Ystervarke		Kom verspreid voor.
Zebras	150	Kwandorivier.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Boesmans of San verteenwoordig die oudste deel van die totale bevolking van Suidwes-Afrika en is daarby ook naas die Tswanas en die Rehoboth-basters, die kleinste etniese groep (2,8%) van die totale gebied se bevolking.

1 DIE TRADISIONELE GROEPSINDELING

Die Boesmans, as 'n groep in Suidelike Afrika, bestaan uit verskillende onderskeibare groepe, elk gekenmerk deur sy eie uiterlike voorkoms, die gebruik van 'n afsonderlike dialek (wat nie deur ander groepe verstaan word nie), tradisionele gebiedsgebondenheid en die identifisering van 'n besondere groep daarmee, die erkenning en respektering van hierdie groepsgebied deur ander groepe en die aanvaarding van die eiesoortigheid en homogeniteit van groepe deur naasliggende vreemde kulture.

1.1 !Khu-San

Hierdie groep bewoon tradisioneel die Sentraal-Oostelike en Noordelike gedeeltes van Suidwes-Afrika asook die Noordelike en Oostelike dele van Owambo. Die volgende vier subgroepe word geïdentifiseer:

1.1.1 Angola - !Khu

Hierdie mense het tradisioneel in Suid-Angola gewoon en het verskillende benamings vir hulself gehad. Alhoewel hulle nooit binne Suidwes-Afrika gewoon het nie, het hulle gedurende die laaste dekade as gevolg van die oorlogsituasie waarbinne hulle vasgevang was, in groot getalle na die suide gevlug en is in dele van Kavango, Ovambo, Wes-Caprivi en in Boesmanland hervestig. Dit is om hierdie rede dat hulle deel van hierdie groepsindeling vorm.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Swartvolkere in die omgewing het hulle in die Weste OvaKwankhala of OvaNgongolo genoem, terwyl hulle in Suid-Oos Angola bekend gestaan het (ook vandag) as Va-Sekele. Dit wil voorkom asof daar onder die Angola-!Khu twee subgroepe bestaan naamlik die:

(a) !O-!Khu in die distrik van Cuando-Cubango in Suidoos-Angola tussen die Okavango- en die Kwandoriviere, asook noordooswaarts tot in die omgewing van Ninda, distrik Moxico. In die Kavango kom hulle noord van die Kwangali, Gciriku en Mbunza stamgebiede voor tot ongeveer by die 15 breedtegraad in Suid-Angola;

(b) Kwankhala wes van die Okavango-rivier in Suid-Angola tot by die Kunene-rivier. Enkele kleiner groepe woon onder die Kwanyama Kafima en Evale- Owambostamme in Suid-Angola.

1.1.2 Zhu-/hoasi

Hulle tradisionele gebied strek oor nasionale en internasionale grense en is veral die grense van Boesmanland in hierdie verband arbitrêr getrek sonder inagneming van tradisionele jagareas. Dit strek vanaf Rundu tot by die Eiseb-Ormuramba in Hereroland-Oos, daarvandaan ooswaarts oor die Ahaberge na Botswana oor Tsau Kuki tot by die Ngami-meer en daarvandaan noordweswaarts tot in die hinterland van Kavango.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kaart nr 2472/1 gee 'n aanduiding van die tradisionele voorkeur jag- en swerfgebiede van die Zhu-/hoasi soos nou teenwoordig in Boesmanland. Hulle onderskeie gebiede strek nie verder as die Aasvoëlnes - Tsjeka-pad nie. Slegs een jagbende het tot by Tweeputte beweeg wat ook deur hulself gegrawe is. Hulle het meer in 'n suidelike rigting (Debraveld) gewoon en gejag. Langs die Omataku Omuramba het ook Zhu-/hoasi by "Isak se pos" en Kanuvlei gewoon. Die Boesmans wat vroeër langs die Eiseb-Omarumba gewoon het, is nou op TSUMKWE en langs die Botswana grens. Behalwe vir Samagai-gai, Tamsu, //eidang, Karakuwisa, Tamtam en Naingoba, was die Omaheke onbewoon en is slegs vir kort periodes uit die Ooste besoek - veral die Mangetti-woude.

1.1.3 <u>//Khau-//esi</u>

Hierdie subgroep se tradisionele jag- en woongebied strek vanaf die Gobabis-Summerdown-pad in die weste tot in Botswana in die Ooste en vanaf die Eiseb-Omuramba in die Noorde met 'n uitloper Noordooswaarts tot by /Gam en Rietfontein - Epukiro - die plaas Oas, Suidoos van Gobabis in die Suide.

1.1.4 <u>Ovambokavango-!Khu</u>

Hulle woongebied strek vanaf ongeveer Wes van Rundu tot in die Mangetti-blok en die Noordelike randgedeeltes van die Etosha-pan tot in Oos-Owambo.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.2 Nama-San

Hierdie hoofgroep bestaan uit die volgende 4 subgroepe naamlik:

1.2.1 Hai-//omn

Hulle verteenwoordig naas die Zhu-/hoasi, die grootste groepering van Boesmans (San) in Suidwes-Afrika. Hulle tradisionele jag- en woongebied waar hulle vandag nog woon (sien Kaart 2472/2), is in die Blanke distrikte van Grootfontein, Tsumeb, Outjo en Otjiwarongo asook gedeeltes van die Etosha wildtuin en Owambo, veral in die Ngandjera stamgebied. Die Hai-//omn verskil in liggaamsbou-vorm heeltemal van ander groepe soos byvoorbeeld die Zhu-/hoasi van Boesmanland. Daarby is hulle ook donkerder van velkleur. Hulle praat ook 'n kenmerkende Nama-dialek wat ten opsigte van die woordeskat en sekere idiomatiese uitdrukkings, duidelik van Nama verskil. Hulle verstaan ook nie die dialek soos gebruik deur die Zhu-/hoasi nie en laasgenoemde verstaan ook nie die Hai-//omn nie. Die volgende subgroepe word geïdentifiseer:

(a) Xwaga, in die Kwanyama en Ndonga stamgebiede in Sentraal Owambo;

(b) Keren, in Wes-Owambo, die Westelike dele van die Etosha-wildtuin en in die Outjo-distrik. Daar bestaan 'n verskeidenheid kleiner groepe binne hierdie subgroep, elk het sy eie benaming;

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(c) Hai-//omn van Etosha en Noordelike Blanke distrikte. Hulle noem hulself Hai-//omn en woon tradisioneel vanaf die Oostelike en Suidelike randgebied van die Wildtuin dwarsdeur die distrikte van Grootfontein en Tsumeb tot Suid van die Owambo-Omuramba en Wes van die Grootfontein-Rundu pad. In die Suide en Weste woon hulle tot ongeveer in die omgewing van die plase Neitsas, Boston, Elandsvlak, Driefontein, Otjiguinas, Sissekab, Soavis tot by Homob Suid van die Wildtuin. Ook hier is 'n verskeidenheid van verdere kleiner subgroepe aanwesig.

1.2.2 Narón (of !Ai-khwe)

Hierdie subgroep woon hoofsaaklik tradisioneel oor die grens in Botswana waar hulle !Ai-khwe genoem is. In Suidwes-Afrika staan hulle bekend as Naró en woon vanaf die noordgrens van die Aminius-reservaat tot ongeveer by die Gobabis-Sandfontein (Buitepos) pad. Die Narón het 'n kenmerkende langer liggaamslengte as byvoorbeeld die noordelike //Khau-//esi- en Zhu-/hoasigroepe.

1.2.3 Khwé (of Khoe, Kxoe, HaKwengo, HaMbarakwengo)

Hulle tradisionele woongebied is die Mbukushu-stamarea asook in die Oos- en Wes-Caprivi by Bagani en vroeër by Mutsiku en Bwabwata. Ander gebiede is Noordwes Botswana (waar hulle vandag nog woon) en Suidoos-Angola. Laasgenoemde streek het die Khwé as gevolg van die oorlogstoestand verlaat en suidwaarts gevlug na die Wes-Caprivi waar hulle vandag in OMEGA en BAGANI woon.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.2.4 Namib-San

Hierdie subgroep het bykans totaal uitgesterf, maar daar mag moontlik enkele individue in die Weste van die gebied langs die Namib en in dele van Namaland en Rehoboth-gebied woon.

1.3 Kaap-San

Hierdie hoofgroep word verteenwoordig deur die subgroepe woonagtig in die Suidoostelike dele van die land. Hulle getalle is min en is die afstammelinge van die jagters- en versamelaars soos in die verlede oor die totale Kaap-provinsie aanwesig was.

1.3.1 !Xo (of !Kho, Magong)

Twee gemeenskappe is geïdentifiseer naamlik by Takatshwane by die "Lone Tree"-panne in Botswana, by Okongowa in die Suidelike deel van die Aminuis reservaat asook by Okumu in die Suidoostelike hoek van die reservaat en op die plaas Bosduin naby Aranos.

1.3.2 /Nu-//en (of Nusan)

Hierdie subgroep woon Wes en Suidwes van die !Xo tussen die bolope van die Auob- en Nossobriviere.

1.3.3 /Auni

Hulle tradisionele woongebied lê verder Suidoos-waarts tussen die Auob- en Nossobriviere tot in die Kalahari-Gemsbok Nasionale Park.

Bron: Hierdie groepsindeling is verkry uit die Ondersoek na die Boesmanbevolkingsgroepe in S.W.A: 1984, deur die Direkteur : Ontwikkelingskoördinasie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

PLEK	PERIODE - DATUM	STERFTES	OORSAAK VAN DOOD
Omega	2-10-82	Man 45 jr	Tuberkulose
Omega	4-10-82	Kind 8 mnde	Pneumonie en Sepsis
Omga	14-10-82	Kind 4 mnde	Bronchopneumonie
Omega	19-10-82	Man 25 jr	Skietwond, bors
Omega	27-10-82	Kind 1 jr	Pneumonie
Omega	1-11-82	Kind 7 dae	Neonatale geelsug
Omega	3-11-82	Kind 2 jr	Serebrale malaria
Omega	4-11-82	Kind 4 mnde	Gastro Enteritis
Omega	14-11-82	Kind 4 mnde	Pneumonie
Omega	15-11-82	Man 22 jr	? Malaria
Omega	15-11-82	Kind 2 mnde	Pneumonie
Omega	17-11-82	Kind 1 mnd	Gastro Enteritis
Omega	18-11-82	Man 65 jr	Bronchus CA
Omega	25-11-82	Man 55 jr	Tuberkulose
Omega	26-11-82	Kind 4 mnde	Wanvoeding en Gastro
Omega	29-11-82	Baba 3 dae	Kong hartsiekte
Omega	1-12-82	Baba 11 dae	Gastro Enteritis
Omega	1-12-82	Kind 15 jr	Meningitis
Omega	3-12-82	Baba	Doodgebore
Omega	13-12-82	Kind 7 mnde	Wanvoeding en Gastro
Omega	25-12-82	Kind 3 jr	Wanvoeding
Omega	6-01-83	Kind 2 jr	Wanvoeding en Pneumonie
Omega	21-01-83	Kind 1 jr	Wanvoeding en Pneumonie
Omega	28-01-83	Baba	Doodgebore
Omega	3-03-83	Kind 3 mnde	Pneumonie en Gastro
Omega	18-03-83	Kind 10 jr	Tuberkulose
	1981- 11-25 tot 1982-11-24		
Omega	" "	11 Babas 1mnd	
Omega	" "	22 Babas 1 - 12 maande	
Omega	" "	25 Kinders 1 - 12 jaar	
Omega	" "	13 Volwassenes	
	15 Maande	19 Volwassenes en 78 Kinders	

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Omega: Die Kimbo wooneenheid.

Dit is 'n enkelkamerstruktuur bestaande uit houtmure en sinkplate met in sommige gevalle 'n lang toegeboude oorhangstoep. Die vloer is van gekompakteerde kalkreet.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Rang-soldy en uitbetalings per maand op Omega:

1 Elke ranggroep verdien die volgende soldy:

	Bruto.	Netto.
Skutter:	R 785,48	R 671,71
O|Korporaal:	R 855,23	R 746,49
Korporaal:	R 931,10	R 811,49
Sersant:	R 986,30	R 837,88

2 Baganiwerkers deur die Staat besoldig.

32 mense wat totaal van R 6251,73 ontvang.

Die salarisse wissel van R 159,26 tot R 202,73.

3 Omegawerkers deur die Staat besoldig.

29 Mense wat 'n totaal van R 3951,83 ontvang.

Die salarisse wissel van R 120,90 tot R 184,48.

4 Pensione uitbetaal:

Daar word 'n totaal van R 7205 aan 131 mense uitbetaal.

Elke persoon ontvang R 55 per maand.

5 Kadette uitbetaal.

Daar word 'n totaal van R 7080,00 aan 236 mense uitbetaal.

Die kadette ontvang R 1 per dag.

6 Daar word 'n totaal van 1101 Boesmans uitbetaal.

7 Die totale bedrag uitbetaal beloop: R 415 725,70.

Opmerking: Bogenoemde syfers was soos vir 'n normale maand, in bogenoemde geval was dit vir Julie 1986.